
'n Eeu van verandering in die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels en die moontlike rol van preskriptivisme daarin

TN Kotzé

23470259

Verhandeling voorgelê ter voltooiing van die graad *Magister Artium* in Afrikaans en Nederlands aan die Vaaldriehoekskampus van die Noord-Wes Universiteit.

Studieleier: Dr. Johanita Kirsten

Datum: April 2018

DANKBETUIGINGS

Hierdie is slegs 'n kort lys van mense en instansies wat ek graag op 'n persoonlike vlak wil bedank vir hulle algehele betrokkenheid in my lewe en in my studie.

Johanita Kirsten: Vier jaar gelede was ek vasbeslote om 'n letterkundige te word. Jou entoesiastiese en unieke benadering tot die onderrig van taalkunde het my belangstelling in taalkunde geleidelik meer en meer begin prikkel. Baie dankie vir die sinvolle gesprekke wat ons oor taalkunde gehad het en nog gaan hê. Vir die ses jaar wat jy werk van my moes deurlees en ure van jou tyd wy aan bemoedigende en positiewe terugvoer wil ek jou hartlik bedank. Dankie vir die voorreg wat ek gehad het om jou korpus te kon gebruik het vir my studie. Die ses jaar wat ek jou ken was nie altyd *smooth sailing* nie – al wat ek kan sê is baie dankie vir die geduld en begrip waarmee jy my ondersteun het in my studie en op 'n persoonlike vlak. (Jy weet wie om te blameer as jy gryshare gekry het!) Jy is vir my 'n inspirasie en voorbeeld as mens, as navorser en as mentor. Jy daag my uit om anders na myself, ander mense, die wêreld en navorsing te kyk; om my verwysingsraamwerk te verbreed en myself te verryk – ek belowe ek sal nooit *the principle of charity* vergeet nie. Baie dankie!

My ouers, Nicky en Riekie Kotzé: Baie dankie dat julle vir so lank kon huis hou met my oomblikke van histerie en moedeloosheid. Dankie vir die moeite wat julle gedoen het om by te dra tot my opvoeding en ontwikkeling. Ek sal julle ewig dankbaar wees vir die feit dat julle my oneindig baie aanmoedig om verder in die lewe te gaan en meer te bereik. Dankie vir die finansiële ondersteuning waarsonder my voor- en nagraadse studies nie moontlik sal wees nie. Al wat ek kan doen is om elke dag die Here te dank dat ek so bevoorreg is om in 'n huis groot te word waar liefde van beide my ouers geen perke ken nie.

Gustav en Anneke Butler: Ek wil julle opreg bedank vir julle vriendskap die afgelope twee jaar. Die openhartigheid waarmee julle my mee verwelkom het in julle lewens, die raad, ondersteuning en selfs eenvoudige gesprekke oor goggas, hout en plante beteken vir my onsettend baie. Ek is nie 'n maklike mens om mee oor die weg te kom nie en daar is ook min mense wat my belangstellings deel – julle vriendskap is vir my 'n riem onder die hart.

Bertus van Rooy: Dankie vir die waardevolle insette wat jy gelewer het gedurende die eerste paar maande van my studie toe jy nog mede-studieleier was.

Maristi Partridge: Baie dankie vir jou hulp in die vorm van boeke, gesprekke of hulp met tegniese rekenaarverwante probleme.

Ronel Wasserman: Dankie vir jou gesprekke oor taalkunde en bemoedigende woorde die afgelope jaar.

Jacques Heyns: Baie dankie vir jou begrip en bemoedigende emosionele bystand die afgelope paar maande. Sonder jou vrygewigheid en welwillendheid sou ek nie dié verhandeling ooit kon voltooi het nie.

'n Paar ander mense wat ek graag wil uitsonder is **Chantelle Kruger** (dankie vir die afgelope ses jaar se saam sukkel deur universiteit en sterkte met die dele van jou verhandeling wat nog voorlê); **Keabetswe Mothlodi** (thank you for the support and encouragement I recieved from you since our first year and good luck with the remainder of you dissertation); **Natasha Ravyse** en **Caroline Piotrowska** (thank you for your support and conversations about anything not preposition-related); **Theresa Louw** (sommer net for just being your, unfiltered self); **Wendy Barrow** (vir jou moeite om die verhandeling te proeflees); en die **Bybelstudiegroep** waarvan ek deel is (baie dankie vir al julle gebede van dankbaarheid en krag van bo).

Ek wil graag my dank betoon aan die volgende instellings vir finansiële ondersteuning waarsonder hierdie studie nie moontlik sou wees nie:

- die **NWU** vir die finansiële ondersteuning wat ek van hulle ontvang het in die vorm van beurse;
- die **Gauteng Departement van Kuns en Kultuur** vir die beurse wat ek die afgelope drie jaar ontvang het;
- **UPSET** vir die finansiële steun wat ek ontvang het om my voorlopige bevindinge by die CLASA-kongres vir 2017 aan te bied.

Baie dankie vir die entoesiastiese, opbouende en positiewe terugvoer wat ek ontvang het van **lede in die gehoor** by die CLASA-kongres vir 2017 waar ek enkele van my voorlopige bevindinge aangebied het. Ek wil ook graag vir **Ansie Maritz** bedank vir haar terugvoer op my voorlopige aanbieding.

Laaste, maar nie die minste nie, my **plante** wat my by my volle positiewe gehou het.

Deo gloria!

OPSOMMING

Sleutelwoorde: frekwensie, kognitiewe grammatika, korttermyn diachroniese vergelykende korpuslinguistiek, kwantitatiewe grammatikografie, preskriptivisme, taalverandering, voorsetsels, voorstellingsfunksie, voortkomende grammatika.

In navorsing oor Afrikaans is voorsetsels 'n sintaktiese kategorie wat nog nie baie bestudeer is in diachroniese studies van taalverandering nie. Voorsetsels, meer spesifiek voorsetselverbindings, het reeds baie aandag geniet in die sinchroniese navorsing deur onder andere Raidt (1969), Kempen (1976; 1984), Ponelis (1984), en Messerschmidt en Bergh (2011). Die diachroniese navorsing oor voorsetselgebruik is egter beperk tot die navorsing van Raidt (1976), Scholtz (1980), en Ponelis (1993) oor die herkoms van voorwerpskonstruksies met *vir*. Ander studies, soos dié van Taljaard (1988), het gepoog om spesifiek ondersoek in te stel na of taalgebruikers normatiewe aanbevelings volg in hulle taalgebruik met betrekking tot voorsetsels. In die Afrikaanse navorsingsgemeenskap is die rol en invloed van preskriptivisme op taalgebruik en -verandering nog nie baie ondersoek nie. Enkele studies, deur onder andere Kirsten (2013; 2016) en Van Rooy en Kruger (2015), het begin om hierdie gaping te vul deur die invloed van normeringspraktyke op taalverandering in Afrikaans ondersoek.

Hierdie studie bou voort op die bogenoemde navorsing deur ondersoek in te stel na die veranderende gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels en die moontlike rol van preskriptivisme daarin. Die studie beoog om drie navorsingsvrae te beantwoord: die eerste vraag fokus op wat die aard en omvang van die verandering in die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels vir die periode 1911-2010 behels; die tweede en derde vrae beoog om te bepaal of normatiewe aanbevelings 'n invloed op die veranderende gebruik van Afrikaanse voorsetsels tussen 1911 en 2010 gehad het.

Vir die doel van hierdie studie is die *Historiese korpus van geskrewe, wit, Standaardafrikaans* (Kirsten, 2016) gebruik om die veranderende gebruik van die onderskeie voorsetsels tussen 1911 en 2010 en wat by hierdie studie betrek is te bestudeer. Die korpusdata is geanaliseer aan die hand van die voorstellingsfunksie vanuit funksionele sintaksis. Beginsels vanuit die voortkomende grammatika, met betrekking tot tekstuele en konseptuele frekwensie, is gebruik om die prototipiese en algemene gebruike van die onderskeie voorsetsels te identifiseer ten einde die veranderende gebruik van die onderskeie voorsetsels te beskryf en te verklaar. Diagrammatiese voorstellings vanuit kognitiewe grammatika is voorts gebruik om 'n skematiese voorstelling van die mees algemene en prototipiese gebruike van elke voorsetsel te bied ten einde die gebruike in

meer besonderhede te verduidelik. 'n Kwantitatiewe grammatikografie, bestaande uit 40 bronne, is vir die doel van hierdie studie saamgestel om te bepaal of normeringspraktyke 'n invloed op die veranderende gebruik van die voorsetsels bestudeer in hierdie studie gehad het.

Daar is ondersoek ingestel na die veranderende gebruik van vyf algemene Afrikaanse voorsetsels, onderskeidelik:

- **Vir:** Sedert die 1940's is daar 'n toename die totale gebruiksinstansies van *vir* in die korpus. Die voorsetsel word prototipies gebruik as deel van begunstigdes saam met konkrete en kommunikasieprosesse. Hierdie gebruik, asook die gebruik van *vir* saam met adjunkte van oorsaak, is aan die toeneem.
- **Aan:** Die voorsetsel *aan* is sedert die 1940's aan die afneem in die korpus. Die voorsetsel word prototipies gebruik as deel van begunstigdes saam met konkrete en kommunikasieprosesse. Die prototipiese gebruik neem ook beduidend af in gebruik as gevolg van moontlike Engelse beïnvloeding op die voorsetsel *vir*.
- **Deur:** Die prototipiese gebruik van *deur* is om akteurs in agenthebbende passiewe konkrete prosesse in te lei. Die veranderende gebruik van die voorsetsel *deur* is nie as gevolg van die veranderende gebruik van die voorsetsel op sigself nie, maar eerder as gevolg van die veranderende gebruik van passiefkonstruksies oor die korpus heen.
- **Met:** Sedert die 1940's is die gebruik van die voorsetsel *met* geleidelik en beduidend aan die toeneem in die korpus. Dit word prototipies gebruik as deel van adjunkte van wyse in die korpus.
- **In:** Die gebruik van die voorsetsel *in* is sedert die 1910s geleidelik en beduidend aan die toeneem in die korpus. *In* word prototipies gebruik as deel van lokatiewe adjunkte in die korpus.

Die gevolgtrekking is uiteindelik dat daar oor die korpus heen beduidende veranderinge in die gebruik van al die bogenoemde voorsetsels is. Die waargenome veranderinge met betrekking tot die totale gebruik van die voorsetsels in die korpus, is in die meeste gevalle ten nouste verbind met veranderinge waargeneem in die prototipiese gebruike van die onderskeie voorsetsels. Vanuit die analyses wil voorkom dat normeringspraktyke geen blywende invloed op die gebruik van die vyf voorsetsels te hê nie, en die enigste van die vyf voorsetsels in hierdie studie wat moontlik veranderinge in gebruik toon as gevolg van Engelse beïnvloeding, is *vir* en *aan*.

ABSTRACT

Key words: cognitive grammar, emergent grammar, frequency, language change, prescriptivism, quantitative grammaticography, short-term diachronic comparable corpus linguistics, prepositions, prescriptivism, representational function.

Prepositions is a syntactic category that has remained relatively unexplored in diachronic studies of language change in Afrikaans. Prepositional conjugation has specifically received a lot of attention in the synchronic research of Raidt (1969), Pretorius (1972), Kempen (1976; 1984), Poneis (1984), and Messerschmidt and Bergh (2011). Diachronic investigations into the structure and use of Afrikaans prepositions is limited to the research done by Raidt (1976), Scholtz (1980), and Poneis (1993) on the heritage and use of the objective *vir* (for). Other studies, such as one by Taljaard (1988), aimed to specifically investigate whether language users follow normative recommendations in their everyday language use with regard to prepositions. In die Afrikaans research community the role and influence of prescriptivism on language use and change have not been investigated much. Some studies by, among others, Kirsten (2013; 2016), and Van Rooy and Kruger (2015) have started to fill this gap by investigating the influence of prescriptive practices on language change in Afrikaans.

This study builds on the abovementioned research by investigating the changing use of selected Afrikaans prepositions and considering the possible role of prescriptivism therein. The study aims to answer three questions: the first question focuses on the nature and extent of the change in the use of selected prepositions during the period 1911-2010; the second and third questions aim to determine whether prescriptive recommendations have had an influence on the changing use of Afrikaans prepositions between 1911 and 2010.

For the purpose of this study, the *Historiese korpus van geskrewe, wit, Standaardafrikaans* (Historical corpus of written, white, Standard Afrikaans) (Kirsten, 2016) was used to explore the changing use of the various prepositions investigated in this study. The corpus data were analysed on the basis of the representational function from functional syntax. Tenets from emergent grammar, specifically with regard to textual and conceptual frequency, were used to identify the prototypical and salient uses of the prepositions in order to explain and explicate the changing uses. Furthermore, diagrams from cognitive grammar were used to offer representations of the most salient and prototypical uses of each of the prepositions. A quantitative grammaticography, consisting of 40 sources, was compiled for the purpose of this study to determine if prescriptive practices had an influence on the changing use of the prepositions investigated in this study.

The changing use of five common Afrikaans prepositions is investigated:

- **Vir (for / to):** Since the 1940s there has been an increase in the total frequency of *vir* in the corpus. The preposition is prototypically used as part of beneficiaries along with material and verbal processes. This use, along with the use of *vir* as circumstantial elements of cause, is steadily increasing.
- **Aan (to):** The preposition *aan* decreased in use within the corpus since the 1940s. It is prototypically used as part of the beneficiaries along with material and verbal processes. The prototypical use also decreased substantially due to the possible influence of the cognate English preposition 'for'.
- **Deur (by):** The prototypical use of *deur* is to introduce agents in agentive passive material processes. The changing use of the preposition *deur* is not due to the changing use of the preposition itself, but rather the result of the changing use of passive constructions throughout the corpus.
- **Met (with):** Since the 1940s the use of the preposition *met* has gradually and significantly increased in the corpus. It is prototypically used as circumstantial elements of manner.
- **In (in):** The use of the preposition *in* has gradually and significantly increased in the corpus since the 1910s. *In* is prototypically used as part of circumstantial elements of location in the corpus.

The study concludes that there is that significant change in the use of all the above mentioned prepositions. The observed changes with regard to the total usage of the prepositions in the corpus are, in the majority of cases, narrowly associated with changes observed in the prototypical use of the respective prepositions. From the analysis it appears that normative practices have had no lasting influence on the use of the five prepositions and the only prepositions of the five in this study, which might show change due to the influence of English, are *vir* and *aan*.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS	ii
OPSOMMING	iv
ABSTRACT	vi
LYS VAN TABELLE	xi
LYS VAN FIGURE	xiii
LYS VAN DIAGRAMME.....	xiv
HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1.1 KONTEKSTUALISERING	1
1.1.1 Perspektiewe oor taal, taalbewustheid en taalverandering	1
1.1.2 Kognitiewe benaderings tot taalverandering en -gebruik	3
1.1.3 Preskriptivisme as veranderlike in taalverandering	4
1.2 PROBLEEMSTELLING	6
1.2.1 Afrikaanse voorsetsels en preskriptivisme	7
1.2.2 Gapings in bestaande navorsing	9
1.3 NAVORSINGSVRAE	10
1.4 HIPOTESES	10
1.5 DOELSTELLINGS	11
1.6 METODOLOGIE	12
1.7 BYDRAE VAN HIERDIE STUDIE	12
1.8 VOORUITSKOUING.....	13
HOOFSTUK 2: TEORETIESE PERSPEKTIEWE OP TAAL EN GRAMMATIKA.....	15
2.1 INLEIDING.....	15
2.2 'N KOGNITIEWE KONSEPTUALISERING VAN TAAL EN GRAMMATIKA.....	15
2.2.1 Inleiding tot teoretiese perspektiewe en die diachroniese taalkunde	15
2.2.2 Gebruiksgebaseerde benaderings tot taal	16
2.2.3 'n Kognitiewe konseptualisering van taal en grammatika	17
2.3 SAMEVATTING	31
HOOFSTUK 3: METODOLOGIE	33

3.1	INLEIDING.....	33
3.2	KORPUSLINGUISTIEK AS NAVORSINGSMETODE	33
3.2.1	Korpuslinguistiek en diachroniese linguistiek	35
3.2.2	Korpuslinguistiek en studies oor grammatikale struktuur	36
3.2.3	Enkele voordele van korpuslinguistiek saamgevat.....	37
3.3	DIE KORPUS VAN HIERDIE STUDIE.....	38
3.4	VOORSETSELS	39
3.6	LOG-WAARSKYNNLIKHEIDSTOETSE VIR STATISTIESE BEDUIDENDHEID ..	40
3.6	KWANTITATIEWE GRAMMATIKOGRAFIE	41
3.7	SAMEVATTING	44
	HOOFSTUK 4: ANALISES EN BESPREKINGS.....	45
4.1	INLEIDING.....	45
4.2	DIE VOORSETSEL IN AFRIKAANS	45
4.2.1	Tipes setsels in Afrikaans.....	45
4.2.2	Die setselaanvulling	48
4.2.3	Gebruike van setsels.....	49
4.3.	ANALISERINGSRAAMWERK EN KODERINGSKRITERIA	51
4.3.1	Prosesse en argumentrolle in die voorstellingsfunksie.....	52
4.3.2	Omstandigheidselemente in die voorstellingsfunksie.....	55
4.3.3	Voordele vir die bestudering van voorsetsels.....	57
4.3.4	Uitdagings by die bestudering van voorsetsels	57
4.4	DIE BEGRIP VOORSETSELS IN HIERDIE STUDIE	61
4.5	ANALISES EN BESPREKING VAN VERSKYNSELS	64
4.5.1	Die voorsetsel <i>vir</i> volgens die voorstellingsfunksie	64
4.5.2	Die voorsetsel <i>aan</i> volgens die voorstellingsfunksie	81
4.5.4	Die voorsetsel <i>deur</i> volgens die voorstellingsfunksie.....	96
4.5.5	Die voorsetsel <i>met</i> volgens die voorstellingsfunksie	108
4.5.6	Die voorsetsel <i>in</i> volgens die voorstellingsfunksie	122
4.6	SAMEVATTING	133

HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING	134
5.1 INLEIDING.....	134
5.2 OPSOMMING VAN DIE BEVINDINGE	134
5.3 GEVOLGTREKKING	138
BRONNELYS.....	140
ADDENDUM A.....	148
RIGLYNE VIR GEBRUIK VAN ADDENDUM A.....	148
AFDELING 1 VAN DIE KORPUS.....	149
AFDELING 2 VAN DIE KORPUS.....	150
AFDELING 3 VAN DIE KORPUS.....	151
AFDELING 4 VAN DIE KORPUS.....	152
ADDENDUM B: GEMIDDELDE GEBRUIKE	153
ADDENDUM C: ADDISIONELE GEBRUIKSINSTANSIES.....	154

LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1: Uiteensetting van die korpus en kwantitatiewe grammatikografie se indeling	42
Tabel 4.1: Kriteria vir prosesse en argument-/sinsrolle.....	53
Tabel 4.2: Kriteria vir die klassifikasie van adjunkte	56
Tabel 4.3: Die gebruik van “vir” saam met verskillende prosesse	67
Tabel 4.4: Argument- en sinsrolle van “vir” saam met konkrete prosesse.....	68
Tabel 4.5: Argument- en sinsrolle van “vir” saam met kommunikasieprosesse.....	72
Tabel 4.6: Argument- en sinsrolle van “vir” saam met statiewe prosesse	73
Tabel 4.7: Normatiewe belangstelling in “vir”	79
Tabel 4.8: Die gebruik van “aan” saam met verskillende prosesse	83
Tabel 4.9: Argument- en sinsrolle van “aan” saam met konkrete prosesse.....	84
Tabel 4.10: Argument- en sinsrolle van “aan” saam met Kommunikasieprosesse	88
Tabel 4.11: Argument- en sinsrolle van “aan” saam met mentale prosesse.....	89
Tabel 4.12: Argument- en sinsrolle van “aan” saam met statiewe prosesse	90
Tabel 4.13: Normatiewe belangstelling in “aan”.....	93
Tabel 4.14: Die gebruik van “deur” saam met verskillende prosesse	98
Tabel 4.15: Die adjunk-gebruike van “deur”.....	106
Tabel 4.16: Die gebruik van "met" saam met verskillende prosesse	110
Tabel 4.17: Argument- en sinsrolle van “met” saam met konkrete prosesse.....	111
Tabel 4.18: Argument- en sinsrolle van “met” saam met kommunikasieprosesse.....	113
Tabel 4.19: Argument- en sinsrolle van “met” saam met Mentale Prosesse	114
Tabel 4.20: “Met” as deel van die tradisionele direkte voorwerp saam met verskillende prosesse (geëkstrapoleerde gebruiksinstanties).....	115
Tabel 4.21: Argument- en sinsrolle van “met” saam met statiewe prosesse	115
Tabel 4.22: Normatiewe belangstelling in “met”.....	120
Tabel 4.23: Die gebruik van “in” saam met verskillende prosesse	123
Tabel 4.24: Argument- en sinsrolle van “in” saam met konkrete prosesse.....	124
Tabel 4.25: Argument- en sinsrolle van “in” saam met statiewe prosesse	126
Tabel 4.26: Die adjunk-gebruike van “in”	127

Tabel 4.27: Normatieve belangstelling in “in” 131

LYS VAN FIGURE

Figuur 4.1: Die totale gebruiksinstanties van "vir" oor die korpus heen (insluitende die vormvariante "ver" en "voor" by 1911-1920)	66
Figuur 4.2: Die adjunk-gebruik van "vir" (totale benaderde geëkstrapoleerde gebruiksinstanties)	75
Figuur 4.3: Die totale voorsetsel- en deeltjiegebruike van "aan"	82
Figuur 4.4: "Vir" en "aan" vergelykend	94
Figuur 4.5: Totale gebruiksinstanties van die voorsetsel "deur" (naamwoorde uitgesluit) ...	97
Figuur 4.6: Sinsrolle van "deur" saam met konkrete prosesse (geëkstrapoleerde gebruiksinstanties)	100
Figuur 4.7: "Deur" saam met passiewe konkrete prosesse (geëkstrapoleerde gebruiksinstanties)	101
Figuur 4.8: "Deur" as deel van akteurs saam met passiewe konkrete prosesse	102
Figuur 4.9: Die gebruik van "deur" as akteurs saam met agenthebbende konkrete prosesse proporsioneel tot die totale passiefgebruik in die korpus.	104
Figuur 4.10: Totale gebruiksinstanties van "met" oor die korpus heen	110
Figuur 4.11: Algemene adjunk-gebruike van voorsetselstukke met "met" saam met verskillende prosesse (geëkstrapoleerde gebruiksinstanties).....	117
Figuur 4.13: Totale voorsetsel- en deeltjiegebruike van "in"	123

LYS VAN DIAGRAMME

Diagram 2.1: Diagrammatiese voorstelling van [HOND/hond] (aangepas uit Van Huyssteen, 2002:308).....	24
Diagram 2.2: Konseptualiseringsverhouding (aangepas uit Langacker, 2007:428)	26
Diagram 2.3: Konseptualisering binne 'n bepaalde dominium (aangepas uit Langacker, 2008:84).....	28
Diagram 2.4: Diagrammatiese voorstelling van 'n geprofileerde verhouding met "in"	29
Diagram 4.1: Diagrammatiese voorstelling van "vir" saam met 'n begunstigde (aangepas uit Langacker, 2009:254)	70
Diagram 4.2: Diagrammatiese voorstelling van adjunkte van oorsaak.	77
Diagram 4.3: Diagrammatiese voorstelling van "aan" as deel van 'n begunstigde (aangepas uit Langacker, 2009:254)	86
Diagram 4.4: Aktiewe konkrete proses (a) versus 'n aggenthebbende passiewe konkrete proses (b) (aangepas uit Langacker, 2008:372)	102
Diagram 4.5: Diagrammatiese voorstelling van "met" as adjunkte van wyse (aangepas uit Messerschmidt en Bergh, 2011:105)	118
Diagram 4.6: Diagrammatiese voorstellings van markante gebruike van "in".....	128

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 KONTEKSTUALISERING

1.1.1 Perspektiewe oor taal, taalbewustheid en taalverandering

In haar boek, *Language Change: progress or decay*, beklemtoon Aitchison (2004) vraagstukke rondom taalverandering in terme van vooruitgang of verval. Sy toon aan dat alles “in this universe is perpetually in a state of change [and that] language, like everything else, joins in this general flux” (Aitchison, 2004:3). So ook stel Von Humbolt (soos aangehaal deur Aitchison, 2004:3) dat “there can never be a true standstill in language, just as little as in the ceaseless flaming thought of men. By nature it is a continuous process of development”. Vanuit hierdie aanhalings is dit duidelik dat verandering as 'n inherente kenmerk van die ontwikkeling taal beskryf kan word. Lass (1997:9) beklemtoon dat taalkundiges die afgelope eeu in hulle navorsing baie sterk steun op die onderskeid tussen die **sinchroniese** en **diachroniese** bestudering van taal. Vir sommige taalkundiges, onder andere De Saussure (1966:58), is die diachroniese bestudering van taal van minder belang, aangesien dit nie die taalkundige bemagtig om meer ‘te leer ken’ van die sinchroniese taaltoestand nie. Meer kontemporêre navorsing, deur onder andere Bybee (2015:1), is in teenstelling hiermee en toon aan dat “language change is not a phenomenon of the distant past, but is just as evident currently in ongoing changes as it is when we look back into documents that show older stages of languages” (vgl. Lass, 1997:8-10). Navorsers vanuit die **strukturealisme** en **generatiewisme** het egter in die verlede baie klem geplaas op 'n geïdealiseerde en reëlgebaseerde (sinchroniese) taalstruktuur. Die opkoms van **preskriptivisme** in die 18de eeu en toenemende normerings- en standaardiseringspraktyke in die 19de eeu het die bestudering van taalverandering verder gekompliseer deur die klem te plaas op beginsels van korrektheid ten opsigte van taalstruktuur (Milroy, 2001:531)

Preskriptivisme is oor die algemeen tot 'n groot mate gewortel in 'n **klagtetradisie**, “creating several centuries of language anxiety and a firmly entrenched belief system about the correctness of standard varieties of [a language] and the authority of resources such as dictionaries and usage manuals” (Curzan, 2014:6). Hierdie klagtetradisies fokus hoofsaaklik op die verval van 'n taal, veral met verwysing na die jeug se gebruik van die taal, maar meer spesifiek ook die veranderinge wat 'n taal kan ondergaan in 'n groeiende en kontemporêre globaliserende wêreld. Nie net is die klagtetradisie gebaseer op die mens se gewaarwording van taal as oënskynlike reëlgebaseerde “entiteit” nie, maar dit beïnvloed ook die wyse waarop taal vanuit 'n wetenskaplike perspektief beskryf en bestudeer word (vgl. Langer & Davies, 2005; Langer & Nesse, 2012; Milroy, 2001; 2005; 2012; Thomas, 1991). Vanuit 'n

filosofiese perspektief, skryf Baker en Hacker (1984:56) dat skeptisisme 'n inherente deel van die menslike bestaan is. Skeptisisme op alle vlakke van die menslike samelewing lei, aldus hulle, tot die mens se behepthed met reëls en reëlnavolging – “we are, above all, rule-making and rule-following creatures” (Baker & Hacker, 1984:56). Vanweë die mens se reëlsoekende aard, word normering op alle vlakke van die mens se bestaan toegepas; dit lei eksplisiet tot liminale ruimtes waar, onder andere, moraliteit verweef kan word met sosiale identiteit en ook taal. Baker en Hacker (1984:56) is van mening dat taal geen uitsondering is nie omdat dit bloot 'n komplekse, reëlgebaseerde praktyk van simboolgebruik is. Dit is dus geen verrassing dat sekere van die hoofstroombenaderings tot taal en taalverandering in die verlede baie sterk gekonformeer het tot die algehele tydsgees van reëlskeptisisme vanweë toenemende normeringspraktyke sedert die 19de eeu nie.

Croft (2000:4) toon aan dat gegewe die potensiaal wat taal het om te verander, dit eintlik ewe merkwaardig is dat daar 'n groot mate van **stabiliteit** in die taalsisteem bly bestaan. Hy (Croft, 2000:4) beklemtoon dat “a theory for language change must explain why languages do NOT change in many ways [...] it must account for stability as well as for change”. Dit is egter problematies wanneer benaderings tot taal **heterogeniteit**, dus ‘onstabiliteit’ of variasie wat kan lei tot veranderinge in die taalsisteem, afskeep (Milroy, 2001:532). Waardevolle insigte met betrekking tot taalverandering kan in sulke gevalle verlore gaan, vernaamlik in gevalle waar **gestruktureerde heterogeniteit**, dus patroonmatige tendense van variasie en verandering binne die taalsisteem, verontagsaam word (Milroy, 2001:532). Hierdie tipe benaderings het, aldus Lass (1997:317), problematiese gapings wat onder andere nie kan verklaar wat met **linguistiese rommel** (“*linguistic junk*”), ‘betekenislose’ taalverskynsels, historiese oorblyfsels en strukturele wanorde wat in taalgebruik voorkom, gebeur nie. Lass (1997:317) toon aan dat:

Languages are constantly losing (relatively) ‘deep’ contrasts, but retaining the ‘surface’ material that used to underwrite them, and then (if they don’t dump it), reusing it for new purposes, often at quite different structural levels. In fact junk is crucial, because if languages were ‘perfect’ systems they’d have no room for play, and hence no freedom to change.

Taalkundiges moet daarteen waak om nie só verstrengel te raak in teoretiese benaderings dat substansiële teoretiese gapings in die benaderings kan lei tot uiteenlopende en anekdotiese waarnemings wat onvolledige en gefragmenteerde bydraes lewer nie. Hockett (soos aangehaal deur Lass, 1997:7) beklemtoon dat taalkundiges hulle wetenskaplike aanslag tot die tipe data wat hulle gebruik, moet hersien, hetsy vir sinchroniese of diachroniese studies, met 'n teoretiese begroning wat betroubare resultate sal lewer en die

bestudering van taalverandering nie afhanklik maak van of sekondêr stel tot taalstruktuur nie (vgl. Lass, 1997:5; 8-10). Meer onlangse benaderings, vernaamlik vanuit die kognitiewe linguistiek, poog om hierdie gapings te vul.

1.1.2 Kognitiewe benaderings tot taalverandering en -gebruik

Standpunte vanuit die kognitiewe linguistiek beklemtoon dat taalverandering beskou moet word as die natuurlike resultaat van taalgebruik (vgl. Bybee, 2007; Croft, 2007:471). Kognitiewe benaderings tot taalstruktuur en -verandering sluit 'n sterk gemeenskapsfaktor in en definieer gevolglik taal en taalverandering op grond van **sosiale gedragspatrone**. In die kognitiewe linguistiek is **kognitiewe gedragspatrone** 'n belangrike veranderlike wat bydra tot taalkundiges se begrip van hoe taal gerepresenteer en kognitief geprosesseer word deur taalgebruikers (Bybee & Hopper, 2001:2).

'n Belangrike komponent van die kognitiewe gedragspatrone is linguistiese konvensie wat deur **frekwensie** daargestel en versterk word. Frekwensie is 'n belangrike uitgangspunt vir die bestudering van grammatikale struktuur in verskeie kognitiewe benaderings tot taalverandering. Dit word veral beklemtoon in **voortkomende grammatika** ("*emergent grammar*") (Bybee, 2010 & 2013; Bybee & Hopper, 2001), 'n gebruiksgebaseerde benadering wat fokus op die kognitiewe prosesse wat grammatikale struktuur tot stand bring. Bybee (2010:214) is van mening dat grammatikaliteit, soos gebaseer op linguistiese konvensie, op grond van frekwensie vasgestel word. Frekwensie is 'n belangrike maatstaf waarmee taalverandering beskryf kan word omdat meer en minder frekwente taalvorme nie noodwendig op dieselfde vlak sal of kan verander nie (vgl. Bybee & Hopper, 2001:2; Bybee, 2007:962). Hierdie kognitiewe raamwerk maak dit egter in sekere opsigte, soos vervolgens aangetoon word, moeilik om 'n duidelike onderskeid tussen **interne** en **eksterne gemotiveerde** taalverandering te tref – 'n dichotomie wat van sentrale belang is vir preskriptivisme (vgl. Curzan, 2014:10; 46; Thomas, 1991:115-128).

Kirsten (2016:44;286-287) dui aan dat die onderskeid tussen interne en eksterne gemotiveerde taalverandering in sekere opsigte onnatuurlik is, aangesien dieselfde kognitiewe prosesse die meganismes van verandering in beide tipes veranderinge, onderlê. Hoewel die proses van verandering in interne en eksterne gemotiveerde kontekste in beginsel nie van mekaar verskil nie (Bybee, 2015:1; 237), is die onderskeid egter in sekere opsigte tog nuttig om te handhaaf. Mufwene (2008:17) se beskrywing van 'n **kenmerkpoel** ("*feature pool*") is 'n eenvoudige manier om die kompleksiteit van veral ekstern gemotiveerde taalverandering te beskryf. Dit behels die totale taalkennis van sprekers, insluitend die variante (soms verskillende tale in meertalige sprekers) wat vir dieselfde strukturele of kommunikatiewe funksies kompeteer (Kirsten, 2016:26). 'n Konsep vanuit die makro-

sosiolinguistiek wat veral hierby aansluit, is **transtaling** (“*translanguaging*”). Canagarajah (in Hornberger & Link, 2012:243) is van mening dat transtaling handel oor "the ability of multilingual speakers to shuttle between languages, treating the diverse languages that form their repertoire as an integrated system". Meertalige sprekers konseptualiseer dus nie noodwendig die verskillende tale tot hulle beskikking as onafhanklike entiteite nie, maar as een, geïntegreerde sisteem sonder duidelike, afgebakende grense. Vanuit die historiese linguistiek is dit duidelik dat **verwante** (“*cognate*”) taalvorme vanuit verwante tale mekaar dikwels beïnvloed (Lass, 1997:126-139). Meertalige sprekers se blootstelling aan meer as een taal, veral tale met verwante taalvorme, lei tot ’n toename in die **gewoontevorming** (“*habituation*”) van sekere taalvorme en/of -verskynsels, wat ’n direkte invloed op taalgebruikers se blootstelling (frekwensie) aan sekere verskynsels het (Bybee & Hopper, 2001:2-4). Vanweë taalgebruikers se kognitiewe gedragpatrone en dus by implikasie die kognitiewe prosesse wat grammatikale struktuur voortbring, is dit nie sinvol om sekere veranderinge bloot as ongewens en ekstern gemotiveerd te verklaar nie.

Dit is nie betwisbaar dat daar in enige tipe verandering, hetsy **klankverandering**, **analogie** of **grammatikalisering**, beide interne en eksterne gemotiveerde kragte is wat verandering kan aandryf nie (vgl. Bybee, 2015:237; Heine & Kuteva, 2005:13; Thomason & Kaufman, 1988:22). Die bestudering van taalverandering is veel meer kompleks as om bloot te probeer onderskei tussen intern en ekstern gemotiveerde kragte wat verandering kan voortdrijf (Bybee, 2015:262-263). Thomason en Kaufman (1988:22), asook Milroy (2005:327), wys daarop dat daar in die taalkunde wel tot ’n groot mate ’n tendens bestaan waardeur ekstern gemotiveerde veranderinge dikwels geïgnoreer word, of bloot deur argumente van natuurlikheid as ’n tipe intern gemotiveerde verandering beskryf word. Thomas (1991:133; 149) voel sterk daarvoor dat kritiek teen ekstern gemotiveerde veranderinge ontstaan vanuit ’n preskriptiewe klagtetradisie wat tradisie (oftewel taalstruktuur en -norme) kontrasteer met verandering. Taalverandering word ’n morele kwessie vanweë die noue verband tussen sosiale identiteit en die veronderstelling van ’n geïdealiseerde en reëlgebaseerde standaardtaal. Thomas (1991:133) is van mening dat “all purism is a response either to some form of language contact or to variation within language, or a combination of the two”. Vanweë die noue verband tussen taalpurisme en preskriptiewe klagtetradisies, veral in terme van kritiek teen variasie en verandering, behoort die invloed van puristiese en preskriptiewe uitsprake op taalverandering nie geïgnoreer te word nie.

1.1.3 Preskriptivisme as veranderlike in taalverandering

In haar boek, *Verbal Hygiene*, beklemtoon Cameron (2012:11) dat die vraag, ‘is preskriptivisme ’n goeie ding of ’n onnatuurlike instelling’, onbelangrik is. Verskeie teoretici is dit eens dat preskriptivisme en linguistiese konvensies nie meer geïgnoreer kan word as ’n

sosiolinguistiese fenomeen nie, maar dat dit, soos verskeie ander sosiale faktore, insluitende geslag, klas of ras (Downes, 1998:176), 'n sterk veranderlike in taalverandering kan wees (vgl. Cameron, 2012:11; Curzan, 2014:7; Milroy & Milroy, 2012:vii). Millar (1998:178) stel dat:

Since prescriptive activities are involved in the propagation of ideas about 'good' and 'bad', 'prestigious' and 'stigmatized', they may be a useful source of information for the sociolinguist seeking to understand how mechanisms of change and maintenance operate.

So ook beklemtoon Milroy en Milroy (2012:11) dat:

When we view language as fundamentally a social phenomenon, we cannot then ignore prescription and its consequences. The study of linguistic authoritarianism is an important part of linguistics.

Verskeie van die internasionale taalkundiges in die eerste helfte van die 20ste eeu se werk het min aandag geskenk aan die invloed van preskriptivisme op taalverandering deur deurgaans klem te plaas op die veronderstelling van 'n geïdealiseerde taalstruktuur (Milroy & Milroy, 2012:6). Ook word die wisselwerking tussen preskriptivisme en taalverandering grotendeels onderbeklemtoon deur verskeie benaderings vanuit die funksionalisme en formalisme en nie duidelik genoeg gedefinieer as 'n sosiolinguistiese fenomeen binne die sosiolinguistiek nie (vgl. Croft, 2000:7; Curzan, 2014:1-3; Milroy & Milroy, 2012:vii). Croft (2000:7) toon aan dat taalkonvensies (norme) nie noodwendig geïnterpreteer word as 'n integrale deel van teorieë van taalverandering nie en geïgnoreer word op grond van arbitrêrheid. Mair (2006:3) is van mening dat "the possible distorting influence of the prescriptive tradition" in die bestudering van taalverandering 'n ernstige probleem is waarvan navorsers toenemend meer moet kennis neem.

Milroy en Milroy (2012:2) beklemtoon dat die rol en invloed van normerende outoriteite in taal op die individu nie onderskat moet word nie en dat die gevolge van preskriptivisme op taalgebruik heelwat groter kan wees as wat aanvanklik beraam is (vgl. Curzan, 2014:3). In die toenemend globaliserende wêreld is inligting meer toeganklik as ooit vantevore, en met moderne tegnologiese toestelle, soos rekenaars, het nuwe kragte, byvoorbeeld speltoetsers, ontstaan wat preskriptivisme en taalkonvensies voortdryf (Curzan, 2014:4). Curzan (2014:3) wys daarop dat "the sheer presence of prescriptive efforts has the power to affect attitudes about usage as well as, in some cases, the development of actual language usage". So ook stel Croft (2000:7) dat "conventions – whether conforming to it, or violating it, or establishing it – play a key role in language use and in language change". Die metadiskoerse rondom taalgebruik ontstaan grotendeels vanuit 'n preskriptivistiese invalshoek (vgl. Curzan, 2014:3;

Milroy & Milroy, 2012:2-3), en daarom behoort die verhouding tussen die twee ook in die bestudering van taalverandering nie geïgnoreer te word nie (vgl. Anderwald, 2012; 2014; 2016; Van Rooy & Kruger, 2015). Taalstruktuur, insluitende gepaardgaande konsepte soos konvensies en norme, kan nie losgemaak word van taalverandering nie (Bybee, 2015:1), en daarom kan preskriptiewe uitsprake se invloed op taalgebruik nie geïgnoreer word nie.

Volgens Van Rooy en Kruger (2015:6) bied Afrikaans 'n unieke omgewing waarin die potensiële wedersydse beïnvloeding en komplekse verhouding tussen preskriptivisme en taalverandering bestudeer kan word. “Afrikaans represents a unique testing case for the relationship between prescriptivism and language variation and change, both conceptually and methodologically” (Van Rooy & Kruger, 2015:4). Afrikaans is as gevallestudie konseptueel uniek vanweë die noue verbintenis tussen die ontwikkeling van die taal en die ontwikkeling van die taal se gepaardgaande, buigbare preskriptiewe tradisie (Van Rooy & Kruger, 2015:4-5). Aangesien die taal se preskriptiewe tradisie relatief ‘jonk’ is, is dit maklik vir navorsers om toegang te verkry tot die meeste van die preskriptiewe bronne gepubliseer oor Afrikaans. Navorsers kan dus 'n omvattende beeld skep van die potensiële wedersydse beïnvloeding tussen preskriptivisme en taalverandering oor 'n relatief kort periode “that nevertheless covers most of the history of the language” (Van Rooy & Kruger, 2015:6) – hierdie is die grootste metodologiese voordeel wat Afrikaans as gevallestudie vir navorsers inhou.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Verandering binne die konteks van Afrikaans word dikwels intuïtief geïmpliseer, sonder enige empiriese, datagedrewe navorsing wat dit staaf, en veral (oppervlakkig) toegeskryf aan kontak met Engels (Kirsten, 2016:59). Kirsten (2016:59) toon aan, aan die hand van Leech *et al.* (2009:4) en Mair (2006:16), dat die Afrikaanse preskriptiewe tradisie reëls wat dikwels taalkundig ongegrond is, bevorder:

[S]oms word anekdotiese waarnemings (en oordele) soveel keer herhaal dat dit 'n lewe van hulle eie ontwikkel en kristalliseer in 'n stel volkskennis waarvan die waarheid as só vanselfsprekend aanvaar word, dat dit nie eers meer in akademiese navorsing bevraagteken word nie[.]

Dié gevaar ontstaan wanneer enige taalnorme en standaardtale as “Articles of Faith” (Lass, 1997:5) aangebied word – 'n soort nie-godsdienstige mite van “precious and firmly held beliefs [or] replicas of assertions that someone somewhere once made”. Lass (1997:5) toon aan dat die aard en relatiwiteit van 'n standaardtaal dikwels die verskeie dogmas in benaderings tot taal onderskryf en dat dit dikwels die bestudering van taalverandering kan bemoeilik.

In Afrikaanse normatiewe bronne, vergelyk onder andere *Die Kennis gids tot moderne Afrikaans* (Du Plessis, 1979), *Die korrekte woord* (Van der Merwe & Ponelis, 1991), *Norme vir Afrikaans* (Carstens, 2011) en *Afrikaans vir almal* (Uys, 2015), word verskeie aannames gemaak met betrekking tot die korrekte gebruik van Afrikaanse taalvorme, en meer dikwels word anekdotiese waarnemings van implisiete verandering gemaak. 'n Besonder interessante gevallestudie hieroor is voorsetsels.

1.2.1 Afrikaanse voorsetsels en preskriptivisme

Voorsetsels word omskryf as woorde wat verskillende verhoudings aandui tussen twee entiteite (Kempen, 1984:8). Voorsetsels is 'n subkategorie van die klas **setsels** wat bestaan uit (simplekse) voorsetsels, **groepvoorsetsels**, en **agtersetsels** (Ponelis, 1979:171; 1984:219-220). Volgens Feinauer en Ponelis (2014:226-227) vervul die setselgroep 'n verskeidenheid funksies in sintaktiese konstruksies. Setselstukke kan dien as adjunkte in die werkwoordstuk, voorsetselvoorwerpe by voorsetselwerkwoorde, deeltjies by deeltjiewerkwoorde of as nabepalers binne die naamwoordstukkern (Botha & Van Aardt, 1987:184, 196-198; Ponelis, 1979:171-184). Hierdie woordsoort kom dikwels onder preskriptiviste se aandag en oënskynlike probleme met die gebruik van voorsetsels word veral toegeskryf aan die noue kontak tussen Afrikaans en Engels.

Reeds in 1958 maak Smuts (1958:27) verskeie aannames met betrekking tot verandering in die gebruik van Afrikaanse voorsetsels; hy noem onder andere analogie en kontaminasie, en 'n groot gedeelte van hierdie verandering word volgens hom teweeggebring deur kontak tussen Afrikaans en Engels. Smuts (1958:27) beklemtoon voorts die verval van Afrikaanse voorsetsels deur dit te vergelyk met die ou Nederlandse voorsetselvorme wat in Afrikaans verlore gaan. Ook in *Norme vir Afrikaans* beklemtoon Carstens (2011:58-62) dat die gebruik van Afrikaanse voorsetsels problematies is en skryf verandering veral toe aan die Engelse invloed. Carstens (2011:58-59) is van mening dat Afrikaanse voorsetsels op drie vlakke deur Engels beïnvloed word, naamlik: aanpassing, byvoorbeeld "in ander woorde" in plaas van "met ander woorde"; weglating, byvoorbeeld "Ansu studeer medisyne" in plaas van "Ansu studeer in die medisyne"; en toevoeging, byvoorbeeld "die dokter het op hom geopereer" in plaas van "die dokter het hom geopereer".

Van Dijk (1952a:53; 1952b:29; 1953:43) beskryf in sy *Huisgenoot*-rubriek, getiteld "*Sondes onder ons taal*", die verval van Afrikaanse voorsetsels en die veranderinge wat dit ondergaan as gevolg van kontak met Engels. Geldenhuys (1980:31) en Ehlers (1993:15) beskryf ook in hulle voorskrifte vir staatsamptenare en taalpraktisyns die problematiese gebruik van Afrikaanse setsels oor die algemeen en hoe direkte kontak met Engels die situasie vererger. Hierdie aannames word egter nie gestaaf deur enige navorsing wat

aantoon of hierdie tipe verandering, indien daar wél verandering is, werklik aan taalkontak toegeskryf kan word nie en of dit bloot geskied deur ander kanale van grammatikale verandering nie. Donaldson (1988:263) is van mening dat daar 'n groot waarskynlikheid is dat voorsetselgebruik in die Afrikaanse taalgemeenskap beïnvloed is deur die teenwoordigheid van die voorsetsels se verwante (“*cognate*”) Engelse eweknieë. Hy (Donaldson, 1988:263) stel dat die potensiële kontaminasie in Afrikaanse voorsetselgebruik, spesifiek as gevolg van Engels, toegeskryf kan word aan 'n beginsel genaamd “economy of storage”¹. Soortgelyk aan Carstens (2011:58-59), noem Donaldson (1988:266-267) dat Engels die gebruik van Afrikaanse voorsetsels beïnvloed het op twee vlakke, naamlik: (i) weglating, waar voorsetsels wat in Afrikaans gebruik moes word, weggelaat word as gevolg van Engelse kontaminasie²; en (ii) toevoeging, waar Afrikaanse voorsetsels gebruik word as gevolg van Engels in gevalle waar geen voorsetsel grammatikaal vereis word nie³. Van der Merwe en Ponelis (1991:101) toon aan dat sommige van hierdie anglisistiese voorsetselgebruike nie bloot verwerp kan word nie omdat dit getransformeer het tot gevestigde gebruiksvariante binne die breë Afrikaanse taalgemeenskap.

In 1987 stel P.J. Taljaard in samewerking met sy kollega W.K. Smit die *Voorsetselwoordeboek met Engelse vertalings* saam. Sover ek kon vasstel is die publiserings van *Voorsetselwoordeboek met Engelse vertalings* tot dusver die grootste normeringsinisiatief onderneem in Afrikaans om gevestigde reëls en standaarde vir die gebruik van setsels aan die Afrikaanse taalgemeenskap daar te stel. Die nou verband tussen norme en gesag in die Afrikaanse taalkunde en die gebruik van Afrikaanse voorsetsels was vir Taljaard 'n belangrike onderwerp; hy wy in 1988 sy hele MA-studie aan die verband tussen normeringspraktyke en die gebruik van Afrikaanse voorsetsels.

Soos reeds aangetoon, is dit, aldus Cameron (2012:11) en Curzan (2014:3-4), 'n futiele ondersoek om te probeer bepaal of preskriptivisme geslaagd is, om bloot net aannames, soos onder andere dié van Carstens (2011:58-59) en Smuts (1958:27), te toets en die invloed daarvan as onnatuurlik, kunsmatig en onbelangrik te beskryf. Kirsten (2016:35-37; 62-63) beklemtoon ook in haar studie dat dit belangrik is vir taalkundiges om die moontlik invloedryke rol van preskriptivisme te aanvaar en om dit in studies oor Afrikaanse

¹ Myns insiens kan die effek van hierdie “economy of storage” direk vergelyk word met die effek van taalgebruikers se kenmerkpoel (Mufwene, 2008:17) en transtaling (Hornberger & Link, 2012:243) op taalgebruik en -verandering.

² Voorbeelde vanuit Donaldson (1988:268) van weglating sluit in: *eendag* in plaas van die meer Nederlandse *op een dag*; *dusver* in plaas van die meer korrekte *tot dusver*; *op datum bring* in plaas van *tot op datum bring*; ensovoorts.

³ Voorbeelde vanuit Donaldson (1988:268) van toevoeging sluit in: *lys van name* in plaas van *lys name*; *hierdie soort van geelhout* in plaas van *hierdie soort geelhout*; *'n slegte soort van mens* in plaas van *'n slegte soort mens*; en die gebruik van *vir* saam met tydsduur, byvoorbeeld *die potte wat vir 14 dae in die son gestaan het*, ens.

taalverandering in te reken. 'n Gebalanseerde studie het dus ten doel om verandering te beskryf waartydens preskriptivisme as een moontlike veranderlike oorweeg behoort te word (Anderwald, 2012:285-287; 2014:1-2; 2016:9-10).

In haar studie oor grammatikale verandering maak Kirsten (2016:3) melding van 'n verskeidenheid studies oor Afrikaanse taalverandering. Studies van onder andere Stoops (1972), Conradie (1992; 1998), Deumert (2004) en Kirsten (2013), wat fokus op verskillende fasette van Afrikaanse taalverandering, word uitgesonder. Hierdie studies het egter nie eksplisiet gefokus op die rol van preskriptivisme nie. Van Rooy en Kruger (2015), asook Kirsten (2016), het wel reeds in hulle studies begin om die rol van preskriptivisme in Afrikaanse taalverandering te evalueer. Van Rooy en Kruger (2015) bestudeer die effek van preskriptivisme op taalverandering in Afrikaanse komplementkonstruksies, terwyl Kirsten (2016) preskriptivisme as 'n moontlike veranderlike in grammatikale verandering met betrekking tot tydsaanduiding, voornaamwoorde en die genitief-konstruksie ondersoek. Beide studies steun sterk op die kwantitatiewe grammatikografie van Anderwald (2014; 2016) wat dit moontlik maak om die moontlike korrelasie tussen preskriptivisme en taalverandering kwantitatief te evalueer.

1.2.2 Gapings in bestaande navorsing

Soos alreeds aangetoon, het Taljaard (1988) in sy MA-verhandeling gefokus op die wisselwerking tussen preskriptiewe norme en hoe geselekteerde Afrikaanse voorsetsels werklik gebruik word. Enkele ander studies wat die gebruik en herkoms van Afrikaanse voorsetsels ondersoek sluit in die studies van Kempen (1976), Raidt (1969; 1976), Ponelis (1993), Den Besten (2000/2012) en Messerschmidt en Bergh (2011). Buiten hierdie studies het daar ook drie ander studies verskyn deur onder andere Pretorius (1972), wat voorsetselverbindings in die vaktaal ondersoek, Kempen (1984), wat 'n omvattende beskrywing van voorsetselverbindings in Afrikaans lewer, asook Ponelis (1984), wat aspekte van die grammatika van Afrikaanse setsels bestudeer. Met die uitsondering van Messerschmidt en Bergh (2011) is die interpretasie van die data en grammatikale beskrywings van voorsetsels in hierdie studies beperk tot meer formele benaderings tot grammatika en sintaksis.

Messerschmidt en Bergh (2011) se navorsing oor *met* het daarin geslaag om aan te toon dat voorsetsels suksesvol geanaliseer, geïnterpreteer en beskryf kan word vanuit funksionele en kognitiewe raamwerke. Studies oor die gebruik van Engelse voorsetsels, onder andere dié van Tyler en Evans (2003), het aangetoon dat dit belangrik is om die onderlinge verband tussen sintaktiese verhoudings noukeurig te bestudeer ten einde die prototipiese gebruike van 'n voorsetsel te kan bepaal. Hulle benaderings vanuit die **kognitiewe grammatika** van

Langacker kan in verskeie opsigte aangewend en aangevul word om taalverandering in die gebruik van Afrikaanse voorsetsels te bespeur. Langacker (1991; 2007; 2009) se benadering is besonder bruikbaar vir die beskrywing van verskynsels in terme van simboliese strukture. Kognitiewe grammatika is nuttig om verhoudings uit te druk deur die onderskeid tussen 'n **trajektor** ("*trajectory*") en **landmerk** ("*landmark*") wat baie insiggewende skemas kan lewer oor voorsetsels (Tyler & Evans, 2003:146-154; Langacker, 2009:9-10). Halliday en Matthiessen (2014) se **funksionele benadering** tot sintaksis en grammatika kan ook 'n waardevolle bydrae lewer tot ons begrip van prototipes in die gebruik van Afrikaanse voorsetsels. Daar is dus nie net ruimte vir die verdere bestudering van die invloed van preskriptivisme op Afrikaanse taalverandering nie, maar ook ruimte om verder te verken watter bydrae funksionele en kognitiewe benaderings kan maak tot ons begrip van Afrikaanse voorsetsels.

1.3 NAVORSINGSVRAE

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking word die volgende navorsingsvrae gestel:

1. Wat is die aard en omvang van verandering in die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels vir die periode 1911 tot 2010?
2. Is daar tekens van potensiële wedersydse beïnvloeding tussen preskriptivistiese uitsprake en taalverandering in die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels vir die periode 1911 tot 2010?
3. Indien daar wel sprake is van 'n wedersydse beïnvloeding tussen preskriptivisme en taalverandering in die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels vir die periode 1911 tot 2010, wat behels dit?
4. Wanneer daar relevante uitsprake in die literatuur is, spesifiek met betrekking tot die invloed van Engels op veranderende gebruik van Afrikaanse voorsetsels, is die waarnemings empiries gegrond?

1.4 HIPOTESES

Op grond van die voorafgaande navorsingsvrae word daar twee potensiële hipoteses gestel:

1. Die studie bewys dat daar beduidende diachroniese veranderinge in die gebruik van verskeie van die Afrikaanse voorsetsels geanaliseer vir hierdie studie, is. Elk van die onderskeie voorsetsels toon voorts tekens van 'stabiliteit', oftewel tekens van onveranderlikheid in sekere gebruiksinstanties, asook 'betekenislose', korttermyn-diachroniese fluktuasies in sekere gebruiksinstanties. Die studie toon ook vervolgens aan dat die Afrikaanse preskriptiewe tradisie 'n deurslaggewende invloed op die

veranderende gebruik van Afrikaanse voorsetsels gehad het, en dat verwante vorme vanuit Engels 'n noemenswaardige rol gespeel het in die vestiging van sekere gebruiksinstanties van die onderskeie voorsetsels.

2. Die studie bewys dat daar beduidende diachroniese veranderinge in die gebruik van verskeie van die Afrikaanse voorsetsels geanaliseer vir hierdie studie, is. Elk van die onderskeie voorsetsels toon voorts tekens van 'stabiliteit', oftewel tekens van onveranderlikheid in sekere gebruiksinstanties, asook 'betekenislose', korttermyn-diachroniese fluktuasies in sekere gebruiksinstanties. Die studie toon ook vervolgens aan dat die Afrikaanse preskriptiewe tradisie nie 'n deurslaggewende invloed op die veranderende gebruik van Afrikaanse voorsetsels gehad het nie, en dat verwante vorme vanuit Engels 'n klein, beperkte rol gespeel het in die vestiging van enkele gebruiksinstanties van die onderskeie voorsetsels.
3. Die studie bewys dat daar geen beduidende diachroniese veranderinge in die gebruik van verskeie van die Afrikaanse voorsetsels geanaliseer vir hierdie studie, is nie. Elk van die onderskeie voorsetsels toon slegs tekens van 'stabiliteit', oftewel tekens van onveranderlikheid in sekere gebruiksinstanties, asook 'betekenislose', korttermyn-diachroniese fluktuasies in sekere gebruiksinstanties. Die studie toon ook vervolgens aan dat die Afrikaanse preskriptiewe tradisie nie 'n deurslaggewende invloed op die veranderende gebruik van Afrikaanse voorsetsels gehad het nie, en dat verwante vorme vanuit Engels 'n klein, geen rol gespeel het in die vestiging van enige gebruiksinstanties van die onderskeie voorsetsels nie.

1.5 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van hierdie studie is:

1. Om te bepaal wat is die aard en omvang van verandering in die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels vir die periode 1911 tot 2010 deur:
 - a. gebruik te maak van relevante korpuslinguistiese metodes;
 - b. benaderings tot funksionele sintaksis te gebruik om prototipes te identifiseer in terme van die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels; en
 - c. diagrammatiese voorstellings vanuit kognitiewe grammatika aan te wend om voorstellings te lewer van hoe die prototipiese gebruike van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels werk.

2. Om te bepaal wat behels die potensiële wedersydse beïnvloeding tussen preskriptivisme en taalverandering in die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels vir die periode 1911 tot 2010 deur:
 - a. die samestelling van 'n kwantitatiewe grammatikografie met behulp van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes; en
 - b. 'n vergelykende analise tussen die resultate vanuit die korpusanalises en kwantitatiewe grammatikografie.
3. Om te bepaal of waarnemings met betrekking tot die invloed van Engels op veranderende gebruik van Afrikaanse voorsetsels, soos geïdentifiseer in die grammatikografiese ondersoek, empiries gegrond is?

1.6 METODOLOGIE

Die studie gaan **korpuslinguistiek** as sentrale metodologie gebruik om patrone van verandering in die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels waar te neem. Die studie gaan ook gebruik maak van Anderwald (2014; 2016) se **kwantitatiewe grammatikografie** om die potensiële wedersydse beïnvloeding tussen taalverandering en preskriptivisme na te speur.

1.7 BYDRAE VAN HIERDIE STUDIE

Uit Croft (2000:7) en Van Rooy en Kruger (2015:3) is dit duidelik dat die preskriptiewe tradisie 'n deurslaggewende rol speel in die uitbreiding en vestiging van taalkonvensies en dat konvensies 'n versterkende (Bybee, 2015:5) aard het wat 'n direkte invloed op die seleksie en verspreiding van innovasies kan hê. Hoewel die bestudering van die potensiële wedersydse beïnvloeding tussen preskriptivisme en taalverandering nie tipies deel vorm van studies binne die hoofstroom-historiese linguistiek nie (Van Rooy & Kruger, 2015:3), is daar die afgelope dekade reeds aansienlik vordering gemaak met die bestudering van hierdie onderwerp in die buiteland (vgl. Anderwald, 2014; 2016; Auer & Gonzáles-Días, 2005). Buiten die twee studies deur Van Rooy en Kruger (2015) en Kirsten (2016) het daar nog geen ander studies oor Afrikaans verskyn wat poog om ondersoek in te stel na die potensiële wedersydse beïnvloeding tussen preskriptivisme en verandering in Afrikaans nie. Hierdie studie beoog om hierdie gaping verder aan te vul en die tradisie binne Afrikaanse navorsing verder uit te brei. Die studie sluit aan by die standpunte van Van Rooy en Kruger (2015) en Kirsten (2016) wat hulself distansieer van praktyke waardeur die geslaagdheid en effektiwiteit van preskriptivisme sentraal staan. Daar word beoog om die rol van preskriptivisme te integreer binne die teoretiese raamwerke van die evolusionêre en

kognitiewe linguistiek deur dit te beskou as 'n moontlike veranderlike in taalvariasie en -verandering.

Hierdie studie het ten doel om ook 'n metodologiese bydrae te lewer in terme van die verfyning van bestaande metodologieë. Van Rooy en Kruger (2015:6) noem dat die bestudering van Afrikaans verskeie metodologiese voordele bied vir hierdie tipe studies:

[G]iven the more recent advent of prescriptivism, it is possible to gain access to most prescriptive sources, which allows a comprehensive picture of the role of prescriptivism over a comparatively short period of time that nevertheless covers most of the history of the language.

Vanweë die beskikbaarheid van 'n groot hoeveelheid preskriptiewe bronne oor Afrikaans gaan hierdie studie poog om die prosedure van Anderwald (2014; 2016) se kwantitatiewe grammatikografie te verfyn deur aspekte van **sistematiese literatuuroorsig** te inkorporeer in die versameling en verwerking van die bronne wat by hierdie studie betrek word.

1.8 VOORUITSKOUING

Hoofstuk 2 van hierdie studie bevat 'n basiese inleiding tot teoretiese perspektiewe oor taal en taalverandering binne die raamwerke van voortkomende en kognitiewe grammatika. Die hoofstuk fokus eerstens op die diachroniese taalkunde en gebruiksgebaseerde benaderings tot taal en taalanalise, waarna 'n meer gedetailleerde bespreking van voortkomende en kognitiewe grammatika volg.

In die daaropvolgende hoofstuk, Hoofstuk 3, word korpuslinguistiek bespreek as die primêre navorsingsmetode van hierdie studie. Die hoofstuk fokus oorsigtelik op die rol van korttermyn-diachroniese vergelykende korpuslinguistiek en die invloed van korpuslinguistiek op die bestudering van grammatikalestruktuur. In Hoofstuk 3 is daar ook 'n uiteensetting van die kwantitatiewe grammatikografie van hierdie studie en metodes gebruik vir die grammatikografiese ondersoek.

In Hoofstuk 4 word die veranderende gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels, naamlik *vir*, *aan*, *deur*, *met* en *in*, soos waargeneem aan die hand van korpusanalises, bespreek. Die eerste afdeling van die hoofstuk dien as 'n kort teoretiese verwysingspunt van wat voorsetsels is, hoe dit struktureel lyk, watter gebruike dit het en hoe die begrip voorsetsels in dié studie hanteer word. Die res van Hoofstuk 4 fokus op die analiseringsbenadering en koderingskriteria gebruik vir die korpuslinguistiese ondersoek, asook die resultate van die korpuslinguistiese en grammatikografiese ondersoeke.

Hoofstuk 5 dien as die gevolgtrekking van hierdie studie. In dié hoofstuk is die tendense met betrekking tot die veranderende gebruik van die Afrikaanse voorsetsels *vir*, *aan*, *deur*, *met* en *in*, opgesom, gevolg deur 'n uiteensetting van die gapings van hierdie studie.

HOOFSTUK 2: TEORETIESE PERSPEKTIEWE OP TAAL EN GRAMMATIKA

2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bied 'n basiese inleiding tot teoretiese perspektiewe oor taal en taalverandering binne die raamwerke van voortkomende en kognitiewe grammatika. Eerstens word 'n kort inleiding oor die diachroniese taalkunde en gebruiksgesbaseerde benaderings tot taal gegee, waarna 'n oorsigtelike bespreking van voortkomende en kognitiewe grammatika volg.

2.2 'N KOGNITIEWE KONSEPTUALISERING VAN TAAL EN GRAMMATIKA

2.2.1 Inleiding tot teoretiese perspektiewe en die diachroniese taalkunde

Vanuit Hoofstuk 1 van hierdie studie is dit duidelik dat daar verskeie teoretiese benaderings tot die beskrywing van taal, insluitende grammatika, bestaan. Teorieë vanuit die strukturalisme en generatiewisme het veral 'n geïdealiseerde taalstruktuur beklemtoon wat dit moeilik maak om die rol van variasie in taal te evalueer en te beskryf (vgl. Bybee, 2010:201; Croft, 2000:17).

Hoewel teorieë van onder andere De Saussure (1966:50) en Bloomfield (1933:3) die teenwoordigheid van variasie in taal erken, oorskadu die klem op formele taalstruktuur die unieke bydrae wat variasie tot die konseptualisering van taal en taalverandering kan bied. Croft (2000:17) toon aan dat variasie in taal 'n goeie aanduiding van verandering is, omdat verandering 'n geleidelike proses is wat nie skielik net gebeur nie. Indien verskynsel A verander word na verskynsel B, is daar 'n tydperk van variasie tussen A en B wat uiteindelik deur veranderende konvensies gevestig word tot verskynsel B (vgl. Bybee, 2010:1; Croft, 2000:54). Sekere benaderings, soos die generatiewe benadering, reduseer egter variasie tot gebrekkige *performance*, wat irrelevant tot die bestudering van taal is. Dit is gevolglik belangrik vir taalkundiges om gebruik te maak van meer omvangryke teoretiese benaderings wat beide stabiliteit en variasie in taal verantwoord.

Teorieë van taal moet egter nie net belangrike vraagstukke rondom variasie verantwoord nie, maar dit ook moontlik maak om taalvariasie en verandering vanuit beide 'n sinchroniese en diachroniese perspektief te benader (Croft, 2001:5). Volgens Croft (2000:1, 5) is taal 'n dinamies-veranderlike historiese fenomeen wat beide sinchronies en diachronies realiseer deur die seleksie en verspreiding van innovasie. Lass (1997:14) beklemtoon ook dat:

synchronic structure and historical origin (of course) interact; but the state of the language as a whole is not fully describable in purely synchronic or functional terms.

Portions of apparent 'synchronic' states are relics of the historical process that brought them into being, evolutionary scars on the present-day [language] body.

Croft (2000:63) is van mening dat prosesse van taalverandering **panchronies** gekonseptualiseer behoort te word, bestaande uit beide 'n diachroniese perspektief, wat verandering oor 'n periode van tyd behels, en 'n sinchroniese perspektief, wat impliseer dat variasie as 'n sisteem onafhanklik van tyd beskryf kan word. Lass (1997:17) definieer die historiese linguistiek as 'n vorm van historiografie van sentrale belang tot die diachroniese bestudering van taal – “the discipline that makes stories and/or interpretations out of what happened to languages over time”. Geen historiese studie realiseer egter sonder die teenwoordigheid van 'n sinchroniese komponent nie. Deur 'n sinchroniese ingesteldheid in te neem by 'n diachroniese studie, kan 'n opname van 'n reeks sinchroniese taaltoestande saamgestel word ten einde 'n chronologiese geheelbeeld van variasie en verandering oor 'n periode van tyd te lewer (Lass, 1997:17). So ook is dit belangrik om die bydrae van verandering tot ons begrip van taalstruktuur (grammatika) te verken:

Language change is not a peripheral phenomenon that can be tacked on to synchronic theory; synchrony and diachrony have to be viewed as an integrated whole. Change is both a window into cognitive representations and a creator of linguistic patterns.

(Bybee, 2010:105)

Vir die taalkundige is historiese taalvorme in die vorm van historiese argieftekste vanuit 'n verskeidenheid van genres van onskatbare waarde vir die bestudering van taalverandering – dié tipe historiese data het egter dikwels baie gapings. Om suksesvol veralgemenings oor die data te maak, vir 'n sterk gegronde diachroniese taalstudie, is 'n sterk empiriese basis van kardinale belang om duidelike tendense met betrekking tot variasie of verandering in entiteite, oftewel uitinge, raak te sien⁴ (vgl. Aitchison, 2004:22; Croft, 2000:2; Lass, 1997:5).

Benaderings vanuit die evolusionêre en kognitiewe linguistiek is spesifiek geformuleer om grammatika as betekenisvol en fluktuierend te beskou (vgl. Bybee & Hopper, 2001:3; Bybee 2010:202). Vir die doel van hierdie studie gaan hierdie benaderings ingespan word om taal en taalverandering te konseptualiseer.

2.2.2 Gebruiksgebaseerde benaderings tot taal

In die bestudering en beskrywing van taal is daar die afgelope dekades aansienlik vordering gemaak met betrekking tot benaderings wat beide 'n panchroniese ingesteldheid toon en die rol van taalverandering as 'n noemenswaardige faktor in die konseptualisering van

⁴ Uitinge kan ook geïnterpreteer word as konstruksies (vgl. Bybee, 2010:26; Croft, 2000:26) óf betekenisvolle eenhede óf entiteite van taalgebruik (Langacker, 2008:16).

grammatika evalueer. Hoewel hierdie funksionele benaderings genuanseerd is en elk in hul eie reg funksioneer, is 'n sentrale raakpunt dat hierdie benaderings as gebruiksgebaseerde benaderings beskryf kan word (vgl. Bybee, 2010; Bybee & Hopper, 2001; Croft, 2000; Langacker, 2008).

Volgens Croft (2000:26) word **taal** in die gebruiksgebaseerde raamwerk beskryf as 'n versameling van uitinge wat binne 'n spesifieke taalgemeenskap realiseer. Hierdie uitinge verteenwoordig werklike, bestaande entiteite – oftewel 'n versameling van heterogene konstruksies – wat gekoppel word aan spesifieke diskoerskontekste, domeine en taalgebruikers se kognitiewe verwerking van taalgebruik (vgl. Bybee & Hopper, 2001:3; Croft, 2000:2,26; Langacker, 2007:421; Langacker, 2008:17, 25). Uitinge is gevolglik die produk van menslike gedrag in situasies van kommunikatiewe interaksie (Langacker, 2007:422) soos wat dit uitgespreek, grammatikaal gestruktureer en semanties en pragmaties geïnterpreteer word binne konteks (Croft, 2000:26). Die gebruiksgebaseerde benadering beklemtoon 'n verhouding tussen vorm en betekenis, soos in die geval van Croft (2000:117) se “*form-function pairing*” en Langacker (2007:421-422) se “*form-meaning pairings*”, wat die betekenis van 'n grammatikale konstruksie gelyk stel aan die gebruiksgeskiedenis of “*networks of inheritance*” (Langacker, 2007:422), wat deur herhaalde gebruik in verskillende kontekste vasgestel word. Nie net het die gebruik van uitinge deur die taalgemeenskap die potensiaal om taalvariasie te konvensionaliseer nie, maar ook om dit aan te pas. Uitinge is dus van kardinale belang in die realisering en konvensionalisering van grammatika, asook die verandering daarvan (vgl. Croft, 2000:7; Langacker, 2008:50, 430).

Voortkomende en kognitiewe grammatika is twee gebruiksgebaseerde benaderings wat ingespan gaan word as raamwerk vir hierdie studie se konseptualisering van taal en grammatika.

2.2.3 'n Kognitiewe konseptualisering van taal en grammatika

Histories is grammatika (“rules, constraints, and categories of the language attributed to the speaker”) beskou as “an object apart from the speaker and separated from the uses which the speaker may make of it” (Hopper, 1987:141). Die rol van taal in gebruik, veral in diskoerskontekste, is grootliks gereduseer tot die implementering van grammatikale struktuur op grond van mentale prosesse wat konstruksies in die brein realiseer. Gebruiksgebaseerde benaderings, soos voortkomende en kognitiewe grammatika, beklemtoon egter baie sterk die rol van taalgebruik in kommunikatiewe interaksies. Om te verstaan hoe grammatika kognitief verwesenlik word, moet die eise gestel aan deelnemers om historiese gebruikskontekste in die huidige diskoersruimte (“current discourse space”) te herroep, beklemtoon word (vgl. Bybee & Hopper, 2001:2-3; Langacker, 2007:425-426).

Volgens Van Huyssteen (2002:314) word grammatikale struktuur en die nie net bepaal deur die semiologiese en interaktiewe funksies van taal nie, maar ook deur 'n komplekse stel van omgewings-, ontwikkelings-, biologiese, psigologiese, historiese, sosiokulturele en (veral) kontekstuele faktore – soos wat hierdie faktore verander, verander taal en taalstruktuur ook. Hierdie benaderings veronderstel dat grammatika by uitstek betekenisvol, simbolies en heterogeen is (Langacker, 2007:422), bestaande uit mentale representasies en prosessering onderhewig aan sosiale konvensies wat deur die gespreksdeelnemers nagekom word (vgl. Bybee & Hopper, 2001:3; Croft, 2000:56-57). Van Huyssteen (2002:314) beklemtoon dat navorsers met behulp van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde raamwerk nie alleen verstaan waarom taalverandering en -variasie bestaan nie, maar ook die meganismes wat verantwoordelik is vir variasie en verandering.

Hoewel voortkomende en kognitiewe grammatika baie ooreenkomste toon en bydra tot 'n algehele kognitiewe konseptualisering van grammatika, is dit belangrik om aan te toon dat die twee benaderings fokus op verskillende aspekte van grammatika. Bybee (2010:7) stel dat “a consequence of viewing language as a complex adaptive system and linguistic structure as emergent is that it focuses our attention not so much on linguistic structure itself, as on the processes that create it”. Dus fokus voortkomende grammatika op die prosesse wat taalstruktuur tot stand bring, terwyl kognitiewe grammatika, “despite its functional nature, [...] shares with formal approaches the commitment to seeking explicit characterizations of language structure” (Langacker, 2008:8).

Vir die doel van hierdie bespreking gaan voortkomende grammatika en kognitiewe grammatika afsonderlik hanteer word. Tydens die bespreking sal relevante raakpunte wel gemeld word.

2.2.3.1 Voortkomende grammatika

Soos alreeds aangetoon, is kommunikatiewe interaksies van sentrale belang tot die konseptualisering van voortkomende grammatika. Kognitiewe representasies word deur taalgebruikers opgebou wanneer uitinge geënkodeer en gekategoriseer word op grond van fonetiese vorm, betekenis en konteks (vgl. Bybee, 2013:49; Croft, 2000:2; Hopper, 1987:142). Terwyl nuwe, inkomende uitinge in die brein gesorteer en gepaar word op grond van ooreenkomstigheid (assosiasie) met bestaande representasies, ontstaan nuwe eenhede soos sillabes, woorde en konstruksies (Bybee, 2013:49). Die premis van voortkomende grammatika is dat struktuur outomaties deur diskoers gerealiseer en gevorm word – grammatika is beide reëlmatig, geregulariseer deur spesifieke kognitiewe prosesse, en veranderend soos wat dit aanhoudend herskep word deur taalgebruikers in nuwe gebruikskontekste. “Structure, then, in this view is not an overarching set of abstract

principles, but more a question of a spreading of systematicity from individual words, phrases and small sets” (Hopper, 1987:142). Grammatika het geen outonome bestaan buiten mentale representasie en prosessering nie (Kirsten, 2016:15), dit realiseer sonder enige bestaande matriks (bloudruk in die brein), soos die Universele Grammatika, en is geanker in konkrete uitinge of konstruksies (Hopper, 1987:141-142).

In ’n gebruiksgesonde raamwerk word konstruksies beskou as **prosesseringseenhede of stukke** (“*chunks*”) – woord- of morfeemkettings wat gereeld genoeg saam gebruik word om as ’n eenheid herroep te word. Die konvensionalisering van uitinge tot konstruksies en konstruksies tot grammatikale struktuur word grootliks bepaal deur die vlak van **vestiging** (“*entrenchment*”) van ’n uiting binne ’n taalgemeenskap:

A particular structure achieves the status of a unit through progressive psychological *entrenchment*, which is a matter of degree [...] a matter of degree is *conventionality*: how widely is a structure shared amongst speakers (and accepted as such).

(Langacker, 2007:425)

Vestiging word beskou as die mees fundamentele proses waardeur eksimplare van taalstruktuur geabstraheer word deur gewoontevorming (vgl. Bybee, 2013:52; Croft, 2000:236). Indien grammatika gelyk gestel word aan “the cognitive organization of one’s experience with language” (Bybee, 2013:49), is daar verskeie prosesse wat bydra tot die vorming en vestiging van **eksemplaarkategorieë** (“*exemplar categories*”); die vernaamste van hierdie prosesse is **skematisering** (“*schematization*”), **kategorisering** (“*categorization*”) en **groepering** (“*chunking*”). Hierdie prosesse fokus meer spesifiek op (i) die organisasie van ervaring (taalgebruik); (ii) die herroeping van eksimplare, dus gestoorde representasies van bestaande taalgebruik, as basis vir die samestelling van nuwe konstruksies; en (iii) die groepering van bestaande taalgebruik om meer komplekse, koherente konstruksies te vorm.

’n Konsep vanuit taalevolusie wat besonder nuttig is vir die konseptualisering van gestoorde representasies, is Mufwene (2008:20) se **kenmerkpoel**. Volgens Mufwene (2008:20) verwys die kenmerkpoel na “sounds, words, combinatorial rules, and particular ways of packaging meanings” wat die totale taalkennis van sprekers omsluit – hierdie taalkennis dien as ’n **eksemplaarmodel** waarvolgens taalgebruik in nuwe diskoerskontekste gekonstrueer word. Kirsten (2016:16) verduidelik die eksemplaarmodel soos volg:

In die eksemplaarmodel word kategorieë in die spreker se geheue verteenwoordig deur ’n groot wolk van herroepbare tekens van daardie kategorie, wat georganiseer word in ’n kognitiewe kaart, waar voorbeelde wat baie soortgelyk is naby aan mekaar is en voorbeelde wat minder soortgelyk is, verder van mekaar.

Dit is egter belangrik om aan te toon dat die eksemplaarmodel van 'n individu beïnvloed kan word deur 'n proses wat bekend staan as **intertalige identifisering** (“*interlingual identification*”) (Croft, 2000:145-147). Intertalige identifisering verwys na die proses waartydens verbande tussen twee of meer linguistiese sisteme in die taalgebruiker se brein gevorm word deur middel van 'n gemeenskaplike eksterne voorkoms of struktuur (Croft, 2000:146). Verwante taalvorme in die repertoire van meertalige sprekers kan onbewustelik lei tot wedersydse beïnvloeding vanweë die kognitiewe skakels wat vasgelê word. “Interlingual identification motivates the transfer of properties of an element of one linguistic system to an element of the other, via the external substance that joins them” (Croft, 2000:146). Teoretici wat fokus op die bestudering van twee- en meertaligheid, onder andere Hornberger en Link (2012:243), begin toenemend beklemtoon dat verskillende tale as 'n geïntegreerde geheel beskou moet word – al die tale dra dus by tot die individu se samestelling van 'n kenmerkpoel en eksemplaarmodel.

Bybee (2010:11) beklemtoon dat veranderinge in grammatikale struktuur, hetsy deur die proses van alledaagse gebruik of na aanleiding van inmenging tussen verskillende taalsisteme, direk afhanklik is van herhaling en gewoontevorming om binne 'n taalgemeenskap gevestig te word. Bybee en Hopper (2001:3) is van mening dat frekwensie van gebruik 'n belangrike rol in die vestiging en handhawing van taalstruktuur speel. Dit is dus belangrik om voorts die rol van frekwensie in Voortkomende Grammatika te bespreek.

2.2.3.1.1 Die rol van frekwensie in Voortkomende Grammatika

Gebruiksfrekwensie is 'n belangrike faset van enige gebruiksgebaseerde benadering, vanweë die sterk verhouding wat gestel word tussen taalgebruik en -struktuur. Verskeie teoretici is van mening dat frekwensie nie net 'n deurslaggewende rol speel in die vestiging van taalstruktuur nie, maar ook in die verandering daarvan (vgl. Bybee & Hopper, 2001:2; Hoffmann, 2005:143). Kwantitatiewe (korpuslinguistiese) studies wat steun op teken (“*token*”) en tipe (“*type*”) frekwensie is besonder belangrik vir die konseptualisering van gebruikers se ervaring met taal (Bybee & Hopper, 2001:2).

Soos reeds aangetoon in die voorafgaande afdeling, is vestiging 'n fundamentele proses waardeur taalstruktuur geabstraheer word. Langacker (1987:59) toon aan dat:

Every use of a structure has a positive impact on its degree of entrenchment, whereas extended periods of disuse have a negative impact. With repeated use, a novel structure becomes progressively entrenched, to the point of becoming a unit; moreover, *units are variably entrenched depending on the frequency of their occurrence.*

(Eie kursivering – IK)

Langacker (1987:59) se stelling beklemtoon dat elke geval van taalgebruik 'n direkte invloed op taalgebruikers se eksemplaarmodel (kognitiewe representasies van taal) het. Deur die herhaalde gebruik van items versterk individue se kognitiewe representasies met betrekking tot assosiasievorming en die toenemende outomatisering, so ook word die **analiseerbaarheid** (“*analysability*”) en **komposisionaliteit** (“*compositionality*”) van 'n uiting beïnvloed deur die gebruiksfrekwensie daarvan. Hoe dieper 'n uiting gevestig word binne 'n spesifieke taalgemeenskap, hoe moeiliker raak dit om die komposisionaliteit en analiseerbaarheid van 'n uiting te bepaal. Grammatikale struktuur kan gevolglik min of meer beskryf word as die direkte resultaat van gewoontevorming waardeur die kognitiewe lading, oftewel inspanning, van taalgebruikers in die enkodering en dekodering van boodskappe relevant tot die huidige diskoersruimte, verminder word (vgl. Bybee, 2001; Hoffmann, 2005:146).⁵ Gebruiksfrekwensie in isolasie is dus nie genoeg om taalstruktuur op sigself te beïnvloed nie, maar dit, tesame met die kognitiewe prosesse onderliggend aan 'n gemeenskap wat taalstruktuur realiseer deur taalgebruik, kan lei tot veranderinge in die taalstruktuur (vgl. Bybee & Hopper, 2001:3; Kirsten, 2016:16).

In Hoofstuk 1 van hierdie studie is daar reeds aangetoon dat frekwensie 'n belangrike rol in die vestiging en versterking van reëlmatigheid en linguistiese konvensie speel. Dit is ook 'n belangrike maatstaf waarmee taalverandering beskryf kan word omdat meer en minder frekwente taalvorme nie noodwendig op dieselfde vlak sal of kan verander nie (vgl. Bybee & Hopper, 2001:2; Bybee, 2007:962). Sekere tipes veranderinge, byvoorbeeld klankverandering en grammatikalisering, word dikwels toegeskryf aan 'n hoë gebruiksfrekwensie (vgl. Bybee, 2007:946; Bybee, 2010:53; Hoffmann, 2005:147), terwyl sekere veranderinge, byvoorbeeld **analogiese normalisering** (“*analogical leveling*”) eerder plaasvind by minder frekwente vorme vanweë die lae graad van vestiging binne die taalgemeenskap (Bybee, 2010:24-25). Bybee (2010:24) verwys na meer frekwente vorme se weerstand teen verandering as die **bewaringseffek** (“*the conserving effect*”). Dit dui aan dat hoe meer 'n uiting binne 'n spesifieke taalgemeenskap gevestig word hoe meer vertrouwd raak die taalgebruikers met die herroeping van daardie uiting. Dit laat aansienlik minder ruimte vir variasie om te ontstaan by meer frekwente vorme, waarteenoor minder frekwente vorme die potensiaal het om groter variasie te toon vanweë die kognitiewe inspanning wat dit neem om minder algemene vorme te herroep. Taalkundiges steun dikwels sterk op hoë frekwensie as 'n aanduiding van verandering, hoewel minder frekwente vorme van taalgebruik moontlik die potensiaal het om dieselfde tipe verandering te ondergaan, soos grammatikalisering, wat tipies geassosieer word met hoë frekwensie. Dit is gevolglik nuttig om te verken hoe lae

⁵ Croft (2000:75-76) verwys soortgelyk na verandering en die ontstaan van taalstruktuur as die produk van 'n “*principle of economy*” wat deur gewoontevorming en gebruiksfrekwensie daargestel word.

tekstuele frekwensie in 'n kognitiewe raamwerk gebruik kan word om verandering te bespeur.

2.2.3.1.2 Lae tekstuele frekwensie

Volgens Hoffmann (2005:148) is dit belangrik om nie die rol van frekwensie in veral die verandering van grammatikale struktuur te ooreenvoelig nie. Hy (Hoffmann, 2005:147) is van mening dat “frequency alone cannot be the decisive factor in the selection of lexical items as sources of grammaticalization”, en beklemtoon dat ander veranderlikes, soos **markantheid** (“*saliency*”) ook in ag geneem behoort te word. Hoffmann (2005:147) gebruik as voorbeeld vir sy argument die grammatikalisering van Engelse groepvoorsetsels. Hy (Hoffmann, 2005:164) vind dat minder frekwente groepvoorsetsels, ten spyte van 'n lae tekstuele frekwensie in die korpus, steeds grammatikalisering op grond van die strukturele markantheid en assosiasies gevorm tussen soortgelyke groepvoorsetsels:

As a consequence, a frequency-based analysis not only needs to determine how often a particular item is actually found, but also how often it *could* have occurred but didn't because the concept was expressed differently.

(Hoffmann, 2005:149)

Binne die raamwerk van voortkomende grammatika is dit myns insiens belangrik om onderskeid te tref tussen **konseptuele frekwensie** en **tekstuele frekwensie**. Hoewel konseptuele en tekstuele frekwensie nie afsonderlik van mekaar funksioneer nie, is die onderskeid nuttig om in gedagte te hou by die bestudering van minder frekwente vorme van taalgebruik. Waar tekstuele frekwensie bloot fokus op die hoeveelheid realiserings van 'n verskynsels in 'n gegewe datastel, fokus konseptuele frekwensie op die gemeenskaplikheid in die variasie van 'n konstruksie (Hoffman, 2005:149; Bybee, 2013:59-61). Binne die tradisie van kwantitatiewe benaderings tot die bestudering van grammatika word tekstuele frekwensie dikwels gebruik as 'n geskikte aanduider vir markantheid (Hoffmann, 2005:152). Croft (2000:75-76) waarsku egter dat hierdie benadering te eenvoudig is:

But what explains frequency of use? It is not frequency of occurrence in the world, but frequency of being talked about. Frequency of being talked about is a consequence of (joint) salience for the members of the relevant speech community. Hence joint salience determines frequency of use, which in turn motivates erosion of form (via the joint goal of minimizing time expended)[.]

Hoewel dit moeiliker is om met relatiewe sekerheid beduidende veranderinge in minder frekwente vorme van taalgebruik te identifiseer in korpuslinguistiese studies, is dit steeds belangrik om die invloed van markantheid te verken. 'n Uiting kan dikwels konseptueel frekwent en besonders markant wees, terwyl dit 'n relatief lae tekstuele frekwensie en

statistiese beduidendheid het (Hoffmann, 2005:149). Die groepvoorsetsel *in plaas van* is byvoorbeeld op sigself nie noodwendig besonder tekstueel frekvent nie, maar indien die vormvariante van dieselfde konstruksie, soos *in die plek van*, *in pleks van*, *in stede van*, oorweeg word om te bepaal of daar verandering in die konstruksie plaasgevind het, mag die konseptuele frekwensie van die kollektiewe gemeenskaplikheid genoeg wees om te kan bewys dat die konstruksie verander het. Aangesien grammatikale struktuur in voortkomende grammatika gedefinieer word as die produk van mentale representasie en prosessering in die taalgemeenskap, behoort markantheid as 'n belangrike faset van die bestudering van grammatikale struktuur beskou te word. Markantheid is sensitief vir die feit dat struktuur outomaties deur diskoers in sosiale interaksie gerealiseer en gevorm word en dat dit nie bestaan uit 'n outonome, vooropgestelde matriks nie (Hoffmann, 2005:149).⁶

Samevattend, is voortkomende grammatika 'n gebruiksgebaseerde benadering wat fokus op die kognitiewe prosesse wat grammatikale struktuur tot stand bring. Die rol van kommunikatiewe interaksies tussen individue binne die taalgemeenskap is besonder belangrik vir die vestiging en verandering van grammatikale struktuur. Die vestiging van uitinge binne die taalgemeenskap is van sentrale belang tot die konseptualisering van 'n eksemplaarmodel waarvolgens taalgebruik in nuwe kontekste gestruktureer word. Konseptuele en tekstuele frekwensie speel beide 'n belangrike rol in die verandering van grammatikale struktuur. Voortkomende grammatika het besondere implikasies vir die verklaring van die struktuur van 'n stuk taal op enige gegewe oomblik en is veral nuttig in die verklaring van hoe verandering lyk en werk. Voorts sal kognitiewe grammatika bespreek word.

2.2.3.2 Kognitiewe grammatika

Dit is reeds duidelik vanuit die voorafgaande afdelings dat kognitiewe grammatika ten doel het om 'n omvattende beskrywing van grammatikale struktuur te bied (Langacker, 2008:8). Die benadering se teoretiese uitgangspunt is dat grammatikale struktuur uiters simbolies (vgl. Langacker, 2008:5; Van Huyssteen, 2002:307; 2005:126) en betekenisvol (Langacker, 2007:422) is. Kognitiewe grammatika het ten doel om “the range of structures that are prototypical in language [use]” te identifiseer en te skematiseer (Langacker, 2008:8).

Soortgelyk aan voortkomende grammatika, word taalstruktuur in kognitiewe grammatika afgelei van “meer algemene psigologiese vermoëns (soos byvoorbeeld persepsie, geheue en kategorisering)” (Van Huyssteen, 2002:306) – grammatikale struktuur word dus gekonstrueer deur die organisering van taalgebruikers se ervaring met taal. Langacker

⁶ Meer inligting rondom die metodologiese operasionalisering van hierdie kwessie word bespreek in Hoofstuk 3.

(2008:4) stel egter dat “though it is a mental phenomenon, conceptualization is grounded in physical reality: it consists in activity of the brain, which functions as an integral part of the body, which functions as an integral part of the world”. Grammatikale struktuur word geabstraheer deur ’n verskeidenheid van kognitiewe prosesse wat in gedagte gehou moet word tydens die analisering van taalgebruik. Van Huyssteen (2002:307) is van mening dat hierdie kognitiewe prosesse gebruik moet word as riglyn tydens die beskrywing van grammatikale struktuur en dat dit nie as losstaande, isoleerbare vermoëns beskou moet word nie. Langacker (2008:16-17) identifiseer die volgende kognitiewe prosesse as fundamenteel tot die begrip van kognitiewe grammatika: simbolisering of **assosiasie** (“*association*”), **outomatisering** (“*automization*”), **skematisering** (“*scematization*”), **kategorisering** (“*categorization*”) en **vestiging**⁷.

Assosiasie verwys na die vestiging van kognitiewe skakels tussen taalgebruik wat die potensiaal het om die prosessering van taal te beïnvloed (Langacker, 2008:16). Die fundamentele beginsel van assosiasie hou in dat ’n verbinding tussen twee gebeure (taalgebruik in diskoerssituasies) gevorm sal word indien hierdie twee gebeure herhaaldelik gesamentlik voorkom (Van Huyssteen, 2002:307). Assosiasie hou veral verband met die simbolisering van taalstruktuur op ’n semiologiese vlak met verwysing na die kognitiewe skakels wat gemaak word tussen semantiese en fonologiese struktuur wat ’n simboliese verhouding aanneem. **Diagram 2.1** bied ’n eenvoudige diagrammatiese voorstelling van die woord 'hond' vanuit kognitiewe grammatika. Die hoofletters in die verhouding [HOND/hond] dui letterlik op die semantiese konsep ([HOND]) en die kleinletters dui op die fonologiese waarde van daardie konsep ([hond]).




Diagram 2.1: Diagrammatiese voorstelling van [HOND/hond] (aangepas uit Van Huyssteen, 2002:308)

⁷ Vestiging is reeds bespreek in **Afdeling 2.2.3.1** van hierdie hoofstuk onder voortkomende grammatika. Die beginsels van vestiging word nie anders hanteer in kognitiewe grammatika nie en gevolglik word dit nie weer bespreek onder dié hoof nie.

Outomatisering verwys na 'n kognitiewe proses wat te make het met die onbewuste herroeping en formulering van uitinge (taalstruktuur) binne verskillende gebruikskontekste, vasgelê deur herhaling (vgl. Bybee, 2010:108; Langacker, 2008:16). Die proses is onderhewig aan gewoontevorming wat lei tot die progressiewe vestiging van 'n uiting tot 'n gevestigde, betekenisvolle eenheid. Twee belangrike maatstawwe vir outomatisering is die graad van **komposisionaleiteit** ("*compositionality*") en **analiseerbaarheid** ("*analysability*") (vgl. Bybee, 2010:44-45; Langacker, 2008:166-167). Eersgenoemde verwys na die mate waarvolgens 'n eenheid se betekenis afleibaar is van die betekenis van die verskillende uitinge/dele waaruit dit bestaan (Bybee, 2010:45), terwyl laasgenoemde fokus op die graad waarteen die verskillende segmente waaruit 'n uiting bestaan, herkenbaar is (Langacker, 2008:16). Hoe dieper 'n uiting gevestig word binne 'n spesifieke taalgemeenskap, hoe moeiliker raak dit om die komposisionaleiteit en analiseerbaarheid van 'n uiting te bepaal. Volgens Bybee (2010:45) funksioneer die twee maatstawwe onafhanklik aangesien komposisionaleiteit verlore kan gaan, terwyl analiseerbaarheid steeds herkenbaar is.

Skematisering fokus op die "process of abstracting the commonality inherent in multiple experiences to arrive at a conception representing a higher level of abstraction" (Langacker, 2008:17). Die proses evalueer die potensiële variasie in konstruksies met die uitgangspunt dat konstruksies of lekseme met 'n lae skematisiteit 'n relatief vaste struktuur het, terwyl konstruksies met 'n hoë skematisiteit meer holisties is en variasie toon (Bybee, 2010:80). Komposisionaleiteit en analiseerbaarheid is ook relevant by die skematisering van 'n konstruksie omrede die vlak van skematisering die komposisionaleiteit en analiseerbaarheid van 'n konstruksie kan beïnvloed.

Kategorisering behels die interpretasie van ervaring in verhouding met bestaande konstruksies (Langacker, 2008:17). Dit fokus op die herroeping van eksemplare, dus gestoorde representasies van bestaande taalgebruik as basis vir die samestelling van nuwe konstruksies. Konstruksies wat meer frekwent gebruik word is meer toeganklik en het gevolglik 'n groter kategoriseringsmoontlikheid (Bybee, 2010:79). So ook is minder frekwente konstruksies meer ontoeganklik vir die samestelling van nuwe kategoriseringsmoontlikhede (Bybee, 2010:79). Langacker (2008:164-167) beklemtoon dat komposisionaleiteit 'n belangrike faset is van kategorisering en dat dit 'n **uitbreidingsverhouding** ("*elaboration*") of **verlengingsverhouding** ("*extension*") kan aanneem. Hierdie terme word verduidelik aan die hand van die diagrammatiese voorstelling van die bogenoemde kategoriseringsverhoudings in **Diagram 2.2**.




Diagram 2.2: Konseptualiseringsverhouding (aangepas uit Langacker, 2007:428)

Skets (a) verteenwoordig 'n uitbreidingsverhouding binne die linguistiese sisteem (L) waar konstruksie A geïntegreer word in konstruksie B (aangedui deur die soliede pyl) tydens taalgebruik (U). By 'n uitbreidingsverhouding is A dus skematies vir B, met ander woorde dit manifesteer ten volle in B sonder enige verlies aan betekenis of struktuur, terwyl B die skema van A verder uitbrei of instansieer (Butler, 2014:57). 'n Uitbreidingsverhouding gebruik dus 'n bestaande eksemplaar van taalgebruik in totaliteit om 'n konstruksie te realiseer: indien A in skets (a) verwys na 'n sirkelvormige voorwerp en B verwys na 'n sirkelvormige arena, word die eksemplaar van 'n sirkelvormige voorwerp ten volle verteenwoordig in die nuutgevormde konstruksie B. Skets (b) verteenwoordig 'n verlengingsverhouding tussen konstruksies A en B. Deur die stippelpyl word daar aangedui dat konstruksie A slegs gedeeltelik in konstruksie B manifesteer en die betekenis daarvan verleng. In 'n verlengingsverhouding dien 'n eksemplaar as slegs 'n prototipe, 'n riglyn waarvolgens nuwe konstruksies geskep kan word (Langacker, 2008:17). Indien A by skets (b) 'n sirkelvormige arena is en B 'n reghoekige arena word konstruksie A slegs gedeeltelik verteenwoordig in B.

Die bogenoemde kognitiewe prosesse lewer 'n blik op hoe taalstruktuur lyk wanneer dit tot stand kom. Dit het egter nie net te make met die totstandkoming van taalstruktuur nie (vgl. assosiasie, skematisering en kategorisering), maar ook met die vestiging daarvan (vgl. outomatisering en vestiging). Soos reeds aangetoon, is konvensionaliteit in voortkomende grammatika 'n direkte gevolg van die graad van vestiging van 'n spesifieke grammatikale struktuur binne 'n taalgemeenskap. Hierdie stelling is ook geldig vir kognitiewe grammatika waar reëls verwys na "the characterization of some pattern [...] that takes the form of schemas: they are abstract templates obtained by reinforcing the commonality inherent in a set of instances" (Langacker, 2008:23).

In kognitiewe grammatika word taalstruktuur gekonseptualiseer deur middel van konseptuele argetipes, prototipes en beeldskemas. Hierdie begrippe asook belangrike konsepte wat daarmee verband hou, word voortaan bespreek.

2.2.3.2.1 Konseptuele argetipes, prototipes en beeldskemas

Konseptualisering by taalgebruikers vind, aldus Messerschmidt en Bergh (2011:100), plaas op 'n kontinuum met **beeldskemas** (“*image schemas*”) aan die een kant en prototipes, wat deur konseptuele argetipes gekenmerk word, aan die ander kant. Beeldskemas is basiese, abstrakte, “prekonseptuele” voorstellings van strukture wat die voetwerk daarstel vir taalgebruikers om meer uitgebreide taalstrukture te skep (Langacker, 2008:32; Taylor, 2002:592). 'n **Prototipe** is egter die mees verteenwoordigende of markante gebruik van 'n spesifieke struktuur wat geabstraheer word vanuit beeldskemas deur taalgebruikers met behulp van konseptuele argetipes (Langacker, 2008:34; Taylor, 2002:591). **Konseptuele argetipes** sluit in frekwente en fundamentele konsepte vanuit taalgebruikers se alledaagse ervarings-/verwysingsraamwerk, byvoorbeeld:

a physical object, an object in a location, an object moving through space, the human body, the human face, a whole and its parts, a physical container and its contents, seeing something, holding something, handing something to someone, exerting force to effect a desired change, a face-to-face social encounter.

(Langacker, 2008:33-34)

Die abstrahering van beeldskemas en die konseptualisering van prototipes is dus ten nouste verbind met taalgebruikers se domeine van ervaring.

Wanneer 'n uiting gekonseptualiseer word realiseer dit binne 'n domeinmatriks wat bestaan uit beide basiese (“*basic*”) en nie-basiese (“*non-basic*”) domeine. **Basiese domeine** is fundamenteel vir begrip en betrek die ruimtelike domein (plek) en die temporele domein (tyd), en die sensoriese domein (sintuiglike ervarings)” (Butler, 2014:62). Dit beklemtoon die realiteite van die ervaringsveld waarbinne taalstruktuur ontstaan en verander. Ander, **nie-basiese domeine** sluit in: onmiddellike sensoriese ervaring in terme van die intensiteit van die ervaring, oriëntasie, kwaliteit, kwantiteit, emotiewe ervaring, kinestetiese ervaring, abstrakte oordele en rame (Butler, 2014:62-63)⁸. Belangrike faktore in die ervaringsveld is konvensies en gedeelde kennis tussen taalgebruikers wat die waardes van die taalgemeenskap in geheel verteenwoordig. Hierdie faktore dra dikwels by tot die konseptuele basis, ook bekend as 'n verwysingspunt (“*reference point*”), waarvolgens bestaande uitinge sinvol herbruik word in alternatiewe kombinasies – hierdie kognitiewe vermoë staan bekend as konstruering (“*construal*”) wat geskied binne 'n dominium

⁸ Dit is belangrik om onderskeid tussen die **sensoriese domein** (’n basiese domein) en **onmiddellike sensoriese ervaring** (’n nie-basiese domein). Langacker (2008:44) stel dat die sensoriese domein ’n “range of unanalyzed experience associated with the various senses: color space (the range of colors we are capable of experiencing), pitch (the range of pitches we can perceive), temperature, taste and smell”, insluit. Dit is ’n basiese domein wat verskil van onmiddellike sensoriese ervaring, soos die gevoel van klamheid, warmte, koue, ensovoorts, wat ’n nie-basiese domein is (Langacker, 2008:45).

(Langacker, 2008:84; Messerschmidt & Bergh, 2011:101). Dominium verwys bloot na die mentale ruimte in die brein van taalgebruikers waarbinne konstruering plaasvind. **Diagram 2.3** bied 'n voorstelling van hoe konstruering binne 'n dominium plaasvind op grond van die volgende voorbeeld: *Sien jy die boot daar op die meer? Daar is 'n eend wat reg langs hom swem.*




Diagram 2.3: Konseptualisering binne 'n bepaalde dominium (aangepas uit Langacker, 2008:84)

In die voorbeeld gebruik die taalgebruiker (C) die boot as verwysingspunt (R) om die teiken (T), oftewel die eend, te identifiseer binne die dominium van konstruering. Langacker (2009:6) identifiseer **spesifisiteit** (*"specificity"*), **perspektief** (*"perspective"*) en **prominensie** (*"prominence"* of *"salience"*) as belangrike dimensies van konstruering.

Spesifisiteit, aansluitend by skematisiteit, word gebruik om die vlak van presisie en detail waarvolgens 'n situasie of toestand gekarakteriseer word, te bepaal (Langacker, 2013:6). Oorweeg die volgende scenario waarin spesifisiteit uitgebeeld word: ding → voertuig → bakkie → 4x4 bakkie → nuwe luukse 4x4 bakkie (aangepas uit Langacker, 2009:6). In hierdie voorbeeld word 'n hiërargie voorgestel waarvolgens die toestand gekarakteriseer kan word op enige gegewe oomblik. Die uiteindelijke keuse van uiting in die konstrueringsproses, asook die spesifisiteit daarvan, is direk afhanklik van die vereistes gestel deur die diskoerssituasie.

Perspektief het 'n tweeledige fokus wat ondersoek instel na **gesigspunt** (*"vantage point"*) en die rigting van **skandering** (*"scanning"*) (Langacker, 2009:6). Gesigspunt verwys na die werklike situering van taalgebruikers binne 'n diskoerssituasie. "Dieselfde situasie kan vanuit verskillende gesigspunte beskryf word wat [...] tot verskillende konstruerings en gevolglike konseptualiserings sal lei" (Butler, 2014:64). Hoewel gesigspunt hoofsaaklik verwys na die konseptualisering van ruimtelike domeine, word ander domeine, byvoorbeeld die temporele domein, ook dikwels beskryf op grond van hierdie dimensie (vgl. Langacker, 2008:75-77;

Butler, 2014:64). Skandering betrek die verskillende wyses waarop komplekse verhoudings kognitief geprosesseer word. Langacker (2008:82-83) onderskei tussen opeenvolgende **skandering** (“*sequential scanning*”) en **opsommende skandering** (“*summative scanning*”) wat implikasies vir die organisasie van grammatikale struktuur inhou. Die kognitiewe roetes wat taalgebruikers uitredeneer om ’n verhouding in ’n diskoerssituasie te beskryf het die potensiaal om die wyse waarop uitinge uiteindelik gekonstrueer word te beïnvloed (Langacker, 2008:82). Perspektief en prominensie is twee dimensies van konstruering wat verband hou met mekaar.

Uitinge kan in verskillende opsigte prominent of markant wees. In kognitiewe grammatika word **profilering** (“*profiling*”) en **trajektor-landmerk-belyning** (“*trajector-landmark alignment*”) as die vernaamste dimensies van prominensie wat ’n invloed op grammatikale struktuur kan uitoefen, beskou (Langacker, 2007:435). Vanuit die voorafgaande afdelings is dit duidelik dat wanneer ’n uitdrukking gekonstrueer word, dit gebruik maak van bestaande uitdrukkings as die konseptuele basis van nuwe uitdrukkings. Hierdie konseptuele basis word na verwys as ’n profiel – die konseptuele referent wat beklemtoon word deur uitdrukkings wat daarin neerslag vind (Langacker, 2007:435). Die trajektor-landmerk-belyning is ’n nuttige onderskeid wat bydra tot die profilering van entiteite of verhoudings tussen gespreksdeelnemers. In die profilerings van ’n entiteit of verhouding word daar onderskei tussen ’n primêre fokusdeelnemer (die trajektor – TR) en ’n sekondêre fokusdeelnemer (die landmerk – LM) wat deur grammatikale struktuur as markant geïdentifiseer word (Langacker, 2007:436). **Diagram 2.4** is ’n diagrammatiese voorstelling van die volgende naamwoordstuk: *die motor in die motorhuis*.




Diagram 2.4: Diagrammatiese voorstelling van ’n geprofileerde verhouding met "in"

Diagram 2.4 verteenwoordig hoe die *motor* (tr), dus die entiteit wat deur die uitdrukking geïdentifiseer of beskryf word, in verhouding tot die *motorhuis* (lm) geprofileer word. Die gebruik van die voorsetsel *in* posisioneer die trajektor in verhouding tot die landmerk binne die ruimtelike domein. Voorsetsels is ’n interessante gevallestudie deurdat hulle beide ’n entiteit of verhouding kan aanneem as LM. Temporele domeine in die vorm van prosesse

kan egter ook die konseptualisering van die trajektor-landmerk-belyning van 'n uiting beïnvloed (vgl. Langacker, 2009:8-9; Butler, 2014:69).

In kognitiewe grammatika word daar verwys na **prosesseringstyd** (“*processing time*”) en **beskoude tyd** (“*conceived time*”) as temporele domeine waarin ervaring realiseer (Butler, 2014:69). Prosesseringstyd behels die verloop van tyd waarin die neurologiese aktiwiteit van konseptualisering geskied (Butler, 2014:69). Dit fokus op die tyd wat dit neem vir kognitiewe prosesse om taalstruktuur in te neem en te verwerk ten einde nuwe konstruksies tot stand te bring. Prosesseringstyd is van mindere belang in die beskrywing van grammatikale struktuur aangesien dit die konseptualisering van beskoude tyd in diskoerssituasies is wat die strukturering van taalgebruik beïnvloed. Butler (2014:69) stel dat wanneer tyd as die objek van konseptualisering gesien word, daarna verwys word as beskoude tyd. Tyd word objektief gekonstrueer wanneer 'n sekere tydperk deur woorde, soos *periode*, *week*, *volgende jaar* of *verlede jaar*, of prosesse geprofileer word (Butler, 2014:69).

Die kort bespreking van die bogenoemde konsepte bied slegs 'n gedeeltelike blik op die kompleksiteit waarvolgens taalgebruik aan die hand van verskeie kriteria skematies gekonseptualiseer kan word in kognitiewe grammatika. Van Huyssteen (2002:134-135) toon aan dat dit, in samewerking met die kognitiewe prosesse vroeër bespreek, beskou kan word as die basiese beginsels waarvolgens grammatikale analyses vanuit kognitiewe grammatika aangepak kan word.

2.2.3.2.2 Kognitiewe grammatika en grammatikale klasse

Langacker (2007:438) is van mening dat die leksikon en grammatika van 'n taal 'n kontinuum bestaande uit 'n **versameling** (“*assembly*”) van simboliese strukture, is. Hierdie versameling is op 'n glyskaal wat op enige gegewe moment 'n graad van kompleksiteit, skematisiteit en spesifisiteit op die semantiese en fonologiese pool verteenwoordig. Simboliese versamelings in kognitiewe grammatika verteenwoordig grammatikale klasse en konstruksies (Langacker, 2009:439).

Grammatikale klasse, byvoorbeeld naamwoorde, werkwoorde, adjektiewe en adverbiala, word gekonseptualiseer op grond van gemeenskaplikheid wat geabstraheer word tydens die herhaalde gebruik van komplekse simboliese konstruksies. Langacker (2007:439) toon aan dat “an expression’s grammatical class is not determined by its overall conceptual content, but rather by the nature of its [schematic] profile”. Skematiese definisies vanuit kognitiewe

grammatika toon byvoorbeeld aan dat naamwoorde *dinge* profileer, terwyl werkwoorde *prosesse* en setsels *verhoudings* profileer (Langacker, 2007:439) ⁹.

Groepe ontstaan wanneer verskillende entiteite (lekseme, konstruksies, ens.) saam gekonseptualiseer word as deel van een mentale ervaring (Langacker, 2007:440). Hierdie neurologiese aktiwiteit bring entiteite bymekaar en skakel hulle op een of ander manier rondom 'n spesifieke grammatikale klas as kern. 'n Samesmelting van entiteite onderskryf die totstandkoming van temporele en atemporele verhoudings in grammatikale struktuur (Langacker, 2007:440). Temporele verhoudings fokus op prosesse wat deur grammatikale klasse, soos werkwoorde, in taalgebruik verwesenlik word. Butler (2014:73) is van mening dat die verskil tussen temporele en atemporele verhoudings gesetel is in die tydbasis van die konseptualisering wat nie aktief (geprofileer) word by atemporele verhoudings nie. "Tyd mag dus 'n rol speel in die konseptualisering van atemporele verhoudings, maar die konseptualisering self geskied nie deur beskoude tyd nie" (Butler, 2014:73). Atemporele verhoudings word meer dikwels gebruik om komplekse toestandverhoudings uit te druk, soos by die gebruik van voorsetsels en adjektiewe, hoewel dit ook meer eenvoudige toestande kan uitdruk (Langacker, 2007:440; Butler, 2014:73).

Samevattend, kognitiewe grammatika beskou grammatika as 'n versameling van bestaande, eenvoudige uitdrukkings of patrone wat as boustene dien vir die vorming van meer simbolies-komplekse uitdrukkings. Assosiasie, outomatisering, skematisering en kategorisering is fundamentele kognitiewe prosesse wat in ag geneem moet word tydens die beskrywing van taalstruktuur. Taalstruktuur word beskryf deur middel van diagrammatiese voorstellings wat taalgebruik profileer ten einde te bepaal hoe grammatikale klasse en groepe gevestig word op grond van gemeenskaplikheid. Nuwe konstruksies word gevorm deur 'n proses van groepering waartydens verskillende, bestaande eenhede van taalgebruik saam gebruik word om meer komplekse, koherente eenhede te vorm (vgl. Bybee, 2010:7).

2.3 SAMEVATTING

Voortkomende en kognitiewe grammatika vorm in geheel 'n gebruiksgebaseerde kognitiewe benadering tot grammatika. Die benaderings hou belangrike implikasies in vir die beskrywing van taalvariasie, -verandering en -struktuur. Die twee benaderings komplementeer mekaar

⁹ Volgens Langacker (2008:10) is diagrammatiese voorstellings van taalstruktuur besonder nuttig om na semantiek en verhoudings in grammatikale struktuur te kyk. Hierdie voorstellings is gegrond op werklike taalgebruik soos wat dit realiseer deur diskoers in kommunikatiewe situasies. Vir die doel van hierdie studie word diagrammatiese voorstellings gebruik om die verhoudings wat markante voorsetselgebruike profileer, visueel voor te stel.

deurdat dit op 'n sinchroniese wyse taalstruktuur beskryf (kognitiewe grammatika) en terselfdertyd verklaar hoe daardie taalstruktuur diachronies tot stand gekom het (voortkomende grammatika).

HOOFSTUK 3: METODOLOGIE

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die primêre navorsingsmetodes van hierdie studie bespreek. Die hoofstuk fokus eerstens op korpuslinguistiek as navorsingsmetode en beklemtoon hoekom dit toepaslik is vir die doeleindes van hierdie studie. Daar word spesifiek klem gelê op die rol van korttermyn-diachroniese vergelykende korpuslinguistiek en die rol van korpuslinguistiek in die bestudering van grammatikale struktuur. Voorts word die samestelling van die versameling tekste vir die kwantitatiewe grammatikografie bespreek, om die moontlike wedersydse beïnvloeding tussen taalverandering en preskriptivisme te bespeur.

3.2 KORPUSLINGUISTIEK AS NAVORSINGSMETODE

Volgens Baker (2011:93) verwys **korpuslinguistiek** na 'n populêre veld binne die linguistiek wat fokus op die gerekenariseerde analisering van (dikwels groot) versamelings datastelle, bestaande uit elektroniese tekste. Dit is belangrik om te beklemtoon dat korpuslinguistiek 'n metodologie is en nie 'n vertakking van taalkunde opsigself nie (McEnery & Wilson, 1996:1). Hierdie metodologie word deur Biber (2010:159) beskryf as empiries, deurdat dit (a) werklike patrone van taalgebruik in natuurlike tekste waarneem; en (b) innoverend te werk gaan met 'n groot kwantifiseerbare versameling natuurlike tekste as basis vir taalanalises. McEnery en Wilson (1996:103) wys daarop dat empiriese data die taalkundige bemagtig om objektiewe, gemotiveerde gevolgtrekkings en verklarings oor taal en -verandering te maak op grond van werklike natuurlike taalgebruik. Mair (2006:17) toon soortgelyk aan dat korpuslinguistiek taalkundiges help om te:

refrain from the type of emotional and combative rhetoric [that presides in] unsystematic personal observation [which] will lead to an incomplete picture of the facts, even if observers happen to be acknowledged experts in the field.

Chomsky kritiseer korpora omrede dit verteenwoordigend is van natuurlike taalgebruik en dat taalkundiges, deur die gebruik daarvan, die bestudering van *performance* bo *competence* plaas (McEnery & Wilson, 1996:1; Mair, 2006:12). By die bestudering van taalstruktuur en variasie in historiese linguistiek is *competence* egter van min waarde aangesien taalkundiges op grond daarvan geen afleidings kan maak oor hoe taal met tyd evolueer nie (Kirsten, 2013:64).

In korpuslinguistiek word daar onderskei tussen twee subbenaderings wat die sentrale doelstellings van korpuslinguistiek verteenwoordig, naamlik die **korpusgedrewe** en **korpusgebaseerde** benaderings. Biber (2010:163-169) en Baker (2011:95) konstateer dat korpusgedrewe analises die potensiaal van 'n korpus ontgin om linguistiese kategorieë en

eenhede, wat nie voorheen erken is nie, te identifiseer. Taalkundiges wat die korpusgedrewe benadering volg, is geneig om korpora op 'n induktiewe wyse te gebruik ten einde nuwe hipoteses oor taal te konstrueer, sonder om gebruik te maak van bestaande beskrywings en teoretiese raamwerke. Die korpusgebaseerde benadering fokus egter daarop om patrone van linguistiese variasie en gebruik te beskryf en te verduidelik aan die hand van bestaande beskrywings en teoretiese raamwerke. Taalkundiges wat die korpusgebaseerde benadering volg, gebruik dus korpora om bestaande hipoteses oor taal te toets, evalueer en verfyn – dit is dus 'n bo-na-onder benadering. McEnery *et al.* (2006:8) wys egter daarop dat die onderskeid dikwels nie so duidelik en eenvoudig is nie, gevolglik moet die dichotomie slegs as uiterstes beskou word.

Rekenaars vorm 'n integrale deel in die aard van korpuslinguistiek se ontleding en interpretering van data. Baker (2011:94) is van mening dat rekenaars se vermoë om akkuraat frekwensietellings en statistiese toetse vinnig uit te voer, sekerlik een van die grootste voordele van die korpusbenadering tot taalanalise is. Dit stel die taalkundige in staat om met behulp van die rekenaar taalpatrone en -tendense in die data waar te neem wat voorheen ontoeganklik was. Bybee (2010:214) beklemtoon eksplisiet dat frekwensie sekerlik een van die belangrikste faktore is in die bestudering van taalverandering en daarom is die korpusbenadering van onskatbare waarde vir navorsers. Baker (2011:94) konstateer dat korpuslinguistiek se metodologiese innovasie aantoon dat (frekwensie-) patrone nie noodwendig as absoluut beskou moet word nie maar op vlakke van **geleidelikheid** ("*gradients*") sistematies voorkom; vreemde en skaars taalverskynsels word aan die hand van lae frekwensie geïdentifiseer, terwyl meer frekwente verskynsels met meer volledigheid geïnterpreteer en verklaar kan word. Korpora stel taalkundiges in staat om die presiese rol en invloed van frekwensie op taalverandering binne 'n kognitiewe gebruiksgesbaseerde benadering te bepaal (Mair, 2011:3-4). Frekwensie moet nie bloot beskou word as 'n aanwyser vir waar en wanneer verandering in taalgebruik manifesteer nie. Dit behoort eerder as 'n veranderlike beskryf te word wat verandering kan beïnvloed, omrede dit 'n aanwyser van vestiging binne die taalgemeenskap is (Mair, 2011:3-4; Bybee & Hopper, 2001:2).

"Corpus linguistic research offers strong support to the view that language variation is systematic and can be described using empirical, quantitative methods" (Biber, 2010:160). Teoretici is egter van mening dat, hoewel die kwantitatiewe aard van die korpuslinguistiek dikwels beklemtoon word, korpusanalises afhanklik is van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe tegnieke vir analises (vgl. Biber *et al.*, 2011:4; McEnery & Wilson, 1996:1).

Die empiriese aard van korpuslinguistiek maak dit, aldus McEnery en Wilson (1996:103), moontlik vir die taalkundige om taalvariasie op beide 'n diachroniese en sinchroniese wyse waar te neem, wat veral nuttig is by studies van byvoorbeeld grammatikale struktuur of historiese taalverandering en/of -ontwikkeling.

3.2.1 Korpuslinguistiek en diachroniese linguistiek

Korpuslinguistiek word toenemend meer gebruik in diachroniese studies van historiese linguistiek. Hoewel taalkundiges van historiese linguistiek nog altyd genoodsaak was om versamelings van ou tekste na te speur (Biber *et al.*, 1998:203), is korpuslinguistiek as metodologie veral gepas omdat dit taalkundiges in staat stel om met meer akkuraatheid as vantevore verandering in taalgebruik met verloop van tyd, waar te neem. 'n Diachroniese, oftewel historiese korpus, word gedefinieer as 'n korpus van tekste uit verskillende tydvakke wat verteenwoordigend is van taalgebruik oor 'n periode van tyd (Biber *et al.*, 1998:203; Kirsten, 2013:68).

Hierdie studie maak gebruik van Mair (2006) en Leech *et al.* (2009) se benadering tot korttermyn-diachroniese vergelykende korpuslinguistiek. Die benadering bied 'n raamwerk waarvolgens diachroniese korpora saamgestel kan word om, aan die hand van verteenwoordigende en vergelykbare korpora, taalverandering oor 'n kort periode van tyd te bestudeer. Korpora moet oordeelkundig saamgestel word om natuurlike taalgebruik te verteenwoordig (Tognini Bonelli, 2010:24; Leech *et al.*, 2009:27). Vir enige korttermyn-diachroniese studie is dit belangrik dat korpora vergelykbaar moet wees in terme van die samestelling daarvan (Leech *et al.*, 2011:28). Biber *et al.* (1998:203) stel dat "historical linguistics requires corpora that represent a range of texts from multiple genres, across historical periods" (sien ook Leech *et al.*, 2009:27-30). Hierdie uitdaging kan grotendeels opgelos word deur gebruik te maak van 'n steekproefraamwerk ("*sampling frame*") (McEnery & Wilson, 1996:78) wat taalkundiges aanmoedig om nie meer as 2 000 woorde vanuit 'n teks te neem wanneer dit vir die samestelling van 'n korpus gebruik word nie. Hierdie tekste moet ook geneem word vanuit verskeie genres wat taalgebruik in soveel as moontlik genres verteenwoordig. 'n Algemeen aanvaarde verdeling sluit die volgende genres in (Biber *et al.*, 1998:246-254):

- **Fiksie**
- **Populêre nie-fiksie**
 - Biografiese tekste
 - Verslaggewing
 - Informatiewe tekste
 - Religieuse tekste

- **Akademiese tekste**
 - Geesteswetenskaplike tekste
 - Natuurwetenskaplike tekste
- **Manuskripte**
 - Ongeredigeerde manuskripte
 - Briewe
 - Dagboekinskrywings

Leech *et al.* (2009:29-30) is van mening dat die vergelykbaarheid van korpora afhanklik is van die stabiliteit van die bogenoemde genres binne die **genre-kaart** (“*genre map*”) en dat dit gevolglik moeilik is om meer as ’n eeu se taalgebruik vergelykbaar te verteenwoordig. Genres is in ’n toestand van verandering en selfs tussen 1900 en 2000, is daar noemenswaardige variasie in onder andere geskrewe genres met betrekking tot e-posse, die internet, sosiale media, ensovoorts. ’n Verdere uitdaging in die samestelling van ’n korttermyn vergelykende diachroniese korpus is dat historiese data dikwels beperk is tot data wat “toevallig” is, of vir niehistoriese redes behoue gebly het (Kirsten, 2013:68). Daar is dus altyd, hoofsaaklik by ouer korpora, ’n mate van onvolledigheid, omdat daar bloot nie tekste is om die gapings te vul nie en omdat sekere genres van taalgebruik nog nie populêr was of bestaan het in ’n sekere tydperk nie. Kirsten (2016:67) se studie het hierdie uitdaging geïllustreer deur uit te wys dat daar ’n tekort aan natuurwetenskaplike tekste pre-1920 in Afrikaans is, omdat skrywers tot vroeg in die twintigste eeu bloot in Nederlands of Engels geskryf het. Dit is ook van kardinale belangrik om te poog dat korpora natuurlike taalgebruik verteenwoordig, vanweë die groot proporsionele hoeveelheid geredigeerde tekste in die korpus (Tognini Bonelli, 2010:24).

Dit is belangrik om uit te wys dat diachroniese korpuslinguistiese studies gewoonlik redelik spesifiek is en duidelik spesifiseer watter taalverskynsels se verandering met die verloop van tyd bestudeer word (Kirsten, 2013:69). Diachroniese korpuslinguistiese studies gaan dikwels hand aan hand met die ondersoek van grammatikale struktuur.

3.2.2 Korpuslinguistiek en studies oor grammatikale struktuur

Biber *et al.* (1998:55) is van mening dat die bestudering van die grammatika van ’n taal hoofsaaklik fokus op die beskrywing van die struktuur van ’n taal met betrekking tot die morfologie en sintaksis van daardie taal. Grammatikale studies was tradisioneel nie gegrond op empiriese navorsingsmetodes nie en het min aandag gegee aan hoe moedertaalsprekers van ’n taal werklik die grammatikale hulpbronne van hulle taal benut (Biber *et al.*, 1998:55). Volgens Biber *et al.* (1998:55) fokus grammatikale studies hoofsaaklik op drie aspekte wat elk op verskeie vlakke preskriptief of deskriptief is.

In die eerste plek, word grammatikale studies beskou as 'n preskriptiewe inisiatief wat fokus op die formulering van (grammatikale) taalreëls om riglyne vir korrekte taalgebruik vas te pen, byvoorbeeld die Afrikaanse *Stylboek* (Du Toit en Smith-Müller, 2011), *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS, 2017), *Skryf Afrikaans van A tot Z* (Müller, 2003) en *Norme vir Afrikaans* (Carstens, 2011).

Voorts is grammatikale studies of ondersoeke ook deskriptief van aard, omdat die studies fokus op die beskrywing van taalvorme en die beskrywing van reëls rondom die konstruering van taalvorme.

Biber *et al.* (1998:56) stel dat grammatikale studies behoort te fokus op die identifisering en analisering van die basiese fundamentele beginsels wat taalstruktuur reguleer. Kontemporêre studies oor grammatika fokus steeds op hoe taal gestruktureer word, maar dit beklemtoon insgelyks die kognitiewe prosesse waarvolgens taalgebruik realiseer. Biber *et al.* (1998:56) wys daarop dat die areas wat tradisionele grammatikale studies afgeskeep het, vanweë die sterk formalistiese aanslag daarop, juis die voordele wat die korpusmetode vir grammatikale studies inhou, beklemtoon. Halliday en Matthiessen (2014:69) beklemtoon dat korpuslinguistiek juis ontwikkel is om taalkundiges die nodige gereedskap te gee om grammatikale struktuur effektief te bestudeer. Die beskikbaarheid van korpora en analiseringsagteware maak dit moontlik om “the patterned way in which speakers use grammatical resources of a language” te bestudeer (Biber *et al.*, 1998:55). Korpusgebaseerde analyses van natuurlike taalgebruik maak dit dus moontlik om aan te toon dat sistematiese patrone van gebruik met grammatikale strukture geassosieer word.

3.2.3 Enkele voordele van korpuslinguistiek saamgevat

Biber (2010:163-169) en Baker (2011:95) konstateer dat korpusanalises die potensiaal van 'n korpus ontgin om linguistiese kategorieë en eenhede wat nie voorheen erken is nie, te identifiseer. Die korpusbenadering is funksioneel op menige vlak en bied verskeie voordele vir tradisionele taalanalises. Biber (2010:163) stel dat die korpusbenadering 'n hoë mate van betroubaarheid en eksterne validiteit, oftewel geldigheid, het vanweë die akkuraatheid van rekenaarsagteware en die kwantifiseerbare resultate wat verkry word. Dit is veral belangrik vir tradisionele taalanalises omdat veralgemenings uit die data makliker gemaak kan word. Bevindinge vanuit korpusgebaseerde analises is ook onverwags en verrassend, en teenstrydig met menige veronderstelling of impressionistiese, anekdotiese intuïsie van die taalkundige (Mair, 2006:15; Biber, 2010:163). Dit help taalkundiges om nie: (a) gerugte van diachroniese verandering vol te hou waar daar eintlik stabiele variasie is nie; (b) onnodig klem te lê op 'n klein groep oppervlakkige sjibbolette wat vir preskriptiviste van belang is nie; en (c) te fokus op geïsoleerde, markante gevalle van verandering wat lei tot 'n gebrek aan

waarneming en verrekening van die dieperliggende verandering nie (Mair, 2006:155-156; sien ook Kirsten, 2016:60).

Vir die doel van hierdie studie gaan die diachroniese *Historiese korpus van geskrewe, wit, Standaardafrikaans*, saamgestel deur Kirsten (2016), gebruik word om die veranderende gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels na te speur.

3.3 DIE KORPUS VAN HIERDIE STUDIE

Die *Historiese korpus van geskrewe, wit, Standaardafrikaans* bestaan uit 1 032 180 woorde. Dit is verteenwoordigend van 'n eeu se geskrewe Afrikaanse taalgebruik en bestaan uit vier periodes:

- **Afdeling 1: 1911-1920** (ongeveer 245 000 woorde);
- **Afdeling 2: 1941-1950** (ongeveer 265 000 woorde);
- **Afdeling 3: 1971-1980** (ongeveer 265 000 woorde); en
- **Afdeling 4: 2001-2010** (ongeveer 265 000 woorde).

Die kategorieë van taalgebruik verteenwoordig in elke periode in die korpus is soos volg:

- **Fiksie** (±60 000 woorde)
- **Populêre nie-fiksie**
 - Biografiese tekste (±20 000 woorde)
 - Verslaggewing (±20 000 woorde)
 - Informatiewe tekste (±60 000 woorde)
 - Religieuse tekste (±20 000 woorde)
- **Akademiese tekste**
 - Geesteswetenskaplike tekste (±30 000 woorde)
 - Natuurwetenskaplike tekste (±30 000 woorde)
- **Manuskripte** (briewe en dagboeke) (±21 000 woorde)

Soos alreeds aangetoon, het hierdie korpus een gaping in Afdeling 1 (1911-1920), wat nie gevul kon word nie weens 'n tekort aan natuurwetenskaplike tekste gepubliseer in Afrikaans. As noodmaatreël is 5 000 woorde uit die twee natuurwetenskaplike tekste wat beskikbaar is, geneem om die spesifieke afdeling in die diachroniese korpus so volledig as moontlik te maak (Kirsten, 2016:67). Afdeling 1 van hierdie korpus het egter steeds 'n tekort aan 20 000 woorde vanweë die gebrek aan natuurwetenskaplike tekste, en gevolglik moet die verskil in grootte tussen die onderskeie afdelings van die korpus in ag geneem word tydens normalisering en rapportering van die data.

Die korpus is reeds verwerk na die geskikte elektroniese formaat vir analisering met behulp

van die rekenaarsagteware. Vir die doel van hierdie studie is *Wordsmith 6*[®] gebruik om konkordansies (“*concordance lists*”) en ander relevante data te onttrek vanuit die korpus. *Microsoft Excel 2010*[®] is ook gebruik om die onttrekte data vanuit *Wordsmith*[®] verder te verwerk.

’n Korpus van ’n miljoen woorde is wel ’n klein korpus, maar daar is voordele daaraan verbonde om so ’n kleiner korpus te gebruik. Volgens Biber (1990:257-258) en Tribble (2010:176) is ’n diachroniese korpus van ongeveer 1 000 000 woorde verteenwoordigend genoeg om leksikale items wat ’n relatief hoë gebruiksfrekwensie het, soos voornaamwoorde, lidwoorde, voorsetsels, ensovoorts, te bestudeer. Koester (2010:66) toon ook aan dat ’n klein korpus dit makliker maak om met frekwente leksikale items te werk omdat die hoeveelheid gebruiksinstanties meer hanteerbaar is en lukrake steekproewe makliker daaruit onttrek kan word. Dit is egter belangrik om uit te lig dat hoewel ’n diachroniese korpus van ongeveer 1 000 000 woorde geskik is vir die bestudering van die veranderende gebruik van frekwente leksikale items, daar sekere beperkings met betrekking tot die interpretasie van die data is, omrede die korpus slegs ’n eeu van taalgebruik verteenwoordig. Mair (2006:83) toon aan dat dit met die verloop van ’n eeu hoogs onwaarskynlik is vir ’n verskynsel se verandering om ten volle voltooi te wees, en dat taalkundiges eerder moet fokus op “shifting frequencies of use for competing variants which – over the course of a century – often build up into significant statistical trends”. Die frekwensiedata gerapporteer in die bespreking van die analyses is verteenwoordigend van die korpus en word as sodanig bespreek.

3.4 VOORSETSELS

Ten einde te bepaal watter voorsetsels vir analise gebruik gaan word, is Uys (2015:54-63) se lys van frekwente Afrikaanse voorsetsels gebruik om eerstens ’n lys van bekende voorsetsels te kry en tweedens ’n basis te lewer waarvolgens voorlopige data vanuit die korpus onttrek kon word. Uys (2015:54-63) se lys van frekwente voorsetsels sluit in: *aan, agter, bo, buite, by, deur, in, met, na, om, onder, oor, op, per, te, teen, ten, ter, tot, tussen, uit, van, vir* en *voor*. Na verdere ondersoek is daar bevind dat slegs die volgende voorsetsels se gebruik besonders frekvent was met ’n gemiddeld van bo 1 000 gebruiksinstanties per voorsetsel in elke afdeling van die korpus: *aan, deur, in, met, om, op, te, van* en *vir*. Tydens hierdie proses is die argaïese vorme van *vir* (*voor* & *ver*) bygereken. Weens die meer komplekse gebruik van die voorsetsels *om* en *te* in infinitiefkonstruksies en die groot proporsionele genitiefgebruik van *van*, is daar besluit om hierdie drie voorsetsels uit te sluit. Die voorsetsel *op* se gebruik in terme van die aantal gebruiksinstanties van die voorsetsel in elke afdeling van die korpus is relatief stabiel teenoor die res van die oorblywende voorsetsels op die lys wat tot ’n groter mate variasie toon. Vir die doel van hierdie studie

word daar dus op vyf voorsetsels gefokus ten einde te bepaal watter veranderende gebruik waargeneem kan word in Afrikaanse voorsetsels; hierdie voorsetsels is: *vir, aan, deur, met* en *in*.

Volgens Koester (2010:70) is dit aanvaarbaar om met lukrake steekproewe van in totaal 1 000 gebruiksinstanties te werk in klein diachroniese korpora van ongeveer 1 000 000 woorde. Vir elk van die bostaande voorsetsels is met 'n lukrake steekproef van 500 woorde per afdeling van die korpus gewerk – vir elke voorsetstel is daar dus 2 000 gebruiksinstanties in totaal geanaliseer. Aangesien hierdie studie werk met lukrake steekproewe van 2 000 gebruiksinstanties, is die steekproefgrootte dus verteenwoordigend genoeg om betroubare resultate vanuit die data te kry. Die lukrake steekproewe is getrek met behulp van *Wordsmith 6*[®] se ingeboude funksie en aanvanklik is vir elke voorsetstel 550 of meer gebruiksinstanties uit elke afdeling van die korpus onttrek. Die 50 of meer addisionele gebruiksinstanties vir elke voorsetstel in elke afdeling van die korpus is bygetrek om onanaliseerbare gebruiksinstanties¹⁰, naamwoorde, by onder andere *deur*, en gevalle waar die voorsetsels deel vorm van deeltjiewerkwoorde, te verwyder.

Die datastelle is geanaliseer in *Microsoft Excel*[®] 2010 en beduidendheidstoetse is uitgevoer met behulp van Paul Rayson se *Log Likelihood and Effect Size Calculator* (Rayson, 2016).

3.6 LOG-WAARSKYNLIKHEIDSTOETSE VIR STATISTIESE BEDUIDENDHEID

Die log-waarskynlikheidsbeduidendheidstoetse is gebruik om te bepaal of veranderinge in korpusdata, waar opgemerk, aan toeval toegeskryf kan word of nie. Effekgrootte, dit wil sê die grootte van die verskil tussen twee of meer datastelle/groepe (Coe, 2002), is 'n veranderlike wat outomaties tydens die berekening van statistiese beduidendheid, ingereken word deur die log-waarskynlikheidsstoets.

Dié statistiese beduidendheidstoets bereken of die veranderinge tussen twee of meer datastelle/groepe aan toeval toegeskryf kan word of nie. 'n Verandering tussen twee datastelle word as beduidend aanvaar wanneer dit 'n kritiese waarde van bo 3.84 het – dit dui aan dat daar slegs 5% kans is dat die verandering aan toeval toegeskryf kan word. Waar die beduidendheid van 'n verandering tussen twee of meer datastelle bereken word, word 'n kritiese waarde van bo 6.63% aanvaar as 'n aanduiding van beduidendheid, wat beteken dat daar slegs 1% kans is dat die verandering aan toeval toegeskryf kan word.

In gevalle waar statistiese beduidendheid 'n kritiese waarde bo 10.83 toon, is daar slegs

¹⁰ Verskynsels wat nie sintakties analiseerbaar is aan die hand van die voorstellingsfunksie nie, byvoorbeeld waar voorsetsels gebruik word as deel van opskrifte, of in ander konstruksies sonder prosesse (werkwoorde), of waar die data in die korpus self foutief is en nie korrek verwerk is nie.

0.1% kans dat die verandering aan toeval toegeskryf kan word – daar is dus 'n 99.9% kans dat die verandering nie aan toeval toegeskryf kan word nie. 'n Kritiese waarde bo 15.13 beteken dat daar 'n 99.99% kans is dat die verandering nie aan toeval toegeskryf kan word nie. Indien veranderinge dus 'n kritiese waarde bo 15.13 toon is die beduidendheid daarvan besonder hoog. Beduidendheid op sigself is egter nie absoluut nie. In gevalle waar daar korttermyn-diachroniese fluktuasies voorkom, is die beduidendheid van veranderinge tussen datastelle dikwels hoog, maar die verandering beweeg nie in 'n spesifieke rigting nie, dit is onpatroonmatig en toon geen tekens van vestiging nie. Van Huyssteen (2002:314) is van mening dat 'n bepaalde verskynsel konstant en sistematies met die verloop van tyd gebruik moet word om uiteindelik tot verandering in die taalsisteem te lei. Statistiese beduidendheid word dus in dié studie slegs aangedui in gevalle waar betekenisvolle, sistematiese gebruikspatrone die data voorkom wat as potensiële veranderinge geïnterpreteer kan word. In gevalle waar daar korttermyn diachroniese fluktuasie (variasie) voorkom, word beduidendheid nie gerapporteer nie.

Die korpusdata is voorts vergelyk met preskriptiewe uitsprake gemaak oor die onderskeie voorsetsels aan die hand van 'n kwantitatiewe grammatikografie.

3.6 KWANTITATIEWE GRAMMATIKOGRAFIE

Anderwald (2014:4) toon aan dat 'n kwantitatiewe grammatikografie gebruik word om data vanuit 'n korpusanalise te vergelyk met wat preskriptiewe bronne vanuit dieselfde periode oor die data sê. 'n Kwantitatiewe grammatikografie is veral geskik om tendense in preskriptiewe bronne diachronies te identifiseer. Taalkundiges kan sien hoe preskriptiewe uitsprake oor tyd ontwikkel het en hoe dit tendense in taalverandering moontlik kon beïnvloed het. Anderwald (2016:1) stel dat “instead of assuming prescriptive influences ex ante, [quantitative grammaticography] empirically investigate[s] what grammarians actually had to say, and relate[s] this to linguistic features actually undergoing change at the time”.

Kirsten (2016:62-63) toon aan dat die metode slegs veralgemenings maak op grond van tendense en dat preskriptivisme slegs 'n moontlike veranderlike in taalverandering kan wees. Sy (Kirsten, 2016:62) is van mening dat preskriptiewe normering twee tipes uitwerking op taalgebruik en -verandering het binne die kognitiewe gebruiksgebaseerde raamwerk. Hierdie uitwerking is dikwels direk, deurdat skrywers en sprekers preskriptiewe riglyne in gedagte hou wanneer hulle taal gebruik, of indirek, deurdat dit 'n potensiële uitwerking op die gebruiksfrekwensie van 'n betrokke verskynsel het en gevolglik die mate van vestiging daarvan beïnvloed (sien ook Curzan, 2014:120; Van Rooy & Kruger, 2016:129).

Hierdie studie steun op die kwantitatiewe grammatikografiese databasis, saamgestel deur Kirsten (2016:63-65), en vir die doeleindes van dié studie is dit aangepas en uitgebrei.

Aspekte van Kitchenham (2004) se sistematiese literatuuroorsig is gebruik om die seleksie van normatiewe bronne wat ingesluit word in die kwantitatiewe grammatikografie, te verfyn en sodoende enige onnodige of irrelevante bronne uit te skakel wat die resultate kan beïnvloed. Die hersieningsproses van Kitchenham (2004:3) se sistematiese literatuuroorsig werk op grond van drie stappe, naamlik die beplanning, versameling en verwerking, en rapportering van die literatuur of bronne.

As deel van die beplanningsproses, word gekyk na watter tipe bronne nodig is vir die versameling van die kwantitatiewe grammatikografie en die omvang van die onderwerp. Die normatiewe bronne gebruik vir hierdie studie bestaan uit handboeke, skoolhandboeke, naslaangidse, woordelyste (met aanbevelings) en ander grammatikas oor Afrikaans. Taljaard (1988:18-24) en Kirsten (2016:62-63) toon aan dat hierdie tipes bronne die mees algemene tipe normatiewe bronne is wat beskikbaar is. Die versameling normatiewe bronne bestaan uit vier periodes wat verteenwoordigend is van die vier afdelings van die korpus. **Tabel 3.1** verskaf 'n vergelykende uiteensetting van die periodes in die korpusdata en die ooreenstemmende dekades wat gebruik is as riglyn om die bronne in die kwantitatiewe grammatikografie saam te stel.

Tabel 3.1: Uiteensetting van die korpus en kwantitatiewe grammatikografie se indeling

Korpusindeling	Indeling van die kwantitatiewe grammatikografie
1911-1920	1891-1920
1941-1950	1921-1950
1971-1980	1951-1980
2001-2010	1981-2010

'n Verdere komponent van die beplanningsproses het gefokus op prosedures met betrekking tot outeurs en uitgawes. Vir die doel van hierdie studie mag 'n outeur se stem meer as een keer binne 'n afdeling van die kwantitatiewe grammatikografie verteenwoordig word, mits die bronne verskillende publikasies is. Verskillende uitgawes van dieselfde publikasie mag verteenwoordig word in elke periode van die kwantitatiewe grammatikografie, mits die nuutste uitgawe per periode oorweeg word.

In periodes waar daar verskeie uitgawes van dieselfde bron deur dieselfde outeur voorkom, word die nuutste uitgawe van daardie bron geselekteer met die aanname dat die invloed van die vorige uitgawes verteenwoordig word deur die een bron. Hierdie beperking veroorsaak wel dat daar tekortkominge in die data van die kwantitatiewe grammatikografie kan wees, aangesien verskillende uitgawes van dieselfde publikasie in die onderskeie periodes van die kwantitatiewe grammatikografie nie noodwendig dieselfde aanbevelings maak oor 'n voorsetsel nie. Indien outeurs konsekwent gebly het in die verskillende uitgawes, is die potensiele invloed van die aanbevelings op taalverandering groter omrede die aanbeveling

moontlik konseptueel meer gevestig is by taalgebruikers. So ook is die potensiele invloed van die aanbevelings op taalverandering aansienlik laer indien outeurs oor die verskillende uitgawes nie konsekwente aanbevelings maak nie, omrede die aanbeveling moontlik konseptueel minder gevestig is by taalgebruikers. Dit is egter nie moontlik om te bepaal of taalgebruikers doelbewus na elke uitgawe van 'n spesifieke publikasie se aanbevelings gekyk het nie en daarom is die nuutste uitgawe myns insiens die mees verteenwoordigende bron. Om te kontroleer of outeurs wel konsekwent gebly het in hulle aanbevelings, is daar vlugtig gekyk na die nuutste en oudste uitgawes van 'n publikasie in die spesifieke periodes, en aantekeninge gemaak wanneer 'n outeur noemenswaardige aanpassings met betrekking tot sy/haar aanbevelings gemaak het.

Tydens die versameling van die bronne was dit egter nie altyd moontlik om die nuutste uitgawe van elke bron te bekom nie en gevolglik is in sekere gevalle met die nuutste uitgawe moontlik gewerk. So ook was dit nie moontlik om in die kontroleproses noodwendig na die oudste uitgawe van elke publikasie te kyk nie, omrede dit nie geredelik beskikbaar of toeganklik is nie.

Gedurende die versamelings- en verwerkingsproses is normatiewe bronne wat onder die omvang van die onderwerp in die beplanningsproses val, versamel en verwerk. Hierdie bronne is nagegaan en gekategoriseer op grond van of hulle iets sê oor voorsetsels oor die algemeen, en vervolgens of hulle iets sê oor elk van die vyf voorsetsels wat in hierdie studie bestudeer word (*vir, aan, deur, met en in*). **Addendum A** bied 'n uiteensetting van die normatiewe bronne ingesluit in die kwantitatiewe grammatikografie op grond van die bogenoemde kriteria. Die normatiewe bronne is noukeurig deurgelees en elke bron se uitsprake oor spesifieke gebruiksinstanties met betrekking tot elke voorsetsel wat geanaliseer word, is in 'n *Microsoft Excel*[®]-dokument opgeteken in kolomme. Waar normatiewe bronne se uitsprake oorvleuel, is dieselfde kolom vir elke uitspraak afgemerk. Die getal verwysings na normatiewe uitsprake in die verskeie bronne is dus kwantifiseerbaar. Normatiewe uitsprake oor die gebruik van die minder frekwente setselgroep, groepvoorsetsels, is aansienlik minder as dié van voorsetsels en ook as aparte inskrywings/afdelings in normatiewe bronne hanteer. Aangesien die fokus van hierdie studie voorsetsels is en die oorgrote meerderheid van normatiewe bronne die twee setselgroepe vanuit 'n formalistiese tradisie as apart hanteer, is daar nie 'n kwantitatiewe grammatikografie saamgestel vir aanbevelings met betrekking tot groepvoorsetsels nie.

Die data verkry vanuit die versamelings- en verwerkingsproses van die kwantitatiewe grammatikografie word gevolglik gerapporteer en vergelyk met die resultate verkry vanuit die korpusanalises.

3.7 SAMEVATTING

Korpuslinguistiek is 'n belangrike navorsingsmetode wat dit moontlik maak vir taalkundiges om natuurlike taalgebruik te bestudeer. Die metode is veral geskik vir die diachroniese bestudering van taalverandering en korpusgebaseerde benaderings stel taalkundiges in staat om korpusdata te analiseer en interpreteer aan die hand van bestaande teoretiese raamwerke soos voortkomende en kognitiewe grammatika, asook funksionele sintaksis. Die data verkry vanuit korpusanalises bied 'n betroubare manier om taalverandering te vergelyk met normatiewe uitsprake oor taalgebruik met behulp van 'n kwantitatiewe grammatikografie.

HOOFSTUK 4: ANALISES EN BESPREKINGS

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die veranderende gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels, naamlik *vir*, *aan*, *deur*, *met* en *in*, soos waargeneem aan die hand van korpusanalises, bespreek. Die eerste afdeling van die hoofstuk dien as 'n kort teoretiese verwysingspunt van wat voorsetsels is, hoe dit struktureel lyk, watter gebruike dit het en hoe die verskillende tipes voorsetsels in hierdie studie en analises hanteer word.

Die res van hierdie hoofstuk fokus op die veranderende gebruik van elk van die onderskeie voorsetsels deur:

- i. te kyk na wat bestaande literatuur (handleidings oor sintaksis en navorsing) oor elk van die onderskeie voorsetsels sê;
- ii. oorsigtelik te bespreek wat die gebruik van elk van die onderskeie voorsetsels behels aan die hand van die korpusdata;
- iii. te bepaal watter verandering met betrekking tot die prototipiese gebruike by elk van die onderskeie voorsetsels waargeneem is;
- iv. diagrammatiese voorstellings van die mees prototipiese gebruike van elk van die onderskeie voorsetsels saam te stel; en laastens
- v. te evalueer wat die potensiële wedersydse beïnvloeding van normatiewe uitsprake op die veranderende gebruik van dié voorsetsels behels.

4.2 DIE VOORSETSEL IN AFRIKAANS

Volgens Biber *et al.* (2011:28) is voorsetsels 'n woordsoort wat beskryf kan word as skakelwoorde wat verhoudings tussen ander woorde, objekte of konsepte uitdruk. Voorsetsels is 'n subkategorie van die klas setsels wat ook bestaan uit agtersetsels en groepvoorsetsels (Ponelis, 1979:171; 1984:219-220). 'n Setselstuk bestaan uit 'n setsel en 'n setselaanvulling en op grond van die lineariteit van die sintagmatiese verhouding tussen die setsel en sy aanvulling, word 'n setsel geklassifiseer as 'n voor- of agtersetsel (Feinauer & Ponelis, 2017:228).

4.2.1 Tipes setsels in Afrikaans

In Afrikaans word daar onderskei tussen drie primêre setselgroepe wat die voorsetselgroep, agtersetselgroep en groepvoorsetselgroep omvat.

4.2.1.1 Die tradisionele voorsetsel

Die voorsetselgroep is die belangrikste en uitgebreidste subklas binne die setselgroep (Ponelis, 1979:171; 1984:222). In Afrikaans is die gebruik van voorsetsels en voorsetselgroepe baie meer as dié van agtersetsels en agtersetselgroepe, asook

groepvoorsetsels. Ponelis (1984:222) beklemtoon dat die tekstuele frekwensie van voorsetselgroepe per gegewe teks proporsioneel aansienlik meer sal wees as enige ander setselgroep.

Voorsetselstukke bestaan uit 'n setsel en 'n aanvulling – die setsel word beskryf as 'n voorsetsel omdat die setsel se posisie in die konstruksie voor die aanvulling is (Feinauer & Ponelis, 2017:228):

SETSEL + SETSELAANVULLING = VOORSETSELSTUK

Voorbeelde van leksikale items wat dien as bekende Afrikaanse voorsetsels sluit onder andere in:

aan, agter, anderkant, behalwe, behoudens, betreffende, bo, buite, by, deur, gedurende, in, ingevolge, langs, langsaan, met, na, naby, namens, om, onder, oor, op, per, te, teen, ten, ter, tot, tussen, uit, van, vir, volgens, ensovoorts (Ponelis, 1979:171).

Hierdie voorsetsels is almal onveranderlik van vorm, buiten *met*, *tot* en *vir*, wat onderskeidelik die morfologiese vormvariante *mee*, *toe* en *voor* het. Hierdie vormvariante word gebruik wanneer die betrokke setsel nie meer as tradisionele voorsetsels funksioneer nie maar as agtersetsels, soos in die geval van *hiermee*, *daartoe*, *daarvoor*, ensovoorts, of by voorsetselskeiding wanneer die aanvulling losgemaak word van die voorsetsel, soos in die geval van “*jou* wil ek nie mee praat nie” of “*so 'n persoon* werk ek ook graag voor” (Ponelis, 1979:172).

Die volgende voorbeeldsinne illustreer die gebruik van hoe 'n voorsetsel (onderstreep) in verhouding tot sy voorsetselaanvulling (skuinsdruk) staan:

- [4.1] Die plant word in die 8ste eeu vir *die eerste keer* in Chinese literatuur vermeld ... (1971-1980, Informatief)
- [4.2] Ou George klim uit en klop aan *die voordeur* ... (1941-1950, Fiksie)
- [4.3] Want onse taalvijande het deur *hulle uitlatings* te Bloemfontein ons so baing vatplek op hulle gegee ... (1911-1920, Verslaggewing)
- [4.4] ... zij was 'n tydje verpleegster te Bloemfontein en woont nu met *haar ouders* hier naby Odendaalsrust. (1911-1920, Persoonlike Briewe)
- [4.5] Twaalf maal in *hierdie kort brief van vier hoofstukke* skryf hy oor Blydskap! (2001-2010, Religieus)

4.2.1.2 *Die tradisionele agtersetsel*

Die agtersetselgroep is, in verhouding tot die voor- en groepvoorsetselgroepe, die subklas binne die setselgroep wat die minste gebruik word (Ponelis, 1979:176). Die gebruik van agtersetsels is besonder skaars en beperk tot slegs 'n paar leksikale items wat as agtersetsels kan optree.

Agtersetselstukke bestaan, soos voorsetselstukke, uit 'n setsel en 'n aanvulling. By agtersetselstukke is die verhouding van die setsel tot die aanvulling egter omgekeer en staan die aanvulling nou voor die setsel (Feinauer & Ponelis, 2017:228):

SETSELAANVULLING + SETSEL = AGTERSETSELSTUK

Voorbeelde van leksikale items wat dien as bekende Afrikaanse agtersetsels sluit onder andere in: *deur, heen, lank, oor, ten spyt*, ensovoorts (Ponelis, 1979:176). Enkele ander konstruksies met *daar, hier* of *waar* as setselaanvullings, soos in die geval van *hierin, daarin, waarin*, ensovoorts, is ook agtersetselgroepe (Ponelis, 1979:176).

Die volgende voorbeeldsinne illustreer die gebruik van hoe 'n agtersetsel (onderstreep) in verhouding tot sy agtersetselaanvulling (skuinsdruk) staan:

[4.6] U het 'n wonderlike gevoel van lewenskragtigheid *die hele dag* deur.
(Ponelis, 1979:176)

[4.7] Dit is bekend *die wêreld* oor. (Ponelis, 1979:176)

[4.8] Hulle is *iewers* heen. (Ponelis, 1979:176)

4.2.1.3 *Die tradisionele groepvoorsetsel*

Die groepvoorsetselgroep se gebruik in Afrikaans is nie so prominent soos dié van voorsetselgroepe nie, hoewel die gebruik daarvan nie so beperk is soos dié van agtersetselgroepe nie (Ponelis, 1979:173).

Groepvoorsetselgroepe toon 'n ooreenkoms met voorsetselgroepe deurdat dit dieselfde verhouding aanneem ten opsigte van die setselaanvulling:

SETSEL + SETSELAANVULLING = GROEPVOORSETSELSTUK

In die geval van groepvoorsetsels is die setsel egter nie 'n simplekse setsel, bestaande uit slegs een leksikale item nie, maar 'n komplekse setsel, bestaande uit 'n kombinasie van setsels (Feinauer & Ponelis, 2017:228). Voorbeelde van leksikale items wat dien as bekende Afrikaanse groepvoorsetsels sluit onder andere in:

aan die hand van, by wyse van, deur middel van, in plaas van, in terme van, in verband met, in vergelyking met, met behulp van, na aanleiding van, op grond van, ten grondslag van, ter wille van, ensovoorts (Ponelis, 1979:173).

Groepvoorsetsels word beskryf aan die hand van 'n eerste lid, tweede lid en voorsetselaanvulling. In die geval van “aan die hand van”, soos gebruik in die vorige sin, verwys “aan die hand” na die eerste lid, “van” na die tweede lid en “n eerste lid, tweede lid en voorsetselaanvulling” na die voorsetselaanvulling. Feinauer en Ponelis (2017:228) toon aan dat groepvoorsetsels altyd uit drie leksikale items bestaan – dit is egter nie altyd die geval nie aangesien die lidwoord *die* soms deel kan vorm van die groepvoorsetsel (Ponelis, 1984:223; Kempen, 1984:355).

Sekere groepvoorsetsels, byvoorbeeld *in plaas van*, het verskeie wisselvorme, vergelyk *in pleks van, in die plek van, in stede van, in plaats van* (argaïes), wat gebruik kan word na gelang van die konteks en voorkeur van die taalgebruiker. Die groepvoorsetselgroep se betekenis is redelik gevestig en word altyd om baie spesifieke redes aangewend in 'n konstruksie (Ponelis, 1979:174-175).

Die volgende voorbeeldsinne illustreer die gebruik van hoe 'n groepvoorsetsel (onderstreep) in verhouding tot sy aanvulling (skuinsdruk) staan:

- [4.9] Dit kan aan die hand van *die Wet van Dalende Meeropbrengs* verklaar word ... (1971-1980, Geesteswetenskappe)
- [4.10] Omdat God die mens in hierdie verhouding tot *Hom* plaas, is die mens nie bloot beelddraer van God nie. (2001-2010, Geesteswetenskappe)
- [4.11] Dat stappe gedaan word om in oorleg met *andere bevoegde liggame* 'n geskikte vertaling van die Bybel in Afrikaans te laat maak ... (1911-1920, Verslaggewing)
- [4.12] Seebodem dieptelesings langs populêre roetes is tradisioneel deur middel van *klankeggos* vanuit die rompe van skepe geneem ... (2001-2010, Natuurwetenskappe)

4.2.2 Die setselaanvulling

By voorsetsel-, agtersetsel- en groepvoorsetselgroepe word setselaanvullings hoofsaaklik uitgedruk aan die hand van naamwoordstukke, klouse, bywoorde en addisionele voorsetselstukke (Ponelis, 1979:177-183; 1984:220-222).

Indien 'n naamwoordstuk gebruik word as setselaanvulling, kan die aanvulling (skuinsdruk) bestaan uit: eienaamwoorde (byvoorbeeld: vir *Johan*, duskant *Johannesburg*, in *Die Beeld*); substantiewe (byvoorbeeld: vir *die owerhede*, aan *die kinders*, anderkant *die vlei*); of

voornaamwoorde (byvoorbeeld: vir hulle, anderkant hulle, in homself) (Ponelis, 1979:177-183).

Wanneer 'n klous gebruik word as 'n setselaanvulling, vorm 'n proses deel van die setselstuk. Hoewel meeste setselgroepe 'n klous as aanvulling kan neem, is dit veral prominent in infinitiefkonstruksies met voorsetselstukke met *om*, asook groepvoorsetsels (Ponelis, 1979:182). Die volgende sinne illustreer die verhouding tussen 'n setsel (onderstreep) en 'n klous as setselaanvulling (skuinsdruk):

[4.13] Johan Meintjies doen dit aan die hand dat *De la Rey moontlik geglo het dat Van Rensburg nie sonder rede in sy lewe gekom het nie.* (2001-2010, Biografies)

[4.14] Daarom het die besparings van hulpbronne deur van ekonomies geregverdigde nuwe paaie gebruik te maak, in plaas van *om nog aan die ou padstelsel blootgestel te wees.* (2001-2010, Natuurwetenskappe)

Bywoorde van tyd en plek, asook voorsetselstukke van dieselfde bywoordelike funksie, word dikwels in Afrikaans gebruik as aanvullings by setselstukke (Ponelis, 1979:183). Die volgende sinne illustreer die verhouding tussen 'n setsel (onderstreep) en bywoorde of voorsetselstukke as setselaanvulling (skuinsdruk):

[4.15] Wanneer die antrasietskaggels op die grasperk uitgedra word en van binne en buite behoorlik skoongeborsel word. (1971-1980, Fiksie)

[4.16] Tot *aan die wêreldende* sal die volke en nasies en tale bly voortbestaan. (1941-1950, Informatief)

4.2.3 Gebruike van setsels

Volgens Ponelis (1979:183-184; 1984:234-235) en Feinauer en Ponelis (2017:232-233) word setselstukke in Afrikaans gebruik as: deel van die werkwoordstukkern in die vorm van deeltjies by deeltjiewerkwoorde en voorsetselvoorwerpe by voorsetselwerkwoorde; kopulapredikate; nabepalings in naamwoordstukke; en omstandigheidselemente in die vorm van adjunkte.

Wanneer 'n setsel deel vorm van 'n deeltjiewerkwoord (skeibare werkwoorde) is die setselagtige deeltjie ten nouste verbind met die werkwoord (Ponelis, 1979:232). Voorbeelde van deeltjiewerkwoorde sluit onder andere in: *aanbied, aandurf, aangluur, afbaken, inval, invoer, meedeel, naboots, saambring, saamvat*, ensovoorts. Die onderskeid tussen setselstukke en 'n setselagtige deeltjie kan met redelike sekerheid bepaal word deur 'n sin in die verlede tyd te plaas. Indien 'n setsel 'n setselagtige deeltjie is sal die setsel in die

verledetydsvorm met behulp van die tussenvoegsel “-ge-” aan die werkwoord verbind. In “[sy] **wys** hulle ’n rak **aan**” (1941-1950, Fiksie), is die setsel *aan* ’n setselagtige deeltjie omrede dit in die verlede tyd met die werkwoord verbind: “sy het hulle ’n rak **aangewys**”. In “sy wys aan hulle ’n rak”, is die setsel *aan* egter wel ’n voorsetsel, aangesien die sin in die verlede tyd, “sy het ’n rak aan hulle gewys”, nie aan die werkwoord verbind word deur middel van die tussenvoegsel “-ge-” nie.

By voorsetselwerkwoorde is daar ook ’n noue verbintenis tussen die voorsetsel en die werkwoord – hierdie verbintenis is egter nie so heg soos by deeltjewerkwoorde nie. Voorsetselwerkwoorde lyk struktureel soos volg:

VOORSETSELWERKWOORD	+	VASTE VOORSETSEL	=
VOORSETSELWERKWOORD	+	VOORSETSELVOORWERP	

Voorbeelde van voorsetselwerkwoorde sluit in: dink *aan*, aansluit *by*, deel *in*, hunker *na*, roep *om*, treur *oor*, waak *teen*, sorg *vir*. Volgens Ponelis (1979:199-200) is voorsetselwerkwoorde nooit ten volle oorganklik nie. Werkwoorde wat met voorsetsels kan verbind ten einde voorsetselwerkwoorde te vorm, is óf deel van ’n volledige onoorganklike konstruksie, waar die werkwoord sonder die vaste voorsetsel en voorsetselvoorwerp gebruik word, óf in konstruksies met slegs gedeeltelike oorganklikheid, waar dit saam met die vaste voorsetsel en voorsetselvoorwerp gebruik word.

Indien ’n voorsetselstuk dien as kopulapredikaat word dit gebruik in ’n beskrywende verband ten einde meer inligting te verskaf oor die onderwerp van die kopulakonstruksie. Voorbeelde van voorsetselstukke wat as kopulapredikate (onderstreep) optree, sluit in:

[4.17] Soos dit vir mij uit mij Pa s'n briewe lijk is die ou kerel net hoog in sijn skik met mij. (1911-1920, Informatief)

[4.18] Die skrif was reeds aan die muur. (2001-2010, Geesteswetenskappe)

Setselstukke wat gebruik word as nabepalings in naamwoordstukke verskaf addisionele inligting met betrekking tot die naamwoordstuk. Voorbeelde van voorsetselstukke wat as nabepalings (onderstreep) in naamwoordstukke optree, sluit in:

[4.19] Hoe goed onthou hy egter die rooierige gelaatskleur met die blou aartjies oor die wange. (1971-1980, Fiksie)

[4.20] ’n Ander vereiste vir normale vertering is dat die maagspiere in ’n toestand van normale tonus moet wees. (1941-1950, Geesteswetenskappe)

Hierdie setselstukke het dikwels baie dieselfde semantiese waarde as setselstukke wat as adjunkte (omstandigheidselemente) gebruik word (Ponelis, 1979:184), hoewel die laasgenoemde betrekking het op die werkwoordstuk en addisionele inligting rondom die proses verskaf. In **Tabel 4.3** van hierdie hoofstuk is 'n uitgebreide lys van die tipes omstandigheidselemente wat setsels met betrekking tot die proses kan uitdruk.

4.3. ANALISERINGSRAAMWERK EN KODERINGSKRITERIA

Vir die doel van hierdie studie word gebruik gemaak van funksionele sintaksis om korpusdata te analiseer in terme van gebruik. Halliday en Matthiessen (2014:69) beklemtoon dat die korpusmetode uiters geskik is om analyses binne die raamwerk van funksionele sintaksis te doen. **Funksionele sintaksis**, as 'n vertakking van funksionele grammatika, is 'n geskikte analiseringsraamwerk omdat dit besonder goed konseptueel skakel met voortkomende en kognitiewe grammatika (Langacker, 2008:iv, 6, 13-14). Binne die raamwerk van **sistemies-funksionele grammatika** word teks gesien as 'n artefak van taal wat realiseer deur taalgebruik (Halliday & Matthiessen, 2014:3). In funksionele sintaksis word daar onderskei tussen drie primêre benaderings waarvolgens konstruksies geanaliseer en geïnterpreteer word aan die hand van funksies; hierdie funksies sluit in die tekstuele funksie, die kommunikatiewe funksie en die voorstellingsfunksie (Halliday & Matthiessen, 2014:83).

Die **tekstuele funksie** is 'n pragmatiese perspektief op sintaksis wat fokus op hoe 'n klous op tekstuele vlak funksioneer as 'n boodskap (Halliday & Matthiessen, 2014:83; Viljoen *et al.* 2015:17)¹¹. 'n Klous het betekenis as 'n boodskap en is 'n samestelling van inligting met die tema as uitgangspunt vir die boodskap – taalgebruikers gebruik gevolglik die tema as die basis vir wat hulle wil sê. In die tekstuele funksie word 'n klous geanaliseer op grond van die **tema** (“*theme*”) en **rema** (“*rheme*”) (Halliday & Matthiessen, 2014:83).

Die **kommunikatiewe funksie** fokus op die struktuur van 'n klous as 'n kommunikatiewe handeling waarin die uitruiling van inligting sentraal staan (Halliday & Matthiessen, 2014:83; Viljoen *et al.*, 2015:8). 'n Klous word beskou as 'n transaksie tussen die spreker en die luisteraar met die onderwerp as die belangrikste faset van die transaksie. In die kommunikatiewe funksie word 'n klous geanaliseer aan die hand van 'n onderwerp, spil, predikaat en adjunkte (Halliday & Matthiessen, 2014:83; Viljoen *et al.*, 2015:8).

Die **voorstellingsfunksie** fokus op taalgebruik as die manifestasie van ervaring en 'n klous

¹¹ Die Viljoen *et al.* (2015) bron is 'n studiegids wat deur die NWU se Departement Afrikaans gebruik word, om die module Sintaksis vir studente op derdejaarsvlak aan te bied. Dit is die enigste Afrikaanse bron wat met redelike volledigheid teoretiese begrippe ten opsigte van die voorstellingsfunksie definieer en beskryf. Op grond hiervan is dit ingesluit in die formulering van kriteria.

word geanaliseer deur prosesse wat verteenwoordigend is van die werklikheid (Halliday & Matthiessen, 2014:211). Dit gaan dus oor enige konkrete, mentale, emosionele of selfs verbeelde toedrag van sake wat taalgebruikers representeer, dit wil sê voorstel aan die hand van taal met die werkwoord, oftewel proses, as kern (Halliday & Matthiessen, 2014:220; Viljoen *et al.*, 2015:42). In die voorstellingsfunksie word daar in meer detail gekyk na hoe 'n klous lyk en vir watter doel of funksie konstruksies saam met 'n proses gebruik word (Halliday & Matthiessen, 2014:211). 'n Klous is in die voorstellingsfunksie meer as net 'n boodskap wat inligting op 'n bepaalde manier in 'n kommunikatiewe handeling oordra (Viljoen *et al.*, 2015:41).

Vir die doel van hierdie studie word spesifiek die voorstellingsfunksie gebruik, ten einde te bepaal watter veranderende gebruik by voorsetsels waargeneem kan word. Dit is myns insiens die geskikste van die bogenoemde drie benaderings ten einde die doelstellings van hierdie studie te bereik. Dit gee die nodige teoretiese agtergrond om spesifieke kriteria op te stel waarvolgens die korpusdata geanaliseer en geïnterpreteer kan word.

4.3.1 Prosesse en argumentrolle in die voorstellingsfunksie

'n Sintaktiese konstruksie bestaan, aldus Halliday en Matthiessen (2014:220), in die voorstellingsfunksie uit drie komponente:

- i. 'n proses wat ontknoop deur tyd;
- ii. die deelnemers wat betrokke is by die ontknoping van die proses; en
- iii. omstandigheidselemente of -partikels wat met die proses geassosieer word.

Van al hierdie komponente is die eersgenoemde, dus die proses, die belangrikste element in die beskrywing van sintaktiese struktuur (sien ook Ponelis, 1979:4). Aan die hand van die tipe proses of werkwoord word die ander argumentrolle en omstandigheidselemente in konstruksies geïdentifiseer en beskryf. In die voorstellingsfunksie, word daar onderskei tussen **konkrete**, **kommunikasie-**, **mentale** en **statiewe prosesse** wat ervaring voorstel. **Tabel 4.1** bied 'n uiteensetting van die kriteria wat gebruik word vir die analises van voorsetsels in hierdie studie. Die omskrywings is saamgestel aan die hand van Halliday en Matthiessen (2014:224-300) en Viljoen *et al.* (2015:39-55, 70-76) se definisies van die terme.¹²

¹² In **Tabel 4.1**, is die verskillende prosesse in die voorbeelde met vetdruk aangedui, terwyl die argumentrol wat deur die voorbeeld geïllustreer word, onderstreep is.

Tabel 4.1: Kriteria vir prosesse en argument-/sinsrolle

Prosesse & Argumentrolle	Omskrywing
Konkrete proses ("Material process")	<p>'n Dinamiese proses wat fokus op die handeling van 'om te doen'. Konkrete prosesse fokus op 'n handeling wat verrig word deur 'n entiteit (die akteur). Dit kan beide oorganklik en onoorganklik wees.</p> <p>Byvoorbeeld: <i>Die Pastorie-erf is ook van hom aangekoop vir die som van £50.</i> (1941-1950, Informatief)</p>
Akteur ("Actor")	<p>'n Primêre argumentrol by konkrete prosesse. Dit verteenwoordig die tradisionele aktiewe onderwerp, wat die handeling in konkrete prosesse inisieer en verrig.</p> <p>Byvoorbeeld: <i>Seksuele ontwikkeling onderrig ten opsigte van seksuele aspekte is deur al die transseksualiste se moeders behartig.</i> (1971-1980, Geesteswetenskappe)</p>
Doel ("Goal")	<p>'n Sekondêre argumentrol by konkrete prosesse. Dit verteenwoordig die tradisionele aktiewe direkte voorwerp waarop die handeling deur die Akteur verrig word.</p> <p>Byvoorbeeld: <i>... terwyl hy alleen op 'n miershoop aan die geveg deelneem.</i> (2001-2010, Biografies)</p>
Begunstigde ("Beneficiary / Recipient / Client")	<p>'n Sekondêre argumentrol by konkrete prosesse. Dit verteenwoordig die tradisionele aktiewe indirekte voorwerp en dui op die entiteit waarvoor die handeling verrig word. Die begunstigde baat (positief of negatief) op een of ander wyse by die handeling. Begunstigdes is meer tipies mense, hoewel dit nie altyd hoef te wees nie, dit kan ook organisasies, plante of selfs meer abstrakte entiteite verteenwoordig.</p> <p>Byvoorbeeld: <i>Grobbelaartjie het nooit vir iemand 'n rekening gestuur nie.</i> (2001-2010, Fiksie)</p>
Instrument ("Instrument")	<p>'n Sekondêre argumentrol slegs by konkrete prosesse. Dit verteenwoordig die tradisionele aktiewe indirekte voorwerp en dui op die 'gereedskap' waarmee die handeling verrig word. Instrumente is meer dikwels baie konkrete, fisiese voorwerpe, hoewel dit in sekere opsigte meer abstrakte konseptualiserings insluit. Dit lyk dikwels vormlik dieselfde as 'n akteur in agenthebbende passiefkonstruksies.</p> <p>Byvoorbeeld: <i>... sy het haar man drie keer met 'n stok geslaan tot hy dood is ...</i> (2001-2010, Fiksie)</p>
Kommunikasieproses ("Verbal process")	<p>'n Dinamiese proses wat fokus op die handeling van 'om te kommunikeer'. Kommunikasieprosesse fokus op 'n kommunikatiewe handeling wat verrig word deur 'n entiteit (die spreker) om 'n boodskap (die uitspraak) oor te dra. Dit kan beide oorganklik en onoorganklik wees.</p> <p>Byvoorbeeld: <i>In geen ordentlike geselskap, sê hy, sal 'n mens dit verdra dat 'n heer 'n dame om die lyf sal vat en druk.</i> (1911-1920, Verslaggewing)</p>
Spreker ("Speaker")	<p>'n Primêre argumentrol by kommunikasieprosesse. Dit verteenwoordig die tradisionele aktiewe onderwerp wat die kommunikatiewe handeling in kommunikasieprosesse inisieer en verrig.</p> <p>Byvoorbeeld: <i>Mnr. Amir Abdulla, streekdirekteur vir Suider-Afrika, sê ...</i> (2001-2010, Verslaggewing)</p>

Uitspraak ("Verbiage")	'n Sekondêre argumentrol by kommunikasieprosesse. Dit verteenwoordig die tradisionele aktiewe direkte voorwerp wat fokus op dit wat gekommunikeer word. Dit is dus die resultaat van die kommunikasieproses wat deur die spreker verrig word. Byvoorbeeld: <i>Graag spreek ek hier 'n woord van dank aan mijn kollega, Prof. Francken, vir welwillende raadgewing op meer als een punt.</i> (1911-1920, Geesteswetenskappe)
Begunstigde ("Receiver")	'n Sekondêre argumentrol by kommunikasieprosesse. Dit verteenwoordig die tradisionele aktiewe indirekte voorwerp en dui op die entiteit met wie die spreker in gesprek tree. Die begunstigde verteenwoordig die aangesprokene in 'n kommunikatiewe handeling. Begunstigdes is meer tipies mense, hoewel dit nie altyd hoef te wees nie, dit kan ook organisasies, plante of selfs meer abstrakte entiteite verteenwoordig. Byvoorbeeld: <i>Dis goed om musiek te speel wat <u>met jou praat</u>.</i> (2001-2010, Fiksie)
Teiken ("Target")	'n Sekondêre argumentrol by kommunikasieprosesse. Dit verteenwoordig die tradisionele aktiewe indirekte voorwerp en dui op die entiteit op wie die kommunikatiewe handeling van die spreker gemik is. In kommunikasie prosesse word die uitspraak dus gerig na die begunstigde maar gemik op die teiken. Byvoorbeeld: <i>Hulle kon die waarheid praat van iemand ...</i> (1971-1980, Religieus)
Mentale Proses ("Mental process")	'n Dinamiese proses wat fokus op kognitiewe mentale prosesse (bv. om te dink / wonder / twyfel), sintuiglike waarnemingsprosesse (bv. om te sien / hoor) en emosionele prosesse (bv. om te bekommer / skrik). Hierdie tipe prosesse is onsigbaar maar nie uitsluitlik abstrak nie. ¹³ Byvoorbeeld: <i>Nou jij, boetie Sarel, ken mos <u>vir Lagter en Spogter</u> ...</i> (1911-1920, Fiksie)
Ervaarder ("Senser")	'n Primêre argumentrol by mentale prosesse. Die ervarder verteenwoordig die tradisionele aktiewe onderwerp wat die mentale proses ervaar. Die mentale proses word verwesenlik in die ervarder se kognitiewe konseptualisering daarvan. Byvoorbeeld: <i>Die eintlike glanspunt van die Departement, soos <u>deur die reisende publiek gesien</u>, is egter ...</i> (1971-1980, Verslaggewing)
Verskynsel ("Phenomenon")	Die verskynsel is 'n sekondêre argumentrol in mentale prosesse. Dit verteenwoordig die aktiewe direkte voorwerp en dui op dit wat deur die ervarder ervaar of verwesenlik word. Byvoorbeeld: <i>En wie is daar onder die ou garde, wat nie nog <u>aan Vox Clamantis dink</u> nie?</i> (1911-1920, Verslaggewing)
Statiewe Proses ("Relational Process")	Statiewe prosesse realiseer tipies deur kopulakonstruksies. Statiewe prosesse word gebruik in identifiserende verbande of beskrywende verbande . Byvoorbeeld: <i><u>Ten gevolge van die verwoesting deur die „vlieg” en die gebrek aan arbeid by die insameling van die oes is die katoenboerdery 'n mislukking.</u></i> (1971-1980, Geesteswetenskappe)

¹³ 'n Potensiële grysarea by mentale prosesse is die onderskeid tussen konkrete waarnemingsprosesse (byvoorbeeld *kyk* en *luister*) en sintuiglike waarnemingsprosesse (byvoorbeeld *sien* en *hoor*). Konkrete waarnemingsprosesse word van sintuiglike waarnemingsprosesse onderskei op grond van 'n handelende intensionaliteit. Wanneer 'n persoon *kyk* en *luister* word die handeling doelbewus met intensie verrig, teenoor sintuiglike waarnemingsprosesse wat onwillekeurig geskied.

Onderwerp ("Carrier / Token")	'n Primêre argumentrol by statiewe prosesse. Dit verteenwoordig die onderwerp waarop daar uitgebrei word deur die predikaat. Byvoorbeeld: <u>Temperatuurbeheer in die speenhuus is net so belangrik.</u> (1911-1920, Fiksie)
Predikaat ("Attribute / Value")	'n Primêre argumentrol by statiewe prosesse. Dit verteenwoordig die predikaat wat in die statiewe proses uitgebrei op die Onderwerp. Byvoorbeeld: ... <u>al is dit slegs met simboliek</u> ... (2001-2010, Informatief)

Soos reeds aangedui in **Tabel 4.1**, is konkrete, kommunikasie- en mentale prosesse almal dinamiese prosesse, dit wil sê prosesse waar een of ander konkrete, emosionele, intellektuele of gesproke handeling plaasvind (Viljoen *et al.* 2015:42). Die verskillende tipes argumentrolle van die onderskeie dinamiese prosesse is 'n meer genuanseerde uiteensetting van, wat in meer formele sintaksis, beskryf sou word as die aktiewe onderwerp, werkwoord, aktiewe direkte voorwerp en aktiewe indirekte voorwerp. Aangesien konkrete, kommunikasie- en mentale prosesse slegs verskillende tipes dinamiese prosesse is, en die verskillende argumentrolle van die onderskeie prosesse op een of ander wyse terugskakel na die meer formalistiese indelings van sintaktiese konstruksies, is daar gevalle waar argumentrolle konseptueel verwant is. Die akteur (by konkrete prosesse), die spreker (by kommunikasieprosesse) en die ervarder (by mentale prosesse), is konseptueel verwant deurdat elke argumentrol die tradisionele aktiewe onderwerp verteenwoordig. So ook is die doel (konkrete prosesse), uitspraak (kommunikasieprosesse) en verskynsel (mentale prosesse), konseptueel verwant deurdat dit die tradisionele aktiewe direkte voorwerp verteenwoordig. Dié argumentrolle is dus, tot 'n mate, vergelykbaar met mekaar en beginsels met betrekking tot konseptuele frekwensie kan gevolglik gebruik word om die data sinvol te benader.

Argumentrolle wat die tradisionele aktiewe indirekte voorwerp verteenwoordig, soos die begunstigde (konkrete en kommunikasieprosesse), teiken (kommunikasieprosesse) en instrument (konkrete prosesse), is egter nie almal konseptueel vergelykbaar nie. Sekere argumentrolle wat verband hou met die aktiewe indirekte voorwerp, soos die begunstigde by onderskeidelik konkrete en kommunikasieprosesse, se konseptuele verwantheid, is taamlik voor die handliggend. Begunstigdes kan egter kwalik direk vergelyk word met teikens of instrumente, hoewel laasgenoemde ook beide voorbeelde van indirekte voorwerpe is. Die vergelykbaarheid van die verskillende argumentrolle aan die hand van konseptuele frekwensie, is dus afhanklik van hoeverre die argumentrolle begripmatig verbandhou.

4.3.2 Omstandigheidselemente in die voorstellingsfunksie

Omstandigheidselemente in die voorstellingsfunksie verwys na adjunkte, oftewel bywoordelike bepalings, wat addisionele inligting verskaf oor die proses en nie grammatikaal vereis word nie (Van Rooy, 2017:286). Bywoordelike bepalings word gevorm deur 'n

verskeidenheid van grammatikale eenhede wat insluit bywoorde of bywoordstukke, voorsetsels of voorsetselstukke, tot bysinne en in enkele gevalle selfs naamwoordstukke (Van Rooy, 2017:286; sien ook Ponelis, 1979:289). Vir die doel van hierdie studie word die kriteria van Halliday en Matthiessen (2014:313-314) aangewend vir die klassifikasie van adjunkte (**Tabel 4.2**)¹⁴.

Tabel 4.2: Kriteria vir die klassifikasie van adjunkte

Tipe Adjunk	Omskrywing
Omvang ("Extent")	Adjunkte van omvang fokus op beide ruimtelike en temporele inligting. Dit dui op afstand (hoe ver?), duur (hoe lank?) en frekwensie (hoe gereeld?). Byvoorbeeld: <i>Die uitsakking van vulkaniese as uit die lug kan plantegroei <u>vir kilometers ver</u> van die krater af vernietig ...</i> (1971-1980, Informatief)
Lokatief ("Location")	Lokatiewe adjunkte fokus op beide ruimtelike en temporele inligting. Dit beklemtoon plek (waar?) en tyd (wanneer?). Lokatiewe plekadjunkte sluit in abstrakte konseptualiserings van ruimte en werklikheid. Byvoorbeeld: <i>In 1911 word 'n volkstelling gehou...</i> (1911-1920, Informatief)
Wyse ("Manner")	Adjunkte van wyse bestaan uit vier subkategorieë: manier (hoe / waarmee / waardeur?), kwaliteit (hoe?), vergelyking (soos wat / in vergelyking waarmee?) en graad (hoeveel? – m.b.t. intensiteit). In prosesse waar 'n instrument nie uitgedruk kan word nie, soos in die geval van kommunikasie-mentale en statiewe prosesse, is die instrumentele adjunk 'n adjunk van wyse. Byvoorbeeld: <i>Eindelik ook die plig afgedaan, strompel sij <u>voetjie vir voetjie</u> die huisie binne ...</i> (1911-1920, Fiksie)
Oorsaak ("Cause")	Adjunkte van oorsaak fokus op die rede (waarom vind die proses plaas?), doel (waarom / waarvoor vind die proses plaas?) en ontwil (vir wie / wat vind die proses plaas?). Byvoorbeeld: <i>... moet ek hierby my bedanking indien as lid van die T.K. Beweging <u>vir die volgende rede</u> ...</i> (1941-1950, Manuskrip)
Gebeurlikheid ("Contingency")	Adjunkte van Gebeurlikheid fokus op die voorwaardes waarvoor 'n proses kan plaasvind (in die geval van ...), verstek (in die afwesigheid van ...) en toegewing (ten spyte van ...). Byvoorbeeld: <i>Die eetkamer en kombuis het elk sij afsonderlike doel, en mag nie anders gebruik word nie - slegs <u>in noodwendige gevalle vir 'n beperkte tyd</u> ...</i> (1911-1920, Informatief)
Bykomstigheid ("Accompaniment")	Adjunkte van bykomstigheid fokus op betrokkenheid (saam wie / wat? – m.b.t. vergeselling) en toevoeging (wie / wat anders? – m.b.t. wat bykom). Byvoorbeeld: <i>Hendrik sak teen die muur af <u>met 'n lam onder die arm</u>.</i> (2001-2010, Fiksie)
Rol ("Role")	Adjunkte van rol fokus op voorwendsel (voorhou as ...) en produk (waarin? – m.b.t. transformasie). Byvoorbeeld: <i>Die teënwoordige uitgaaf is 'n herdruk van die uitgaaf van A. G. C. van Duyl, wat in 1882 te Amsterdam <u>in brosjure-vorm</u> verskijn het onder die tittel van "Een Afrikaander".</i> (1911-1920, Informatief)

¹⁴ Hoewel Ponelis (1979:285-363) reeds 'n uiteensetting gegee het van die tipiese adjunkte in Afrikaans, beklemtoon hy self dat dit nie volledig genoeg is om adjunkte te kategoriseer nie. Halliday en Matthiessen (2014:313-314) se uiteensetting is meer omvangryk en dus gepas vir hierdie studie.

Stof (“ <i>Matter</i> ”)	Adjunkte van stof fokus op waarom ’n proses handel. Dit dui tot ’n mate op die onderwerp of tema (“ <i>topic / theme</i> ”) van die proses. Waar Lokatiewe adjunkte met <i>in</i> , spesifiek dié met abstrakte betekenis, fokus op ’n konseptualisering van tyd of ruimte, fokus adjunkte van stof nie primêr op die ruimtelike posisie nie, maar dit posisioneer die proses binne ’n spesifieke konteks, verwysingsraamwerk of toestand. Byvoorbeeld: <i>Hulle ontdek ook dat hul hulp nodig word om hul landgenote touwys te maak <u>met die gebruik van die metro, busse ...</u></i> (2001-2010, Fiksie)
Benadering (“ <i>Angle</i> ”)	Adjunkte van benadering fokus op die bron (volgens ...) of invalshoek (m.b.t. verwysings) waarvolgens ’n proses plaasvind. Byvoorbeeld: <i>In die „Bushman Folklore” van Bleek en Lloyd, word vertel dat die mans die eerste lit van die regterpinkie, en die vrouens die van die linkerpinkie afgesit het ...</i> (1911-1920, Geesteswetenskappe)

4.3.3 Voordele vir die bestudering van voorsetsels

Volgens Halliday en Matthiessen (2014:328-330) is die voorstellingsfunksie veral geskik vir die bestudering van voorsetsels aangesien baie argumentrolle gerealiseer word met behulp van voorsetselstukke. Voorsetselstukke word ook besonder baie gebruik om addisionele inligting oor die proses te verskaf in die vorm van adjunkte (Ponelis, 1979:184). Deur die gebruiksinstanties van voorsetselgebruik in die korpus te analiseer, met behulp van die voorstellingsfunksie, sal die prototipiese gebruike van die voorsetsels geïdentifiseer kan word. Die prototipiese gebruike van die voorsetsels word bepaal aan die hand van hoe dit werklik in taal gebruik word en beklemtoon vir watter funksie taalgebruikers voorsetsels aanwend. Aangesien prototipes ’n belangrike komponent van kognitiewe gebruiksgebaseerde raamwerke is, vernaamlik om diagrammatiese voorstellings saam te stel wat taalgebruik verteenwoordig, bied die voorstellingsfunksie die geskikte gereedskap om die data te benader.

4.3.4 Uitdagings by die bestudering van voorsetsels

Soos alreeds aangetoon by die bespreking van deeltjiewerkwoorde, kan dit soms uitdagend wees om te onderskei tussen die verskillende gebruike van setsels. Gedurende die eerste rondte van die analises het daar verskeie situasies opgeduik waar die onderskeid tussen sekere voorsetselgebruike vaag was. Ten einde te verseker dat hierdie grys areas konsekwent hanteer word tydens die analises, is “toetse” aan die hand van Ponelis (1979) opgestel en tydens die analiserings- en hersieningsproses byderhand gehou om te evalueer watter voorsetselgebruik ter sprake is. Die twee primêre uitdagings by die bestudering van voorsetsels sentreer rondom: (i) die onderskeid tussen voorsetsels se gebruik as voorsetselvoorwerpe by voorsetselwerkwoorde, en as adjunkte; en (ii) bepalings in naamwoordstukke wat deel vorm van argumentrolle, teenoor voorsetsels se gebruik as adjunkte.

4.3.4.1 Voorsetselvoorwerpe vs. adjunkte

By Konkrete en Mentale Prosesse met gedeeltelike oorganklikheid, waar dit voorkom asof voorsetselstukke gebruik word as voorsetselvoorwerpe (Doel of Verskynsel), is die voorsetselstuk in 'n vaste verhouding tot die werkwoord. Voorsetselvoorwerpe lyk dikwels baie dieselfde as voorsetselstukke wat gebruik word as adjunkte, omrede beide betrekking op die werkwoord het. Volgens Ponelis (1979:200-201) kan daar tussen voorsetseladjunkte en voorsetselwerkwoorde onderskei word op grond van voorsetselstroping. Beskou die volgende sinne:

[4.21] ... ten minste het die meeste, nie meer met hulle eige taal **spot** nie ...
(1911-1920, Informatief)

[4.22] ... het hulle aan ander moontlikhede begin **dink**. (2001-2010,
Informatief)

Beide voorbeelde [4.21] en [4.22] illustreer die gebruik van voorsetselwerkwoorde (vetdruk) in gedeeltelik oorganklike konstruksies met voorsetselvoorwerpe (onderstreep). By voorsetselwerkwoorde kan die voorsetsel in baie gevalle verwyder word vanuit die voorsetselstuk waarna die voorsetselaanvulling optree as 'n selfstandige, naamwoordelike direkte voorwerp:

[4.23] ... ten minste het die meeste, nie meer [...] hulle eige taal **spot** nie ...

Voorbeeld [4.23] illustreer hoe die voorsetsel "met" vanuit die voorsetselstuk van voorbeeld [4.21] verwyder is, en die voorsetselaanvulling (onderstreep) gepromoveer is tot 'n volwaardige direkte voorwerp.

Sekere voorsetselwerkwoorde, byvoorbeeld "dink" in voorbeeld [4.22], kan egter nie sonder die voorsetsel sin maak sonder dat die werkwoord self op een of ander wyse verander nie. In hierdie gevalle kan die voorvoegsel "be-" vooraan die werkwoord (vetdruk) geplaas word ten einde die voorsetselvoorwerp van die voorsetsel te stroop:

[4.24] ... ten minste het die meeste, nie meer hulle eige taal **bespot** nie ...

[4.25] ... het hulle ander moontlikhede begin **bedink**.

Indien voorsetselstroping nie geslaagd is nie, is die voorsetselstuk na alle waarskynlikheid 'n adjunk wat slegs addisionele inligting met betrekking tot die proses verskaf. Sekere voorsetselwerkwoorde, soos in die geval van voorbeeld [4.26], kan egter glad nie aan die hand van voorsetselstroping getoets word nie:

[4.26] ... terwyl hy alleen op 'n miershoop aan die geveg **deelneem**. (2001-
2010, Biografies)

In hierdie geval kan die voorsetsel nie verwyder word nie. Die klous sal grammatikaal nie meer sin maak nie, en die werkwoord is onder geen omstandighede sonder die voorsetselvoorwerp grammatikaal betekenisvol nie.

In gevalle waar dit lyk asof die voorsetsel wel eerder 'n adjunk is, en voorsetselstropping nie geslaagd is nie, sal die voorsetsel se grammatikale posisie in die klous egter losser wees (voorbeelde [4.27.2] en [4.27.3]) en is die klous grammatikaal steeds betekenisvol indien die voorsetselstuk geheel en al verwyder word (voorbeeld [4.27.1]):

[4.27] As Vincent se ma Bess gehuil en gesmeek het, het Gerrit sy seun **gespot met baie plesier** ... (2001-2010, Informatief)

[4.27.1] As Vincent se ma Bess gehuil en gesmeek het, het Gerrit sy seun **gespot** ...

[4.27.2] As Vincent se ma Bess gehuil en gesmeek het, het Gerrit **met baie plesier** sy seun **gespot** ...

[4.27.3] **Met baie plesier** het Gerrit sy seun **gespot** as Vincent se ma Bess gehuil en gesmeek het ...

Die beginsels met betrekking tot die "losser" struktuur van adjunkte kan ook gebruik word as riglyne om onderskeid te tref tussen voorsetselstukke as adjunkte of voorsetselstukke as nabepalings.

4.3.4.2 Nabepalings vs. adjunkte

By Konkrete, Kommunikasie-, Mentale en Statiewe Prosesse, waar dit voorkom asof 'n voorsetselstuk deel vorm van 'n bepaling in 'n naamwoordstuk, het die voorsetselstuk betrekking op die naamwoordstuk. Dit verskaf addisionele inligting wat die betekenis van die naamwoordstuk uitbrei en is gebonde aan die argumentrol van die betrokke naamwoordstuk. Indien die voorsetselstuk deel vorm van die Primêre of Sekondêre Argumentrolle by Konkrete, Kommunikasie- en Mentale Prosesse, sal die voorsetselstuk gebonde bly aan die naamwoordstuk indien die sin passiever (of omgekeer).

By Adjunkte het die voorsetselstuk betrekking op die werkwoord. Indien die voorsetselstuk verwyder word vanuit die klous gaan geen noemenswaardige grammatikale betekenis verlore nie. As die klous gepassiever word en die voorsetselstuk hoef nie saam met die naamwoordstuk van posisie te verskuif nie, is die voorsetselstuk na alle waarskynlikheid 'n adjunk. Die passiveringstoets is egter uitsluitlik van toepassing op Konkrete, Kommunikasie- en Mentale Prosesse wat kan passiever. Sekere Mentale Prosesse en alle Statiewe Prosesse kan nie gepassiever word nie. In hierdie gevalle hang die onderskeid tussen 'n nabepaling en adjunk af van of die voorsetselstuk betrekking het op die naamwoordstuk of

werkwoord, en die gebondenheid van die voorsetselstuk aan 'n sinsposisie of ander argumentrol.

4.3.4.3 Kwessies rondom die rapportering van die korpusdata

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat voorsetsels nie slegs deel vorm van verskeie argumentrolle of omstandigheidselemente nie, maar dit ook dikwels kan merk. Halliday en Matthiessen (2014:330;344) toon aan dat verskeie Engelse voorsetsels die potensiaal het om spesifieke argumentrolle te merk. Dit is ook waar vir Afrikaans waar sekere voorsetsels, byvoorbeeld *vir*, *aan*, *deur*, *met* en *van*, dikwels gebruik word om spesifieke argumentrolle te merk. Die voorsetsels *vir* en *aan*, word dikwels gebruik om begunstigdes te merk, soos in die geval van “Grobelaartjie het nooit vir iemand 'n rekening gestuur nie” (2001-2010, Fiksie) en “[e]k het aan my suster op T baie van jou vertel” (1941-1950, Persoonlike Brief). In agenthebbende passiefkonstruksies, word die voorsetsel *deur* gebruik om die akteur, spreker of ervarder te merk, byvoorbeeld: “Dit is oorspronklik gebruik om oogspasmas te beheer, maar is deur die FDA in 2002 goedgekeur vir kosmetiese gebruik” (2001-2010, Informatief). *Met* word dikwels gebruik om die instrument te merk, in byvoorbeeld “sy het haar man drie keer met 'n stok geslaan” (2001-2010, Fiksie), en *van*, in byvoorbeeld “[h]ulle kon die waarheid praat van iemand” (1971-1980, Religieus), om die teiken te merk.

In die geval van “Laboratoriumondersoeke in die Slaknavorsingseenheid deur De Kock (1973) en Jennings (1976) het aan die lig gebring ...” (171-1980, Natuurwetenskappe), word die voorsetsel *deur* gebruik as deel van die akteur (onderstreep). *Deur* merk dus in dié geval nie die argumentrol, soos in die geval van *deur* by agenthebbende passiefkonstruksies, nie. Halliday en Matthiessen (2014:330) en Van Rooy (2017:261) toon aan voorsetsels grotendeels gebruik word om voorsetselstukke te realiseer, wat gebruik kan word as bywoordelike bepaling, oftewel adjunkte. Sekere voorsetsels is geneig om gereeld gebruik te word saam met sekere tipes adjunkte, byvoorbeeld *in* wat gereeld vir 'n lokatiewe funksie gebruik word (Halliday & Matthiessen, 2014:344), maar verskeie ander voorsetsels kan ook gebruik word om dieselfde tipe adjunkte uit te druk. Voorsetselstukke kan egter ook dikwels, soos in die geval van die *met*-voorsetselstuk in “op 'n wakis in die hoek van die voorhuis sit 'n boer met 'n lang baard” (1911-1920, Fiksie), gebruik word as 'n bepaling in naamwoordstukke. Indien die laasgenoemde voorbeeld geanaliseer word aan die hand van die voorstellingsfunksie, is die *met*-voorsetselstuk deel van die akteur, dit is nie 'n argumentrol of omstandigheidselement op sigself nie. Op grond van die voorafgaande bespreking, is die volgende vrae opmerklik:

- Wanneer merk voorsetsel 'n spesifieke argumentrol of adjunk?
- Wanneer vorm 'n voorsetsel deel van 'n argumentrol of adjunk?

In die analisering van die data vir dié studie, is daar nie spesifiek aangeteken wanneer 'n voorsetsel 'n spesifieke argumentrol of adjunk merk, of deel daarvan vorm nie. In die bespreking van die data word daar gevolglik grotendeels neutraal verwys na die voorsetselstuk as deel van argumentrolle of adjunkte, soos wat dit gebruik word saam met verskillende prosesse. Daar word nie op 'n verdere vlak ondersoek ingestel na wat die funksie van die voorsetsel is indien dit deel vorm van 'n argumentrol nie. Argument- en sinsrolle is in die bespreking van die korpusdata onderstreep en die onderstreepte gedeelte illustreer die spesifieke argumentrol waarvan die voorsetsel deel vorm.

Ten einde verwarring te voorkom, is dit ook belangrik om vervolgens 'n uiteensetting te gee van hoe die begrip **voorsetsels** in hierdie studie spesifiek hanteer word.

4.4 DIE BEGRIP VOORSETSELS IN HIERDIE STUDIE

Volgens Kempen (1984:8) is dit moeilik om die kategorie van voorsetsels, in Ponelis (1979; 1984) se terme, duidelik en eksplisiet te definieer. Studies, soos dié van Pretorius (1972:224), het reeds in die verlede gepoog om omvangryke definisies van voorsetsels saam te stel:

'n Voorsetsel of preposisie is 'n sintaktiese element of struktuurwoord, sonder morfologiese kenmerke, met semantiese waardes (wat in hoofsaak in verbinding met ander taalelemente onderskei kan word), en met die funksionele kenmerk dat dit in die onmiddellike verbinding kan tree met lede van die kategorieë selfstandige naamwoord, byvoeglike naamwoord en werkwoord, en in mindere mate met bywoord, voorsetsels en ou infinitiewe.

Met die eerste oogopslag blyk hierdie definisie nie problematies te wees nie, hoewel daar tog onderliggende probleme is (sien ook Kempen, 1984:8). Pretorius (1972:224) vermeld byvoorbeeld dat voorsetsels geen morfologiese kenmerke het nie, hoewel daar reeds in hierdie hoofstuk aangetoon is dat daar wel voorsetsels met morfologiese vormvariante is. Kempen (1984:11; 13) beklemtoon dat "ons nie met wiskundige presiesheid 'weet' wat 'n voorsetsel is nie", maar dat voorsetsels eerder aan die hand van verbindings beskryf moet word. Met verbindings word bedoel alle woordverbindings, hetsy 'n werkwoord, naamwoordstuk of aanvulling, waarvan 'n voorsetsel deel vorm in 'n konstruksie.

Vir Kempen (1984:12-13) is 'n kliniese onderskeid tussen verskillende groepe setsels, soos dié van Ponelis (1979), van mindere waarde. Kempen (1984:317; 326) verkies die term "agtergeplaaste voorsetsel" bo agtersetsel omrede dit meer inklusief is vir die beskrywing dat tradisionele agtersetsels slegs voorsetsels is met 'n "agtersetsel-valensie". So ook is die onderskeid tussen voorsetsels en woordgroepvoorsetsels, tradisionele groepvoorsetsels, vir Kempen (1984:339) problematies omrede die groot verskeidenheid van variasie en

probleme met betrekking tot groepvoorsetsel “stringetjies”. Hierdie stringetjies het vier verskillende segmenterings wat in konstruksies aangetref word met meer of minder duidelik aanwysbare verbande (Kempen, 1984:363-364). Wanneer presies kwalifiseer ’n “stringetje”, soos hy dit stel, as ’n volwaardige groepvoorsetsel? Croft (2007:499) toon aan dat in ’n gebruikgebaseerde raamwerk, soos voortkomende grammatika, die “storage of a word form, regular or irregular, [...] a function of its token frequency” is. Frekwensie is dus ’n goeie maatstaf waarmee die vestiging van ’n “stringetje” tot ’n groepvoorsetsel gemeet kan word. Die uitdaging is egter om tradisionele groepvoorsetsels, ’n reeds minder frekwente vorm van setselgebruik, aan die hand van ’n klein, beperkte korpus van nagenoeg 1 000 000 woorde, te identifiseer en onderskei van tradisionele voorsetsels en ander frekwente voorsetselverbindings. Indien veral minder frekwente groepvoorsetsels geïdentifiseer moet word aan die hand van frekwensie, gaan die markantheid daarvan nie noodwendig hoog genoeg wees nie vanweë die korpus se beperkte grootte:

Concepts such as statistical significance, the representativeness of a corpus, corpus size, the genrespecific use of a linguistic feature, etc., all present serious problems when the total number of occurrences of the item under consideration is extremely low.

(Hoffmann, 2005:140)

Vir die doeleindes van hierdie studie word ook gebruik gemaak van lukrake steekproewe, wat die data nog meer beperk en dit moeilik maak om met absolute sekerheid groepvoorsetsels aan die hand van markantheid te bepaal. In Hoofstuk 2 van hierdie studie is reeds vermeld dat hoë tekstuele frekwensie nie ’n absolute vereiste vir verandering is nie en dat konseptuele frekwensie, vernameelik by gevalle van lae tekstuele frekwensie, in ’n kognitiewe gebruikgebaseerde raamwerk net so belangrik is vir die bestudering van taalverandering. Dit is dus heeltemal moontlik om aan die hand van lae tekstuele frekwensie taalverandering te kan waarneem en verklaar (Hoffman, 2005:149). Hoffmann (2005:7-8) toon egter aan dat dit nie heeltemal moontlik is om met lae frekwensie as ’n duidelike riglyn te werk in studies met klein, beperkte korpora kleiner as tussen 10 000 000 en 20 000 000 woorde nie. Gevolglik kan lae tekstuele frekwensie nie dien as ’n duidelike maatstaf in hierdie studie vir die identifisering van groepvoorsetsels nie. Hoewel sekere meer bekende groepvoorsetsels, byvoorbeeld *aan die hand van*, *deur middel van*, *in plaas van*, *in vergelyking met*, *met betrekking tot* (Ponelis, 1979:173), met relatiewe sekerheid aanvaar kan word as gevestig binne die Afrikaanse taalgemeenskap, kan daar nie met dieselfde sekerheid aanvaar word dat minder frekwente groepvoorsetsels, byvoorbeeld *aan weerskante van*, *in weerwil van*, *ten behoewe van*, *afgesien van*, *by gebrek aan* (Ponelis, 1979:173), ewe gevestig is binne die taalgemeenskap as volwaardige groepvoorsetsels nie.

Ter wille van konsekwentheid en deursigtigheid is dit, op grond van hierdie metodologiese uitdagings, nie funksioneel om 'n formalistiese onderskeid tussen die verskillende setselgroepe te tref nie.

In funksionele sintaksis, spesifiek die voorstellingsfunksie, word taalgebruik geanaliseer met die vooronderstelling dat taal gebruik word om oor en in die werklikheid te kommunikeer, en dat 'realiteit' voorgestel word met behulp van prosesse in taalgebruik. Grammatikale eenhede word beskryf op grond van hulle funksie en verhouding tot die proses in die konstruksie en nie aan die hand van eng formalistiese reëls en strukture nie (Halliday & Matthiessen, 2014:xvii). In hulle beskrywing van die voorstellingsfunksie tref Halliday & Matthiessen (2014) geen formalistiese onderskeid tussen die verskillende tipes setsels nie. Die setsels word beskryf uitsluitlik op grond van hulle gebruik met betrekking tot prosesse, argumentrolle en omstandigheidselemente. Van Rooy (2017:261) het in 'n meer onlangse hoofstuk, wat spesifiek fokus op Afrikaanse sintaksis, funksioneel benader, gemeld dat groepvoorsetsels slegs 'n groep vaste uitdrukkings is wat “eenheidstatus verkry as voorsetsels”. Die feit dat groepvoorsetsels morfologies en sintakties meer kompleks is, maak dit geensins funksioneel anders as voorsetsels nie. Dit geld ook vir agtersetsels en **alkantsetsels**¹⁵, wat slegs op grond van die lineariteit van die sintagmatiese verhouding tussen die setsel (onderstreep) en sy aanvulling (skuinsdruk), gedefinieer word. Die *deur*-agtersetselstuk in “*die hele dag deur*” (Van Rooy, 2017:261) is, ten spyte van die posisie van die agtersetsel, steeds 'n adjunk wat omvang (duur) uitdruk. So ook is die alkantsetsel met *oor* en *heen* in “*oor die jare heen*” (Van Rooy, 2017:261), 'n adjunk van omvang omrede dit duur uitdruk. In sy funksioneel-benaderde bespreking van die sintaktiese gebruike van voorsetsels, tref Van Rooy (2017:261) geen onderskeid tussen die verskillende gebruike van voorsetsels op grond van morfologiese struktuur en/of die lineariteit van die sintagmatiese verhouding tussen die setsel en sy aanvulling nie. 'n Verdere motivering vir die keuse om nie 'n formalistiese onderskeid tussen die verskillende setselgroepe te tref nie, is die teoretiese en analiseringsbenaderings van hierdie studie. Aangesien hierdie studie fokus op die veranderende gebruik, word daar nie aandag gegee aan die formele onderskeid tussen voorsetsels, agtersetsels en groepvoorsetsels nie en word die term **voorsetsel** gebruik as verteenwoordigend van setsels (simpleks en kompleks) oor die algemeen. Die studie het ten doel om breedweg te bepaal wat die aard en omvang van verandering in die gebruik, oftewel grammatikale funksies, van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels, onderskeidelik *vir*, *aan*, *deur*, *met* en *in*, behels.

¹⁵ Alkantsetsels is 'n minder algemene vorm van setselgebruik wat vorm wanneer 'n beperkte gorep setsels (onderstreep) kombineer om sowel voor as na die setselaanvulling (skuinsdruk) geplaas te word (Van Rooy, 2017:261). Voorbeelde van dié tipe setsel sluit in “*in die sloot af, oor die jare heen, van vandag af, tussen die trane deur*” (Van Rooy, 2017:261; Ponelis, 1979:176-177).

4.5 ANALISES EN BESPREKING VAN VERSKYNSELS

4.5.1 Die voorsetel *vir* volgens die voorstellingsfunksie

4.5.1.1 *Inleiding*

In Afrikaans is *vir* 'n algemene voorsetel. Die voorsetel kom gereeld onder die vergrootglas van normeerders en is reeds beskryf in diachroniese studies deur die filologiese skool. Die herkoms en gebruik van *vir* in voorwerpskonstruksies het spesifiek reeds besonders baie aandag geniet in studies (sien Raidt, 1969; Raidt, 1976; Ponelis, 1993:265-269; Scholtz, 1980:91-93; Den Besten, 2000/2012).

Raidt (1969:34), Ponelis (1993:266) en Den Besten (2000/2012:324) toon aan dat *vir* in sintaktiese konstruksies prototipies gebruik word as 'n fakultatiewe element in kombinasie met indirekte en direkte voorwerpe. Die gebruik van *vir* is soms ook verpligtend¹⁶ in gevalle waar 'n direkte voorwerp 'n indirekte voorwerp voorafgaan, byvoorbeeld “hy het die ruiker vir haar gegee” (Raidt, 1976:72), of by persoonsnaamvoorwerpe, byvoorbeeld “ek ken vir Koos goed” (Ponelis, 1979:203). Den Besten (2000/2012:314-316) is van mening dat *vir* in direkte voorsetselvoorwerpe, soos laasgenoemde voorbeeld, nie as die hoof van 'n voorsetselstuk optree nie, maar eerder as 'n voorsetselagtige naamvalsmerker wat deel vorm van die naamwoordstuk. Raidt (1969:30) toon aan dat voorwerpskonstruksies met *vir* afhanklik is van verskillende faktore, insluitende: “die klas van die werkwoord, die soort naamwoord, die volgorde van die verskillende soorte naamwoorde as daar meer as een objek is, die skeiding van die werkwoord en die objek deur 'n bepaling of dan nie”. Ponelis (1993:266) voeg by dat die gebruik van *vir* in hierdie kontekste ook afhanklik is van sielhebbendheid (“*animacy*”), emotiwiteit en formaliteit. Sielhebbende voorwerpe is meer geneig om *vir* in voorwerpskonstruksies aan te neem as siellose (“*inanimate*”) voorwerpe (Ponelis, 1993:266). Sielhebbende voorwerpe verwys tipies na mense, diere en kollektiewe (Rosenbach, 2002:44) en word in Afrikaans uitgedruk deur selfstandige naamwoorde, voornaamwoorde en substantiewe (Ponelis, 1993:266):

[4.28] Hulle ken vir Sarie. (Ponelis, 1993:266) – selfstandige naamwoord

[4.29] Ek moet dit vir jou sê. (Raidt, 1976:72) – voornaamwoord

[4.30] ... om vir die jongspan 'n gelukkige huislike atmosfeer te skep ...

(1941-1950, Religieus) – substantiewe kollektief

Die gebruik van *vir* is tot 'n groot mate 'n stylmiddel ten einde 'n konstruksie emosioneel of affekties te laai (vgl. Raidt, 1976:93-94; Ponelis, 1979:205; Ponelis, 1993:267), byvoorbeeld:

¹⁶ Verpligting in verband met die gebruik van *vir*, soos beskryf en hanteer deur Raidt (1969 & 1976), Ponelis (1993) en Den Besten (2000/2012), word soms gebruik om aan te toon dat die voorsetel *vir* nie deur 'n ander voorsetel in 'n spesifieke gebruikskonteks, vervangbaar is nie.

[4.31] Ek sal vir *jou* hof toe vat. Ek sal vir *jou* uittrek dat jy niks het nie.


(Ponelis, 1979:205)

[4.32] Ek sal vir *hulle* fyn en flenters breek! (Ponelis, 1993:267)

Raidt (1976:72) is van mening dat voorwerpskonstruksies met *vir* baie meer frekvent is in die informele spreektaal as in die formele skryftaal. “n Oormatige *vir*-gebruik kan maklik ’n plat indruk skep”, aldus Raidt (1976:72), hoewel die gebruik daarvan duidelik aan die toeneem is (Ponelis, 1993:267).

Baie klagtes met betrekking tot *vir* in normatiewe bronne, soos later aangetoon word, sentreer rondom taalkontak tussen Afrikaans en Engels. Dit is egter belangrik om kennis te neem dat nie alle voorwerpskonstruksies met *vir* in Afrikaans uit Nederlands oorgeërf is nie, maar juis ontstaan het as gevolg van taalkontak. Sekere gebruike van *vir*, in byvoorbeeld voorbeelde [4.28] en [4.29], se herkoms toon aspekte van die Nederlandse gebruik van *voor*, asook *aan* en *tegen*. Die vestiging van die verskillende gebruike van *vir* in die Afrikaanse taalgemeenskap, veral die nie-Nederlandse gebruike daarvan, se herkoms kan egter teruggetrek word na kontak tussen die Maleis-Portugese slawe en koloniste (sien Raidt, 1976:75; Ponelis, 1993:275-276; Scholtz, 1980:93; Den Besten, 2000/2012). Die gebruik van indirekte voorwerpe gerealiseer deur voorsetselstukke, is baie prominent in die 18de eeu se taalgebruik van koloniste. Hoewel *vir*, in sy argaïese vorms *fer*, *ver* en *voor*, nie besonder baie gebruik is deur die koloniste nie, was die gebruik daarvan wel frekvent by slawe. In die 19de eeu het toenemende kontak tussen die voormalige slawe en koloniste gelei tot wedersydse beïnvloeding en uiteindelik die vestiging van *vir* in die Afrikaanse omgangs- en latere skryftaal (Ponelis, 1993:274; Den Besten, 2000/2012:331-332).

In die korpus het die totale gebruik van *vir* by tye gefluktueer met ’n paar interessante tendense. **Figuur 4.1** bied ’n uiteensetting van die hoeveelheid gebruiksinstansies van *vir* in elke afdeling van die korpus.



Figuur 4.1: Die totale gebruiksinstanties van "vir" oor die korpus heen (insluitende die vormvariante "ver" en "voor" by 1911-1920)

In die korpusdata het die gebruik van *vir* in Afrikaans aanvanklik beduidend in gebruik afgeneem tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus, gevolg deur 'n geleidelike en beduidende toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus¹⁷. Hierdie gebruiksinstanties verteenwoordig die voorsetsel *vir* se gebruik saam met 'n verskeidenheid van prosesse, vir 'n verskeidenheid van verskillende sintaktiese funksies.

4.5.1.2 *Vir saam met prosesse*

In Afrikaans word *vir* gebruik saam met 'n verskeidenheid van prosesse, oftewel werkwoordtipes, insluitende konkrete, kommunikasie-, mentale en statiewe prosesse. **Tabel 4.3** gee 'n aanduiding van die verspreiding van die gebruik van *vir* saam met die verskillende prosesse. Hoewel die steekproewe 'n verteenwoordigende blik op die gebruik van *vir* gee, is dit egter nie proporsioneel tot die totale gebruiksinstanties van *vir* nie. In **Tabel 4.3** word die hoeveelheid gebruiksinstanties van *vir* saam met elke tipe proses gevolglik uiteengesit aan die hand van: (i) die hoeveelheid gebruiksinstanties in die steekproewe van 500; en (ii) die geëkstrapoleerde totale gebruiksinstanties van *vir* saam met verskillende prosesse ten einde die tendense in die data beter te illustreer.

¹⁷ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die afname in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 35.59; en vir die toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 67.54.

Tabel 4.3: Die gebruik van “vir” saam met verskillende prosesse

Proses	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Konkrete Proses	288 / 500	270 / 500	275 / 500	294 / 500
	± 1121 in totaal	± 942 in totaal	± 1109 in totaal	± 1325 in totaal
Kommunikasieproses	33 / 500	28 / 500	42 / 500	39 / 500
	± 128 in totaal	± 98 in totaal	± 169 in totaal	± 175 in totaal
Mentale Proses	27 / 500	19 / 500	18 / 500	13 / 500
	± 105 in totaal	± 66 in totaal	± 73 in totaal	± 58 in totaal
Statiewe Proses	152 / 500	183 / 500	165 / 500	154 / 500
	± 592 in totaal	± 639 in totaal	± 665 in totaal	± 692 in totaal

Die gebruiksinstanties gerapporteer in **Tabel 4.3** beklemtoon dat die voorsetsel *vir* proporsioneel die meeste saam met konkrete en statiewe prosesse voorkom. Die gebruik van *vir* saam met konkrete prosesse toon oor die algemeen 'n soortgelyke patroon as die totale gebruik van *vir* oor die verskillende periodes van die korpus heen. Daar is aanvanklik 'n beduidende afname in die gebruik van *vir* saam met konkrete prosesse tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus, waarna dit weer geleidelik in gebruik toeneem tussen Afdeling 2 en Afdeling 4¹⁸. Die gebruik van *vir* saam met statiewe prosesse, hoewel dit die tweede mees algemene proses is wat saam met *vir* gebruik word, is relatief stabiel en toon geen tekens van betekenisvolle verandering nie. Daar is meer variasie by die minder frekwente gebruike van *vir* saam met kommunikasie- en mentale prosesse.

Soortgelyk aan die gebruik van *vir* saam met konkrete prosesse, toon die gebruik van *vir* saam met kommunikasieprosesse 'n eenderse patroon as die totale gebruiksinstanties van *vir*. Die gebruik van *vir* saam met kommunikasieprosesse neem aanvanklik beduidend af tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus, waarna dit weer beduidend en geleidelik in gebruik toeneem tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus¹⁹. In Afrikaans word *vir* die minste gebruik saam met mentale prosesse. *Vir* is aanvanklik in Afdeling 1 van die korpus meer algemeen gebruik saam met mentale prosesse as later aan in die korpus. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n beduidende afname in die gebruik van *vir* saam met mentale prosesse²⁰. Sedertdien is die gebruik van *vir* by mentale prosesse relatief stabiel met geen tekens van betekenisvolle verandering in enige rigting nie.

4.5.1.3 *Vir saam met verskillende sinsrolle*

In elk van die bostaande prosesse word die voorsetsel *vir* gebruik vir 'n verskeidenheid van spesialiteitsrolle wat die prototipiese en mees algemene gebruike van *vir* in Afrikaans

¹⁸ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die afname in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 32.9; en vir die toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 68.26.

¹⁹ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die afname in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 6.72; en vir die toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 3 is 30.18.

²⁰ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die afname in gebruik tussen 1911 en 1950 is 12.32.

illustreer. Die mees algemene gebruike van *vir* is opgesluit in die gebruik van *vir* saam met konkrete, kommunikasie- en statiewe prosesse. Die eerste proses aan bod is konkrete prosesse.

4.5.1.3.1 Prototipiese en algemene gebruike saam met konkrete prosesse

Die voorsetsel *vir* word saam met konkrete prosesse gebruik as deel van die akteur, doel, begunstigde, instrument en as adjunkte. Hierdie argument- of sinsrolle verteenwoordig tot 'n meerdere en mindere mate spesifieke spesialiteitsrolle, oftewel prototipiese gebruike, waarvoor die voorsetselstukke met *vir* in konstruksies aangewend word. **Tabel 4.4** bied 'n uiteensetting van die verskillende gebruike van *vir* saam met konkrete prosesse.

Tabel 4.4: Argument- en sinsrolle van “vir” saam met konkrete prosesse

Argument- of sinsrolle	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Akteur	1 / 500	5 / 500	8 / 500	6 / 500
	± 4 in totaal	± 17 in totaal	± 32 in totaal	± 27 in totaal
Doel	40 / 500	44 / 500	36 / 500	47 / 500
	± 156 in totaal	± 154 in totaal	± 145 in totaal	± 211 in totaal
Begunstigde	117 / 500	100 / 500	109 / 500	110 / 500
	± 455 in totaal	± 349 in totaal	± 439 in totaal	± 494 in totaal
Instrument	0 / 500	1 / 500	0 / 500	0 / 500
	± 0 in totaal	± 3 in totaal	± 0 in totaal	± 0 in totaal
Adjunk	130 / 500	120 / 500	122 / 500	131 / 500
	± 506 in totaal	± 419 in totaal	± 492 in totaal	± 588 in totaal

Vir word die minste gebruik in die argumentrolle akteur en instrument. Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van *vir* as deel van die akteur of instrument (onderstreep):

- [4.33] Pryse vir wol het op verlede week se veiling in Oos-Londen 'n geringe verbetering getoon. (1971-1980, Verslaggewing) – Akteur
- [4.34] Dié kerk se taakspan vir leer en aktuele sake (Atlas) gaan oor die tradisioneel ononderhandelbare siening t.o.v. saamwoon herbesin. (2001-2010, Religieus) – Akteur
- [4.35] Ter verbetering van hierdie onbevredigende toestande het Muir voorsiening gemaak vir die behoorlike professionele opleiding van alle onderwysers deur die instelling van vakansiekursusse vir agerende onderwysers ... (1941-1950, Geesteswetenskappe) – Instrument

Voorsetselstukke met *vir* as deel van die akteur of instrument is, soos geïllustreer in die voorbeelde, 'n bepaling wat deel vorm van 'n groter naamwoord- of voorsetselstuk – die voorsetsel lei dus nie op sigself die argumentrol in nie. Daar is egter geen noemenswaardige verandering in die gebruik van *vir* as deel van die akteur of instrument nie.

Die doel verteenwoordig die derde mees algemene gebruik van *vir* saam met konkrete prosesse. Saam met konkrete prosesse word voorsetselstukke met *vir* grotendeels as deel

van die doel gebruik in die vorm van voorsetselvoorwerpe, wederkerende voorwerpe en bepalinge. Die volgende voorbeelde illustreer tipiese gebruiksinstanties van *vir* as deel van die doel (onderstreep):

- [4.36] Ons offisiere sorg darem sleg vir ons mense ... (1941-1950, Fiksie) – Voorsetselvoorwerp
- [4.37] Blijhartig werp ons vir ons op die vleuels van die gedagtes ... (1911-1920, Geesteswetenskappe) – Wederkerende voorwerp
- [4.38] ... mnr. Leon Malan daarop gewys dat Suid-Afrika se grootste aanloklikhede vir die buitelanders, sy oop ruimtes, dierelewe en tradisionele Bantoelewe, deur oor-eksploitasie vernietig kan word. (2001-2010, Informatief) – Bepaling

By voorsetselvoorwerpe en wederkerende voorwerpe word *vir* gebruik om, soos aangetoon in die voorbeelde, soms direk die doel in te lei in 'n konstruksie. Die gebruik van *vir* as deel van die doel is relatief stabiel tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus, hoewel dit sedertdien beduidendheid aan die toeneem is in die korpus²¹.

Dit is opvallend dat totale konseptueel verwante gebruike van *vir* as deel van die tradisionele direkte voorwerp (doel, uitspraak en verskynsel) saam met al die dinamiese prosesse 'n soortgelyke veranderingspatroon oor die korpus heen toon as die totale voorsetselgebruik van *vir*. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n beduidende afname in die totale gebruik van *vir* saam met die direkte voorwerp in die konseptueel verwante argumentrolle saam met al die verskillende prosesse²². Die afname word gevolg deur 'n geleidelike en beduidende toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus²³. Die minder beduidende veranderinge by die gebruik van *vir* as deel van die doel word dus versterk deur die konseptueel verwante gebruike saam met mentale en kommunikasieprosesse.

Een van die twee algemeenste gebruike van *vir* by konkrete prosesse is die gebruik van voorsetselstukke met *vir* om begunstigdes, oftewel die indirekte voorwerp, in te lei. Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van voorsetselstukke met *vir* as deel van begunstigdes (onderstreep) saam met konkrete prosesse:

²¹ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die variasie in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 is 1.22 (onbeduidend); en vir die toename in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 is 9.22.

²² Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die afname in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 7.09.

²³ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 6.71.

- [4.39] Vir hoofkommandant Pretorius het die berig op 'n enigszins ongeleë tydstip gekom. (1941-1950, Informatief)
- [4.40] ... nou wil ek vir haar biltong stuur ... (1911-1920, Persoonlike Briewe)
- [4.41] dat 'n nuwe 250 kVa transformator vir die ontwikkeling aangekoop word. (2001-2010, Formele Brief)

Die gebruik van *vir* as deel van 'n begunstigde verleen sigself daartoe om met behulp van kognitiewe grammatika die prototipe deur middel van 'n diagrammatiese voorstelling te illustreer en verduidelik. **Diagram 4.1** illustreer die prototipiese gebruik van *vir* saam met begunstigdes aan die hand van voorbeeld [4.40].




Diagram 4.1: Diagrammatiese voorstelling van "vir" saam met 'n begunstigde (aangepas uit Langacker, 2009:254)

In die diagram word 'n konkrete proses geïllustreer waar die akteur (X) in die verloop van die proses (T) vir 'n begunstigde (Y) die doel (Z) gee. In die geval van voorbeeld [4.40] is "ek" die akteur (X), "vir haar" die begunstigde (Y) en "biltong" die doel (Z). Die dubbelskagpyl tussen die akteur en die doel beklemtoon dat die proses primêr fokus op die akteur en die doel as die primêre argumentrolle by konkrete prosesse. Die akteur verteenwoordig die trajektor, dus die primêre fokusdeelnemer in die proses, terwyl die doel die landmerk, dus die sekondêre fokuspunt in die proses, verteenwoordig. Die handeling, oftewel transaksie, tussen die akteur en die begunstigde is interaktief (aangedui deur die tweekantige pyl tussen X en Y) aangesien die doel vanuit die domein van die akteur (A) na die domein van die begunstigde (B) verskuif. Die dik pyl tussen die doel in die domein van die akteur en die doel in die domein van die begunstigde verteenwoordig die rigting waarin die handeling plaasvind. Die drie pyle, wat voortspruit uit die begunstigde (Y), verteenwoordig (van links na regs) dat die begunstigde die doel sien aankom, in besit neem en in sy/haar eie domein manipuleer. Hierdie diagrammatiese voorstelling verteenwoordig die prototipe waarteen alle

gebruike van *vir* om begunstigdes in te lei oor verskeie prosesse gerealiseer word deur taalgebruikers.

Die gebruik van *vir* as deel van begunstigdes toon duidelike verandering in gebruik. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n beduidende afname in die gebruik van *vir* as deel van begunstigdes, gevolg deur 'n beduidende toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4²⁴. 'n Soortgelyke patroon word ook aangetref by die gebruik van voorsetselstukke met *vir* as adjunkte saam met konkrete prosesse.

Die gebruik van *vir* as deel van adjunkte verteenwoordig die mees algemene gebruik van *vir* saam met konkrete prosesse. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n beduidende afname in die adjunk-gebruik van *vir*, waarna dit weer geleidelik en beduidend in gebruik toeneem tussen Afdeling 2 en Afdeling 4²⁵. *Vir* word gebruik om 'n verskeidenheid van adjunkte uit te druk, insluitende: omvang, lokatief, oorsaak, ensovoorts. Die adjunkgebruike van *vir* word verteenwoordig saam met al die prosesse waarin *vir* gebruik word en gevolglik word daar later meer genuanseerd gekyk na die prototipiese adjunkgebruike van *vir* saam met al die verskillende prosesse.

Die mees algemene gebruike van *vir* saam met konkrete prosesse is dus om begunstigdes in te lei en as deel van adjunkte. Die hoë gebruiksfrekwensie van die prototipiese gebruike is 'n teken van die graad van vestiging van hierdie gebruiksinstanties in die taalgemeenskap. Die twee algemene gebruike toon meer beduidende verandering in gebruik juis omrede hulle markantheid in die taalgemeenskap hoër is. 'n Ander dinamiese proses waarin 'n belangrike gebruik van *vir* aangetref word, is kommunikasieprosesse.

4.5.1.3.2 Algemene gebruike saam met kommunikasieprosesse

Die voorsetsel *vir* word saam met kommunikasieprosesse gebruik in 'n verskeidenheid van argument- en sinsrolle. Die mees markante gebruik van voorsetselstukke met *vir* saam met kommunikasieprosesse is, soortgelyk aan konkrete prosesse, om begunstigdes in te lei.

Tabel 4.5 illustreer die verskillende gebruike van *vir* saam met kommunikasieprosesse.

²⁴ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die afname in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 26.36; en vir die toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 29.96.

²⁵ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die afname in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 16.51; en vir die toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 30.37.

Tabel 4.5: Argument- en sinsrolle van “vir” saam met kommunikasieprosesse

Argument- of sinsrolle	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Spreker	0 / 500	0 / 500	0 / 500	1 / 500
	± 0 in totaal	± 0 in totaal	± 0 in totaal	± 4 in totaal
Uitspraak	6 / 500	2 / 500	3 / 500	3 / 500
	± 23 in totaal	± 3 in totaal	± 3 in totaal	± 2 in totaal
Begunstigde	26 / 500	23 / 500	37 / 500	34 / 500
	± 101 in totaal	± 80 in totaal	± 149 in totaal	± 153 in totaal
Teiken	0 / 500	0 / 500	0 / 500	0 / 500
	± 0 in totaal	± 0 in totaal	± 0 in totaal	± 0 in totaal
Adjunk	1 / 500	3 / 500	2 / 500	1 / 500
	± 4 in totaal	± 10 in totaal	± 8 in totaal	± 4 in totaal

By kommunikasieprosesse verteenwoordig die begunstigde (onderstreep), oftewel die indirekte voorwerp, die aangesprokene in 'n kommunikatiewe handeling:

[4.42] My gewete het my gedryf ek moet dit vir jou sê, anders kan ek nie lewe nie ... (1941-1950, Fiksie)

[4.43] Ek het natuurlik vir haar vertel dat ek haar die hele dag gesoek het. (1971-1980, Brief)

[4.44] ... half kop onderstebo, asof hulle askies vir die wêreld vra. (2001-2010, Fiksie)

Aangesien begunstigdes saam met konkrete en kommunikasieprosesse konseptueel verwant is, lyk die diagrammatiese voorstelling van dié gebruik van *vir* saam met kommunikasieprosesse dieselfde as die diagrammatiese voorstelling van *vir* saam met konkrete prosesse in **Diagram 4.1**. Die enigste verskil tussen die diagrammatiese voorstellings lê in die interpretasie daarvan. In die konteks van kommunikasieprosesse, soos in die geval van voorbeeld [4.42], tree die spreker (X) in die verloop van die proses (T) in gesprek met 'n begunstigde (Y) wat 'n boodskap, oftewel die uitspraak (Z), ontvang. Die proses fokus primêr op die spreker en die uitspraak as die primêre argumentrolle by kommunikasieprosesse. Die spreker verteenwoordig die trajektor, dus die primêre fokusdeelnemer in die proses, terwyl die uitspraak die landmerk, dus die sekondêre fokuspunt in die proses, verteenwoordig.

In die korpusdata het die gebruik van *vir* as deel van begunstigdes saam met kommunikasieprosesse afgeneem in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus. Hoewel die afname nie besonder beduidend is nie, is die toename in gebruik sedertdien wel²⁶. Tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus is daar 'n duidelike en beduidende

²⁶ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die afname in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 4.38 (lae beduidendheid); en vir die toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 29.55.

toename in die gebruik van *vir* as deel van begunstigdes saam met kommunikasie prosesse, soortgelyk aan die gebruik van *vir* as deel van begunstigdes saam met konkrete prosesse.

Indien die gebruike van *vir* as deel van die begunstigde saam met konkrete en kommunikasieprosesse saamgetel word, word die algehele afname in gebruik van *vir* as deel van begunstigdes tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus versterk, asook die algehele toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus. Die beduidendheid, soos uitgedruk deur die kritiese waarde, van die veranderinge is hoër vir die gesamentlike begunstigde-gebruike as vir die afsonderlike begunstigde-gebruike van *vir* saam met konkrete en kommunikasieprosesse. Die kritiese waarde vir die beduidendheid van die afname in die gesamentlike begunstigde-gebruike van *vir* tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus, is 27.99 (hoë beduidendheid). Die toename in die kritiese waarde vir die beduidendheid van die toename in die gesamentlike begunstigde-gebruike van *vir* tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus, is 49.83 (hoë beduidendheid). Die konseptuele verwantskappe tussen die gebruik van *vir* as deel van die begunstigde saam met konkrete en kommunikasieprosesse, het dus moontlik gelei tot die vestiging en versterking van dié prototipiese gebruik in die taalgemeenskap.

’n Laaste algemene gebruik van *vir* word aangetref by die gebruik daarvan saam met statiewe prosesse.

4.5.1.3.3 Algemene gebruike saam met statiewe prosesse

Saam met statiewe prosesse word *vir* gebruik as deel van die onderwerp, predikaat en as adjunkte. **Tabel 4.6** bied ’n uiteensetting van die verspreiding van *vir* saam met statiewe prosesse.

Tabel 4.6: Argument- en sinsrolle van “*vir*” saam met statiewe prosesse

Argument- of sinsrolle	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Onderwerp	3 / 500	4 / 500	11 / 500	8 / 500
	± 12 in totaal	± 14 in totaal	± 44 in totaal	± 36 in totaal
Predikaat	17 / 500	13 / 500	23 / 500	19 / 500
	± 66 in totaal	± 45 in totaal	± 93 in totaal	± 85 in totaal
Adjunk	132 / 500	166 / 500	131 / 500	127 / 500
	± 514 in totaal	± 579 in totaal	± 528 in totaal	± 570 in totaal

By statiewe prosesse word voorsetselstukke met *vir* die minste as deel van die onderwerp en predikaat in nie-handelende konstruksies gebruik. Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van *vir* as deel van die onderwerp en predikaat (onderstreep):


- [4.45] Die volksnaam brandlelie vir die *Cyrtanthus ventricosus* is 'n baie gepaste benaming. (1971-1980, Verslaggewing) – Onderwerp
- [4.46] ... die belangstelling vir die Sending (gemeet aan die getal wat op my versoek agtergebly het na afloop van die algemene vergadering) is pragtig. (1941-1950, Persoonlike Brief) – Onderwerp
- [4.47] Dit sal vir almal se beswil wees ... (2001-2010, Fiksie) – Predikaat
- [4.48] Maar mij plaas is mos biesonder geskik ver die of daardie soort van boerderij. (1911-1920, Informatief) – Predikaat

Die gebruik van *vir* as deel van die onderwerp verteenwoordig die kleinste gebruik van *vir* saam met statiewe prosesse. Die gebruik van *vir* saam met hierdie argumentrol is baie wisselvallig. Dit het tussen Afdeling 2 en 3 van die korpus begin toeneem in gebruik, gevolg deur 'n afname in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus. As deel van die predikaat het *vir* aanvanklik in gebruik afgeneem tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus, waarna dit in Afdeling 2 en Afdeling 3 weer geleidelik in gebruik begin toegeneem het.

Die adjunk-gebruike van *vir* verteenwoordig die mees algemene gebruik van *vir* saam met statiewe prosesse. *Vir* word saam met hierdie tipe proses gebruik om 'n verskeidenheid van adjunkte uit te druk, insluitende: omvang, lokatief, oorsaak, ensovoorts. Die adjunk-gebruik van *vir* saam met statiewe prosesse is egter relatief stabiel en toon geen statisties beduidende verandering nie. Daar is wel beduidende veranderinge in die totale adjunk-gebruike van *vir* saam met al die verskillende prosesse.

4.5.1.3.4 Adjunk-gebruike van *vir*

Saam met beide konkrete en statiewe prosesse, die twee mees algemene prosesse waarin voorsetselstukke met *vir* gebruik word, is die adjunk-gebruik van voorsetselstukke met *vir* die markantste. *Vir* word egter nie net gebruik vir hierdie sinsrol saam met konkrete en statiewe prosesse nie, maar ook saam met kommunikasie- en mentale prosesse vir 'n verskeidenheid van funksies. **Figuur 4.2** illustreer die algemene funksies waarvoor voorsetselstukke met *vir* as adjunkte in konstruksies gebruik word.



Figuur 4.2: Die adjunk-gebruik van “vir” (totale benaderde geëkstrapoleerde gebruiksinstanties)

Voorsetselstukke met *vir* word dikwels gebruik om omvang aan te dui. Adjunkte van omvang fokus op beide ruimtelike en temporele inligting wat kan dui op afstand, duur en frekwensie. Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van voorsetselstukke met *vir* as adjunkte wat omvang (onderstreep) uitdruk:

- [4.49] ... hy het onvergenoegd vertrek en vir 'n paar jaar nie weer die Fort besoek nie. (2001-2010, Informatief)
- [4.50] Die uitsakking van vulkaniese as uit die lug kan plantegroei vir kilometers ver van die krater af vernietig ... (1971-1980, Natuurwetenskappe)
- [4.51] dit het my amper net soveel geprikkel as toe ek my werk vir die eerste keer in druk gesien het. (1941-1950, Informatief)

Die gebruik van *vir* as adjunkte van omvang is in die korpus wisselvallig. Dit neem af in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 3 van die korpus, waarna dit weer beduidend in gebruik toeneem tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus. 'n Verdere adjunk-gebruik van voorsetselstukke met *vir*, met 'n fokus op ruimtelike en temporele inligting, is lokatiewe adjunkte.

By lokatiewe adjunkte word voorsetselstukke gebruik om tyd of plek aan te dui. Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van lokatiewe adjunkte (onderstreep) met *vir*:

- [4.52] 'n Bietjie swaarkry in die begin moes ook sy vrou regmaak vir die toekoms ... (1941-1950, Fiksie)
- [4.53] Sy het haar trane toe gebêre vir die aand ... (1941-1950, Fiksie)
- [4.54] By Ventersdorp was die hoogste totale neerslag vir een jaar 590mm in 2000 met 'n laagste jaarlikse totaal van 115mm gemeet vir 2001. (2001-2010, Natuurwetenskappe)

Soos die bogenoemde voorbeelde illustreer, word voorsetselstukke met *vir* hoofsaaklik by lokatiewe adjunkte gebruik om tyd en nie plek nie aan te dui. Die gebruik van lokatiewe adjunkte met *vir* neem sedert Afdeling 1 tot Afdeling 4 van die korpus geleidelik en beduidend toe in gebruik²⁷.

Die mees algemene adjunk-gebruik van *vir* is om adjunkte van oorsaak uit te druk. Voorsetselstukke met *vir* wat gebruik word as adjunkte van oorsaak kan gebruik word om rede, doel en ontwil aan te dui:

- [4.55] ... om die koerante vir nuus uit Suid-Afrika in die vriendelike leeskamer met sy eie ingang te gaan deursnuffel. (2001-2010, Biografies)
- [4.56] Hiermee word vir algemene inligting bekend gemaak dat die Munisipale Raad van Lindley aansoek gedoen het ... (1971-1980, Verslaggewing)
- [4.57] Die Eerw. Kerkraad van die N.G. Kerk, Goodwood, het reeds 'n geskikte stuk grond vir hierdie doel afgestaan. (1941-1950, Verslaggewing)
- [4.58] En hier in ons eie land, waar ons die reg en die mag het om, naar ons eie willekeur, ons eie paaie reg of krom te maak vir die voorsiening van ons eie behoeftes ... (1911-1920, Geesteswetenskappe)
- [4.59] ... dit gaan oor 'n mens wat vir God van die grootste belang is. (2001-2010, Persoonlike Brief)
- [4.60] Wat die skobbejak gebruik, is die skim van vaderlandsliefde; vir hom is patriotisme 'n dekmantel, net soos liefdadigheid vir sommige van ons en vroomheid en godsvrug vir ander is. (1911-1920, Informatief)

²⁷ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 17.24.

Hierdie protipiese gebruike kan aan die hand van 'n diagrammatiese voorstelling uit kognitiewe grammatika voorgestel word (**Diagram 4.2**).




Diagram 4.2: Diagrammatiese voorstelling van adjunkte van oorsaak.

In die diagram word 'n proses voorgestel waarin *vir* gebruik word as deel van 'n adjunk van oorsaak, geïllustreer aan die hand van voorbeeld [4.55]. In die geval van voorbeeld [4.55], illustreer die diagram 'n konkrete proses, waar die akteur (X) in die verloop van tyd (T) 'n handeling op die doel (Z) verrig. Die akteur verteenwoordig die trajektor, dus die primêre fokusdeelnemer in die proses, terwyl die doel die landmerk, dus die sekondêre fokuspunt in die proses, verteenwoordig. Die adjunk van oorsaak (A), met al die verskillende moontlike subafdelings daarvan, word aangedui as 'n kombinasie van konseptuele veranderlikes in 'n konseptuele domein wat, in voorbeeld [4.55], aanleiding gee tot die akteur (X) se besluit om “die koerante”, oftewel die doel (Z), “te gaan deursnuffel”. Voorbeeld [4.55] illustreer duidelik hoekom dit nie nuttig is om klinies onderskeid te tref tussen die meer genuanseerde gebruike van die verskillende adjunkte in die voorstellingsfunksie nie. Die adjunk van oorsaak in voorbeeld [4.55] kan as beide rede (R) en doel (D) beskou word. In nie-handelende statiewe prosesse, soos in die geval van voorbeeld [4.60], waar *vir* gebruik word as 'n adjunk van oorsaak, is die trajektor die onderwerp (X) en die landmerk die predikaat (Z). Waar adjunkte van oorsaak in handelende dinamiese prosesse, soos konkrete prosesse, aanleiding gee tot die proses of die trajektor motiveer om die handeling te verrig, dui dit in statiewe prosesse op die rede of doel waarvoor 'n identifiserende of beskrywende verhouding tussen die trajektor of landmerk uitgedruk word. Dit kan ook in statiewe prosesse gebruik word om ontwil uit te druk, byvoorbeeld “vir hom”, “vir sommige van ons” en “vir ander” in voorbeeld [4.60], waar dit meer inligting verskaf rondom wie die identifiserende of beskrywende verhouding konseptualiseer.

Die gebruik van *vir* as adjunkte van oorsaak is sedert Afdeling 2 van die korpus stadig aan die toeneem. Vanuit die data is dit duidelik dat daar 'n geringe, onbeduidende afname in die gebruik van *vir* as adjunkte van oorsaak was tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus. Tussen Afdeling 2 en Afdeling 3 van die korpus het hierdie spesifieke Adjunk-gebruik van *vir* beduidend begin toeneem²⁸.

Voorsetselstukke met *vir* word ook gebruik as deel van ander tipes adjunkte. Hierdie adjunkte sluit in wyse, gebeurlikheid, bykomstigheid, rol, ensovoorts. Voorsetselstukke met *vir* is egter in die meeste van hierdie gevalle deel van groter voorsetselstukke, byvoorbeeld: "Een spesiale lisensie om enige soorte groot wild te skiet moet verkry word van die goewerment buiten die lisensie ver die skiet van koninklik wild" (1911-1920, Informatief). Die gebruik van *vir* as deel van ander adjunkte is laag en relatief stabiel.

4.5.1.3.3 Die verskillende gebruike van *vir* saamgevat

In Afrikaans word voorsetselstukke met *vir* oor die algemeen meestal gebruik saam met konkrete, kommunikasie- en statiewe prosesse. Beide konkrete en kommunikasieprosesse het aanvanklik in gebruik afgeneem tussen Afdeling 1 en 2 van die korpus, waarna dit weer geleidelik in gebruik toegeneem het. Die totale gesamentlike gebruikinstansies van *vir* as deel van begunstigdes in beide konkrete en kommunikasieprosesse verteenwoordig 'n baie prototipiese gebruik van *vir*. Hierdie argumentrol het ook aanvanklik in gebruik afgeneem, waarna dit weer geleidelik en beduidend in gebruik toegeneem het. Aangesien die voorsetsel *vir* baie prototipies gebruik word om begunstigdes uit te druk, is dit moontlik dat die prototipiese gebruik 'n kettingreaksie kon veroorsaak wat uiteindelik kon lei tot verandering in die totale voorsetselgebruik van *vir*²⁹. Die totale voorsetselgebruik van *vir* is aan die toeneem tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus en verskeie ander algemene gebruike van *vir* toon ook 'n soortgelyke patroon.

Voorsetselstukke met *vir* word ook prototipies gebruik as adjunkte saam met al die verskillende prosesse. Saam met statiewe prosesse is die mees prototipiese gebruik van *vir* as deel van adjunkte. Die mees markante adjunk-gebruike van *vir* in die verskillende prosesse in die voorstellingsfunksie is as adjunkte van oorsaak. Sedert Afdeling 2 van die korpus is die gebruik van *vir* saam met adjunkte van oorsaak aan die toeneem.

Ander argument- of sinsrolle waarin voorsetselstukke met *vir* gebruik word wat beduidende verandering in 'n spesifieke rigting toon, sluit in die doel en lokatiewe adjunkte. Die gebruik

²⁸ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die afname in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 3.45 (onbeduidend); en vir die toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 9.70.

²⁹ Hierdie kwessie word verder aangespreek in die bespreking van die voorsetsel *aan*.

van *vir* saam met ander argument- of sinsrolle, insluitende die akteur, instrument, onderwerp, predikaat en adjunkte van omvang, is meer wisselvallig en toon geen beduidende verandering in 'n spesifieke rigting nie.

4.5.1.4 Die potensiële wedersydse beïnvloeding tussen normatiewe aanbevelings en die veranderende gebruik van *vir*

Die voorsetsel *vir* kom dikwels onder preskriptiviste se aandag sedert preskriptiviste toenemende belangstelling begin toon het in die normering van Afrikaans. Daar is 'n verskeidenheid van aanbevelings wat gemaak word in normatiewe bronne oor die gebruik van *vir*. Slegs 'n paar van hierdie normatiewe aanbevelings is egter vergelykbaar met die veranderende gebruik van *vir* soos waargeneem in die korpusdata. **Tabel 4.7** bied, aan die hand van die kwantitatiewe grammatikografie, 'n uiteensetting van die normatiewe belangstelling in *vir* oor die algemeen en spesifiek die normatiewe aanbevelings wat verband hou met die prototipiese gebruike van *vir*. In **Tabel 4.7** word eerstens verwys na die hoeveelheid bronne wat spesifiek die voorsetsel *vir* vermeld in verhouding tot die totale hoeveelheid bronne in die kwantitatiewe grammatikografie. Voorts word daar spesifiek aangedui hoeveel van die bronne, spesifiek dié wat die voorsetsel *vir* vermeld, aanbevelings maak wat verband hou met spesifieke veranderinge in die korpusdata.

Tabel 4.7: Normatiewe belangstelling in “*vir*”

Normatiewe belangstelling	1891-1920	1921-1950	1951-1980	1981-2010
Vermeld spesifiek <i>vir</i>	1 / 3	6 / 11	8 / 14	9 / 12
Voorkeur vir <i>vir</i> by indirekte voorwerpe	1 / 1	4 / 6	2 / 8	4 / 9
Oorbodig by tydsduur	0 / 1	0 / 6	5 / 8	4 / 9
Afkeur vir die oortollige gebruik van <i>vir</i> as gevolg van Engelse beïnvloeding	0 / 1	0 / 6	7 / 8	5 / 9

Ongeveer die helfte van die normatiewe bronne wat *vir* die kwantitatiewe grammatikografie geraadpleeg is, maak op een of ander stadium vermelding van *vir*. Verskeie van hierdie bronne wat vermelding maak van *vir* toon 'n voorkeur vir die gebruik van *vir* by indirekte voorwerpe. Ten spyte van preskriptiviste se voorkeur vir die gebruik van *vir* by indirekte voorwerpe voor 1950, het die gebruik van *vir* as deel van begunstigdes egter noemenswaardig afgeneem vir dieselfde periode. Sedert die gebruik van *vir* as deel van begunstigdes tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus weer toeneem, het normatiewe bronne, spesifiek sedert 1981, weer belangstelling begin toon in die gebruik van *vir*. Sekere van hierdie bronne het spesifiek begin om taalgebruikers te waarsku teen veral die oortollige gebruik van *vir* oor die algemeen as gevolg van Engelse beïnvloeding, hoewel hulle nie kapsie maak teen die gebruik van *vir* by indirekte voorwerpe nie (byvoorbeeld Van der Merwe, 1970:304; Basson *et al.*, 1968:66; Engelbrecht, 1980:136; Carstens, 2003:60-62).

Van der Merwe (1970:304-305) stel dat *vir* anglisisties gebruik word in byvoorbeeld “vir al wat ek weet” in plaas van “versoer ek weet”, en “hy het vir hulp geskree” in plaas van “hy het om hulp geskree” (sien ook Carstens, 2003:62). Dit word ook oortollig gebruik as gevolg van Engelse beïnvloeding in: “ek sal vir hom slaan” (Van der Merwe, 1970:305), “vra vir” (Engelbrecht, 1980:136; Heimstra, 1980:130; Müller, 2003:270), “hy sien vir my” (Basson *et al.*, 1968:67), “vir die eerste keer op die toneel verskyn” (Combrink & Spies, 1986:172), “dit is vir jou om te sê” (Carstens, 2003:62). Die wyse waarop Heimstra (1980:130) verwys na die bogenoemde anglisistiese gebruike, is opvallend. Hy (Heimstra, 1980:130) beskryf dit as ’n “siekte” waaraan taalgebruikers “ly” en dat “die kwaal al hoe erger” word. Dit is voorts interessant dat Combrink en Spies (1986:171) ses jaar later stel dat die stryd teen sekere anglisistiese gebruike van *vir* verlore lyk.

Verskeie bronne beklemtoon egter die problematiese gebruik van *vir* om tydsduur, dus adjunkte van omvang, uit te druk. Die normatiewe bronne fokus oor die algemeen op die oorbodige gebruik van *vir* by tydsduur as gevolg van Engelse beïnvloeding. Carstens (2003:61) stel onder andere dat die verkeerde gebruik van *vir* saam met tydsduur tot ’n noemenswaardige verskil in betekenis kan lei (sien ook Du Plessis, 1979:188; Van der Merwe, 1970:305; Basson *et al.*, 1968:67; Müller, 2003:270). Een van die normatiewe bronne, Du Plessis (1979:188), vermeld dit “lyk bowendien na ’n dwaling om sonder meer aan te neem dat *vir* + tydsaanduiding ’n anglisisme is”. Toe normatiewe uitsprake oor die gebruik van *vir* saam met tydsaanduiding prominent was tussen 1951 en 1980, het die gebruik van *vir* as deel van adjunkte van omvang in gebruik afgeneem vir die periode 1971-1980. Dus kon die prominensie van die aanbeveling in normatiewe bronne ’n invloed gehad het op die gebruik van *vir* binne die taalgemeenskap. Die gebruik van *vir* as deel van adjunkte van omvang het egter in die daaropvolgende periode weer beduidend toegeneem, ten spyte van toenemende aanbevelings en waarskuwings in normatiewe bronne oor die problematiese gebruik van *vir* saam met tydsduur. Preskriptiewe uitsprake met betrekking tot die gebruik van *vir* saam met tydsduur het dus nie daarin geslaag om ’n blywende invloed op taalverandering te kon uitoefen nie.

Daar is ’n verskeidenheid van ander aanbevelings wat normatiewe bronne maak oor die gebruik van *vir*. Geen van hierdie aanbevelings hou egter verband met die prototipiese gebruike van *vir* in die korpus nie en hulle kan nie direk vergelyk word met die veranderende gebruik van *vir* aan die hand van die analiseringsbenadering nie.


4.5.2 Die voorsetsel *aan* volgens die voorstellingsfunksie

4.5.2.1 *Inleiding*

Die voorsetsel *aan* is 'n belangrike voorsetsel in hierdie studie vanweë die ooreenkomste wat dit toon met die voorsetsel *vir* in terme van prototipiese gebruike. *Aan* het nog nie soveel aandag geniet in navorsing oor voorsetsels nie.

Die navorsing wat gedoen is of bestaande literatuur oor die gebruik van die voorsetsel, fokus nie noodwendig op die voorsetsel self nie, maar eerder op die gebruik van die voorsetsel in Afrikaanse progressiewe konstruksies (sien Ponelis, 1979:224-225; Kempen, 1984:153-154; Breed, 2012). Daar is egter nog geen diachroniese studies gedoen oor die veranderende gebruik van *aan* nie. Raidt (1976:76-78) se diachroniese studie oor die herkoms van voorwerpskonstruksies met *vir* is die enigste diachroniese tipe studie gevind wat melding maak van *aan*. In die artikel spekuleer Raidt (1976:77-79) dat voorsetselkonstruksies met *aan* heel moontlik die voorganger vir voorwerpskonstruksies met *vir* kon wees en dat 'n afname in die gebruik van *aan* die toename in *vir*-konstruksies kan verklaar. Aangesien daar nog nie korttermyn-diachroniese vergelykende korpuslinguistiesemetodes beskikbaar was in die tyd toe die navorsing gepubliseer is nie, was dit nie moontlik om hierdie aanname met redelike sekerheid te toets nie. Die voorsetsel *aan* het egter oor die afgelope eeu tekens van verandering getoon wat met behulp van *vir* verklaar kan word.

Figuur 4.3 bied 'n uiteensetting van die totale gebruiksinstanties van *aan* in die korpus, tesame met die totale gebruik van *aan* as deeltjies by deeltjewerkwoorde oor die korpus heen. Omrede die deeltjie gebruike van voorsetsels, soos *aan*, ten nouste verbind is met die werkwoord, dus die proses self, is dit nie moontlik om die voorsetselstukke wat as deeltjies optree vanuit die voorstellingsfunksie in terme van 'n funksie (argument- of sinsrol) te analiseer nie. Gevolglik word alle deeltjiegebruike, waar van toepassing, verwyder vanuit die steekproewe vir analise.



Figuur 4.3: Die totale voorsetsel- en deeltjiegebruike van “aan”

Vanuit die korpusdata is dit duidelik dat daar ’n duidelike tendens is met betrekking tot die gebruik van *aan*. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar ’n beduidende toename in die gebruik van *aan* oor die algemeen. Die toenemende gebruik van *aan* in Afdeling 2 van die korpus was egter nie vir baie lank stabiel nie aangesien *aan* in gebruik geleidelik en beduidend afgeneem het tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus³⁰. Op grond van die korpusdata wil dit voorkom asof die gebruik van *aan* oor die algemeen aan die afneem is. Hierdie patroon word ook waargeneem in die gebruik van *aan* saam met verskeie prosesse, vernameelik konkrete prosesse.

4.5.2.2 *Aan saam met prosesse*

In Afrikaans word voorsetselstukke met *aan* gebruik saam met al die verskillende soorte prosesse in die voorstellingsfunksie; hierdie prosesse, oftewel werkwoordtipes, sluit in: konkrete, kommunikasie-, mentale en statiewe prosesse. **Tabel 4.8** bied ’n uiteensetting van die verspreiding van die gebruik van *aan* saam met die verskillende prosesse.

³⁰ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 16.57; en vir die afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 21.10.

Tabel 4.8: Die gebruik van “aan” saam met verskillende prosesse

Proses	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Konkrete Proses	290 / 500	332 / 500	297 / 500	314 / 500
	± 658 in totaal	± 955 in totaal	± 785 in totaal	± 752 in totaal
Kommunikasieproses	41 / 500	35 / 500	50 / 500	46 / 500
	± 93 in totaal	± 104 in totaal	± 132 in totaal	± 110 in totaal
Mentale Proses	52 / 500	39 / 500	50 / 500	37 / 500
	± 118 in totaal	± 113 in totaal	± 132 in totaal	± 89 in totaal
Statiewe Proses	117 / 500	94 / 500	103 / 500	103 / 500
	± 266 in totaal	± 271 in totaal	± 272 in totaal	± 247 in totaal

Vanuit **Tabel 4.8** is dit duidelik dat *aan*, soortgelyk aan *vir*, proporsioneel die meeste voorkom saam met konkrete prosesse, gevolg deur statiewe prosesse wat die tweede grootste gebruik verteenwoordig, in vergelyking met mentale en kommunikasieprosesse. Die gebruik van *aan* saam met konkrete prosesse toon 'n soortgelyke gebruikspatroon as die verspreiding van *aan* oor die verskillende Afdelings van die korpus. Daar is aanvanklik 'n beduidende toename in die gebruik van *aan* saam met konkrete prosesse tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus, waarna dit weer geleidelik en beduidend in gebruik afneem in Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus³¹. Die gebruik van *aan* saam met statiewe prosesse, hoewel dit die tweede mees algemene proses is saam met *aan*, is relatief stabiel en toon geen beduidende verandering in enige rigting nie. Daar is weereens, soortgelyk aan *vir*, meer variasie by die minder frekwente gebruike van *aan* saam met mentale en kommunikasieprosesse as saam met statiewe prosesse.

Dit is opvallend dat die gemiddelde gebruik van *aan* saam met mentale en kommunikasieprosesse aansienlik hoër is as die gemiddelde gebruik van al vyf die voorsetsels in hierdie studie saam met beide prosesse (sien **Addendum B** vir gemiddelde). Hierdie prosesse word ook heelwat meer gebruik saam met *aan* as wat dit gebruik word saam met *vir*. Die veranderinge gekoppel aan hierdie prosesse het dus moontlik belangrike implikasies vir die prototipiese en mees algemene gebruike van *aan*. Tussen Afdeling 1 en 2 van die korpus is daar 'n geringe toename in die gebruik van *aan* saam met kommunikasieprosesse. Hierna is die gebruik van *aan* saam met kommunikasieprosesse in Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus relatief stabiel met geen beduidende verandering in enige rigting nie. Die gebruik van *aan* saam met mentale prosesse is tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus relatief stabiel, met geen beduidende verandering in enige rigting nie, hoewel dit in Afdeling 4 van die korpus wel 'n afname in die gebruik toon.

³¹ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 34.05; en vir die afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 25.78.

4.5.2.3 Aan in verskillende sinsrolle

Saam met elk van die onderskeie prosesse in die voorstellingsfunksie word die voorsetsel *aan* gebruik vir 'n verskeidenheid van spesialiteitsrolle wat die mees algemene gebruike van *aan* in Afrikaans illustreer. Die mees prototipiese en algemene gebruike van *aan* word aangetref in die gebruik daarvan saam met konkrete prosesse

4.5.2.3.1 Algemene gebruike saam met konkrete prosesse

Die voorsetsel *aan* word saam met konkrete prosesse gebruik as deel van die akteur, doel, begunstigde, instrument en as adjunkte. Hierdie argument- of sinsrolle verteenwoordig tot 'n meerdere en mindere mate spesifieke spesialiteitsrolle en meer algemene gebruike, waarvoor die voorsetselstukke met *aan* in konstruksies aangewend word. **Tabel 4.9** illustreer die verskillende gebruike van *aan* saam met konkrete prosesse.

Tabel 4.9: Argument- en sinsrolle van “aan” saam met konkrete prosesse

Argument- of sinsrolle	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Akteur	1 / 500	6 / 500	6 / 500	5 / 500
	± 2 in totaal	± 17 in totaal	± 16 in totaal	± 12 in totaal
Doel	74 / 500	71 / 500	110 / 500	75 / 500
	± 168 in totaal	± 205 in totaal	± 291 in totaal	± 180 in totaal
Begunstigde	131 / 500	158 / 500	104 / 500	116 / 500
	± 297 in totaal	± 456 in totaal	± 275 in totaal	± 278 in totaal
Instrument	8 / 500	8 / 500	6 / 500	7 / 500
	± 18 in totaal	± 23 in totaal	± 16 in totaal	± 17 in totaal
Adjunk	76 / 500	88 / 500	71 / 500	111 / 500
	± 173 in totaal	± 254 in totaal	± 188 in totaal	± 266 in totaal

Saam met konkrete prosesse word voorsetselstukke met *aan*, soortgelyk aan *vir*, die minste gebruik as deel van die argumentrolle akteur en instrument (onderstreep):

- [4.61] ... soos die deelname aan verkiesings in die blanke-kiesafdelings in die laaste jare getoon het. (1941-1950, Informatief) – Akteur
- [4.62] en aan die hand van die raadgewing van sy mense regeer. (2001-2010, Geesteswetenskappe) – Instrument (abstrak)

Soos die voorbeelde illustreer, is voorsetselstukke met *aan* as deel van die akteur of instrument, soortgelyk as by *vir*, meestal deel van 'n bepaling wat deel vorm van 'n groter naamwoord- of voorsetselstuk. Buiten die toename in die gebruik van *aan* as deel van die akteur tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus, is die gebruik van *aan* in hierdie twee argumentrolle relatief stabiel met geen beduidende verandering nie.

'n Meer algemene gebruik van voorsetselstukke met *aan* saam met konkrete prosesse is as deel van die doel. Saam met konkrete prosesse word voorsetselstukke met *aan* as deel van die doel gebruik in die vorm van voorsetselvoorwerpe, wederkerende voorwerpe en

bepalings. Die volgende voorbeelde illustreer tipiese gebruiksinstanties van *aan* as deel van die doel (onderstreep):

- [4.63] ... omdat slegs die ronde kant van die pitte aan die hout raak ... (1971-1980, Informatief)
- [4.64] Hy knaag mos aan jou siel ... (2001-2010, Fiksie)
- [4.65] ... van die dag af wat hy aan Kaapstad aangeland had (1911-1920, Fiksie)
- [4.66] ... terwyl hy alleen op 'n miershoop aan die geveg deelneem. (2001-2010, Biografies)

Tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die gebruik van voorsetselstukke met *aan* as deel van die doel. In Afdeling 4 van die korpus het die gebruik van *aan* as deel van die doel egter afgeneem, soortgelyk aan verskeie ander algemene spesialiteitsrolle waarin *aan* gebruik word oor die algemeen³².

Die prototipiese gebruik en sekerlik mees markante gebruik van voorsetselstukke met *aan* saam met konkrete prosesse is om, soortgelyk aan *vir*, begunstigdes in te lei. Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van voorsetselstukke met *aan* om begunstigdes (onderstreep) by konkrete prosesse in te lei:

- [4.67] ... wat ons aan mekaar gee ... (1941-1950, Geesteswetenskappe)
- [4.68] Kerkrade geliewe sonder versuim met hulle Gemeentes hieroor te onderhandel en die resultate aan die tweede ondergetekende te stuur. (1911-1920, Religieus)
- [4.69] Terselfdertyd voorsien die arbeidsbegroting inligting aan die opleidingsdepartement ... (1971-1980, Geesteswetenskappe)
- [4.70] ... wat bemerkers vandag aan Suid-Afrikaanse gesinne toeskryf. (2001-2010, Verslaggewing)
- [4.71] Nadat hy die plaas 'n bietjie meer as 'n jaar in sy besit gehad het, verkoop hy dit weer op 4 Augustus 1841 aan Johannes Hendrik Bruwer. (1971-1980, Biografies)

In hierdie konteks is dit weereens nuttig om die voorsetselgebruik aan die hand van 'n diagrammatiese voorstelling in kognitiewe grammatika voor te stel.

³² Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 is 29.13; en vir die afname in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 is 26.77.




Diagram 4.3: Diagrammatiese voorstelling van "aan" as deel van 'n begunstigde (aangepas uit Langacker, 2009:254)

Diagram 4.3 illustreer 'n beeldskema van die gebruik van *aan* as deel van 'n begunstigde. In die diagram word, soortgelyk aan *vir*, 'n konkrete proses geïllustreer waar die akteur (X) in die verloop van die proses (T) aan 'n begunstigde (Y) die doel (Z) gee. In die geval van voorbeeld [4.71] is "hy" die akteur (X), "aan Johannes Hendrik Bruwer" die begunstigde (Y) en "die plaas" / "dit" die doel (Z). Die akteur verteenwoordig weereens die trajektor, dus die primêre fokusdeelnemer in die proses, terwyl die doel weereens die landmerk, dus die sekondêre fokuspunt in die proses, verteenwoordig. Die handeling, oftewel transaksie, tussen die akteur en die begunstigde is ook weereens interaktief (aangedui deur die tweekantige pyl tussen X en Y) aangesien die doel vanuit die domein van die akteur (A) na die domein van die begunstigde (B) verskuif. Die dik pyl tussen die Doel in die domein van die akteur en die doel in die domein van die begunstigde verteenwoordig die rigting waarin die handeling plaasvind. Die drie pyle, wat voortspruit uit die begunstigde (Y), verteenwoordig (van links na regs) dat die begunstigde, dus "Johannes Hendrik Bruwer", die doel, oftewel "die plaas", sien aankom, in besit neem en in sy / haar eie domein manipuleer.

Daar is duidelik waarneembare verandering in die gebruik van voorsetselstukke met *aan* om begunstigdes saam met konkrete prosesse in te lei. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die gebruik van *aan* as deel van begunstigdes saam met konkrete prosesse. Tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus is daar egter weer 'n noemenswaardige beduidende en geleidelike afname in die gebruik van *aan* as deel van begunstigdes saam met konkrete prosesse³³.

³³ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 22.44; en vir die afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 58.68.

Die laaste algemene gebruik van voorsetselstukke met *aan* saam met konkrete prosesse is as adjunkte. *Aan* word gebruik om 'n verskeidenheid van adjunkte (onderstreep) uit te druk, insluitende, in geen spesifieke volgorde:

adjunkte van omvang,

[4.72] Hy val teen die deur met sy voorvingers tot aan die einde van sy kneukels in sy kop gedruk. (1971-1980, Fiksie)

lokatiewe adjunkte,

[4.73] Koloniste en blanke kolonisasie, potensiële konkurrente, sou onder geen omstandighede aan die Kaap geduld word nie. (1941-1950, Biografies)

[4.74] ... wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word. (2001-2010, Religieus)

adjunkte van gebeurlikheid,

[4.75] Die twee sogenaamde “stafoffisiere” moes, bij gebrek aan iemand anders, die wa (met nou ses muile) behartig ... (1911-1920, Fiksie)

adjunkte van wyse,

[4.76] Ons sal ons demokrasie moet beoordeel aan 'n multidimensionele maatstaf ... (2001-2010, Geesteswetenskappe)

asook verskeie ander. Soos hierdie voorbeelde illustreer, word voorsetselstukke met *aan* op sigself as selfstandige adjunkte gebruik, soos in voorbeelde [4.73], [4.74] en [4.76], of as deel van groter voorsetselstukke wat dien as adjunkte, soos in die geval van voorbeelde [4.72] en [4.75]. Die gebruik van *aan* as deel van adjunkte saam met konkrete prosesse is in die korpus taamlik wisselvallig. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n toename in die gebruik van *aan* as Adjunkte, gevolg deur 'n afname in gebruik vir dieselfde sinsrol tussen Afdeling 2 en Afdeling 3 van die korpus. Daar is dan weer tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus 'n toename in die gebruik van voorsetselstukke met *aan* as deel van Adjunkte saam met Konkrete Prosesse. Hierdie gebruiksinstantie toon dus geen deurlopende verandering in 'n spesifieke rigting nie en dra dus nie noemenswaardig by tot ons begrip van die patroonmatige veranderende gebruik van *aan* oor die algemeen nie. 'n Verdere belangrike prototipiese gebruik van *aan* word aangetref by die gebruik daarvan saam met kommunikasieprosesse.

4.5.2.3.2 Algemene gebruike saam met kommunikasieprosesse

Die voorsetsel *aan* word saam met kommunikasieprosesse gebruik saam met die meeste van die argument- of sinsrolle in die korpus. Aan die hand van **Tabel 4.10** is dit duidelik dat die prototipiese gebruik van *aan* in kommunikasie, soortgelyk aan *vir*, is om begunstigdes in te lei.

Tabel 4.10: Argument- en sinsrolle van “aan” saam met Kommunikasieprosesse

Argument- of sinsrolle	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Spreker	0 / 500	0 / 500	2 / 500	1 / 500
	± 0 in totaal	± 0 in totaal	± 5 in totaal	± 2 in totaal
Uitspraak	1 / 500	1 / 500	1 / 500	1 / 500
	± 2 in totaal	± 3 in totaal	± 3 in totaal	± 2 in totaal
Begunstigde	37 / 500	34 / 500	42 / 500	40 / 500
	± 84 in totaal	± 98 in totaal	± 111 in totaal	± 96 in totaal
Teiken	0 / 500	0 / 500	0 / 500	0 / 500
	± 0 in totaal	± 0 in totaal	± 0 in totaal	± 0 in totaal
Adjunk	3 / 500	1 / 500	5 / 500	4 / 500
	± 18 in totaal	± 9 in totaal	± 8 in totaal	± 7 in totaal

Saam met kommunikasieprosesse verteenwoordig begunstigdes met *aan* die aangesprokene in 'n kommunikatiewe handeling. Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van *aan* as deel van 'n begunstigde (onderstreep) saam met kommunikasieprosesse:

- [4.77] ... en toe ons so bietjie later sit 'n koffie drink, vra ikke-ou aan Sitnie of hij nie die volgende dag met mij wil gaan jag nie. (1911-1920, Fiksie)
- [4.78] Ek het aan my suster op T baie van jou vertel ... (1941-1950, Persoonlike Brief)
- [4.79] Thoas doen dit en vra dan aan Orestes watter bewys hy kan lewer dat hy wel Agamemnon se seun is. (1971-1980, Geesteswetenskappe)
- [4.80] Paulus sit in 'n koue Romeinse tronksel met 'n gegeselde rug en skryf 'n 'tronkbrief' aan die gemeente van Filippi. (2001-2010, Religieus)

Die diagrammatiese voorstelling in **Diagram 4.3** oor die gebruik van *aan* as deel van die begunstigde saam met konkrete prosesse is, soortgelyk aan *vir*, weereens van toepassing op kommunikasieprosesse. Die fundamentele beginsels, voorgestel in die diagrammatiese voorstelling, is vir begunstigdes in konkrete en kommunikasieprosesse dieselfde, aangesien die argumentrolle konseptueel verwant is. In die konteks van kommunikasieprosesse, soos in die geval van voorbeeld [4.79], tree die spreker (X) in die verloop van die proses (T) in gesprek met 'n begunstigde (Y) wat 'n boodskap of vraag, oftewel die uitspraak (Z), ontvang. In die korpus is die gebruik van *aan* as deel van begunstigdes relatief stabiel en toon geen beduidende verandering in 'n spesifieke rigting nie. Indien die gebruike van *aan* as deel van die begunstigde saam met konkrete en kommunikasieprosesse saamgetel word, word die

algehele toename in gebruik van *aan* as deel van begunstigdes tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus versterk, asook die algehele afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus. Die kritiese waarde vir die beduidendheid van die toename in die gesementlike begunstigde-gebruike van *aan* tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus, is 19.99 (hoë beduidendheid). Die afname in die kritiese waarde vir die beduidendheid van die toename in die gesementlike begunstigde-gebruike van *aan* tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus, is 42.44 (hoë beduidendheid). Die konseptuele verwantskappe tussen die gebruik van *aan* as deel van die begunstigde saam met konkrete en kommunikasieprosesse, het gelei tot die vestiging en versterking van die prototipe. 'n Laaste algemene gebruik van *vir* word aangetref by die gebruik daarvan saam met statiewe prosesse.

'n Ander algemene gebruik van *aan* word aangetref in die gebruik daarvan saam met mentale prosesse.

4.5.2.3.3 Algemene gebruike saam met mentale prosesse

Aan word saam met mentale prosesse in al die argument- en sinsrolle gebruik op een of ander stadium in die korpus. Die prototipiese gebruik van *aan* saam met mentale prosesse is egter as deel van die verskynsel. **Tabel 4.11** bied 'n uiteensetting van die gebruik van *aan* saam met mentale prosesse.

Tabel 4.11: Argument- en sinsrolle van “aan” saam met mentale prosesse

Argument- of sinsrolle	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Ervarder	2 / 500	0 / 500	0 / 500	1 / 500
	± 5 in totaal	± 0 in totaal	± 0 in totaal	± 2 in totaal
Verskynsel	42 / 500	36 / 500	47 / 500	33 / 500
	± 95 in totaal	± 104 in totaal	± 124 in totaal	± 79 in totaal
Adjunk	8 / 500	3 / 500	3 / 500	3 / 500
	± 18 in totaal	± 9 in totaal	± 8 in totaal	± 7 in totaal

Saam met mentale prosesse verteenwoordig die verskynsel (onderstreep) die direkte voorwerp:

- [4.81] Wilkens kan aan niks anders dink nie as aan sy vrou en haar bedruktheid. (1941-1950, Informatief)
- [4.82] ... moet ons na God luister en ons aan Sy Woorde herinner. (2001-2010, Religieus)
- [4.83] ... hy wat nie aan wonderwerke glo nie ... (2001-2010, Geesteswetenskappe)
- [4.84] Dink aan jou jare: dink aan ons jare tesame ... (1971-1980, Fiksie)
- [4.85] Kan iemand nog twyfel aan die gevaar waarin 'n onskuldige, onervarene kind sig bevind in 'n Roomse skool! (1911-1920, Religieus)

Die voorbeelde illustreer dat voorsetselstukke met *aan* dikwels saam met mentale prosesse gebruik word as voorsetselvoorwerpe by mentale voorsetselwerkwoorde. In die korpus is die gebruik van *aan* as deel van die verskynsel relatief stabiel tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus. Tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus is daar wel 'n afname in die gebruik van voorsetselstukke met *aan* as deel van Verskynsels³⁴. Soos reeds aangetoon, is daar 'n soortgelyke veranderingspatroon by die gebruik van *aan* as deel van die doel. Die doel-gebruike en verskynsel-gebruike van *aan* is konseptueel verwant aan mekaar in die sin dat beide verwys na die direkte voorwerp in dinamiese prosesse. Die totale gesamentlike gebruike van *aan* as deel van die doel en verskynsel, versterk die veranderende gebruik van *aan* as deel van die direkte voorwerp in dinamiese prosesse oor die algemeen, aangesien die twee gebruike konseptueel verwant is. Die hoërgebruiksfrekwensie van *aan* saam met mentale prosesse het dus bygedra tot die vestiging en verandering van dié algemene gebruik van *aan*. Die voorsetsel word ook gereeld gebruik saam met statiewe prosesse.

4.5.2.3.4 Algemene gebruike saam met statiewe prosesse

Aan word deurlopend saam met statiewe prosesse in al die verskillende argument- en sinsrolle gebruik in die korpus. **Tabel 4.12** bied 'n uiteensetting van die verspreiding van die verskillende gebruike van *aan* saam met statiewe prosesse.

Tabel 4.12: Argument- en sinsrolle van “aan” saam met statiewe prosesse

Argument- of sinsrolle	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Onderwerp	12 / 500	9 / 500	13 / 500	9 / 500
	± 27 in totaal	± 26 in totaal	± 34 in totaal	± 22 in totaal
Predikaat	77 / 500	52 / 500	67 / 500	69 / 500
	± 175 in totaal	± 150 in totaal	± 177 in totaal	± 165 in totaal
Adjunk	10 / 500	15 / 500	9 / 500	12 / 500
	± 23 in totaal	± 43 in totaal	± 24 in totaal	± 29 in totaal
Progressief	18 / 500	18 / 500	14 / 500	13 / 500
	± 41 in totaal	± 52 in totaal	± 37 in totaal	± 31 in totaal

Saam met statiewe prosesse word voorsetselstukke met *aan* (onderstreep) gebruik as deel van die onderwerp,

[4.86] Die geskiedenis aan daardie twee gebeurtenisse verbonde is van die aard ... (1911-1920, Informatief)

[4.87] Die besoeke aan die kraamsaal is vir Annamarie die bevredigendste. (1971-1980, Informatief)

predikaat,

[4.88] ... wat hulle agter die klippe aan is. (1941-1950, Biografies)

³⁴ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die afname in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 is 10.20.

[4.89] As daar enige betekenis te hegte is aan die “maagde” ... (1911-1920, Religieus)

[4.90] Soos almal anders is ek aan die kragte buite my beheer onderworpe ... (2001-2010, Biografies)

adjunkte,

[4.91] Behalwe Hottentotte was daar aan die Kaap veral Maleiers ... (1911-1920, Fiksie) – Lokatief

[4.92] en met groot toegewydheid en liefde hier gearbei totdat hy op 26 Augustus 1926 in die Pastorie oorlede is aan rugmurgontsteking. (1941-1950, Informatief) – Oorsaak

en progressiewe.

[4.93] Ons is nog aan die stap na 'n koffieplek ... (2001-2010, Verslaggewing)

[4.94] ... daarom was Klein-Piet vandag ook so hard aan die werk gewees. (1911-1920, Fiksie)

Daar is egter geen noemenswaardige verandering by die gebruik van *aan* in enige van hierdie argument- of sinsrolle nie, soortgelyk aan die gebruik van *aan* saam met statiewe prosesse oor die algemeen. As deel van die onderwerp is die gebruik van *aan* relatief stabiel met geen substansiële verandering in enige rigting nie. As deel van die predikaat is daar 'n geringe afname in die gebruik van voorsetselstukke met *aan* tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus, waarna die gebruik weer tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus stabiliseer³⁵. Soortgelyk aan die geval van konkrete prosesse, is die gebruik van voorsetselstukke met *aan* saam met statiewe prosesse wisselvallig. Daar is 'n geringe toename in die adjunk-gebruike van *aan* saam met statiewe prosesse tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus, gevolg deur 'n geringe afname in die gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus³⁶. Die enigste noemenswaardige tendens wat waargeneem kan word by die gebruik van *aan* in progressiewe, is die geringe afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus³⁷.

³⁵ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die afname in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 4.41 (lae beduidendheid).

³⁶ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 4.68 (lae beduidendheid); en vir die afname in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 is 5.25 (lae beduidendheid).

³⁷ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes die afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 5.5 (lae beduidendheid).

4.5.2.3.5 Die verskillende gebruike van *aan* saamgevat

In Afrikaans word voorsetselstukke met *aan* dus gebruik saam met al die verskillende tipes prosesse in die voorstellingsfunksie. Die voorsetsel word meer algemeen gebruik saam met konkrete prosesse, gevolg deur statiewe, mentale en kommunikasieprosesse. Die gebruik van *aan* saam met konkrete en mentale prosesse is sedert Afdeling 2 van die korpus geleidelik aan die afneem. Saam met kommunikasie- en statiewe prosesse is die gebruik van *aan* relatief stabiel met geen noemenswaardige verandering in 'n spesifieke rigting nie.

Die prototipiese gebruik van *aan* is as deel van begunstigdes saam met konkrete en kommunikasieprosesse vanweë die konseptuele oorvleueling tussen die funksies van die argumentrolle. Hierdie gebruik van *aan* neem sedert Afdeling 2 van die korpus oor die algemeen geleidelik en beduidend in gebruik af.

Ander gebruikskontekste waar *aan* beduidend in gebruik afneem sedert Afdeling 2 van die korpus is as deel van die doel saam met konkrete prosesse en as deel van verskynsels saam met mentale prosesse. Die twee argumentrolle is, soortgelyk aan begunstigdes by konkrete en kommunikasieprosesse, konseptueel verwant deurdat beide verwys na die direkte voorwerp in dinamiese prosesse. *Aan* word dus algemeen gebruik as voorsetselvoorwerpe of nabepalings in hierdie argumentrolle.

Saam met ander argument- of sinsrolle, vernameelik by die adjunk-gebruike van *aan*, is die gebruik van voorsetselstukke met *aan* meer wisselvallig en toon geen stabiele verandering in 'n spesifieke rigting nie.

Sedert Afdeling 2 van die korpus is die gebruik van die voorsetsel *aan* beduidend aan die afneem. Die voorsetsel se prototipiese gebruik saam met konkrete en kommunikasieprosesse, dus as deel van begunstigdes, toon 'n soortgelyke veranderingspatroon. Die vraag ontstaan gevolglik of die afname in die gebruik van *aan* nie toegeskryf kan word aan die afname van sy mees prototipiese gebruik nie?

4.5.2.4 **Normatiewe belangstelling in *aan***

Uit die 40 bronne ingesluit in die kwantitatiewe grammatikografie, maak 16 vermelding van die voorsetsel *aan*. Die meeste van die bronne maak aanbevelings oor klein beperkte gebruiksinstanties van *aan*. **Tabel 4.13** illustreer die tendense in die normatiewe bronne met betrekking tot aanbevelings oor die voorsetsel *aan*. Eerstens word daar aangetoon hoeveel van die normatiewe bronne in die kwantitatiewe grammatikografie die voorsetsel *aan* vermeld. Voorts word gerapporteer hoeveel van die bronne wat spesifiek *aan* vermeld, slegs 'n lys van prototipiese gebruike gee sonder enige aanbevelings. Laastens word daar vermeld

hoeveel van die bronne spesifiek fokus op die prototipiese gebruik van *aan* met betrekking tot indirekte voorwerpe, asook of die normatiewe bronne enige ander aanbevelings maak.

Tabel 4.13: Normatiewe belangstelling in “aan”

Normatiewe belangstelling	1891-1920	1921-1950	1951-1980	1981-2010
Vermeld spesifiek <i>aan</i>	1 / 3	4 / 11	3 / 14	8 / 12
Vermeld lys van prototipiese gebruike sonder enige aanbeveling	1 / 1	4 / 4	1 / 3	4 / 8
Aanbevelings oor die gebruik van <i>aan</i> by die indirekte voorwerpe (begunstigdes)	0 / 1	0 / 4	0 / 3	0 / 5
Ander aanbevelings	0 / 1	0 / 4	3 / 3	4 / 8

Vanuit **Tabel 4.13** is dit duidelik dat die normatiewe bronne oor die algemeen nie aanbevelings oor die gebruik van *aan* maak nie. Van die 16 bronne wat *aan* vermeld, maak slegs 7 bronne aanbevelings met betrekking tot spesifieke gebruike. Hierdie aanbevelings hou egter nie verband met die prototipiese gebruike van *aan* in die korpus nie en kan nie direk vergelyk word met die veranderende gebruik van *aan* aan die hand van die analiseringsbenadering nie.


Die normatiewe tussen 1951 en 1980 het hoofsaaklik kopsie gemaak teen die gebruik van *aan* in byvoorbeeld “en so aan” in plaas van “ensovoorts” (Van der Merwe, 1967:7/1970:2; Basson *et al*, 1968; Terblanche, 1972:1), die gebruik van *aan* in “aan diens” en “wat is aan by die bioskope” (Van der Merwe, 1967:7/1970:2; Basson *et al*, 1968; Terblanche, 1972:1), en die herhalende gebruik van *aan* in “hy moes hom aan die nuwe omstandighede aanpas” (Van der Merwe, 1967:2; Basson *et al*, 1968). Normatiewe bronne tussen 1981 en 2010 het hoofsaaklik op dieselfde kwessies gefokus (vgl. Van der Merwe & Ponelis, 1991:1; Prinsloo & Odendaal, 1995:1). Enkele bronne, onder andere Combrink en Spies (1986:1), Prinsloo en Odendaal (1995:1) en Müller (2003:43), het gefokus op klein beperkte gebruiksinstanties van *aan*. Daar is nie ’n gewenste gesprek tussen die normatiewe bronne en die veranderinge in die korpusdata nie, die funksionele sintaktiese kategorieë waarmee die data geanaliseer is, maak dit nie moontlik om spesifiek te fokus op beperkte gebruiksinstanties van *aan* wat nie baie spesifiek direk verbandhou met die funksionele sintaktiese kategorieë nie.

Voorts word die prototipiese gebruike van die voorsetsels *vir* en *aan* vergelyk, spesifiek met verwysing tot die gebruik van dié voorsetsels om begunstigdes in konkrete en kommunikasieprosesse in te lei, ten einde te bepaal of die veranderende gebruik daarvan nie interafhanklik is nie.

4.5.3 Vir en aan vergelykend

Die voorsetsels *vir* en *aan* is direk vergelykbaar op grond van hulle prototipiese gebruike as deel van begunstigdes saam met konkrete en kommunikasieprosesse. Daar is baie duidelike

spieëlbeelde wat vorm tussen die totale geëkstrapoleerde voorsetsel gebruik van *vir* en *aan*, tussen die gebruik van *vir* en *aan* saam met konkrete prosesse, en tussen die totale gebruiksinstanties van *vir* en *aan* saam met begunstigdes in verskillende prosesse (**Figuur 4.4**). By beide *vir* en *aan* het die totale gesamentlike gebruik van die voorsetsels in dié konseptueel verwante argumentrolle, gelei tot die vestiging en versterking van die prototipe in die taalgemeenskap.



Figuur 4.4: "Vir" en "aan" vergelykend

Elk van die spieëlbeelde in **Figuur 4.4** illustreer hoe die gebruik van *vir* en *aan* mekaar beïnvloed in oorvleuelende gebruikskontekste. Die gebruik van *vir* en *aan* saam met begunstigdes beïnvloed nie net die gebruik van die voorsetsels saam met prosesse, soos konkrete en kommunikasieprosesse, waarvan dit 'n prototipe is nie, maar ook die veranderinge waargeneem in die totale gebruik van dié voorsetsels oor die algemeen. Dieselfde patroonmatige verandering wat waargeneem word by die gebruik van *vir* en *aan* as deel van begunstigdes, word ook waargeneem in die gebruik van die voorsetsels saam met konkrete prosesse, en uiteindelik ook weer in die verspreiding van die totale gebruiksinstansies van *vir* en *aan* oor die verskillende afdelings van die korpus heen. Hoewel daar geen noemenswaardige stabiele verandering waargeneem is in die gebruik van *aan* saam met kommunikasieprosesse nie, het *vir* in hierdie argumentrol ook beduidend begin toeneem.

Sedert Afdeling 2 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die gebruik van *vir* as deel van begunstigdes, terwyl die gebruik van *aan* vir dieselfde argumentrol geleidelik verminder. Die verandering veroorsaak myns insiens 'n kettingreaksie wat lei tot (i) 'n toename in die gebruik van *vir* saam met konkrete prosesse, terwyl *aan* toenemend minder gebruik word saam met dieselfde proses, gevolg deur (ii) 'n algehele toename in die gebruik van *vir* en 'n afname in die gebruik van *aan* sedert Afdeling 2 van die korpus. 'n Toename in die prototipe by *vir* het gelei tot 'n toename in die gebruik van die voorsetsel oor die algemeen, so ook lei 'n afname in die prototipe by *aan* tot 'n afname in die gebruik van die voorsetsel oor die algemeen. Indien die diagrammatiese voorstellings, wat die prototipiese gebruike van *vir* en *aan* as deel van begunstigdes illustreer, vergelyk word, is dit duidelik dat daar geen verskil tussen die twee voorsetsels in hierdie argumentrolle is nie. Dit wil voorkom asof daar 'n toenemende voorkeur is vir die gebruik van *vir* in die korpus, veral in uitruilbare kontekste met *aan*.

In die 40 bronne geraadpleeg vir die grammatikografiese ondersoek, is daar slegs twee bronne wat aan die spesifieke hierdie verhouding tussen *vir* en *aan* raak (sien Du Plessis, 1979:189; Van der Merwe, 1970:304-305). Du Plessis (1979:189) stel dat *vir* meer vrylik gebruik moet word bo die "stywe" Afrikaanse *aan*. Van der Merwe (1970:304-305) toon aan dat *vir* nou voorkeur geniet bo van die ouer Nederlandse vorme, soos byvoorbeeld *aan* in "sê dit *vir* / *aan* hom", as gevolg van analogiewerking weens Engelse beïnvloeding.

Beide Halliday en Matthiessen (2014:330) en Tyler en Evans (2003:154) toon aan dat die Engelse eweknie van *vir*, "*for*", baie duidelik gebruik word om begunstigdes in sinne in te lei. Op grond van intertalige identifisering vorm beide die gebruik van *vir* by begunstigdes in Afrikaans en "*for*" by begunstigdes in Engels deel van meertalige Afrikaanse taalgebruikers

se kenmerkpoel. Die teenwoordigheid van die Engelse eweknie versterk dus die reeds gevestigde prototipiese gebruik van *vir* saam met begunstigdes se vestiging binne die Afrikaanse taalgemeenskap nog meer. Dit is egter onwaarskynlik dat Engelse beïnvloeding kon lei tot die toenemende gebruik van *vir* as deel van begunstigdes, veral in kontekste waar *vir* uitruilbaar is met ander voorsetsels, soos *aan*, aangesien die Engelse eweknie van *vir* nie gewoon “*for*” is nie, maar ook “*to*” in beide konkrete en kommunikasieprosesse.

Hoewel die vormlike assosiasie tussen *vir* en “*for*” die toenemende gebruik van *vir* in sekere kontekste, soos as deel van adjunkte van omgang, kan verklaar, is Engelse beïnvloeding nie ’n grondige verklaring vir die toenemende voorkeur wat *vir* in uitruilbare kontekste met *aan* geniet nie. Voorwerpskonstruksies met *vir* het ontstaan in Afrikaans as gevolg van taalkontak met voormalige slawe en is nie die produk van kontak tussen Afrikaans en Engels nie. Die gebruik van *vir* as deel van begunstigdes was reeds gevestig as ’n prototipiese gebruik teen Afdeling 1 van die korpus, voor normatiewe bronne begin waarsku het teen die oorbodige gebruik van *vir* en Engelse beïnvloeding.


4.5.4 Die voorsetel *deur* volgens die voorstellingsfunksie

4.5.4.1 Inleiding

In Afrikaans is daar, soortgelyk aan *aan*, nog nie enige diachroniese navorsing gedoen oor die gebruik van die voorsetel *deur* nie. Volgens Ponelis (1979:330-331, 415) word die voorsetel *deur* in Afrikaans gebruik vir ’n verskeidenheid van funksies. Hy (Ponelis, 1979:330-331, 415) verwys na die verskeie moontlikhede waarvoor *deur* in konstruksies gebruik kan word, maar beklemtoon nie eksplisiet watter van hierdie gebruike meer of minder algemeen in taalgebruik is nie. Ponelis (1979:330-331, 415) sonder veral twee belangrike gebruike van *deur* uit, naamlik: (i) die gebruik van *deur* by lokatiewe adjunkte om ruimtelike oriëntasie in terme van ’n verwysingspunt uit te druk, byvoorbeeld “dit het deur die hele Transvaal gereën”; en (ii) dat voorsetelstukke met *deur* in oorganklike nominaalkonstruksies met die onderwerp korreleer, byvoorbeeld “die omkoop van amptenare deur Lockheed” as die onderwerpskorrelaat van “Lockhead het amptenare omgekoop” in oorganklike nominaalkonstruksies.

Daar is nie net ’n gebrek aan navorsing oor die voorsetel *deur* in Afrikaans nie, maar ook ’n beperkte hoeveelheid normatiewe aanbevelings oor hierdie voorsetel. Uit die 40 bronne geraadpleeg vir die kwantitatiewe grammatikografie van hierdie studie, maak 19 bronne vermelding van die voorsetel *deur*. Van hierdie 19 bronne maak slegs 12 konkrete aanbevelings oor die gebruik van *deur* en al die aanbevelings is beperk tot die gebruik van die konstruksie “*deur en deur*”. Slegs twee bronne, Müller (2003:98-99) en Basson *et al.*, (1969:61), maak aanbevelings wat nie verband hou met die konstruksie “*deur en deur*” nie.

Die analises van die voorsetsel *deur* het egter interessante resultate opgelewer en toon duidelike tendense van verandering in die korpus. **Figuur 4.5** toon aan wat die verspreiding van die totale gebruiksinstanties van die voorsetsel *deur* in die korpus is aan die hand van (i) die totale gebruiksinstanties van *deur* as deeltjies by deeltjiewerkwoorde en (ii) die totale geëkstrapoleerde voorsetselgebruike van *deur* uitsluitende die deeltjie-gebruike. Vir die doel van hierdie bespreking word die totale geëkstrapoleerde gebruiksinstanties van die voorsetselgebruik van *deur* aangewend ten einde die data vanuit die lukrake steekproewe van 500 te verduidelik.



Figuur 4.5: Totale gebruiksinstanties van die voorsetsel "deur" (naamwoorde uitgesluit)

Aan die hand van **Figuur 4.5** is dit duidelik dat daar verandering by die totale gebruiksinstanties van *deur* in die korpus is. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die gebruik van *deur* as voorsetsel, waarna dit weer geleidelik en beduidend in gebruik afneem tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus³⁸.

4.5.4.2 *Deur saam met prosesse*

In Afrikaans word voorsetselstukke met *deur* gebruik saam met al die verskillende soorte prosesse in die voorstellingsfunksie, insluitende: konkrete, kommunikasie-, mentale en statiewe prosesse. Anders as by *vir* en *aan*, word *deur* baie seldsaam gebruik saam met

³⁸ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 23.78; en vir die afname tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 15.78.

kommunikasie- en mentale prosesse, en aansienlik minder gebruik saam met statiewe prosesse. Hoewel *deur*, soortgelyk aan *vir* en *aan*, ook meer algemeen saam met konkrete prosesse gebruik word, is die verhouding tussen konkrete prosesse en ander tipes prosesse proporsioneel aansienlik groter. **Tabel 4.14** bied 'n uiteensetting van die gebruik van *deur* saam met verskillende prosesse aan die hand van die aantal gebruiksinstanties van elke verskynsel in die steekproewe en die totale geëkstrapoleerde gebruiksinstanties van *deur* in elke afdeling van die korpus.

Tabel 4.14: Die gebruik van “*deur*” saam met verskillende prosesse

Proses	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Konkrete proses	465 / 500	461 / 500	469 / 500	446 / 500
	± 685 in totaal	± 930 in totaal	± 877 in totaal	± 741 in totaal
Kommunikasieproses	6 / 500	8 / 500	3 / 500	8 / 500
	± 9 in totaal	± 16 in totaal	± 6 in totaal	± 15 in totaal
Mentale proses	6 / 500	4 / 500	10 / 500	7 / 500
	± 9 in totaal	± 8 in totaal	± 19 in totaal	± 12 in totaal
Statiewe proses	23 / 500	27 / 500	18 / 500	39 / 500
	± 34 in totaal	± 54 in totaal	± 34 in totaal	± 65 in totaal

In elke afdeling van die korpus is die gebruik van *deur* saam met konkrete prosesse proporsioneel ongeveer 93% van al die totale gebruiksinstanties. Dit is ook die proses wat die meeste verandering in gebruik toon oor die korpus heen. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die gebruik van voorsetselstukke met *deur* saam met konkrete prosesse, gevolg deur 'n beduidende afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus³⁹. Dit is opvallend dat die gemiddelde gebruik van *deur* saam met konkrete prosesse oor die korpus heen aansienlik meer is as die gemiddelde gebruik van die vyf voorsetsels in hierdie studie saam met konkrete prosesse oor die algemeen (**Addendum B**). Die veranderinge gekoppel aan die gebruik van *deur* saam met konkrete prosesse het dus moontlik baie belangrike implikasies vir die verandering in die totale voorsetselgebruik van *deur* oor die korpus heen.

Daar is 'n geringe afname in gebruik van *deur* saam met statiewe prosesse tussen Afdeling 2 en Afdeling 3 van die korpus, gevolg deur 'n meer toename in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4. Aangesien *deur* so besonder min gebruik word saam met kommunikasie-, mentale en statiewe prosesse is dit nie moontlik om met enige sekerheid verandering daarin te bevestig nie. Die veranderende gebruik van *deur* word dus nie verteenwoordig in die gebruik daarvan saam met kommunikasie-, mentale en statiewe prosesse nie.

³⁹ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 23.78; en vir die afname tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 15.78.

4.5.4.3 *Deur in verskillende sinsrolle*

Die voorsetel *deur* word in Afrikaans gebruik saam met elk van die onderskeie prosesse in die voorstellingsfunksie. Die gebruik van *deur* saam met konkrete prosesse verteenwoordig egter die mees algemene gebruike, oftewel spesialiteitsrolle, waarvoor *deur* in Afrikaans gebruik word.

4.5.3.3.1 Algemene gebruike saam met konkrete prosesse

Voorsetelstukke met *deur* word saam met konkrete prosesse gebruik as deel van die akteur (onderstreep),

[4.95] Laboratoriumondersoeke in die Slaknavorsingseenheid deur De Kock (1973) en Jennings (1976) het aan die lig gebring dat ... (1971-1980, Natuurwetenskappe)

[4.96] Dit is oorspronklik gebruik om oogspasmas te beheer, maar is deur die FDA in 2002 goedgekeur vir kosmetiese gebruik. (2001-2010, Informatief)

[4.97] ... dat 't in Januarie 1883 deur die toenmalige hoofredakteur van Het Handelsblad te Amsterdam in die lig gegee word ... (1911-1920, Informatief)

[4.98] Deur sommige sal hierdie gedragslyn van die Kompanjie en van die Gereformeerde Kerk beskou word as 'n stelsel van onderdrukking ... (1941-1950, Religieus)

doel (onderstreep),

[4.99] ... wat die moontlikheid van inname deur kindermondjies vergroot. (2001-2010, Geesteswetenskappe)

instrument (onderstreep),


[4.100] om diabetes in die rot op te wek deur groot dosisse van hierdie hormoon. (1941-1950, Natuurwetenskappe)

en adjunkte.

[4.101] Geroemd sou sijn naam deur die eeuwe heen gegaan het als die grote, talentvolle Afrikaanse digter (1911-1920, Biografies)

[4.102] Ek het deur die lees van 'n traktaatjie tot bekering gekom. (2001-2010, Religieus)

Slegs enkele van hierdie gebruike staan uit as belangrike spesialiteitsrolle waarvoor voorsetselstukke met *deur* saam met konkrete prosesse gebruik word. **Figuur 4.6** illustreer die verspreiding van die verskillende argument- of sinsrolle waarvoor *deur* saam met konkrete prosesse gebruik word oor die korpus heen.



Figuur 4.6: Sinsrolle van "deur" saam met konkrete prosesse (geëkstrapoleerde gebruiksinstanties)


Aan die hand van **Figuur 4.6** is dit duidelik dat voorsetselstukke meer algemeen gebruik word saam met akteurs en adjunkte. Dit is saam met akteurs waar *deur* die meeste verandering in die korpus toon. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die gebruik van *deur* saam met akteurs, gevolg deur 'n geleidelike en beduidende afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus⁴⁰.

4.5.4.3.1.1 *Deur as deel van Akteurs saam met agenthebbende passiewe konkrete prosesse*

Voorsetselstukke met *deur* word gebruik saam met akteurs as bepalings, soos in die geval van voorbeeld [4.95], of om die aktiewe onderwerp in agenthebbende passiefkonstruksies uit te druk, soos in die geval van voorbeelde [4.96] tot [4.98]. Die voorsetsel *deur* word besonders baie in passiefkonstruksies gebruik saam met konkrete prosesse oor die algemeen. **Figuur 4.7** illustreer die proporsionele gebruik van passiewe konkrete prosesse

⁴⁰ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 24.56; en vir die afname tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 18.05.

met *deur*, teenoor die totale gebruiksinstanties van Konkrete prosesse met *deur* en die verspreiding van die totale voorsetselgebruik van *deur* oor die korpus heen.




Figuur 4.7: "Deur" saam met passiewe konkrete prosesse (geëkstrapoleerde gebruiksinstanties)

Figuur 4.7 beklemtoon dat daar baie duidelike ooreenkomste is tussen die patrone van verandering van die totale voorsetselgebruik van *deur* in die korpus en die gebruik van *deur* saam met konkrete prosesse⁴¹. Wat egter opvallend is, is dat die gebruik van *deur* saam met passiewe konkrete prosesse, ongeveer die helfte van die totale gebruik van *deur* saam met konkrete prosesse, basies dieselfde verspreidingspatroon tussen die verskillende afdelings van die korpus toon. Daar is tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus 'n beduidende toename in die gebruik van *deur* saam met passiewe konkrete prosesse, gevolg deur 'n beduidende afname tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus⁴². Dieselfde veranderingspatroon word ook waargeneem in die gebruik van akteurs saam met agenthebbende passiewe konkrete prosesse met *deur*, in verhouding tot die totale gebruiksinstanties van *deur* as deel van akteurs saam met konkrete prosesse (**Figuur 4.8**).

⁴¹ Die veranderinge is reeds aangedui as statisties beduidend.

⁴² Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 is 67.72; en vir die afname tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 is 21.37.



Figuur 4.8: "Deur" as deel van akteurs saam met passiewe konkrete prosesse

Daar is weereens duidelike ooreenkomste tussen die verspreiding van die totale voorsetselgebruik van *deur* in die korpus en die gebruik van *deur* as deel van akteurs saam met konkrete prosesse⁴³. Wat egter opvallend is, is die hoë proporsionele gebruik van voorsetselstukke met *deur* om akteurs saam met agenthebbende passiewe konkrete prosesse in te lei. Die verskil tussen 'n aktiewe en passiewe konstruksie word goed geïllustreer met behulp van kognitiewe grammatika. **Diagram 4.4** is 'n eenvoudige voorstelling van 'n aktiewe konkrete proses in vergelyking met 'n passiewe konkrete proses.




Diagram 4.4: Aktiewe konkrete prosesse (a) versus 'n aggenthebbende passiewe konkrete prosesse (b) (aangepas uit Langacker, 2008:372)


⁴³ Die veranderinge is reeds aangedui as statisties beduidend.

In die eerste diagram, **Diagram 4.4 (a)**, word 'n eenvoudige konkrete proses voorgestel met 'n akteur (X) wat 'n handeling verrig (die pyl) ten einde die doel (Z) te bereik, te verander, ensovoorts. In aktiewe konkrete prosesse is daar 'n baie duidelike konseptualisering van 'n geprofileerde verhouding tussen die trajektor (akteur) en die landmerk (doel). In die geprofileerde verhouding is die akteur die primêre fokusdeelnemer in die verhouding wat die meeste prominensie (geïllustreer deur die vetter sirkel) geniet. In passiewe Konkrete Prosesse verskuif hierdie geprofileerde prominensie egter.

Die passiewe konkrete proses in **Diagram 4.4 (b)** illustreer hoe die akteur (X) op die agtergrond geplaas word. Die belangrikste element saam met passiewe konkrete prosesse is die doel (aktiewe direkte voorwerp) of een of ander instrument of begunstigde (aktiewe indirekte voorwerp) wat gepromoveer word tot tematiese status (geïllustreer deur die vetter sirkel). Die onderskeid tussen 'n trajektor en landmerk is nie meer nuttig nie omrede die tema (TH), selfs in agenthebbende passiewe konkrete prosesse, die primêre fokus van die proses word, byna geïsoleerd van die akteur (X) wat op die agtergrond geplaas word (aangedui deur die isolasie van die tematiese proses in 'n vierkant). Hoewel die akteur nou op die agtergrond is, word die handeling steeds primêr verrig deur die akteur (aangedui deur die dubbelskagpyl).

Tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die gebruik van *deur* om akteurs saam met agenthebbende passiewe konkrete prosesse in te lei. Hierdie toename in gebruik word gevolg deur 'n beduidende afname in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus⁴⁴. Soortgelyk aan die invloed wat die prototipiese gebruik van *aan* (saam met begunstigdes) gehad het op die totale voorsetselgebruik van *aan*, wil dit voorkom asof die prototipiese gebruik van *deur* om akteurs saam met agenthebbende passiewe konkrete prosesse uit te druk 'n duidelike invloed op die totale voorsetselgebruik van *deur* in die korpus het. By *deur* is daar dus weereens 'n geval waar 'n verandering in die spesialiteitsrol 'n kettingreaksie veroorsaak wat lei tot 'n verandering in die algemene gebruike van die voorsetsel saam met die proses, wat op sigself weer lei tot 'n verandering in die totale voorsetselgebruik. Die vraag is egter of die verandering in die voorsetselgebruik van *deur* lê by *deur* sigself of by die veranderende gebruik van passiefkonstruksies in die korpus. **Figuur 4.9** illustreer die totale aantal passiefkonstruksies in die korpus van hierdie studie, soos uiteengesit in Kirsten (2016:124).

⁴⁴ Die Log-waarskynlikheid bereken aan die hand van geëkstrapoleerde waardes vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 is 52.76; en vir die afname tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 is 8.23.



Figuur 4.9: Die gebruik van "deur" as akteurs saam met agenthebbende konkrete prosesse proporsioneel tot die totale passiefgebruik in die korpus.

Kirsten (2016:124) beklemtoon dat daar tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus 'n baie beduidende toename in die gebruik van passiefkonstruksies is. Tussen Afdeling 2 en Afdeling 3 van die korpus het die gebruik van passiefkonstruksies in die korpus verder toegeneem en uiteindelik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus weer in gebruik begin afneem⁴⁵. Die verspreiding van *deur* oor die korpus heen en die verspreiding van die gebruik van *deur* saam met passiewe konkrete prosesse toon 'n soortgelyke patroon as die verspreiding van die totale passiefgebruik in die korpus. Myns insiens lê die veranderende gebruik van hierdie voorsetsel nie sodanig by *deur* self nie, maar eerder by die

⁴⁵ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 266.17; vir die toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 3 is 25.76; en vir die afname tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 is 34.64.

veranderende gebruik van passiefkonstruksies in die korpus. Die veranderende gebruik van passiefkonstruksies in die korpus het dus gelei tot 'n verandering in die gebruik van *deur* se spesialiteitsrol om akteurs in agenthebbende passiefkonstruksies in te lei, wat gevolglik gelei het tot 'n verandering in die gebruik van *deur* saam met konkrete prosesse, wat op sigself weer gelei tot 'n verandering in die totale voorsetselgebruik van *deur*.

4.5.4.3.1.2 *Tekens van verandering in ander argumentrolle saam met konkrete prosesse*

Daar is tekens van verandering in die gebruik van *deur* as deel van die doel en as deel van adjunkte. Die gebruik van *deur* as deel van die doel is 'n argumentrol wat, hoewel dit nie besonders frekwent is nie, verandering in 'n spesifieke rigting toon. Tussen Afdeling 1 en 2 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die gebruik van *deur* saam met die doel, gevolg deur 'n beduidende afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus⁴⁶. Die veranderende gebruik van hierdie argumentrol toon min of meer dieselfde veranderingspatroon as die totale voorsetselgebruik van *deur* oor die algemeen. Die verandering moet dus eerder gesien word as die resultaat van die totale veranderende voorsetselgebruik van *deur* in die korpus. Die ander mees algemene gebruik van *deur* saam met konkrete prosesse is as adjunkte. Ongeveer 35% van al die gebruike van *deur* saam met konkrete prosesse in die korpus is as adjunkte. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus is die adjunkgebruike van *deur* saam met konkrete prosesse relatief stabiel met geen noemenswaardige verandering in enige rigting nie. Daar is wel 'n beduidende toename in die adjunkgebruike van *deur* saam met konkrete prosesse tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus – afwykend van die algemene gebruiksfrekwensie van die voorsetsel *deur*⁴⁷. Voorts word die totale adjunkgebruike van *deur* samevattend bespreek.

4.5.4.3.2 *Adjunkgebruike van deur*

Voorsetselstukke met *deur* word as 'n verskeidenheid van adjunkte gebruik in die korpus saam met al die prosesse in die voorstellingsfunksie. Die mees algemene adjunkgebruike van *deur* in die korpus is as lokatiewe adjunkte, adjunkte van omvang en adjunkte van wyse. **Tabel 4.15** gee 'n oorsig van die verspreiding van die adjunkgebruike van *deur* oor die korpus heen.

⁴⁶ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 7.20; en vir die afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 42.97.

⁴⁷ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 0.15; vir die afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 3 is 0.42 (onbeduidend); en vir die toename in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 is 9.77.

Tabel 4.15: Die adjunk-gebruike van "deur"

Proses	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Omvang	11 / 500	12 / 500	3 / 500	16 / 500
	± 16 in totaal	± 24 in totaal	± 6 in totaal	± 27 in totaal
Lokatief	49 / 500	13 / 500	29 / 500	36 / 500
	± 72 in totaal	± 26 in totaal	± 54 in totaal	± 60 in totaal
Wyse	124 / 500	108 / 500	121 / 500	136 / 500
	± 183 in totaal	± 218 in totaal	± 226 in totaal	± 227 in totaal
Ander	1 / 500	12 / 500	11 / 500	5 / 500
	± 1 in totaal	± 24 in totaal	± 21 in totaal	± 8 in totaal

Die voorsetsel *deur* word van die drie mees algemene adjunk-gebruike die minste gebruik as adjunkte van omvang. As adjunkte van omvang (onderstreep) word *deur* oor die algemeen gebruik om temporele inligting te verskaf met betrekking tot tydsduur:

[4.103] Dit reën weer deur nag ... (1971-1980, Dagboek)

[4.104] Deur die jare het sy ook verskeie ander bakens geplant. (2001-2010, Biografies)

Die gebruik van *deur* as adjunkte van omvang is wisselvallig in die korpus. Daar is 'n geringe toename in die gebruik van *deur* tussen Afdeling 1 en 2 van die korpus. Tussen Afdeling 2 en 3 is daar 'n afname in die gebruik van *deur* as adjunkte van omvang, gevolg deur 'n meer beduidende toename in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus. 'n Verdere algemene adjunk-gebruik van voorsetselstukke met *deur* is lokatiewe adjunkte.

Die lokatiewe adjunk-gebruik van voorsetselstukke met *deur* verteenwoordig die tweede mees algemene adjunk-gebruik van *deur*. As 'n lokatiewe adjunk (onderstreep) word voorsetselstukke met *deur* gebruik om ruimtelike oriëntasie en 'n verandering van ligging in terme van 'n verwysingspunt uit te druk:

[4.105] Na nog 'n paar minute gesels, kom die twee deur die gang tussen die twee gebouwe van die hotel, na die straat, en blij staan op die voetpaadjie. (1911-1920, Biografies)

[4.106] As Silvie soggens met die voetpaadjie tussen die bome deur na Arboreta se geelhouthuis aangehuppel gekom ... (2001-2010, Fiksie)

[4.107] ... hy met geleentheid besig was om deur die heelaal te sweef op soek na iemand wat hy kon verlei. (2001-2010, Religieus)

[4.108] ... dat hy die "Edele en Kosbare veilig deur die skare dra" ... (1941-1950, Fiksie)

Hierdie adjunk-gebruik van *deur* is een van die gebruike van *deur* wat Ponelis (1979:330-331) uitgesonder het. Dit is egter opvallend dat hierdie nie die mees algemene adjunk-gebruik van *deur* in die korpus is nie. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar

'n beduidende afname in die Lokatiewe Adjunk-gebruik van *deur*. Sedertdien neem *deur* in hierdie gebruik geleidelik en beduidend toe tussen Afdeling 2 en 4 van die korpus⁴⁸.

Die voorsetstel *deur* word in die korpus by verre die meeste gebruik saam met adjunkte van wyse. Voorsetselstukke met *deur* het in hierdie adjunk-gebruik dikwels 'n klous as aanvulling. Die volgende illustreer die gebruik van voorsetselstukke met *deur* as adjunkte van wyse (onderstreep):

- [4.109] Deur middel van salarisse en lone vir gelewerde dienste en die betaling van ander produksiefaktore, sal 'n gedeelte van die aanvanklike besteding van die projekaannemers in die hande van verbruikers beland. (2001-2010, Natuurwetenskappe)
- [4.110] ... dat die relatiewe belangrikheid van 'n hawe binne 'n bepaalde ruimtelike sisteem die beste beoordeel kan word deur ratio-maatstawwe waardeur die aandeel van 'n individuele hawe teenoor 'n bepaalde universum gestel word. (1971-1980, Natuurwetenskappe)
- [4.111] Des te meer het die vader in elke huis sy roeping en plig gevoel om Sondae sy gesin te vergader en voor te gaan deur behoorlik godsdienste te hou. (1941-1950, Biografies)
- [4.112] S'n sone, hoewel fors en kragtig gebouwd, sal meer geneigd wees tot rust dan om deur dappere dade eer, roem, en aansien te verwerf (1911-1920, Religieus)
- [4.113] Die aarde het nie sijn eie lig nie, maar ontvang die ligstrale van die son, en deur die draai om sijn as krij elke deel van die aarde beurte-lings dag en nag. (1911-1920, Informatief)
- [4.114] ... al het hy haar probeer beskerm deur te sê dat sy nie teenwoordig was by die moord nie. (2001-2010, Fiksie)

Hierdie adjunk-gebruik van voorsetselstukke met *deur* is relatief stabiel en toon geen beduidende verandering in 'n spesifieke rigting nie.

Voorsetselstukke met *deur* word ook gebruik as deel van ander tipes adjunkte. Hierdie adjunkte sluit in: oorsaak, gebeurlikheid, benadering, stof, rol, ensovoorts. Die gebruik van *deur* as deel van ander adjunkte is laag en wisselvallig. Tussen Afdeling 1 en 3 van die korpus is daar 'n toename in die gebruik van *deur* saam met ander adjunkte, waarna dit 'n geringe afname in gebruik toon tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus.

⁴⁸ Die Log-waarskynlikheid vir die afname in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 26.25; en vir die toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 15.88.

4.5.4.4 Deur samevattend

Die voorsetsel *deur* word in die korpus gebruik saam met al die verskillende tipes prosesse in die voorstellingsfunksie. Die enigste tipe proses waarin die gebruik van *deur* werklik baie beduidende verandering toon is konkrete prosesse. *Deur* word minder algemeen gebruik saam met statiewe, mentale en kommunikasieprosesse en die gebruik daarvan is te min om op sigself veranderinge in die totale voorsetselgebruik van *deur* te verklaar.

Oor die algemeen het die voorsetsel *deur* tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus in gebruik toegeneem. Die voorsetsel het egter weer in gebruik geleidelik begin afneem tussen Afdeling 2 en 4 van die korpus. Hierdie verandering kan moontlik verklaar word deur die veranderende gebruik van passiefkonstruksies oor die korpus heen wat 'n soortgelyke verspreidingspatroon toon. Die veranderende gebruik van *deur* word toegeskryf aan 'n verandering in die spesialiteitsrol, oftewel die prototipiese gebruik van voorsetselstukke met *deur* as akteurs saam met agenthebbende konkrete prosesse, wat as gevolg van die veranderende passiefgebruik in die korpus verander het. Dit is opvallend dat die enkele gebruike van *deur* saam met mentale en kommunikasieprosesse in die konseptueel verwante argumentrolle (die spreker of ervarder), dus die tradisionele aktiewe onderwerp, ook gebruik word om die tradisionele onderwerp agenthebbende passiefkonstruksies in te lei. Hoewel die gebruike van *deur* saam met hierdie prosesse, soos aangetoon, nie op sigself verandering verklaar nie, versterk dit, in samesyn met meer markante konseptueel verwante argumentrolle, soos akteurs saam met agenthebbende passiewe konkrete prosesse, die algehele veranderingspatroon met betrekking tot die prototipe.

Deur word ook dikwels in die korpus gebruik as lokatiewe adjunkte, adjunkte van omvang en wyse. Die mees algemene adjunk-gebruik van *deur* is saam met adjunkte van wyse; die gebruik is relatief stabiel.

Die voorsetsel *deur* word nie besonder baie in normatiewe bronne aangespreek nie, gevolglik was daar geen normatiewe aanbevelings wat verband hou met die veranderende gebruik van die voorsetsel nie. Die volgende voorsetsel aan die bod is *met*.

4.5.5 Die voorsetsel *met* volgens die voorstellingsfunksie

4.5.5.1 Inleiding

Van die vyf voorsetsels geanaliseer vir hierdie studie, het *met* die tweede grootste hoeveelheid gebruiksinstanties oor die verskillende afdelings van die korpus heen. In Afrikaans is *met* ook 'n voorsetsel waaroor daar nog nie baie navorsing gedoen is nie. Die enigste meer uitgebreide navorsing wat oor *met* gepubliseer is, wat spesifiek verband hou


met grammatikale struktuur of funksie, sluit in die werk gedoen deur Ponelis (1979:150-152, 346-347), Kempen (1984:147, 166), en Messerschmidt en Bergh (2011).

Ponelis (1979:150-152) toon in sy boek aan dat voorsetselstukke met *met* dikwels in Afrikaans kan optree as verkorte betreklike bysinne wat funksioneer as bepalings, byvoorbeeld “die man met ’n lyk om sy nek”, “een man met ’n geweer”, “die maer man met die groen trui”. ’n Verdere belangrike funksie wat Ponelis (1979:346-347) uitsonder is die gebruik van voorsetselstukke met *met* as adjunkte van wyse.

Kempen (1984:147, 166) se navorsing oor *met* is baie beperk. Hy (Kempen, 1984:147) beklemtoon dat die uitgebreidheid en veelvoudigheid van *met* in gebruikskontekste dit moeilik maak vir navorsers om te onderskei tussen die adjunk-gebruike van *met* en die nabepalingsgebruike van *met* in verskillende sinsrolle. Volgens Kempen (1984:147-148) is hierdie onderskeid soms onduidelik en kan die onderskeid slegs aan die hand van die semantiese funksie van die voorsetsel getref word. Ter wille van konsekwentheid is die kriteria, soos uiteengesit vroeër in Hoofstuk 4, deurlopend gebruik tydens die analyses om die kodering van die data konsekwent te hou.

Die meer onlangse studie deur Messerschmidt en Bergh (2011) het spesifiek gekyk na die voorsetsel *met* aan die hand van benaderings vanuit die kognitiewe linguistiek. Die artikel fokus spesifiek op die semantiese funksies van *met* aan die hand van ’n geabstraheerde prototipe. Die studie steun sterk op die werk van Lakoff en Johnson oor “geassosieerde entiteite as metgeselle”. Messerschmidt en Bergh (2011:106) bevind, aan die hand van ’n korpusanalise, dat die voorsetsel *met* gebruik word vir die volgende semantiese funksies aan die hand van die verwysingspuntbeskouing in kognitiewe grammatika: instrumente is metgeselle, beskikking is ’n metgesel, wyse is ’n metgesel, begeleide omstandighede is metgeselle, en begeleide emosie is ’n metgesel. Hierdie studie het nie spesifiek gekyk na die funksie van voorsetselstukke met *met* in grammatikale struktuur nie. In die studie is daar ook gebruik gemaak van sinchroniese korpora en die studie, soos al die beskikbare navorsing oor *met*, het dus nie die voorsetsel diachronies ondersoek nie.

Vanuit die data is dit duidelik dat daar verandering met betrekking tot die gebruik van die voorsetsel *met* in die korpus is. **Figuur 4.10** toon aan hoe die gebruiksinstanties van *met* tussen elke afdeling van die korpus verander het.



Figuur 4.10: Totale gebruiksinstanties van “met” oor die korpus heen

Figuur 4.10 illustreer duidelik dat die voorsetsel *met* oor die algemeen in die korpus geleidelik en beduidend tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 van die korpus toeneem in gebruik⁴⁹. Hierdie tendens word ook waargeneem in die gebruik van *met* saam met verskillende prosesse in die voorstellingsfunksie.

4.5.5.2 Met saam met prosesse

In Afrikaans word voorsetselstukke met *met* gebruik saam met al die verskillende soorte prosesse in die Voorstellingsfunksie; hierdie prosesse, oftewel werkwoordtipes, sluit in: Konkrete, Kommunikasie-, Mentale en Statiewe Prosesse. **Tabel 4.16** gee 'n aanduiding van die verspreiding van die gebruik van die voorsetsel *met* saam met die verskillende prosesse. Ten einde die tendense in die data beter te illustreer is daar weereens gebruik gemaak van geëkstrapoleerde gebruiksinstanties.

Tabel 4.16: Die gebruik van "met" saam met verskillende prosesse

Proses	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Konkrete Proses	345 / 500	360 / 500	353 / 500	351 / 500
	± 1404 in totaal	± 1531 in totaal	± 1569 in totaal	± 1663 in totaal
Kommunikasieproses	27 / 500	24 / 500	24 / 500	24 / 500
	± 101 in totaal	± 102 in totaal	± 107 in totaal	± 114 in totaal
Mentale Proses	12 / 500	12 / 500	19 / 500	17 / 500
	± 47 in totaal	± 51 in totaal	± 84 in totaal	± 81 in totaal
Statiewe Proses	116 / 500	104 / 500	104 / 500	108 / 500
	± 443 in totaal	± 442 in totaal	± 462 in totaal	± 512 in totaal

Vanuit **Tabel 4.15** is dit duidelik dat die gebruik van *met* saam al die verskillende prosesse waarin dit gebruik word geleidelik en beduidend aan die toeneem is sedert Afdeling 1 van

⁴⁹ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 22.40.

die korpus. Die voorsetsel word meer algemeen gebruik saam met konkrete⁵⁰ en statiewe prosesse⁵¹ en die gebruik van *met* saam met beide prosesse is beduidend aan die toeneem tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 van die korpus. Daar is ook 'n beduidende toename in die gebruik van voorsetselstukke met *met* saam met die minder algemene prosesse, insluitende kommunikasie⁵² en mentale prosesse⁵³, waarin dit gebruik word.

4.5.5.3 Met saam met verskillende sinsrolle

Saam met elk van die bogenoemde prosesse word die voorsetsel *met* gebruik vir 'n verskeidenheid van spesialiteitsrolle wat die prototipiese en mees algemene gebruike daarvan in Afrikaans illustreer. Baie van die mees algemene gebruike van *met* toon 'n soortgelyke patroonmatige verspreiding oor die korpus heen as die totale gebruike van *met* saam met verskillende prosesse. Die eerste proses aan die bod is konkrete prosesse.

4.5.5.3.1 Prototipiese en algemene gebruike saam met konkrete prosesse

Die voorsetsel *met* word saam met konkrete prosesse gebruik as deel van die akteur, doel, begunstigde, instrument en as adjunkte. Die verskillende gebruike van voorsetselstukke met *met* saam met konkrete prosesse in die korpus word in **Tabel 4.17** gegee.

Tabel 4.17: Argument- en sinsrolle van "met" saam met konkrete prosesse

Argument- of sinsrolle	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Akteur	3 / 500	6 / 500	6 / 500	8 / 500
	± 58 in totaal	± 26 in totaal	± 27 in totaal	± 38 in totaal
Doel	54 / 500	77 / 500	77 / 500	77 / 500
	± 210 in totaal	± 327 in totaal	± 342 in totaal	± 365 in totaal
Begunstigde	12 / 500	13 / 500	13 / 500	10 / 500
	± 47 in totaal	± 55 in totaal	± 58 in totaal	± 47 in totaal
Instrument	43 / 500	38 / 500	62 / 500	55 / 500
	± 167 in totaal	± 162 in totaal	± 276 in totaal	± 261 in totaal
Adjunk	237 / 500	226 / 500	195 / 500	201 / 500
	± 921 in totaal	± 961 in totaal	± 867 in totaal	± 952 in totaal

Vanuit **Tabel 4.16** is dit duidelik dat voorsetselstukke met *met* die minste as deel van die akteur en begunstigde (onderstreep) saam met konkrete prosesse gebruik word:

[4.115] Op 'n wakis in die hoek van die voorhuis sit n boer met 'n lang baard

(1911-1920, Fiksie) – Akteur

[4.116] Vandag word matriksalgebra as 'n essensiële deel van universiteitswiskunde met eerste- of tweede-jaarstudente behandel,

(1971-1980, Natuurwetenskappe) – Begunstigde

⁵⁰ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 9.44.

⁵¹ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 5.93 (lae beduidendheid).

⁵² Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 9.38.

⁵³ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 15.43.

Tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die gebruik van *met* as deel van akteurs saam met konkrete prosesse⁵⁴. As deel van begunstigdes saam met konkrete prosesse is die gebruik van *met* relatief stabiel met geen beduidende verandering in 'n spesifieke rigting nie.

'n Ander meer algemene gebruik van *met* is as deel van Instrumente saam met konkrete prosesse. Hierdie gebruik van *met* verteenwoordig die tradisionele aktiewe indirekte voorwerp en dui op die 'gereedskap' waarmee die konkrete handeling verrig word. Instrumente (onderstreep) is meer dikwels baie konkrete, fisiese voorwerpe,

[4.117] Regs van die bulkrale, 'n tweehonderd tree, die groep skaapkrale, laag en sterk gespan met staaldraad ... (1941-1950, Fiksie)

[4.118] Sy ry nou met 'n outomatiese voertuig ... (2001-2010, Verslaggewing)

[4.119] 'n Weinig fijn meel, honig en sagte seep, met 'n mes deurmakaar gewerk en op 'n lap gesmeerd. (1911-1920, Informatief)

[4.120] Deur sekere voedselprodukte, wat veral deur die armes gebruik word, met sekere van die vitamene, minerale en ook proteïene, onder staatskontrole, aan te vul. (1941-1950, Natuurwetenskappe)

hoewel dit in sekere opsigte meer abstrakte konseptualiserings (onderstreep) insluit.

[4.121] Sonder sodanige analitiese metodes toe te pas sal twee ondersoekers nie noodwendig tot dieselfde gevolgtrekkings met dieselfde eksperimentele ontleding kom nie. (1941-1950, Natuurwetenskappe)

Sedert Afdeling 1 van die korpus is daar 'n toename in die gebruik van voorsetselstukke met *met* as deel van Instrumente saam met konkrete prosesse. Hierdie toename is geleidelik en beduidend vanaf Afdeling 1 tot Afdeling 4 van die korpus⁵⁵.

Voorsetselstukke met *met* word, in vergelyking met onder andere *vir*, *aan* en *deur*, aansienlik meer gebruik as deel van die doel (onderstreep) saam met konkrete prosesse:

[4.122] het Pico della Mirandola duisend jaar later 'n essay geskryf met die titel "Oor die waardigheid van die mens". (2001-2010, Geesteswetenskappe)

[4.123] Die Vrijstaat het feitelik maar begin met die opleiding van onderwysers na die oorlog ... (1911-1920, Informatief)

⁵⁴ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 12.47.

⁵⁵ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 46.02.

[4.124] ... ten minste die meeste, nie meer met hulle eige taal spot nie (1911-1920, Informatief)

[4.125] ... wat geheel en al bots met sy vryheidsliewende gees. (1971-1980, Biografies)

[4.126] ... wat van die trop 'n tambotievrug maak met 'n goggatjie in. (2001-2010, Fiksie)

Saam met konkrete prosesse word voorsetselstukke met *met* grotendeels as deel van die doel gebruik in die vorm van voorsetselvoorwerpe en bepalings. Sedert Afdeling 1 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die gebruik van voorsetselstukke met *met* as deel van die doel saam met konkrete prosesse⁵⁶.

Die mees markante gebruik van *met* saam met konkrete prosesse is as adjunkte. Voorsetselstukke met *met* word gebruik vir 'n verskeidenheid van adjunkte saam met konkrete prosesse. Daar is meer variasie in die adjunk-gebruike van *met* saam met konkrete prosesse in vergelyking met die ander algemene sinsrolle reeds bespreek. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n toename in die adjunk-gebruike van *met* saam met konkrete prosesse, gevolg deur 'n geringe afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 3 van die korpus. Daar is dan weer 'n geringe toename in die adjunk-gebruike van *met* saam met konkrete prosesse tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus. Die totale adjunk-gebruike van *met* saam met al die verskillende prosesse word later in meer besonderhede bespreek.

4.5.5.3.2 Algemene gebruike saam met kommunikasieprosesse

Die voorsetsel *met* word saam met kommunikasieprosesse gebruik in 'n verskeidenheid van argument- en sinsrolle. Aan die hand van **Tabel 4.18** is dit egter duidelik dat voorsetselstukke met *met* grotendeels gebruik word om Begunstigdes in te lei en om Adjunkte uit te druk.

Tabel 4.18: Argument- en sinsrolle van “met” saam met kommunikasieprosesse

Argument- of sinsrolle	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Spreker	0 / 500	0 / 500	0 / 500	0 / 500
	± * in totaal	± * in totaal	± * in totaal	± * in totaal
Uitspraak	1 / 500	0 / 500	1 / 500	1 / 500
	± 4 in totaal	± 0 in totaal	± 4 in totaal	± 5 in totaal
Begunstigde	12 / 500	13 / 500	13 / 500	10 / 500
	± 62 in totaal	± 72 in totaal	± 84 in totaal	± 81 in totaal
Teiken	0 / 500	0 / 500	0 / 500	0 / 500
	± 0 in totaal	± 0 in totaal	± 0 in totaal	± 0 in totaal
Adjunk	9 / 500	7 / 500	4 / 500	6 / 500
	± 35 in totaal	± 30 in totaal	± 18 in totaal	± 28 in totaal

⁵⁶ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 36.58.

Soortgelyk aan *vir* en *aan*, word voorsetselstukke met *met* gebruik om begunstigdes saam met kommunikasieprosesse in te lei. Die volgende voorbeelde illustreer tipiese gevalle waar *met* gebruik word as deel van die begunstigde (onderstreep) by kommunikasieprosesse:

[4.127] Ek praat met myself. (1971-1980, Fiksie)

[4.128] Sydney is ook skielik op die toneel en praat vinnig en gebiedend met die werkers. (2001-2010, Religieus)

[4.129] ... en met een van hul wil ik gesels. (1911-1920, Informatief)

Die gebruiksinstanties van *met* in hierdie konteks is wel te min om op sigself enige taalverandering te kan verklaar.

'n Ander algemene gebruik van *met* saam met kommunikasieprosesse is as adjunkte. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus is daar, soortgelyk aan die adjunk-gebruike van *met* saam met konkrete prosesse, 'n afname in die adjunk-gebruike van *met* saam met kommunikasieprosesse. Hierdie afname word gevolg deur 'n geringe toename in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus.

4.5.5.3.3 Algemene gebruike saam met mentale prosesse

Saam met mentale prosesse word voorsetselstukke met *met* hoofsaaklik gebruik as deel van die verskynsel en as adjunkte. **Tabel 4.19** bied 'n uiteensetting van die verspreiding van die gebruik van *met* saam met Mentale Prosesse.

Tabel 4.19: Argument- en sinsrolle van "met" saam met Mentale Prosesse

Argument- of sinsrolle	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Ervaarder	0 / 500	0 / 500	0 / 500	0 / 500
	± 0 in totaal	± 0 in totaal	± 0 in totaal	± 0 in totaal
Verskynsel	5 / 500	7 / 500	10 / 500	6 / 500
	± 19 in totaal	± 30 in totaal	± 44 in totaal	± 28 in totaal
Adjunk	7 / 500	5 / 500	9 / 500	11 / 500
	± 27 in totaal	± 21 in totaal	± 40 in totaal	± 52 in totaal

Vanuit **Tabel 4.19** is dit duidelik dat voorsetselstukke met *met* meer algemeen gebruik word as adjunkte saam met mentale prosesse. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n afname in die adjunk-gebruike van *met* in mentale prosesse, gevolg deur 'n toename in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 van die korpus. Die gebruiksinstanties van *met* is in hierdie konteks wel weereens te min om enige konkrete taalverandering te eien. Hoewel daar nie besonders baie gebruiksinstanties van *met* as deel van die verskynsel in die steekproewe is nie, is dit wel opvallend dat dit die tweede mees algemene gebruik van *met* saam met mentale prosesse is. Hierdie tipe argumentrol, die aktiewe direkte voorwerp in dinamiese prosesse, word ook algemeen gebruik saam met konkrete prosesse as die doel. Hierdie tipe argumentrol in dinamiese prosesse word egter nie so prominent gebruik saam met kommunikasie prosesse nie (**Tabel 4.20**).

Tabel 4.20: “Met” as deel van die tradisionele direkte voorwerp saam met verskillende prosesse (geëkstrapoleerde gebruiksinstanties)

Direkte voorwerp	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Doel	210	327	342	365
Uitspraak	4	0	4	5
Verskynsel	19	30	44	28
Totaal	233	357	390	378

Die totale gebruiksinstanties van *met* in die konseptueel verwante argumentrolle wat verwys na die tradisionele direkte voorwerp toon oor die algemeen 'n toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 van die korpus. Daar is tussen Afdeling 1 en 3 'n beduidende toename in die totale gebruik van voorsetselstukke met *met* as deel van die direkte voorwerp⁵⁷. Sedertdien is die gebruik van *met* as deel van hierdie argumentrolle relatief stabiel met geen beduidende verandering tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus nie.

4.5.5.3.4 Algemene gebruike saam met statiewe prosesse

Die voorsetsel *met* word saam met statiewe prosesse gebruik as deel van al die primêre argument- en sinsrolle. **Tabel 4.21** bied 'n uiteensetting van die verspreiding van die gebruik van *met* saam met statiewe prosesse.

Tabel 4.21: Argument- en sinsrolle van “met” saam met statiewe prosesse

Argument- of sinsrolle	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Onderwerp	12 / 500	9 / 500	8 / 500	8 / 500
	± 47 in totaal	± 38 in totaal	± 36 in totaal	± 38 in totaal
Predikaat	56 / 500	54 / 500	65 / 500	60 / 500
	± 218 in totaal	± 230 in totaal	± 289 in totaal	± 284 in totaal
Adjunk	46 / 500	41 / 500	31 / 500	40 / 500
	± 179 in totaal	± 174 in totaal	± 138 in totaal	± 190 in totaal

Voorsetselstukke met *met* word saam met statiewe prosesse die minste gebruik as deel van die onderwerp (onderstreep):

[4.130] ... dat sinvolle uitruiling met ander moontlike gebiede moontlik is nie.
(2001-2010, Brief)

[4.131] Die reuk van vis, vers sowel als oud, die seelug met nou en dan 'n reukie van die wilde blomme en bossies die op die berg groei en wat die sagte somerwindjie nou en dan afdrijwe, is als wierook in hul neusgate ... (1971-1980, Fiksie)

Die voorsetselgebruik van *met* in hierdie argumentrolle is relatief stabiel en toon geen beduidende verandering in 'n spesifieke rigting nie.

⁵⁷ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 is 31.96.

In vergelyking met die voorsetsels *vir*, *aan* en *deur*, word *met* aansienlik meer gebruik as deel van die predikaat saam met statiewe prosesse. Die volgende voorbeelde illustreer hoe voorsetselstukke met *met* as deel van die predikaat gebruik word in die korpus:

[4.132] ... die Here seën jou en wees met jou tot ons weer ontmoet. (1941-1950, Brief)

[4.133] Hulle is hoogst tevrede met hul vrugtbare land... (1911-1920, Informatief)

[4.134] Elk blindgeborene is vertrouwd met sulke woorde als lig, duisternis, dag, nag, kleur. (1911-1920, Geesteswetenskappe)

[4.135] Soos wat die geval in Gebied I is, is die dominante gronde hier dus ook kleierig (meer as 35 persent klei) met goed ontwikkelde strukture. (1971-1980, Natuurwetenskappe)


Vanaf Afdeling 1 tot Afdeling 4 van die korpus is die gebruik van voorsetselstukke met *met* geleidelik en beduidend aan die toeneem in predikate saam met statiewe prosesse⁵⁸. Dit is ook die mees algemene gebruik van *met* saam met statiewe prosesse.

Die tweede mees algemene gebruik van die voorsetsel *met* saam met statiewe prosesse is as adjunkte. Soortgelyk aan die adjunk-gebruik van *met* saam met konkrete en kommunikasieprosesse, is daar tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus 'n afname in die adjunk-gebruike van *met* saam met statiewe prosesse. Tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus is daar weer 'n toename in die Adjunk-gebruik van *met*. Vanweë die hoë verspreiding van die adjunk-gebruike van *met* saam met al die verskillende prosesse oor die korpus heen, is dit belangrik om voorts meer genuanseerd te kyk na die verskillende tipes adjunkte waarvoor *met* gebruik word in die korpus.

4.5.5.3.5 Adjunk-gebruike van *met*

Voorsetselstukke met *met* word as 'n verskeidenheid van Adjunkte gebruik in die korpus saam met al die prosesse in die voorstellingsfunksie. **Figuur 4.11** illustreer die verspreiding van die mees algemene adjunk-gebruike van *met* in die korpus aan die hand van die geëkstrapoleerde gebruiksinstanties ten einde die tendense in die steekproewe beter te illustreer.

⁵⁸ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 12.05.



Figuur 4.11: Algemene adjunk-gebruike van voorsetselstukke met "met" saam met verskillende prosesse (geëkstrapoleerde gebruiksinstanties)

Oor die algemeen is daar tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus 'n beduidende afname in die totale adjunk-gebruik van *met*, gevolg deur 'n beduidende toename in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus⁵⁹. Hierdie verandering blyk toegeskryf te word aan die prototipiese adjunk-gebruik van *met* as deel van adjunkte van wyse. Die volgende voorbeelde illustreer realiserings van hoe *met* as adjunkte van wyse in die korpus gebruik word:

[4.136] Hy kon as 't ware prakties en met oorgawe dit in tale spreek (2001-2010, Fiksie)

[4.137] Daar was tallose welmenende mense wat met die gloed van vaderlandsliefde na die pen gegryp het (1941-1950, Informatief)

⁵⁹ Die Log-waarskynlikheid vir die afname in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 is 5.42 (lae beduidendheid); en vir die toename in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 is 10.56.

[4.138] ... doch altoos onderworpen aan den wil van haar Hemelschen Vader droeg zy haar lyden met geduld. (1911-1920, Brief)

[4.139] ... en die regterbeen gebuig met die knie effe na buite gedraai ... (1971-1980, Fiksie)

[4.140] Die volgroeides van hierdie twee spesies het egter oor hierdie tydperk met ongeveer die helfte verminder ... (1971-1980, Natuurwetenskappe)

Die prototipiese adjunk-gebruik kan aan die hand van 'n diagrammatiese voorstelling uit kognitiewe grammatika verduidelik word. **Diagram 4.5** illustreer die funksie van 'n adjunk van wyse in 'n proses aan die hand van die kommunikasieproses in voorbeeld [4.136].




Diagram 4.5: Diagrammatiese voorstelling van "met" as adjunkte van wyse (aangepas uit Messerschmidt en Bergh, 2011:105)

In die diagram word 'n eenvoudige proses voorgestel waarin die agent, oftewel trajektor (X), met die verloop van tyd (T) 'n handeling verrig ten einde 'n spesifieke doel te verwesenlik, 'n boodskap oor te dra of 'n voorwerp te manipuleer, verteenwoordig deur die landmerk (Z). In voorbeeld [4.136] is die spreker, "hy", die agent (X) wat 'n kommunikatiewe handeling verrig ten einde die uitspraak (Z), "dit", te lewer. Die stippellynsirkel tussen die spreker en die uitspraak verteenwoordig die adjunk van wyse wat addisionele inligting verskaf rondom die wyse waarop die handeling verrig word. In 'n aksieketting waarin die trajektor 'n handeling verrig op die landmerk tree die adjunk van wyse op as 'n "tussenganger" wat die oordrag van energie tussen die trajektor en landmerk (aangedui deur die dubbelskagpyl) bepaal. In die geval van voorbeeld [4.136] word die kommunikatiewe handeling verrig "met oorgawe" en dit spreek tot die kwaliteit en intensiteit van die toedrag van energie waarmee die handeling verrig word.

Tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus is daar 'n afname in die gebruik van *met* as deel van adjunkte van wyse, gevolg deur 'n toename in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus. Die spesifieke adjunk-gebruik van *met* is dus wisselvallig en hoewel dit die prototipiese adjunk-gebruik van voorsetselstukke met *met* is, dra dit nie by tot die verklaring van die algemene toename van die totale voorsetselgebruik van *met* oor die korpus heen nie. Dit wil wel voorkom asof die afname in die adjunk-gebruike van *met* saam met konkrete, kommunikasie- en statiewe prosesse toegeskryf behoort te word aan die verandering in die prototipiese adjunk-gebruik van *met*.

Die ander algemene adjunk-gebruike van *met* toon beduidende verandering in 'n spesifieke rigting. Algemene Adjunk-gebruike (onderstreep) van *met* wat sedert Afdeling 1 tot Afdeling 4 van die korpus geleidelik en beduidend aan die toeneem is, sluit in adjunkte van bykomstigheid⁶⁰,

[4.141] ... om hierdie orgie van wellus en pret saam met my te ervaar. (1971-1980, Fiksie)

[4.142] Hy kon voor ure sit en luister na die vertelling van dapperheid, manhaftigheid en lydsaamheid, waarin vroue hul deel geneem het saam met die mans. (1911-1920, Geesteswetenskappe)

[4.143] ... en met 'n groot wit bak in die hand by die deur insukkel. (1971-1980, Natuurwetenskappe)

adjunkte van gebeurlikheid⁶¹,

[4.144] Met die hoë onkoste verbonde aan die uitgawe van die Jaarboek het ons iets gewaag (1911-1920, Verslaggewing)

[4.145] Die gevangenes is meegevoer om later losgelaat te word, met die uitsondering van lt. Cecil Boyle ... (2001-2010, Geesteswetenskappe)

en adjunkte van oorsaak⁶².

[4.146] Omtrent ses weke na sijn aanstelling het die nuwe President, vergesel deur 'n aantal volgelinge, 'n reis na Bloemfontein aanvaar, met die doel om die twee republieke-die Vrijstaat en die Transvaal-te verenig. (1911-1920, Biografies)

⁶⁰ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 35.03.

⁶¹ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 40.73.

⁶² Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 14.47.

Algemene adjunk-gebruike (onderstreep) van *met* wat sedert Afdeling 1 tot Afdeling 4 van die korpus geleidelik en beduidend aan die afneem is, sluit in lokatiewe adjunkte⁶³,

[4.147] Ek het geleentheid geneem om met my onlangse besoek te Pretoria, die kwessie met Dr. Naude, Hoof, Afdeling Insektekunde, te bespreek. (1941-1950, Brief)

[4.148] ... dat met ons besoek aan die kollege die eerste vroulike-offisier haar vir diens aangemeld het. (1971-1980, Informatief)

en adjunkte van stof⁶⁴.

[4.149] sodat hulle nie tyd hoef te mors met aas op sny en aansit nie. (2001-2010, Fiksie)

[4.150] ... dit met jou en E se akademie maar woes gaan. (1971-1980, Brief)

Die ander adjunk-gebruike van *met* is min in die data en nie genoeg om enige bydrae te lewer tot ons begrip van die adjunk-gebruike van *met* nie.

4.5.5.4 *Normatiewe belangstelling in met*

Die voorsetsel *met* word nie besonder baie in normatiewe bronne vermeld nie. **Tabel 4.22** bied 'n uiteensetting van die normatiewe belangstelling in *met* aan die hand van die bronne wat vir die kwantitatiewe grammatikografie van hierdie studie geraadpleeg word. In **Tabel 4.22** word eerstens verwys na die hoeveelheid bronne wat spesifiek die voorsetsel *met* vermeld in verhouding tot die totale hoeveelheid bronne in die kwantitatiewe grammatikografie. Voorts word daar spesifiek aangedui hoeveel van die bronne, spesifiek dié wat die voorsetsel *met* vermeld, die voorsetsel vermeld sonder enige aanbeveling en hoeveel van die bronne wel aanbevelings maak.

Tabel 4.22: Normatiewe belangstelling in "met".

Normatiewe belangstelling	1891-1920	1921-1950	1951-1980	1981-2010
Vermeld spesifiek <i>met</i>	1 / 3	5 / 11	4 / 14	8 / 12
Vermeld sonder enige aanbeveling	1 / 1	5 / 5	0 / 4	6 / 8
Vermeld met aanbevelings	0 / 1	0 / 5	4 / 4	2 / 8

Slegs ses bronne, vier tussen 1951 en 1980 en twee tussen 1981 en 2010, wat in die kwantitatiewe grammatikografie van hierdie studie ingesluit is, maak aanbevelings met betrekking tot die gebruik van die voorsetsel *met*. Hierdie aanbevelings fokus egter op beperkte gebruiksinstanties van *met* in Afrikaans wat nie verband hou met die algemene gebruikse geïdentifiseer in hierdie bespreking nie. Voorbeelde van aanbevelings wat gereeld

⁶³ Die Log-waarskynlikheid vir die afname in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 3.51 (lae beduidendheid).

⁶⁴ Die Log-waarskynlikheid vir die afname in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 83.88.

in die bronne tussen 1951 en 1980 gemaak is, sluit in die verkeerde gebruik van *met* in “iemand voorsien met” in plaas van “iemand voorsien van” (Van der Merwe, 1967:184/1970:150), “met die term word bedoel” in plaas van “hiermee word bedoel” (Van der Merwe, 1967:184/1970:150; Basson *et al.*, 1968:62-63), “iets met ’n wins verkoop” in plaas van “teen ’n wins” (Van der Merwe, 1967:184/1970:150). Nuwer bronne tussen 1981 en 2010 fokus op aspekte soos die anglicistiese gebruik van *met* in “iets vervang met” in plaas van “iets vervang deur” (Carstens, 2003:58), en dat *met* nie gebruik moet word waar “*tydens, by, in* en *op* hoort” nie (Müller, 2003:180). Daar is dus geen aanduidings in die normatiewe bronne wat kan help om veranderinge in die data te verduidelik of te verklaar nie.

4.5.5.5 Met samevattend

Die voorsetsel *met* word in die korpus gebruik saam met al die verskillende tipes prosesse in die voorstellingsfunksie. Die voorsetsel word meer algemeen gebruik saam met konkrete en statiewe prosesse en minder algemeen saam met mentale en kommunikasieprosesse. Sedert Afdeling 1 tot Afdeling 4 van die korpus is daar ’n beduidende toename in die gebruik van *met* saam met al die verskillende prosesse.

Saam met konkrete prosesse word voorsetselstukke met *met* dikwels gebruik as deel van adjunkte, instrumente en die doel. Al hierdie algemene gebruike neem geleidelik en beduidend toe in gebruik tussen Afdeling 1 tot Afdeling 4 van die korpus, met die uitsondering van die adjunk-gebruike.

Ten einde die algehele toename in die gebruik van *met* te verklaar, is dit belangrik om te reflekteer op die gesamentlike gebruike van die voorsetsel *met* in konseptueel verwante argumentrolle as die direkte voorwerp (doel, uitspraak en verskynsel saam met dinamiese prosesse) en die indirekte voorwerp (begunstigde saam met konkrete en kommunikasieprosesse). Oor die algemeen is daar ’n geleidelike en beduidende toename in die gesamentlike gebruike van *met* as deel van die direkte voorwerp in dinamiese prosesse. Die gebruike van *met* as deel van die indirekte voorwerp (begunstigde), toon ’n algehele toename in gebruik. Die gesamentlike veranderinge in konseptueel verwante argumentrolle verklaar nie net hoe *met* gebruik word saam met verskillende prosesse nie, maar ook hoe *met* gebruik word oor die algemeen oor prosesse heen.

Voorsetselstukke met *met* word algemeen gebruik in statiewe prosesse as deel van die predikaat en as adjunkte. As deel van die predikaat neem die gebruik van *met* tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 toe in gebruik.


Voorsetselstukke met *met* word algemeen gebruik as adjunkte saam met alle prosesse in die voorstellingsfunksie. Oor die algemeen is daar tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus 'n beduidende afname in die totale adjunk-gebruike van *met*, gevolg deur 'n beduidende toename in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus. Slegs die prototipiese Adjunk-gebruik van *met*, as adjunkte van wyse, toon 'n soortgelyke veranderingspatroon oor die korpus heen. Van die ander algemene adjunk-gebruike van *met* wat sedert Afdeling 1 tot Afdeling 4 van die korpus in gebruik toeneem, sluit in adjunkte van bykomstigheid, gebeurlikheid en oorsaak. Ander algemene adjunk-gebruike wat sedert Afdeling 1 tot Afdeling 4 van die korpus aan die afneem is, sluit in lokatiewe adjunkte en adjunkte van stof.

Die veranderende prototipiese adjunk-gebruik van *met* het geen invloed gehad op die algehele veranderende gebruik van *met* oor die korpus heen nie. Die voorsetsel is sedert Afdeling 1 van die korpus geleidelik en beduidend aan die toeneem. Geen normatiewe uitsprake is gevind wat verband hou met die veranderende gebruik van *met* in die korpus nie.

4.5.6 Die voorsetsel *in* volgens die voorstellingsfunksie

4.5.6.1 Inleiding

Die voorsetsel *in* is die mees frekwente voorsetsel in die korpus betrek by hierdie studie. Daar is nie baie literatuur beskikbaar oor die gebruik van die voorsetsel *in* in Afrikaans nie en tot dusver is daar nog nie enige diachroniese navorsing beskikbaar oor die gebruik van hierdie voorsetsel nie. Ponelis (1979:225) is van mening dat voorsetsels, soos *in*, in Afrikaans gebruik kan word as Predikate in nie-handelende prosesse, vernaamlik as dit 'n lokatiewe betekenis het. Hy (Ponelis, 1979:321-322) wys ook daarop dat voorsetsels met 'n lokatiewe betekenis, soos *in*, dikwels gebruik kan word as komplemente, nabepalings in naamwoordstukke en as adjunkte. **Figuur 4.12** illustreer die verspreiding van die totale gebruiksinstanties van *in* oor die korpus heen, asook die totale benaderde geëkstrapoleerde deeltjie-gebruike van *in* by elke afdeling van die korpus.



Figuur 4.12: Totale voorsetsel- en deeltjiegebruike van "in"

Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die totale voorsetselgebruik van *in*⁶⁵. Sedert Afdeling 2 tot Afdeling 4 van die korpus is die totale voorsetselgebruik van *in* relatief stabiel met geen beduidende verandering in 'n spesifieke rigting nie⁶⁶. Die aanvanklike toename in die gebruik van *in* in die eerste afdelings van die korpus word ook waargeneem in die gebruik van *in* saam met verskillende prosesse.

4.5.6.2 In saam met prosesse

Voorsetselstukke met *in* word in die korpus gebruik saam met al die verskillende soorte prosesse in die voorstellingsfunksie, insluitende: konkrete, kommunikasie-, mentale en statiewe prosesse. **Tabel 4.23** bied 'n uiteensetting van die verspreiding van die hoeveelheid gebruiksinstanties van *in* saam met elke tipe proses.

Tabel 4.23: Die gebruik van "in" saam met verskillende prosesse

Proses	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Konkrete Proses	331 / 500	349 / 500	330 / 500	365 / 500
	± 2806 in totaal	± 3540 in totaal	± 3253 in totaal	± 3638 in totaal
Kommunikasieproses	12 / 500	13 / 500	11 / 500	7 / 500
	± 102 in totaal	± 122 in totaal	± 109 in totaal	± 70 in totaal
Mentale Proses	18 / 500	13 / 500	13 / 500	6 / 500
	± 153 in totaal	± 133 in totaal	± 129 in totaal	± 60 in totaal
Statiewe Proses	139 / 500	125 / 500	146 / 500	122 / 500
	± 1182 in totaal	± 1275 in totaal	± 1434 in totaal	± 1216 in totaal

Aan die hand van die data vanuit die steekproewe is dit duidelik dat die voorsetsel *in* mees algemeen gebruik word saam met konkrete en statiewe prosesse, soortgelyk aan al die ander voorsetsels reeds bespreek in hierdie studie. Daar is nie genoeg gebruiksinstanties van *in* saam met mentale en kommunikasieprosesse in die lukrake steekproewe om met

⁶⁵ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 24.80.

⁶⁶ Die Log-waarskynlikheid vir die geringe afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 1.11.

sekerheid enige beduidende veranderinge in hierdie gebruike te bepaal nie. Daar is wel beduidende veranderinge in die gebruik van voorsetselstukke met *in* saam met konkrete en statiewe prosesse.

Die gebruik van *in* saam met konkrete prosesse in die korpus is wisselvallig. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n toename in die gebruik van voorsetselstukke met *in* saam met konkrete prosesse. Daar is tussen Afdeling 2 en Afdeling 3 van die korpus 'n afname in die gebruik van *in* saam met konkrete prosesse, gevolg deur 'n toename in gebruik weer tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus.

Die gebruik van *in* saam met statiewe Prosesse neem geleidelik en beduidend in gebruik toe tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus⁶⁷. Tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus is daar vervolgens 'n beduidende afname in die gebruik van *in* saam met Statiewe Prosesse⁶⁸. Voorts word daar gefokus op die mees algemene gebruike van *in* saam met Konkrete en Statiewe Prosesse

4.5.6.3 In saam met verskillende sinsrolle

Vanuit die data van die lukrake steekproewe is dit duidelik dat *in* saam met konkrete en statiewe prosesse gebruik word in baie spesifieke en spesialiteitsrolle wat die prototipiese en mees algemene gebruike daarvan in Afrikaans verteenwoordig.

4.5.6.3.1 Prototipiese en algemene gebruike saam met konkrete prosesse
 Voorsetselstukke met *in* word saam met konkrete prosesse gebruik as deel van die akteur, doel, begunstigde en as adjunkte. **Tabel 4.24** gee die verspreiding van die verskillende gebruikinstansies van *in* as deel van argument- en sinsrolle saam met konkrete prosesse.

Tabel 4.24: Argument- en sinsrolle van "in" saam met konkrete prosesse

Argument- of sinsrolle	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Akteur	0 / 500	6 / 500	8 / 500	9 / 500
	± 0 in totaal	± 61 in totaal	± 79 in totaal	± 90 in totaal
Doel	62 / 500	61 / 500	43 / 500	53 / 500
	± 527 in totaal	± 622 in totaal	± 425 in totaal	± 528 in totaal
Begunstigde	1 / 500	4 / 500	3 / 500	0 / 500
	± 9 in totaal	± 41 in totaal	± 30 in totaal	± 0 in totaal
Instrument	0 / 500	0 / 500	0 / 500	0 / 500
Adjunk	267 / 500	276 / 500	275 / 500	303 / 500
	± 2270 in totaal	± 2816 in totaal	± 2719 in totaal	± 3020 in totaal

Die verspreiding van die gebruiksfrekwensies in **Tabel 4.24** toon aan dat van al die verskillende gebruike van *in* saam met konkrete prosesse, slegs die gebruik van *in* as deel van die doel en as deel van adjunkte meer algemeen in die data voorkom, met

⁶⁷ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 is 14.47.

⁶⁸ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 is 18.67.

laasgenoemde die markantste van die twee gebruike. Die tweede mees algemene gebruik van voorsetstykke met *in* is as deel van die doel saam met konkrete prosesse. Saam met konkrete prosesse word voorsetstykke met *in* as deel van die doel gebruik in die vorm van voorsetselvoorwerpe, bepalings, of in Ponelis (1979:321) se terme komplemente. Die volgende voorbeelde illustreer tipiese gebruiksinstansies van *in* as deel van die doel (onderstreep):

[4.151] Die getal grade in die hoek word gegee in die linkerste kolom ...
(1911-1920, Natuurwetenskappe)

[4.152] ... sal ons nie gemaklik in die sweetdoek kan stop nie. (1971-1980,
Religieus)

[4.153] ... dit moet in die oog gehou word. (1941-1950, Verslaggewing)

[4.154] Hou Hom tog liever in die huis! (1941-1950, Religieus)

[4.155] ... deur die situasies waarin karakters, gebeure, ruimte, tyd, fokalisasie
en vertelwyse met mekaar in interaksie tree. (2001-2010,
Geesteswetenskappe)

Die gebruik van voorsetstykke met *in* as deel van die doel in konkrete prosesse is wisselvallig oor die korpus heen. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus is daar 'n toename in die gebruik van *in* as deel van die doel saam met konkrete prosesse. Daar is tussen Afdeling 2 en Afdeling 3 van die korpus weer 'n afname in die gebruik van *in* as deel van die doel in die korpus, gevolg deur 'n toename in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus.

Voorsetstykke met *in* word saam met konkrete prosesse in die meeste gevalle gebruik as adjunkte. Die adjunk-gebruike van *in* is oor die algemeen in die korpus die prototipiese gebruik van die betrokke voorsetsel in die korpus. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is daar 'n toename in die adjunk-gebruike van *in* saam met konkrete prosesse, gevolg deur 'n afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 3 van die korpus. Daar is tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus weereens 'n toename in die adjunk-gebruike van *in* saam met konkrete prosesse. Vanweë die groot hoeveelheid gebruiksinstansies van die adjunk-gebruike van *in* word die spesifieke tipe adjunkte saam met al die verskillende prosesse later in meer besonderhede bespreek. Hierdie gebruik is ook besonders frekwent saam met statiewe prosesse.

4.5.6.3.2 Prototipiese en algemene gebruike saam met statiewe prosesse

Die voorsetsel *in* word saam met statiewe prosesse gebruik as deel van die onderwerp, predikaat en as adjunkte. **Tabel 4.25** gee 'n uiteensetting van die gebruiksfrekwensies van die verskillende gebruike van *in* saam met statiewe prosesse.

Tabel 4.25: Argument- en sinsrolle van “in” saam met statiewe prosesse

Argument- of sinsrolle	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Onderwerp	8 / 500	8 / 500	9 / 500	11 / 500
	± 68 in totaal	± 82 in totaal	± 89 in totaal	± 110 in totaal
Predikaat	39 / 500	34 / 500	38 / 500	37 / 500
	± 332 in totaal	± 347 in totaal	± 376 in totaal	± 369 in totaal
Adjunk	92 / 500	83 / 500	98 / 500	74 / 500
	± 782 in totaal	± 847 in totaal	± 969 in totaal	± 737 in totaal

Die uiteensetting van die data in **Tabel 4.25** toon aan dat die voorsetsel *in* slegs algemeen gebruik word saam met statiewe prosesse as deel van die predikaat en adjunkte, met, soortgelyk aan konkrete prosesse, die adjunk-gebruike weereens die proporsioneel grootste spesialiteitsrol waarvoor *in* gebruik word saam met prosesse.

Die tweede grootste gebruik van *in* saam met statiewe prosesse is as deel van die predikaat. Dit is een van die gebruike wat Ponelis (1979:225) aantoon as algemeen onder voorsetselstukke wat 'n lokatiewe betekenis het, soos in die geval van *in*. Die volgende is realiserings in die korpus waar voorsetselstukke met *in* as deel van die predikaat saam met statiewe prosesse gebruik word:

- [4.156] Hierdie spoorlyn is juis in 'n gebied geleë ... (1971-1950, Informatief)
 [4.157] ... of misskien was dit in 'n klub. (1911-1920, Fiksie)
 [4.158] ... as hulle in die digte bosse sou wees ... (1941-1950, Informatief)
 [4.159] Sitrus is in oorproduksie ... (2001-2010, Verslaggewing)
 [4.160] ... en vir 'n tyd saam met Siener in die gevangenis was ... (2001-2010, Geesteswetenskappe)

Die gebruik van *in* as deel van die predikaat saam met statiewe prosesse is relatief stabiel en toon geen beduidende verandering tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 van die korpus nie.

Die prototipiese gebruik van voorsetselstukke met *in* saam met statiewe prosesse is as deel van adjunkte. Voorsetselstukke met *in* word saam met statiewe prosesse gebruik as 'n verskeidenheid van tipes adjunkte. Daar is tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus 'n beduidende toename in die adjunk-gebruike van *in* saam met statiewe prosesse⁶⁹. Opvallend is toe die adjunk-gebruike van *in* saam met konkrete prosesse 'n laagtepunt bereik het in Afdeling 3 van die korpus, daar 'n hoogtepunt in die adjunk-gebruike van *in* saam met statiewe prosesse is. Tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus is daar egter weer 'n beduidende afname in die adjunk-gebruike van *in* saam met Statiewe Prosesse⁷⁰.

⁶⁹ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 is 12.81.

⁷⁰ Die Log-waarskynlikheid vir die afname in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 is 32.4.

4.5.6.3.3 Adjunk-gebruik van *in*

Saam met beide konkrete en statiewe prosesse, die twee mees algemene prosesse waarin die voorsetsel *in* gebruik word, is die Adjunk-gebruike die markantste. *In* word ook saam met kommunikasie- en mentale prosesse vir 'n verskeidenheid van funksies as adjunkte gebruik.

Tabel 4.26 bied 'n uiteensetting van al die algemene adjunk-gebruike van voorsetselstukke met *in* saam met al die verskillende prosesse oor die korpus heen.

Tabel 4.26: Die adjunk-gebruike van "in"

Adjunk	1911-1920	1941-1950	1971-1980	2001-2010
Lokatief	240 / 500	257 / 500	282 / 500	290 / 500
	± 2040 in totaal	± 2622 in totaal	± 2788 in totaal	± 2890 in totaal
Wyse	65 / 500	54 / 500	69 / 500	52 / 500
	± 553 in totaal	± 551 in totaal	± 682 in totaal	± 518 in totaal
Gebeurlikheid	15 / 500	24 / 500	6 / 500	11 / 500
	± 128 in totaal	± 245 in totaal	± 59 in totaal	± 110 in totaal
Rol	17 / 500	10 / 500	6 / 500	5 / 500
	± 145 in totaal	± 102 in totaal	± 59 in totaal	± 50 in totaal
Stof	23 / 500	25 / 500	17 / 500	17 / 500
	± 196 in totaal	± 255 in totaal	± 168 in totaal	± 169 in totaal
Oorsaak	6 / 500	7 / 500	9 / 500	5 / 500
	± 51 in totaal	± 71 in totaal	± 89 in totaal	± 50 in totaal
Ander	16 / 500	5 / 500	3 / 500	8 / 500
	± 136 in totaal	± 51 in totaal	± 30 in totaal	± 80 in totaal

Vanuit **Tabel 4.26** is dit duidelik dat voorsetselstukke met *in* primêr gebruik word as lokatiewe adjunkte en adjunkte van wyse. Dit is die mees algemene adjunk-gebruike van *in* in die korpus en die enigste adjunk-gebruike wat frekwent genoeg is in die steekproewe om verandering in die prototipiese gebruik van *in* te verduidelik. Oor die algemeen is daar tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus 'n beduidende toename in die totale adjunk-gebruik van *in*⁷¹. Sedertdien is die totale adjunk-gebruik van *in* relatief stabiel⁷².

Die prototipiese adjunk-gebruik van voorsetselstukke met *in* is as deel van lokatiewe adjunkte in die korpus. Sedert Afdeling 1 tot Afdeling 4 van die korpus is daar 'n geleidelike en beduidende toename in die gebruik *in* as deel van lokatiewe adjunkte⁷³. In die korpus word lokatiewe adjunkte (onderstreep) gebruik om tyd,

[4.161] ... wat albei in 1954 in produksie kom ... (1971-1980, Verslaggewing)

[4.162] En tog was daar in die Middeleeue veral by die ridders ook 'n verlange na 'n eenvoudige liefde, onskuld, gesondheid ... (2001-2010, Geesteswetenskappe)

konkrete representasies van plek,

⁷¹ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 is 18.90.

⁷² Die Log-waarskynlikheid vir die afname in gebruik tussen Afdeling 2 en Afdeling 4 is 0.08 (onbeduidend).

⁷³ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 4 is 108.23.

- [4.163] ... waar die Moederdistrik se Algemene Vergadering om 5 nm. in die Clarendonsaal onder voorsitterskap van mnr. Peet van der Merwe plaasgevind het. (1971-1980, Verslaggewing)
- [4.164] ... deur die oorheersing van die Nederlandse taal, het dit tog in ons land nuwe stuwkrag ontvang ... (1911-1920, Religieus)
- [4.165] Dat die afwesigheid van erdwurms in groot gebiede in Suid-Afrika in 'n groot mate aan die ongunstige vogtoestande toegeskryf moet word ... (1971-1980, Natuurwetenskappe)
- [4.166] ... om sodoende sy invloed in die Ooste te breek... (1941-1950, Informatief)

en meer abstrakte representasies van plek aan te dui.

- [4.167] In elke sfeer van die lewe tref ons die twee soorte aan. Twee boere woon miskien nabij mekaar onder sowat gelijke omstandighede. (1911-1920, Informatief)
- [4.168] Die feit dat professionele persone wat 'n belangrike rol moet speel in ankerinstellings in die samelewing (skool, regstelsel, ensovoorts) hulle aan sodanige vergrype skuldig maak, laat rooi ligte in ons samelewing flikker. (2001-2010, Geesteswetenskappe)
- [4.169] lewers in my geheue was ook 'n klein seuntjie (2001-2010, Fiksie)

Hierdie prototipiese adjunk-gebruik van *in* kan met behulp van 'n diagrammatiese voorstelling aan die hand van kognitiewe grammatika in meer detail verduidelik en onderskei word van die doel- en predikaat-gebruike van *in*.




Diagram 4.6: Diagrammatiese voorstellings van markante gebruike van "in"

Diagram 4.6 (a), soos aangepas uit Langacker (2009:8) en Taylor (2002:209), illustreer die gebruik van *in* as deel van die doel of predikaat. In hierdie diagram word voorgestel dat die proses primêr handel oor die akteur of onderwerp (X), wat of self geïmagineer word in die verloop van die proses (T)⁷⁴ binne 'n bepaalde ruimte (L), of 'n ander individu of voorwerp (Z) geïmagineer binne 'n bepaalde ruimte (L). Die herposisionering van die akteur, onderwerp of 'n ander addisionele voorwerp word voorgestel deur Z. Wanneer voorsetselstukke met *in* gebruik word as deel van die doel of predikaat dan is die sekondêre fokus van die verhouding wat uitgedruk word nie net op dit wat tradisioneel as die doel (direkte voorwerp) of predikaat beskou word nie. Die fokus van die proses is steeds primêr op die akteur of onderwerp (trajektor) terwyl die sekondêre fokus van die proses verskuif na die lokatiewe ruimte (Im). In gevalle waar *in* gebruik word as deel van lokatiewe adjunkte saam met verskillende prosesse, voorgestel deur **Diagram 4.6 (b)**, is die sekondêre fokus van die geprofileerde verhouding nie op die lokatiewe ruimte, dus die adjunk (L) nie. Die primêre fokusdeelnemer (trajektor) van die proses in die geprofileerde verhouding is steeds die akteur of onderwerp, maar die sekondêre fokusdeelnemer (landmerk) is die doel of predikaat (Z). Die proses wat geskied oor tyd, soos in die geval van handelende konkrete prosesse, geskied binne die bepaalde ruimte (L). Lokatiewe adjunkte verskaf dus oor die algemeen addisionele inligting met betrekking tot die tyd of plek waarin die proses plaasvind.

'n Verdere algemene adjunk-gebruik van *in* is as deel van adjunkte van wyse. Voorsetselstukke met *in* word ook saam met verskillende prosesse gebruik as adjunkte van wyse vir 'n verskeidenheid van funksies. Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van *in* as adjunkte van wyse:

[4.170] Daar het Hy doodsangs gely in al die benoude betekenis van die woord. (1911-1920, Religieus)

[4.171] ... dat die huis waaruit hy kom, in weg en wandel ten minste gelyk staan met die mense van Vlieland. (1941-1950, Fiksie)

[4.172] Die fiktiewe bydrae van b (di. die Ep = 1808 keV-resonansie) in a (di. die Ep = 1815 keV-resonansie) word in persentasie gegee deur ... (1971-1980, Natuurwetenskappe)

[4.173] In dié opsig aard ek seker na my pa. (1971-1980, Biografies)

[4.174] Tafelberg het ek een laatmiddag op sy gevaarlikste leer ken, gelukkig in die geselskap van 'n georganiseerde klimgroep. (2001-2010)

⁷⁴ Tyd (T) is slegs van toepassing op prosesse, soos konkrete prosesse, waarin 'n handelling verrig word. In statiewe prosesse is die verloop van tyd nie van toepassing nie.

[4.175] Die implikasie hiervan is dat die vertaler in die besonder vertrouwd moet wees met taal- en kultuureiesoortighede ... (2001-2010, Geesteswetenskappe)

[4.176] Ook het Mohammed die konsep van 'n lewe ná die dood en 'n oordeelsdag gevestig in ooreenstemming met Joodse en Christelike oortuigings van daardie tyd. (2001-2010, Informatief)

Die adjunk-gebruik, hoewel dit die tweede mees algemene adjunk-gebruik van *in* verteenwoordig in die korpus, is wisselvallig en toon geen blywende verandering in 'n spesifieke rigting nie. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die gebruik van voorsetselstukke met *in* as adjunkte van wyse, gevolg deur 'n beduidende afname in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus⁷⁵.

In die korpusdata is daar 'n paar ander adjunk-gebruike van *in* wat uitstaan. Hoewel hierdie adjunkte nie frekwent genoeg in die lukrake steekproewe voorkom om enige beduidende verandering te suggereer nie, is hierdie gebruiksinstanties nie so min dat dit regverdig word om hulle onder die kategorie van "ander" te klassifiseer nie. Hierdie adjunk-gebruike (onderstreep) sluit in gebeurlikheid,

[4.177] In die lig van bogenoemde bevindinge is besluit om deur 'n reeks weeklikse opnames in hierdie drie mesohabitatte meer lig te werp op die bevolkingsregulerende faktore van hierdie drie spesies.. (1971-1980, Natuurwetenskappe)

[4.178] In ideale omstandighede word kos bv. berei in ooreenstemming met die seisoene, weer, tyd van die dag en die behoeftes van die pasiënt. (2001-2010, Informatief)

rol,

[4.179] Die teënwoordige uitgaaf is 'n herdruk van die uitgaaf van A. G. C. van Duyl, wat in 1882 te Amsterdam in brosjure-vorm verskijn het onder die titel van "Een Afrikaander". (1911-1920, Informatief)

[4.180] In Julie 1905 is dit in pamfletvorm uitgegee ... (1941-1950, Verslaggewing)

⁷⁵ Die Log-waarskynlikheid vir die toename in gebruik tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 is 15.93; en vir die afname in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 is 23.02.

stof,

[4.181] Omdat liefde en gastvrijheid in al uw doen en laten gezien kon worden ... (1911-1920, Brief)

[4.182] In eksperimente wat bedoel is om hipoteses oor veranderinge in werkverrigting as gevolg van herhaalde blootstelling aan 'n taak of stimulus te toets, is die herhaalde-metingsontwerp die klaarblyklike ontwerp wat oorweeg moet word. (1971-1980, Natuurwetenskappe)

en Oorsaak.

[4.183] Maar gelukkig is dit baie jare gelede sedert dit nodig was om in hoër beroep te gaan in belang van die professie. (1941-1950, Verslaggewing)

Hierdie voorbeelde illustreer tipiese gebruiksinstanties van hierdie adjunk-gebruike oor die korpus heen aan die hand van die lukrake steekproewe.

4.5.6.4 *Normatiewe belangstelling in in*

In die verskillende normatiewe bronne ingesluit in die kwantitatiewe grammatikografie van hierdie studie, is daar nie besonder baie eksplisiete aanbevelings met betrekking tot die gebruik van die voorsetsel *in* gemaak nie. **Tabel 4.27** bied 'n uiteensetting van die normatiewe belangstelling in die voorsetsel *in*. In die tabel word eerstens verwys na die hoeveelheid bronne wat spesifiek die voorsetsel *in* vermeld in verhouding tot die totale hoeveelheid bronne in die kwantitatiewe grammatikografie. Voorts word daar spesifiek aangedui hoeveel van die bronne, spesifiek dié wat die voorsetsel *in* vermeld, aanbevelings maak of nie.

Tabel 4.27: Normatiewe belangstelling in “in”

Normatiewe belangstelling	1891-1920	1921-1950	1951-1980	1981-2010
Vermeld spesifiek <i>in</i>	1 / 3	3 / 11	8 / 14	8 / 12
Vermeld sonder enige aanbeveling	1 / 1	3 / 3	4 / 8	6 / 8
Vermeld met aanbevelings	0 / 1	0 / 3	4 / 8	2 / 8

Die meerderheid normatiewe bronne vermeld die voorsetsel *in* sonder om enige aanbevelings met betrekking tot die gebruik daarvan te maak. Slegs vier van die bronne tussen 1951 en 1980, asook twee van die bronne tussen 1981 en 2010, maak aanbevelings oor die gebruik van *in*. Die aanbevelings fokus op enkele gebruiksinstanties van *in* in Afrikaans wat nie verband hou met die algemene en prototipiese gebruike van *in* soos geïdentifiseer in hierdie bespreking nie, byvoorbeeld die herhaling van *in* by “in die kamer in” (Van der Merwe, 1967:105/1970:132), die foutiewe *in* by “in die voorgrond” (Van der Merwe,

1967:105) en by “in hakkies/aanhalingstekens” (Van der Merwe & Ponelis, 1991:101). Daar is gevolglik geen aanbevelings in die normatiewe bronne wat kan help om die veranderende gebruik van *in* oor die korpus heen te verklaar nie.

4.5.6.5 In samevattend

Die voorsetsel *in* word in die korpus gebruik saam met al die verskillende prosesse in die voorstellingsfunksie. Die voorsetsel word mees algemeen gebruik saam met konkrete prosesse en statiewe prosesse. Hierdie prosesse bevat die mees algemene en prototipiese gebruike van *in*.

Die gebruik van *in* saam met konkrete prosesse is wisselvallig. Daar is aanvanklik ’n toename in die gebruik van *in* saam met konkrete prosesse tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus, waarna die voorsetsel weer in gebruik afneem tussen Afdeling 2 en Afdeling 3 van die korpus saam met hierdie proses. Tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus is daar egter weer ’n toename in die gebruik van *in* saam met konkrete prosesse. Saam met konkrete prosesse word voorsetselstukke met *in* baie algemeen gebruik as deel van die doel en as adjunkte – beide argumentrolle toon ’n soortgelyke veranderingspatroon as die totale gebruik van *in* saam met konkrete prosesse oor die algemeen.

Voorsetselstukke met *in* word ook algemeen gebruik saam met statiewe prosesse. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus is daar ’n toename in die gebruik van *in* saam met statiewe prosesse, gevolg deur ’n afname in die gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4. Die voorsetsel *in* word saam met statiewe prosesse meer algemeen gebruik as deel van die predikaat en as deel van adjunkte. Daar is nie enige beduidende verandering in die gebruik van *in* as deel van die predikaat nie. Die adjunk-gebruike toon meer beduidende verandering en, soortgelyk aan die totale gebruik van *in* saam met statiewe prosesse oor die algemeen, is daar ’n toename in die adjunk-gebruik van *in* tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus. Hierdie toename word gevolg deur ’n afname in gebruik tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus.

Die mees prototipiese gebruik van die voorsetsel *in* is as adjunkte saam met verskillende prosesse. Oor die algemeen is daar tussen Afdeling 1 en Afdeling 2 van die korpus ’n beduidende toename in die totale adjunk-gebruik van *in*. Sedertdien is die totale adjunk-gebruik van *in* relatief stabiel in die korpus. Die mees algemene adjunk-gebruike van *in* in die korpus is as lokatiewe adjunkte en adjunkte van wyse. Dit is die enigste twee adjunkte wat frekwent genoeg in die korpus is om beduidende veranderinge of variasie waar te neem. Sedert Afdeling 1 van die korpus is die lokatiewe adjunk-gebruike van *in* geleidelik en beduidend aan die toeneem. Tussen Afdeling 1 en Afdeling 3 van die korpus is daar aanvanklik ’n toename in die gebruik van *in* as adjunkte van wyse in die korpus, gevolg deur

'n beduidende afname in gebruik tussen Afdeling 3 en 4. Die gebruik van *in* as deel van adjunkte van wyse is dus wisselvallig en toon geen beduidende, sistematiese verandering in 'n spesifieke rigting nie. Ander minder frekwente adjunk-gebruike van *in* in die korpusdata sluit in: adjunkte van gebeurlikheid, rol, stof en oorsaak.

4.6 SAMEVATTING

Hierdie bespreking het deur middel van die analyses van die korpusdata aan die hand van die voorstellingsfunksie, aangetoon dat daar veranderinge in die gebruik van die vyf geselekteerde voorsetsels, onderskeidelik *vir*, *aan*, *deur*, *met* en *in*, betrek by hierdie studie is. Elk van die bogenoemde voorsetsels word in die korpus gebruik vir 'n verskeidenheid van gebruike. Slegs enkele van hierdie gebruike is geïdentifiseer as spesialiteitsrolle en prototipiese gebruike op grond van prominensie in die lukrake steekproewe. Die diagrammatiese voorstellings vanuit kognitiewe grammatika illustreer visueel die wyse waarop die prototipiese gebruike van elke voorsetel funksioneer.

HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING

5.1 INLEIDING

In die internasionale navorsingsgemeenskap word daar toenemend meer gefokus op die invloed wat preskriptivisme en linguistiese konvensies as 'n sosiolinguistiese fenomeen op taalverandering het (sien Cameron, 2012; Curzan, 2014; Milroy & Milroy, 2012; Anderwald, 2016). Aangesien taal fundamenteel beskou word as 'n sosiale fenomeen kan die rol en invloed van preskriptivisme op taalverandering nie geïgnoreer word nie (Milroy & Milroy, 2012:11). Teoretici, soos Millar (1998:175) is van mening dat preskriptivisme waardevolle insigte kan lewer tot taalkundiges se begrip van die meganismes wat verandering en stabiliteit onderskryf.

In Afrikaans is navorsing oor die invloed van preskriptivisme op taalverandering nog beperk en slegs 'n paar studies, onder andere Taljaard (1988), Kirsten (2013; 2016), Van Rooy en Kruger (2015), fokus spesifiek op die potensiële invloed wat normeringspraktyke op taalgebruik of -verandering in Afrikaans het. Die studie van Taljaard (1988) fokus spesifiek op die invloed van normeringspraktyke op voorsetselgebruik in Afrikaans aan die hand van vraelysdata. Voorsetselgebruik in Afrikaans is 'n sintaktiese kategorie wat nog nie in diachroniese studies oor Afrikaans baie aandag geniet het nie. Die navorsing van Raidt (1976), Scholtz (1980), en Ponelis (1993) bespreek voorsetselgebruik in Afrikaans vanuit 'n diachroniese invalshoek hoewel dit slegs fokus op die herkoms van voorwerpskonstruksies met *vir*. Hierdie studie het gepoog om hierdie leemte te begin vul deur na die veranderende gebruik van vyf algemene voorsetsels, naamlik *vir*, *aan*, *deur*, *met* en *in*, vanuit 'n diachroniese invalshoek te kyk.

5.2 OPSOMMING VAN DIE BEVINDINGE

Die eerste doelstelling van hierdie studie was om te bepaal wat die aard en omvang van verandering in die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels vir die periode 1911 tot 2010 behels. Die *Historiese korpus van geskrewe, wit, Standaardafrikaans* (Kirsten, 2016) is gebruik om ondersoek in te stel na die veranderende gebruik van die betrokke voorsetsels aan die hand van analyses binne die raamwerk van die voorstellingsfunksie uit funksionele sintaksis. Al vyf die voorsetsels bespreek in hierdie studie toon tekens van beduidende verandering in gebruik tussen 1911 en 2010.

Die voorsetsel *vir* toon oor die algemeen sedert Afdeling 2 van die korpus 'n beduidende toename in gebruik. Die voorsetsel word prototipies gebruik om begunstigdes saam met beide konkrete en kommunikasieprosesse uit te druk in die korpus. Sedert Afdeling 2 van hierdie korpus is die begunstigde-gebruike van *vir* ook beduidend aan die toeneem. *Vir* word

ook algemeen gebruik as adjunkte van oorsaak wat soortgelyk aan die prototipiese gebruik van *vir* ook sedert Afdeling 2 van die korpus aan die toeneem is.

Sedert Afdeling 2 van die korpus is daar oor die algemeen 'n beduidende afname in die gebruik van die voorsetsel *aan* in die korpus. *Aan* word prototipies, soortgelyk aan die voorsetsel *vir*, gebruik om begunstigdes saam met konkrete en kommunikasieprosesse in te lei. Die prototipiese gebruik van voorsetselstukke neem sedert Afdeling 2 van die korpus beduidend af in gebruik.

By beide *vir* en *aan* het die totale gesamentlike gebruik van die voorsetsels in konseptueel verwante argumentrolle, dus as deel van Begunstigde saam met konkrete prosesse én as deel van begunstigdes in kommunikasieprosesse, gelei tot die versterking van die prototipe. Aan die hand van die bespreking lyk dit asof daar oor die algemeen 'n voorkeur vir die gebruik van *vir* in uitruilbare kontekste met die voorsetsel *aan* is. Daar is duidelike spieëlbeelde wat vorm tussen die totale voorsetselgebruik van *vir* en *aan*, asook die gebruik van hierdie voorsetsels saam met die prototipiese argumentrolle waarin dit gebruik word.

Die voorsetsel *deur* het aanvanklik in die korpus 'n toename in gebruik getoon. Sedert Afdeling 2 van die korpus is daar egter 'n beduidende afname in die totale voorsetselgebruik van *deur*. Die voorsetsel word proporsioneel aansienlik meer gebruik saam met konkrete prosesse as die gemiddelde gebruik van al vyf die voorsetsels saam met konkrete prosesse oor die korpus heen (**Addendum B**). Die voorsetsel word prototipies gebruik om akteurs saam met agenthebbende passiewe konkrete prosesse in te lei. Al is daar min gebruiksinstanties van sprekers en ervaaers in die steekproewe, is dit belangrik om op te merk dat hierdie argumentrolle ook prototipies gebruik word as deel van agente in agenthebbende passiewe kommunikasie- en mentale prosesse. Die prototipiese gebruik van *deur* word dus verteenwoordig deur die gebruik van die voorsetsel as deel van agente saam met dinamiese prosesse oor die algemeen. Daar is 'n baie opvallende ooreenkoms tussen die verspreiding van die totale gebruik van passiefkonstruksies oor die korpus heen en die veranderende gebruik van die voorsetsel *deur*. Vanweë die noue verbintenis tussen die veranderende gebruik van die prototipiese gebruik van *deur* en passiefkonstruksies, lyk dit asof die veranderende gebruik van *deur* oor die algemeen nie toegeskryf moet word aan die gebruik van die voorsetsel self nie, maar eerder aan die veranderende gebruik van passiefkonstruksies oor die korpus heen.

Sedert Afdeling 1 van die korpus is daar 'n algehele toename in die gebruik van die voorsetsel *met*. Die voorsetsel word prototipies in die korpus gebruik as adjunkte – meer spesifiek adjunkte van wyse. Daar is aanvanklik 'n afname in die gebruik van *met* as deel van adjunkte van wyse, hoewel daar tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus weer 'n

toename is in die gebruik van *met* as deel van adjunkte van wyse. Al die ander algemene Adjunk-gebruike van *met* is oor die algemeen aan die toeneem in die korpus.

Die voorsetsel *in* word die meeste, van die vyf voorsetsels ondersoek in hierdie studie, gebruik in die korpus. Die voorsetsel is sedert Afdeling 1 van die korpus, soortgelyk aan *met*, geleidelik en beduidend aan die toeneem. *In* word prototipiese gebruik as deel van adjunkte in die korpus. Die prototipiese adjunk-gebruik van *in* in die korpus is as deel van lokatiewe adjunkte. Vanuit die steekproewe is dit duidelik dat die adjunk-gebruike van *in* die markantste gebruik van die voorsetsel in die korpus is. Sedert Afdeling 1 van die korpus is die gebruik van *in* as deel van lokatiewe adjunkte geleidelik en beduidend aan die toeneem. Die ander algemene adjunk-gebruik van *in* wat in die korpus voorkom, is die gebruik van *in* as deel van adjunkte van wyse. Daar is aanvanklik 'n toename in die gebruik van *in* as deel van adjunkte van wyse, hoewel dié adjunk-gebruik van *in* tussen Afdeling 3 en Afdeling 4 van die korpus in gebruik afneem.

By die voorsetsels *vir*, *aan* en *deur* is dit opvallend dat 'n verandering in die prototipiese argumentrol waarin die voorsetsels gebruik word, 'n kettingreaksie van verandering veroorsaak het. As gevolg van die markantheid van die prototipiese gebruike saam met die prosesse waarmee dit gebruik word, het 'n verandering in die gebruiksfrekwensie van die argumentrol gelei tot 'n soortgelyke patroon van verandering in die gebruik van die onderskeie voorsetsels saam met die mees algemene prosesse. Dieselfde veranderingspatroon word uiteindelik weer weerspieël in die totale voorsetselgebruik van die onderskeie voorsetsels. Veranderinge in die prototipiese argumentrolle waarin voorsetsels saam met verskeie prosesse gebruik word het dus belangrike implikasies vir die verklaring van die veranderinge waargeneem in die totale voorsetselgebruik van die onderskeie voorsetsels. Aangesien daar 'n algehele geleidelike en beduidende toename in die gebruik van die voorsetsels *met* en *in* oor die korpus heen is, is dit moeilik om met sekerheid te bevestig of 'n verandering in die prototipiese gebruike van hierdie voorsetsels 'n invloed op die totale voorsetselgebruik van die onderskeie voorsetsels oor die korpus heen het. Die waargenome veranderinge in die prototipiese gebruik van *met* word nie gereflekteer in die veranderende totale gebruik van die voorsetsel nie. By *in* is die prototipiese gebruik ook beduidend aan die toeneem, soortgelyk aan die totale gebruik van die voorsetsel oor die korpus heen, dus kan die toename in die prototipiese gebruik ook moontlik die veranderinge in die totale voorsetselgebruik van *in* verklaar.

Beginsels vanuit voortkomende grammatika, spesifiek met betrekking tot die interpretasie van frekwensiedata, het dit moontlik gemaak om in die bespreking en interpretasie van die data doelgerig te fokus op die verspreiding van argument- en sinsrolle wat van so aard is dat

dit 'n aanduiding van die algemene en prototipiese gebruike van die onderskeie voorsetsels gee. Die algemene en prototipiese gebruike is oor die algemeen geïdentifiseer aan die hand van hoë tekstuele frekwensie. Sekere prototipiese gebruike, soos in die geval van die gebruik van *vir* en *aan* as deel van begunstigdes saam met konkrete en kommunikasieprosesse, is ook met behulp van konseptuele frekwensie bepaal. Begunstigdes is 'n konseptueel verwante argumentrol in twee verskillende dinamiese prosesse, onder andere konkrete en kommunikasieprosesse, en die veranderende gebruik van die prototipe lê gevolglik nie in die afsonderlike gebruik van die onderskeie voorsetsels in hierdie argumentrol saam met die verskillende prosesse nie. Die veranderende gebruik van die prototipe transendeer die gebondenheid van die argumentrolle aan tipes prosesse en die gesamentlike gebruik daarvan in konseptueel verwante argumentrolle, ongeag die tipe proses, bied 'n geheelbeeld van verandering. Konseptuele frekwensie was ook 'n belangrike maatstaf waarvolgens ander algemene gebruike van voorsetsels in konseptueel verwante argumentrolle, soos die gebruik van *met* as deel van die tradisionele direkte voorwerp (doel, uitspraak en verskynsel saam met verskillende prosesse, geïdentifiseer is.

Diagrammatiese voorstellings vanuit kognitiewe grammatika is gebruik om 'n skematiese voorstelling van die mees algemene en prototipiese gebruike van elke voorsetstel te bied, ten einde die gebruike in meer detail te verduidelik. Die diagrammatiese voorstellings het dit moontlik gemaak om prototipiese gebruike van voorsetsels in konseptueel verwante argumentrolle te vergelyk, byvoorbeeld die begunstigde gebruike van *vir* saam met konkrete en kommunikasieprosesse, en te kontrasteer, byvoorbeeld die begunstigde gebruike van *vir* versus *aan*. By ander voorsetsels, soos *deur* en *in*, is diagrammatiese voorstellings gebruik om verskille tussen gebruike met meer duidelikheid uit te wys.

Die tweede doelstelling van hierdie studie was om te bepaal wat die potensiële wedersydse beïnvloeding tussen preskriptivisme en taalverandering behels in die gebruik van Afrikaanse voorsetsels.

Vir die doel van hierdie studie is 'n kwantitatiewe grammatikografie, bestaande uit 40 bronne, saamgestel ten einde die potensiële invloed van normeringspraktyke op die veranderende gebruik van die vyf voorsetsels bestudeer in hierdie studie te bepaal. Oor die algemeen vermeld die normatiewe bronne redelik dikwels elk van die onderskeie voorsetsels. Sekere van die voorsetsels, byvoorbeeld *vir* en *in*, word baie meer in normatiewe bronne vermeld as ander, byvoorbeeld *aan* en *deur*. Die normatiewe bronne het besonder baie aandag geskenk aan klein, beperkte, minder algemene, spesifieke, problematiese gebruiksinstanties van die onderskeie voorsetsels. Met die uitsondering van die enkele geval by *vir*, het hierdie normatiewe aanbevelings nie verband gehou met enige van die kernveranderinge wat elk

van die voorsetsels ondergaan het nie. By *vir* is daar een geval gevind waar 'n afname in die gebruiksinstanties van *vir* as deel van *sdjunkte* van omvang waargeneem word terwyl normatiewe bronne toenemend meer aanbevelings begin maak het oor die problematiese gebruik van *vir* in uitdrukkings van tydsduur. Die invloed, indien dit wel die oorsaak van die afname in die gebruik van die verskynsel verklaar, is egter kortstondig aangesien die gebruik van *vir* as deel van *sdjunkte* van omvang in die daaropvolgende periode weer beduidend toeneem. Ten spyte van toenemende aanbevelings en waarskuwings in normatiewe bronne oor die problematiese gebruik van *vir* saam met tydsduur het die taalverandering ongesteurd voortgegaan.

Die laaste doelstelling van hierdie studie was om te bepaal of enige waarnemings in normatiewe bronne, met betrekking tot die veranderende gebruik van Afrikaanse voorsetsels en die invloed van Engels daarop, empiries gegrond is.

Die enigste voorsetstel waar grootskaalse verandering in die gebruik van die betrokke voorsetstel in normatiewe bronne dikwels aan Engelse invloed toegeskryf word, is *vir*. Normatiewe bronne beklemtoon dikwels dat die toenemende gebruik van *vir* 'n direkte gevolg van Engelse beïnvloeding is en dat die voorsetstel voorkeur bo ander voorsetsels, soos *aan*, geniet as gevolg van Engelse beïnvloeding. Myns insiens kan die toenemende gebruik van *vir*, veral in kontekste waar dit uitruilbaar is met *aan*, wel moontlik aan Engelse beïnvloeding toegeskryf word. In meertalige sprekers vorm leksikale items, soos *vir* en "*for*", wat vormlik en funksioneel tot 'n groot mate ooreenstemmend is, alles deel van die taalgebruikers se kenmerkpoel. Die leksikale items is tot 'n mate konseptueel geïntegreer by taalgebruikers en die teenwoordigheid van albei lei tot die toenemende vestiging van die eksemplaar. Aangesien *vir* en "*for*" nie net vormlik baie dieselfde lyk nie maar ook dieselfde funksies in Afrikaans en Engels vervul, is die gebruik van *vir* as deel van begunstigdes saam met prosesse moontlik meer gevestig as die gebruik van *aan* vir dieselfde grammatikale funksie.

5.3 GEVOLGTREKKING

Tussen 1911 en 2010 is daar beduidende veranderinge in die gebruik van die Afrikaanse voorsetsels *vir*, *aan*, *deur*, *met* en *in*. Veranderinge in die totale gebruik van 'n voorsetstel is in meeste van die voorsetsels ten nouste verbind met veranderinge in die prototipiese gebruike van die onderskeie voorsetsels. Die veranderinge in die gebruik van die verskeie voorsetsels gaan ongesteurd voort en dit kom voor asof normeringspraktyke geen blywende invloed op die gebruik van die voorsetsels gehad het nie. Veranderinge in die gebruik van die voorsetsels *deur*, *met* en *in* word nie toegeskryf aan Engelse beïnvloeding nie hoewel Engels wel 'n invloed kan hê op die veranderende gebruike van *vir* en *aan*.

Die studie het slegs gefokus op die gebruik van vyf Afrikaanse voorsetsels in vier dekades tussen 1911 en 2010. Die voorsetsels is geanaliseer op grond van hulle gebruike in argument- of sinsrolle saam met verskillende werkwoordtipes (prosesse) aan die hand van die voorstellingsfunksie en slegs verteenwoordigende lukrake steekproewe van 500 is vir die analisering van elke voorsetsel gebruik vir elke dekade (afdeling) in die korpus. Daar kan hierop voortgebou word deur addisionele korpora saam te stel vir die dekades wat ontbreek in die korpus ten einde die veranderinge met die verloop van die eeu in meer diepte te verklaar. Volgende studies kan ook in meer besonderhede kyk na elke voorsetsel deur al die gebruiksinstanties van die onderskeie voorsetsels oor die korpus heen te analiseer. Studies wat op hierdie navorsing voortbou kan ook in meer besonderhede kyk na wanneer 'n voorsetsel 'n argumentrol merk, en wat die funksie van die voorsetsel is as dit slegs deel vorm van die argumentrol.

Die analiseringsbenadering vanuit sistemies-funksionele grammatika, die voorstellingsfunksie, het dit nie moontlik gemaak om in detail na spesifieke normatiewe aanbevelings oor die gebruik van die onderskeie voorsetsels in die korpusanalises te kyk nie. Die benadering se sintaktiese kategorieë (funksionele gebruike) en die aanbevelings gemaak deur normeerders is te ver verwyderd om die gewenste gesprek tussen taalverandering en preskriptivisme te laat plaasvind. Die spesifieke gebruike waarna normeerders verwys, het dikwels 'n lae frekwensie en gevolglik sal navorsers 'n heelwat groter korpus moet gebruik om aandag daaraan te skenk.

BRONNELYS

Aitchison, J. 2004. *Language change: progress or decay*. 3rd ed. Cambridge: Cambridge University Press.

Anderwald, L. 2012. Variable past-tense forms in nineteenth-century American English: linking normative grammars and language change. *American Speech*, 87(3):257-293.

Anderwald, L. 2014. Measuring the success of prescriptivism: quantitative grammaticography, corpus linguistics and the progressive passive. *English Language and Linguistics*, 18(1):1-21.

Anderwald, L. 2016. *Language between description and prescription: verbs and verb categories in nineteenth-century grammars of English*. Oxford: Oxford University Press.

Auer, A. & Gonzáles-Días, V. 2005. Eighteenth-century prescriptivism in English: are - evaluation of its effects on actual language usage. *Multilingua*, 24(1):317-41.

AWS (Afrikaanse Woordelys en Spelreëls). 2017. Kaapstad: Pharos.

Baker, G.P. & Hacker, P.M.S. 1984. *Scepticism, Rules and Language*. Oxford: Basil Blackwell Publisher Limited.

Baker, P. 2011. Corpus methods in linguistics. (*In* Litosseliti, L., ed. *Research methods in linguistics*. London: Bloomsbury. p. 93-116).

Basson, M.A., Kromhout, J., Nel, P.G. & Senekal, J.H. 1968. *Afrikaans vir die student: die suiwer woord*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Biber, D. 2010. Corpus-based and corpus-driven analyses of language variation and use. (*In* Heine, B. & Heiko, N., eds. *The Oxford handbook of linguistic analysis*. Oxford: OUP. p. 159-191).

Biber, D., Conrad, S. & Reppen, R. 1998. *Corpus linguistics: investigating language structure and use*. Cambridge: Cambridge University Press.

Bloomfield, L. 1933. *Language*. New York: Henry Holt.

Botha, J.P. & Van Aardt, J.M.H. 1987. *Afrikaans vir die praktyk*. 3de uitg. Johannesburg: Lexicon.

Breed, C.A. 2012. *Die grammatikalisering van aspek in Afrikaans: 'n semantiese studie van perifrastiese progressiewe konstruksies*. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PhD).

- Butler, A.P. 2014. Die deelwoord in Afrikaans: perspektiewe vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsraamwerk. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling – MA).
- Bybee, J. 2007. Diachronic Linguistics. (*In* Geeraerts, D. & Cuyckens, H., eds. *The Oxford Handbook of Cognitive Linguistics*. Oxford: Oxford University Press. p. 945-987).
- Bybee, J. 2010. *Language, usage and cognition*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bybee, J. 2015. *Language Change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bybee, J. & Hopper, P.J. 2001. Introduction to frequency and the emergence of linguistic structure. (*In* Bybee, J. & Hopper, P.J., eds. *Frequency and the emergence of linguistic structure*. Amsterdam: John Benjamins. p. 1-24).
- Bybee, J.L. 2013. Usage-based theory and exemplar representations of constructions. (*In* Hoffman, T. & Trousdale, G., eds. *The Oxford handbook of construction grammar*. Oxford: Oxford University Press. p. 49-69).
- Cameron, D. 2012. *Verbal Hygiene*. London: Routledge.
- Carstens, W.A.M. 2003. *Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. 4de uitg. Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, W.A.M. 2011. *Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. 5de uitg. Pretoria: Van Schaik.
- Coe, R. 2002. It's the effect size, Stupid: what effect size is and why it is important. Paper presented at the Annual Conference of the British Educational Research Association, University of Exeter, England, 12-14 September.
<https://www.leeds.ac.uk/educol/documents/00002182.htm> Date of access: 7 Apr. 2018.
- Combrink, J. & Spies, J. 1986. *SARA: Sakboek van regte Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Conradie, C.J. 1992. Tempus in Afrikaanse Bybelvertalings. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 10(2):60-67.
- Conradie, C.J. 1998. Tempusgebruik in Afrikaanse narratiewe. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 16(2)37-43.
- Croft, W. 2000. *Explaining language change: an evolutionary approach*. Londen: Longman-Pearson Education.

- Croft, W. 2007. Construction Grammar. (*In* Geeraerts, D. & Cuyckens, H., eds. *The Oxford Handbook of Cognitive Linguistics*. Oxford: Oxford University Press. p. 463-508).
- Curzan, A. 2014. *Fixing English: prescriptivism and language history*. Cambridge: Cambridge University Press.
- De Saussure, F. 1966. *Kursus in Algemene Taalkunde: uit Frans vertaal deur Alewyn Lee*. Pretoria: Van Schaik.
- Du Plessis, E.P. 1979. *Die Kennis gids tot Moderne Afrikaans*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Du Toit, P. & Smith-Müller, W. 2011. *Stylboek: riglyne vir paslik skryf*. Pretoria: Van Schaik.
- Den Besten, H. 2000/2012. The slaves' languages in the Dutch Cape colony and Afrikaans vir. (Van der Wouden, T. 2012. *Roots of Afrikaans: selected writings of Hans den Besten*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. p. 313-332.).
- Deumert, A. 2004. *Language Standardization and Language Change: the dynamics of Cape Dutch*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins.
- Donaldson, B.C. 1988. *The influence of English on Afrikaans: a case study of linguistic change in a language contact situation*. Pretoria: Serva Puplichers.
- Downes, W. 1998. *Language and Society*. 2nd ed. Cambridge: Cambridge University Press.
- Ehlers, D. 1993. *Praktiese Afrikaans: gebruik van voorsetsels*. *Staatsamptenaar*, 73(5):15.
- Engelbrecht, H. 1980. *Nuwe Afrikaanse Taalgids: 'n alfabetiese handleiding vir die kommunikasiepraktyk*. Bloemfontein: Uitgewery Oranje.
- Feinauer, I. & Ponelis, F. 2014. *Basiese Afrikaanse sintaksis*. (*In* Carstens, W.A.M. & Bosman, N., reds. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik. p. 209-244).
- Geldenuys, J.D.U. 1980. *Afrikaans voorsetsels and English participles*. *Die taalpraktisyn – The language practitioner*, 1(1):31-32.
- Halliday, M.A.K. & Matthiessen, C.M.I.M. 2014. *Halliday's introduction to functional grammar*. 4th ed. London: Routledge.

- Hiemstra, L.W. 1980. Die juiste woord: praktiese taalgids by die skryf van Afrikaans. Kaapstad: Tafelberg.
- Hoffmann, S. 2005. Grammaticalization of English complex prepositions: a corpus-based study. London: Routledge.
- Hopper, P. 1987. Emergent grammar. *Proceedings of the thirteenth annual meeting of the Berkley Linguistics Society*, 13:139-157.
- Hornberger, N.H. & Link, H. 2012. Translanguaging in Today's Classrooms: a biliteracy lens. *Theory into practice*, 51(1):239-247.
- Kempen, W. 1976. Van voorsetsel tot agtersetsel tot sero-setsel in Afrikaans? (*In* Nienaber, P.J., Grové, A.P., Kempen, W. & Van Niekerk, D.J., reds. 1875 - 1975: studies oor die Afrikaanse taal. Johannesburg: Perskor. p. 36-52).
- Kempen, W. 1984. Voorsetselverbindings in Afrikaans. Pretoria: Nasou Beperk.
- Kirsten, J. 2013. Laaste spore van Nederlands in Afrikaanse werkwoorde. Vanderbijlpark: NWU. (Verhandeling – MA).
- Kirsten, J. 2016. Grammatikale verandering in Afrikaans van 1911-2010. Vanderbijlpark: NWU. (Proefskrif – PhD).
- Kitchenham, B. 2004. Procedures for performing Systematic Literature Reviews: joint technical report. Eversleigh: Empirical Software Engineering.
- Koester, A. 2010. Building small specialised korpora. (*In* McCarthy, M. & O’Keeffe, A., eds. *The Routledge Handbook of Corpus Linguistics*. London: Routledge. p. 66-79).
- Langacker, R.W. 1987. Foundations of cognitive grammar – Volume 1: theoretical prerequisites. Stanford: Stanford University Press.
- Langacker, R.W. 1991. Concept, Image and Symbol: the cognitive basis of grammar. Berlin / New York: Mouton de Gruyter.
- Langacker, R.W. 2007. Cognitive Grammar. (*In* Geeraerts, D. & Cuyckens, H., eds. *The Oxford Handbook of Cognitive Linguistics*. Oxford: Oxford University Press. p. 421-462).
- Langacker, R.W. 2008. Cognitive grammar: a basic introduction. Oxford: Oxford University Press.
- Langacker, R.W. 2009. Investigations in Cognitive Grammar. Berlin: Mouton de Gruyter.

- Langer, N. & Davies, W.V. 2005. An introduction to linguistic purism. (*In* Langer, N. & Davies, W.V., eds. *Linguistic Purism in Germanic Languages*. Berlin: Walter de Gruyter. p. 1-19).
- Langer, N. & Nesse, A. 2012. Linguistic purism. (*In* Hernández-Campoy, J.M. & Condi-Silvestre, J.C. *The handbook of historical sociolinguistics*. Londen: Blackwell Publishing. p. 606-625).
- Lass, R. 1997. *Historical linguistics and language change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Leech, G., Hundt, M., Mair, C. & Smith, N. 2009. *Change in contemporary English: a grammatical study*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Mair, C. 2006. *Twentieth-century English: history, variation and standardization*. Cambridge: Cambridge University Press.
- McEnery, T. & Wilson, A. 1996. *Corpus linguistics*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- McEnery, T., Xiao, R. & Tono, Y. 2006. *Corpus-based language studies: an advanced resource book*. London: Routledge.
- Messerschmidt, J. & Bergh, L. 2011. Met kerse op *met*-konstruksies: 'n verwysingsperspektief. *South African Journal of Linguistics and Applied Language Studies*, 29(1):97-113.
- Millar, S. 1998. Language Prescription: a success in failure's clothing? (*In* Hogg, R.M. & Van Bergen, L., eds. *Historical Linguistics 1995: selected papers from the 12th International Conference on Historical Linguistics, Manchester, August 1995, Volume II*. Amsterdam / Philadelphia: John Benjamins. p. 177–188).
- Milroy, J. 2001. Language ideologies and the consequences of standardization. *Journal of sociolinguistics*, 5(4):530-555.
- Milroy, J. 2005. Some effects of purist ideologies on the historical descriptions of English. (*In* Langer, N. & Davies, W.V., eds. *Linguistic Purism in Germanic Languages*. New York: Walter de Gruyter. p. 324-343).
- Milroy, J. 2012. Sociolinguistics and Ideologies in language history. (*In* Hernández-Campoy, J.M. & Condi-Silvestre, J.C. *The Handbook of Historical Sociolinguistics*. London: Blackwell Publishing. p. 571-584).

- Milroy, J. & Milroy, L. 2012. *Authority in Language: investigating standard English*. 4th ed. London: Routledge.
- Mufwene, S.S. 2008. *Language Evolution: contact, competition and change*. New York: Continuum International.
- Müller, D. 2003. *Skryf Afrikaans van A-Z: die essensiële gids vir taalgebruikers*. Kaapstad: Pharos.
- Ponelis, F. 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Ponelis, F.A. 1984. Aspekte van die grammatika van setsels. (*In* Botha, T.J.R., Combrink, J.G.H., Odendal, F.F., reds. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Academica. p. 219-244).
- Pretorius, B.F.D. 1972. *Voorsetselverbinding in Afrikaans, met spesiale verwysing na die vaktaal*. Pretoria: UNISA. (Proefskrif – PhD).
- Prinsloo, A.F. & Odendal, F.F. 1995. *Afrikaans op sy beste: hulp met moderne taalkwessies*. Pretoria: Van Schaik.
- Raidt, E.H. 1969. Die gebruik van 'vir' in voorwerpskonstruksies. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 9(1):30-49.
- Raidt, E.H. 1976. Die herkoms van voorwerpskonstruksies met 'vir'. (*In* Nienaber, P.J., Grové, A.P., Kempen, W. & Van Niekerk, D.J., reds. *1875 - 1975: studies oor die Afrikaanse taal*. Johannesburg: Perskor. p. 72-98).
- Rayson, P. 2016. *Log-likelihood and effect size calculator*. ucrel.lancs.ac.uk/llwizard.html
Datum van gebruik: 25 Okt. 2017.
- Rosenbach, A. 2002. *Genitive variation in English: conceptual factors in synchronic and diachronic studies*. Berlin: Mouton de Gruyter.
- Scholtz, J. du P. 1980. *Wording en Ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Smuts, J. 1958. Stryd onder die voorsetsels. *Huisgenoot*, 41(1879):27.
- Stoops, Y.H.L. 1972. *Die taalgebruik in 'Die Huisgenoot'*. Bydrae tot die ondersoek na die ontwikkeling van geskrewe Afrikaans in die laaste 50 jaar. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth. (Verhandeling – MA).

- Taljaard, P.J. 1988. Norm en gesag in die taalkunde en die gebruik van geselekteerde voorsetsels in Afrikaans. Pretoria: UP. (Verhandeling – MA).
- Taljaard, P.J. & Smit, W.K. 1987. Voorsetselwpprdeboek met Engelse vertalings: asook enkele bywoorde. Pretoria: De Jager – HAUM Uitgewers.
- Taylor, J.R. 2002. Cognitive Grammar. Oxford: Oxford University Press.
- Terblanche, H.J. 1972. Regte Afrikaans. Johannesburg / Kaapstad: Willem Gouws.
- Thomas, G. 1991. Linguistic Purism. London: Longman.
- Thomason, S.G. & Kaufman, T. 1988. Language contact, creolization, and genetic linguistics. Londen: University of California Press.
- Tognini Bonelli, E. 2010. Theoretical overview of the evolution of the corpus. (*In* McCarthy, M. & O’Keeffe, A., eds. The Routledge handbook of corpus linguistics. London: Routledge. p. 14-27).
- Tyler, A. & Evans, V. 2003. The Semantics of English Prepositions: Spatial scenes, embodied meaning and cognition. Cambridge: Cambridge University Press.
- Uys, I. 2015. Afrikaans vir almal: taalreëls, naslaanlyste en algemene kennis. Kaapstad: Pharos Uitgewers en Woordeboeke.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1967. Afrikaanse taalkwessies. 2de uitg. Pretoria: Van Schaik.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1970. Die korrekte woord: Afrikaanse taalkwessies. 6de uitg. Pretoria: Van Schaik.
- Van der Merwe, H.J.J.M. & Ponelis, F.A. 1991. Die korrekte woord: Afrikaanse taalkwessies. 7de uitg. Pretoria: Van Schaik.
- Van Dijk, C.J. 1952a. Voorsetsels op die voorgrond. *Huisgenoot*, 37 (1585):53.
- Van Dijk, C.J. 1952b. Verkeerde voorsetsels. *Huisgenoot*, 37(1603):29.
- Van Dijk, C.J. 1953. Alweer die voorsetsels. *Huisgenoot*, 37(1608):43.
- Van Huyssteen, G.B. 2002. Teoretiese vooronderstellings van ’n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel vir die Afrikaanse grammatika. *South African Journal of Linguistics and Applied Language Studies*, 20(1):303-323.

Van Huyssteen, G.B. 2005. 'n Kognitiewe gebruiksebaseerde beskrywingsmodel vir die Afrikaanse grammatika. *South African Journal of Linguistics and Applied Language Studies*, 23(2):125-137.

Van Rooy, B. 2017. Afrikaanse sintaksis, funksioneel benader. (In Carstens, W.A.M. & Bosman, N. 2017. Kontemporêre Afrikaanse taalkunde. 2de uitg. Pretoria: Van Schaik. p. 251-295.).

Van Rooy, B. & Kruger, H. 2015. The effects of prescriptivism on language change in Afrikaans complement-clause constructions. Unpublished paper presented at the LSSA/SAALA/SAALT Joint Annual Conference, NWU, Potchefstroom, 24-26 June.

Van Rooy, B. & Kruger, H. 2016. Syntactic and pragmatic transfer effects in reported speech constructions in three contact varieties of English influenced by Afrikaans. *Language Sciences*, 56:11/-131.

Viljoen, H.M., Van Rooy, A.J., Du Plooy, H.J.G., Nel, A., Van Schalkwyk, P.L., Schutte, J.W. & Breed, C.A. 2015. Die veelheid van stemme (1). Potchefstroom: NWU, Vaaldriehoekcampus. (Studiegids AFLL 311VAC).

ADDENDUM A

RIGLYNE VIR GEBRUIK VAN ADDENDUM A

Addendum A bestaan uit vier afdelings:

- **Afdeling 1:** Sistematiese literatuuroorsig vir normatiewe bronne in die kwantitatiewe grammatikografie (1891-1920)
- **Afdeling 2:** Sistematiese literatuuroorsig vir normatiewe bronne in die kwantitatiewe grammatikografie (1921-1950)
- **Afdeling 3:** Sistematiese literatuuroorsig vir normatiewe bronne in die kwantitatiewe grammatikografie (1951-1980)
- **Afdeling 4:** Sistematiese literatuuroorsig vir normatiewe bronne in die kwantitatiewe grammatikografie (1981-2010)

In elk van die bogenoemde afdelings van **Addendum A** is 'n uiteensetting van die Sistematiese Literatuuroorsig vir die normatiewe bronne in die Kwantitatiewe Grammatikografie van hierdie studie ingesluit. Dit is nie 'n volledige uiteensetting van die analises van die normatiewe bronne nie; dit bied slegs 'n oorsig van:

- watter normatiewe bronne in die Kwantitatiewe Grammatikografie ingesluit is;
- die datum waarop die normatiewe bron verskyn het;
- of dit enigsins voorsetsels vermeld of bespreek (aangedui met **VS** in die tabelle); en
- of dit spesifiek enige van die vyf voorsetsels van belang vir hierdie studie, dus *vir, aan, deur, met* en *in*, vermeld.

Bronne wat melding maak van die vyf spesifieke voorsetsels in die Sistematiese Literatuuroorsig maak nie noodwendig duidelike aanbevelings met betrekking tot korrekte gebruik nie. Dus moet die data in **Addendum A** op geen stadium vergelyk word met die data gerapporteer in die besprekings nie.

Addisionele sleutel:

- ✓ Normatiewe bronne vermeld iets.
- X Normatiewe bronne vermeld nie iets nie.
- ☒ substansiële diskrepancies in aanbevelings tussen verskillende uitgawes.

AFDELING 1 VAN DIE KORPUS

Sistematiese literatuuroorsig vir normatiewe bronne in die kwantitatiewe grammatikografie (1891-1920)

Bron	Jaar	VS	vir	aan	deur	met	in
Du Toit, S.J. 1902. Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels. 2de uitg. Paarl: D.F. du Toit.	1902	✓	X	X	X	X	X
De Waal, J.H.H. 1910. Africander Grammar. Kaapstad: Cape Times.	1910	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Malherbe, D.F. 1917. Afrikaanse Taalboek: praktiese wegwijser bij die vernaamste moeilikhede in verband met die Afrikaanse grammatika. Bloemfontein: Nasionale Pers.	1917	X	X	X	X	X	X

AFDELING 2 VAN DIE KORPUS

Sistematiese literatuuroorsig vir normatiewe bronne in die kwantitatiewe grammatikografie (1921-1950)

Bron	Jaar	VS	vir	aan	deur	met	in
Malherbe, D.F. 1921. Afrikaanse Taalboek: praktiese wegwyser by die vernaamste moeilikhede in verband met die Afrikaanse grammatika. 5de druk. Bloemfontein: Nasionale Pers.	1921	X	X	X	X	X	X
Booyesen, C.M. & Jansen, M. 1922. Praktiese Grammatika van die Afrikaanse Taal: spesiaal vir gebruik in skole tot en met matriek. 3de druk. Pietermaritzburg / Kaapstad / Bloemfontein: Nasionale Pers.	1922	✓	✓	✓	X	✓	X
Bouman, A.C. & Pienaar, E.C. 1924. Afrikaanse Spraakkuns. Stellenbosch: Pro Ecclesia.	1924	✓	X	X	X	X	X
Botha, M.C. & Burger, J.F. 1926. Maskew Miller se Afrikaanse Grammatika. 5de druk. Kaapstad: Maskew Miller.	1926	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Langenhoven, C.J. 1926. A first guide to Afrikaans. Cape Town: Nasionale Pers.	1926	✓	✓	X	X	X	X
Botha, M.C. & Burger, J.F. 1927. Maskew Miller's Grammar of Afrikaans. 5th ed. Cape Town: Maskew Miller.	1927	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Pienaar, E.C. & Langenhoven, C.J. 1932. Hoe om te skrywe: hulpboekie by die studie van die stelkuns. Kaapstad: Nasionale Pers.	1932	X	X	X	X	X	X
Potgieter, D.J. & Geldenhuys, A. 1934. Afrikaans for English-speaking students: part II. 5th ed. Cape Town / Johannesburg: Juta.	1934	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Le Roux, T.H. 1946. Afrikaanse Taalstudies. 4de druk. Pretoria: Van Schaik.	1946	X	X	X	X	X	X
Le Roux, J.J. & Nienaber, C.J. 1947. So sê ons in Afrikaans: taaldril vir Engelse leerlinge van die Hoërskool. Pretoria: Van Schaik.	1947	✓	X	X	X	✓	X
De Villiers, M. 1948. Woordsoorte, werkwoorde en tye. Kaapstad: Nasionale Pers.	1948	✓	✓	X	X	✓	X

AFDELING 3 VAN DIE KORPUS

Sistematiese literatuuroorsig vir normatiewe bronne in die kwantitatiewe grammatikografie (1951-1980)

Bron	Jaar	VS	vir	aan	deur	met	in
Le Roux, J.J. & Nienaber, C.J. 1951. So sê ons in Afrikaans: taaldril vir Engelse leerlinge van die Hoërskool. 2de druk. Pretoria: Van Schaik.	1951	✓	X	X	X	X	X
Van der Merwe, H.J.J.M. 1951. An introduction to Afrikaans. Cape Town: Balkema.	1951	✓	X	X	X	X	X
Boshoff, S.P.E. 1956. Radiopraatjies oor Afrikaans. Johannesburg: Voortrekkerpers.	1956		X	X	X	X	X
Le Roux, T.H. 1962. Afrikaanse Taalstudies. 9de druk. Pretoria: Van Schaik.	1962	✓	X	X	✓	X	✓
Boshoff, S.P.E. 1964. Prof S.P.E. Boshoff. (In Boshoff, S.P.E., Kok, B. & Snijman, F.J. 1964. Kruim en Kors. Johannesburg: Voortrekkerpers. p.13-115.)	1964	✓	✓	X	X	X	X
Van der Merwe, H.J.J.M. 1967. Afrikaanse taalkwessies. 2de uitg. Pretoria: Van Schaik.	1967	✓	✓	X	✓	✓	✓
Basson, M.A., Kromhout, J., Nel, P.G. & Senekal, J.H. 1968. Afrikaans vir die student: die suiwer woord. Johannesburg: Voortrekkerpers.	1968	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Van der Merwe, H.J.J.M. 1970. Die korrekte woord: Afrikaanse taalkwessies. 5de uitg. Pretoria: Van Schaik.	1970	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Terblanche, H.J. 1972. Regte Afrikaans. Kaapstad: Willem Gouws.	1972	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Engelbrecht, H. 1975. Afrikaanse Taalgids. Bloemfontein: P.J. de Villiers.	1975	✓	X	X	X	X	✓
Van Schalkwyk, H. & Viviers, D.A. 1977. Taalkommunikasie: Afrikaans. Kaapstad: Maskew Miller.	1977	X	X	X	X	X	X
Du Plessis, E.P. 1979. Die Kennis gids tot Moderne Afrikaans. Kaapstad / Pretoria: Human & Rousseau.	1979	✓	✓	X	✓	X	✓
Engelbrecht, H. 1980. Nuwe Afrikaanse Taalgids: 'n alfabetiese handleiding vir die kommunikasiepraktyk. Bloemfontein: Uitgewery Oranje.	1980	✓	✓	X	✓	X	✓
Hiemstra, L.W. 1980. Die juiste woord: praktiese taalgids by die skryf van Afrikaans. Kaapstad: Tafelberg.	1980	✓	✓	X	X	X	X

AFDELING 4 VAN DIE KORPUS

Sistematiese literatuuroorsig vir normatiewe bronne in die kwantitatiewe grammatikografie (1981-2010)

Bron	Jaar	VS	vir	aan	deur	met	in
Van Schalkwyk, D.J. & Kroes, G. 1982. Doeltreffende Afrikaans: 'n handboek vir skriftelike taalgebruik. Goodwood: Nasou.	1982	✓	✓	✓	✓	✓	✓
De Villiers, M. 1983. Afrikaanse grammatika vir volwassenes. Goodwood: Nasou.	1983	✓	X	X	X	X	X
Van Schoor, J.L. 1983. Die Grammatika van Standaard-Afrikaans. Kaapstad / Johannesburg: Lex Patria.	1983	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Combrink, J. & Spies, J. 1986. SARA: Sakboek van regte Afrikaans. Kaapstad: Tafelberg.	1986	✓	✓	✓	X	X	X
Du Toit, P.J. 1986. Taalleer vir onderwyser en student. 2de uitg. Pretoria / Kaapstad: Academica.	1986	✓	X		X	X	X
Botha, J.P. & Van Aardt, J.M.H. 1987. Afrikaans vir die praktyk. 3de uitg. Johannesburg: Lexicon.	1987	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Van Jaarsveld, G.J. 1987. Wat bedoel jy? Pretoria: Serva-Uitgewers.	1987	✓	X	X	X	X	X
Van der Merwe, H.J.J.M. & Ponelis, F.A. 1991. Die korrekte woord. 7de uitg. Pretoria: Van Schaik.	1991	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Prinsloo, A.F. & Odendal, F.F. 1995. Afrikaans op sy beste: hulp met moderne taalkwessies. Pretoria: Van Schaik.	1995	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Uys, I. 2002. Die Afrikaanse makro gids: taal - en algemene kennis vir vandag. 2de uitg. Kaapstad: Pharos.	2002	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Carstens, W.A.M. 2003. Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. 4de uitg. Pretoria: Van Schaik.	2003	✓	✓	X	✓	✓	✓
Müller, D & Pistor, S. 2003. Skryf Afrikaans van A tot Z: die essensiële gids vir taalgebruikers. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.	2003	✓	✓	✓	✓	✓	✓

ADDENDUM B: GEMIDDELDE GEBRUIKE

Gemiddelde gebruike van die voorsetsels saam met prosesse (steekproewe van 500)

Proses	Vir	Aan	Deur	Met	In	Gemiddeld
Konkrete Proses	282	308	460	357	339	339
Kommunikasieproses	36	43	7	24	12	24
Mentale Proses	19	45	7	15	13	15
Statiewe Proses	164	104	27	106	132	106

ADDENDUM C: ADDISIONELE GEBRUIKSINSTANSIES

Die onderstaande skakels kan gevolg word om voorbeelde van addisionele gebruiksinstanties van die onderskeie voorsetsels te besigtig in 'n *Dropbox*-vouer:

- **Vir:**

https://www.dropbox.com/s/c106liv5a4vlxor/vir_analyses_extract_400.xlsx?dl=0

- **Aan:**

https://www.dropbox.com/s/y8703ogc81hipxv/aan_analyses_extract_400.xlsx?dl=0

- **Deur:**

https://www.dropbox.com/s/7hp9h4j72kq0zos/deur_analyses_extract_400.xlsx?dl=0

- **Met:**

https://www.dropbox.com/s/j6t164rb4c7ezao/met_analyses_extract_400.xlsx?dl=0

- **In:**

https://www.dropbox.com/s/evdmrnuhkhnv297/in_analyses_extract_400.xlsx?dl=0

Riglyne vir die gebruik van die addisionele gebruiksinstanties:

Vir elk van die vyf voorsetsels is daar vier stelle addisionele gebruiksinstanties. Elke stel is 'n lys van gebruiksinstanties verteenwoordigend van 'n afdeling in die korpusindeling. In elke stel word slegs 100 addisionele gebruiksinstanties vanuit die analises gegee. Daar is dus 2 000 addisionele gebruiksinstanties – 400 vir elke voorsetel. Die addisionele gebruiksinstanties is geselekteerde uittreksels vanuit die analises van die data en dus nie proporsioneel verteenwoordigend van die lukrake steekproewe van 500 nie. Die vier stelle gebruiksinstanties is dus ook nie met mekaar vergelykbaar nie. In die uittreksels van die analises is die voorsetelstukke baie rofweg onderstreep vir identifikasie. Die onderstreepte gedeeltes is nie noodwendig die volledige voorsetelstuk nie.